UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# A CHURCH HISTORICAL AND CHURCH POLITY STUDY OF THE UNIFICATION PROCESS IN THE DUTCH REFORMED CHURCH FAMILY

by

HUGO HENDRIK VAN DER LINDE

Thesis submitted for the degree

Philosophiae Doctor
in
Theology

at the

Faculty of Theology
University of Pretoria

PROMOTER: PROFESSOR JW HOFMEYR

May 2002

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# OPSOMMING

## 'N KERKHISTORIESE EN KERKREGTELIKE STUDIE VAN DIE KERKVERENIGINGSPROSES IN DIE NG KERKFAMILIE

**deur**

**Hugo Hendrik van der Linde**

**Promotor: Professor JW Hofmeyr**

**Departement Kerkgeskiedenis en Kerkreg, Fakulteit Teologie,**

**Universiteit van Pretoria**

**Vir die graad: Philosophiae Doctor**

Die eenheid van die kerk is 'n skriftuurlike werklikheid. Hierdie eenheid is nie alleen 'n geestelike eenheid nie, maar moet ook uitgroei tot 'n konkrete, sigbare eenheid. Die NG Kerkfamilie in Suid-Afrika worstel met die vraag oor hoe hierdie eenheid sigbaar vergestalt moet word. Die NG Kerkfamilie bevind homself tans in 'n impasse en die vordering op die pad na kerklike eenheid het in 'n groot mate tot stilstand gekom.

Die studie stel die historiese en kerkregtelike verloop van die kerkverenigingsproses in die NG Kerkfamilie aan die orde. Vir bykans tweehonderd jaar was die NG Kerk èèn kerk. Hierna het daar verwydering gekom en het dit gegroei vanaf die hou van aparte dienste tot die stigting van eie kerke op kleurgrondslag. Die NG Kerkfamilie het die moeisame pad na kerklike

eenheid begin stap. Hierdie proses is gekenmerk deur 'n wisselwerking tussen toenadering of 'n soeke na eenheid aan die een kant en verwydering of verskeurdheid aan die ander kant.

Die NG Kerk het die staatsbeleid van apartheid ondersteun en het dit skriftuurlik regverdig. Hierdeur het die kerk homself geisoleer en het die verskeurdheid groter geword in die NG Kerkfamilie. Die NG Sendingkerk het 'n Status Confessionis afgekondig en dit het aanleiding gegee tot die Belydenis van Belhar. Hiermee het die NG Sendingkerk die verdeeldheid ook in 'n belydenis verwoord. Die NG Kerk het veral sedert 1990 'n hand van versoening uitgereik en gekies vir een kerkverband. Eenheid het totstand gekom tussen die NG Sendingkerk en die NG Kerk in Afrika met die stigting van die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika (1994). Ongelukkig het interne weerstand in die hofsaal geeindig en het 'n deel van die NG Kerk in Afrika bly voortbestaan.

Die kerkverenigingsproses het verval in 'n slakkepas en het uiteindelik in 'n impasse beland. Hoewel kontak op plaaslike vlak en nuwe gesprekspotensiaal op sinodale vlak ontgin is, is weinig vordering gemaak. Verskeie struikelblokke in die pad na kerklike eenheid belemmer die vordering met die kerkverenigingsproses in die NG Kerkfamilie. Die studie toon aan dat meer as net teologiese, kerklike en kerkregtelike faktore dikwels 'n rol speel in die vordering al dan nie met kerkverenigingsprosesse. Almal van ons sonder, bewustelik of onbewustelik, bepaalde faktore uit in die proses. Die

gespreksgenote het dikwels nie dieselfde einddoelwit nie en dit het tot gevolg dat verskillende agendas 'n bepalende rol in die verenigingsproses speel.

Prinsipieel-kerkregtelike beginsels lê onder andere ten grondslag van 'n suksesvolle kerkvereningingsproses. Hierdie fundamentele vertrekpunte in die gereformeerde kerkreg moet as basis dien vir die kerkverenigingsproses in die NG Kerkfamilie. Verskillende modelle vir kerkeenheid is in die verlede reeds aangebied as oplossings vir die strukturele eenheid.

Hierdie studie bied 'n dinamiese, bifokale versoeningsmodel aan vir die proses van kerkvereniging in die NG Kerkfamilie. Hierdie model wil dinamiese groei teweeg bring in die onderlinge verhoudings en intussen ook geleentheid skep vir outentieke verantwoordbare verhoudingstigting. Twee fokus- of groeipunte (sinodale en plaaslike vlak) werk gelyktydig om die proses te bevorder en versoening vorm die basis vir hernude groei tot eenheid.

**SLEUTELTERME**

NG Kerkfamilie
Eenheid
Kerkverband
Versoening
NG Kerk
NG Kerk in Afrika
Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika
Reformed Church in Africa
Belydenis van Belhar
Kerkvereniging
Kerklike eenheid
Konvent
Eenheid en verskeidenheid
Status Confessionis

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# Summary

## A CHURCH HISTORICAL AND CHURCH POLITY STUDY OF THE UNIFICATION PROCESS IN THE DUTCH REFORMED CHURCH FAMILY


**by**

**Hugo Hendrik van der Linde**

**Promotor: Professor JW Hofmeyr**

**Department of Church History and Church Polity, Theological Faculty**

**University of Pretoria**


**For the degree: Philosophiae Doctor**


The unification of the church is a scriptural reality. This unity is not only a spiritual unity, but must also develop into a concrete, visible unity. The Dutch Reformed Church family in South Africa are struggling with the question of how this unity should be visibly embodied. The Dutch Reformed Church family presently finds itself in an impasse and the progress on the road to ecclesiastical unity has, to a large extent, come to a standstill.

The study allows discussion on the church historical and church polity course of the unification process of the church in the Dutch Reformed Church family. For almost two hundred years the Dutch Reformed Church (NG Church) was one church. After this, a division occurred and it grew from holding separate services to the establishment of own churches based on colour. Then the Dutch Reformed

Church (NG Church) began the arduous road to ecclesiastical unity. This process was characterised by an interaction between reconciliation or a search for unity on the one side, and alienation or dissension on the other side.

The Dutch Reformed Church (NG Church) supported the government's policy of Apartheid and justified it scriptually. By doing this, the church isolated itself and the dissension became more widespread in the Dutch Reformed Church family. The NG Missionary Church had a Status Confessionis promulgated and gave rise to the Confession of Belhar. Thereby the NG Missionary Church also expressed the dissension in a confession. The Dutch Reformed Church (NG Church) stretched out a hand of reconciliation particularly since 1990 and opted for one church relationship. Unity came about between the NG Missionary Church and the NG Church in Africa with the founding of the United Reformed Church in Southern Africa in 1994. Unfortunately, internal resistance ended in the law courts and only part of the NG Church in Africa survived.

The unification process of the church fell into a snail's pace and eventually landed in an impasse. Although contact on local level and new potential for dialogue was cultivated on synodical level, little progress was made. Various stumbling blocks on the road to church unity thwarted the progress of the unification process of the Dutch Reformed Church family. The study reflects whether or not more than only theological, ecclesiastical and church polity factors often play a role in the progress of the unification processes of the church. We all

exempt, whether intentionally or not, certain specific faktors in the process. The fellow conversationalists often do not have the same goal and the result is that various agenda's play a determining role in the unification process.

Fundamental church polity principles, inter alia, lay the foundation of a successful unification process in the church. These fundamental points of departure in the reformed church polity must serve as a basis for the unification process in the Dutch Reformed Church family. Various models for the unity of the church have already in the past been presented as solutions for structural unity.

This study presents a dynamic, bifocal reconciliation model for the unification process of the church in the Dutch Reformed Church family. This model aims at bringing about dynamic growth in mutual relationships, simultaneously also creating an opportunity for establishing authentic, accountable relationships. Two focal- or growth points (on synodal and local level) work together simultaneously to promote the process, and reconciliation forms the basis for renewed growth toward unity.

**KEY TERMS**:

| | |
|---|---|
| Dutch Reformed Church family | Reformed Church in Africa |
| Unity | Confession of Belhar |
| Religious denomination | Ecclesiastical unification |
| Reconciliation | Church unity |

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

NG Church

NG Church in Africa

Uniting Reformed Church in Southern Africa

Convent

Unity and diversity

Status Confessionis

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# ZUSAMMENFASSUNG

**Eine kirchengeschichtliche und kirchenrechtliche Studie über den Kirchenvereinigungsprozess in der NG Kirchenfamilie**

**Von**

**Hugo Hendrik van der Linde**

**Promotor: Professor JW Hofmeyr**

**Abteilung für Kirchengeschichte und Kirchenrecht, Fakultät Theologie**

**Universität zu Pretoria**

**Zum Gradstudium: Philosophiae Doctor**

Die Einheit der Kirche ist biblische Wirklichkeit. Diese Einheit ist nicht nur eine geistliche Einheit, sondern muß auch weiterwachsen zu einer konkreten, sichtbaren Einheit. Die NG Kirchenfamilie in Südafrika ringt um die Frage, wie diese Einheit gestaltet werden soll. Die NG Kirchenfamilie befindet sich z.Zt. in einer Sackgasse und ein Fortschritt auf dem Weg kirchlicher Einheit ist nicht mehr im Gange.

Die Studie stellt den historischen und kirchenrechtlichen Verlauf des Kirchenvereinigungsprozesses in der NG Kirchenfamilie dar. Fast 200 Jahre lang bestand die NG Kirchenfamilie aus eine Kirche. Danach ging es auseinander; angefangen beim Feiern getrennter Gottesdienst bis zur verschiedener Hautfarbe. Die NG Kirchenfamilie begann den langwierigen Weg zur kirchenlichen Einheit. Dieser Prozess wurde durch die Wechselwirkung zwischen den

Annäherungsversuchen nach Einheit einerseits, und dem Auseinandergehen oder Zerrissenheit andererseits, gekennzeichnet.

Die NG Kirche unterstützte die Apartheid als Staatspolitik und rechtfertigte sie von der Schrift her. Dadurch schloß sich die Kirche ab und verschlimmerte sich die Zerrissenheit in der NG Kirchenfamilie. Die NG Missionskirche kündigte einen Status Confessionis an, der zum Belhar-Bekenntis führte. Dadurch nahm die NG Sendingkerk die Trennung als Wort in ein Bekenntnis auf. Vor allem während der 1990er streckte die NG Kirche die Hand zur Versöhnung aus und erwünschte sich einen Kirchenverband. Die Vereinigung von NG Missionskirche und NG Kirche in Afrika führte zur Gründung der Vereinigenden Reformierten Kirche im Südlichen Afrika (1994). Leider führte ein interner Widerstand zu einem Gerichtsverfahren und dem Fortbestand eines Teils der NG Kirche in Afrika.

Der Kirchenvereinigungsprozess ging im Schneckentempo weiter und landete endgültig in einer Sackgasse. Obwohl Beziehungen auf Lokalebene und Möglichkeiten des Gesprächs auf Synodalebene gesucht wurden, konnten kaum Fortschritte gemacht werden. Mehrere Stolpersteine auf dem Weg zur kirchlichen Einheit verhindern den Fortschritt der Vereinigung in der NG Kirchenfamilie. Die Studie zeigt, wie oft auch andere Gründe, als die theologischen, kirchlichen und kirchenrechtlichen, den Kirchenvereinigungsprozess fördern, bzw. aufhalten. Jede/r hebt, bewußt oder unbewußt, bestimmte Gründe hervor. Gesprächspartner streben

oft nicht das gleiche Ziel an, und dieses führt dazu, daß verschiedene Tagesordnungen den Vereinigungsprozess bestimmen.

Ein erfolgreicher Kirchenvereinigungsprozess bedarf unter anderem grundlegender, kirchenrechtlicher Prinzipien. Solche grundlegenden Ansatzpunkte des reformierten Kirchenrechts müssen die Basis für den Kirchenvereinigungsprozess in der NG Kirchenfamilie bilden. Verschiedene Modelle wurden bereits in der Vergangenheit als Lösung zur strukturellen Einheit vorgeschlagen.

Diese Studie stellt ein dynamisches, doppelsichtiges Versöhnungsmodel für den Prozess der Kirchenvereinigung in der NG Kirchenfamilie dar. Dieses Model bezweckt den dynamischen Wachstum gemeinsamer Beziehungen, während inzwischen auch Möglichkeiten für authentische und verantwortliche Beziehungen geschaffen werden. Beide Wachstumsgebiete, Synodal- und Lokalebene, stehen im Brenntpunkt der Studie und fördern gleichzeitig den Prozess, während Versöhnung die Grundlage zu erneutem Wachstum der Einheit bietet.

**WICHTIGE BEGRIFFE**

| | |
|---|---|
| NG Kirchenfamilie | N G Kirche |
| Einheit | NG Kirche in Afrika |
| Kirchenverband | Vereinigende Reformierte Kirche |
| Versöhnung | im Südlichen Africa |
| Reformed Church in Africa | Konvent |

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Hierdie studie is aangepak met die wete dat NP van Wyk Louw (1970:34) korrek is:

"Die selfversekerdheid-
dié wil ons omsit in versigtige vra
en wete van ons eie diep onwetenheid."

Opgedra in herrinnering aan my ouers,
Gert en Corra van der Linde.

# DANKWOORD

Aan die einde van 'n moeisame pad kan ek nie anders as om met soveel dankbaarheid terug te kyk op die pad waarlangs ek geloop het nie. By die voltooiing van diè studie spreek ek graag my opregte dank en waardering teenoor 'n aantal persone en instansies uit. Sonder hulle liefde, ondersteuning, bystand, inspirasie en leiding sou dit nie vir my moontlik gewees het om hierdie studie te kon voltooi nie.

Hiermee bring ek die dank, eer en aanbidding aan my Hemelse Vader wat my die krag, gesondheid en die geleentheid gegee het om hierdie studie te kon onderneem. Uiteindelik is alles genade uit die liefdevolle Vaderhand. Aan God kom al die lof en die eer toe!

'n Besondere woord van dank aan my promotor, Prof. Dr. JW Hofmeyr. Sy volgehoue leiding, entoesiasme en motivering was in 'n groot mate die dryfveer agter hierdie studie. Geen moeite om my in die studie te lei en by te staan was vir hom te veel nie. Met sy deeglike leiding en gebalanseerde, deurdringende en wetenskaplike kritiek het hy my met geduld op hierdie pad gerig en gelei. Die voorbeeld, vriendskap en leiding wat ek ontvang het sal ek nooit vergeet nie.

Baie dankie aan almal wat deel aan my teologiese vorming gehad het.

Aan Mnr Hennie de Wet wat die taalversorging van hierdie proefskrif hanteer het, 'n spesiale woord van dank. Die netjiese en fyn taalkundige versorging spreek van ywer en toewyding.

Ek kan nie anders nie as om dank en erkentlikheid uit te spreek teenoor die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika. Dit bly 'n voorreg om 'n bedienaar van die Woord in hierdie Kerk te wees. Ek is groot dank verskuldig aan die gemeentes waarin ek tot hiertoe kon werk, naamlik Potchefstroom-Noord en Bonaeropark (Kemtonpark). Veral te opsigte van die gemeente waarin ek tans werk asook my kollega, Ds Johan Marais, vir hul ondersteuning en belangstelling.

Baie dankie aan my skoonouers, al my familielede en vriende vir hul voortdurende belangstelling en voorbidding.

Aan my kinders, Charmé en Henko, dankie vir julle liefde, aanmoediging en geduld. Hulle moes dikwels ontbeer sodat ek hierdie studie kon voltooi.

'n Baie groot dankwoord aan my liewe vrou, Charlotte, wat my deurentyd gemotiveer het. Haar aanmoediging om die studie te voltooi het oneindig baie beteken. Haar liefde en hulp met die afronding van die proefskrif sal my altyd by-bly.

**Hugo H van der Linde: Kemtonpark 2002.**

# INHOUDSOPGAWE


**1. INLEIDING** 1

**1.1 'n Kerkhistoriese en Kerkregtelike studie** 2
**1.2 Aktualiteit van die studie** 5
**1.3 Vraagstelling en Hipotese** 7
**1.4 Metode en werkswyse** 8
**1.5 Terreinafbakening** 10

**2. KERK OP EENHEID GEBOU** 12

**2.1 Die NG Kerk as eerste Europese Kerk op Suid-Afrikaanse bodem** 12
**2.2 Sending: 'n Saak van hoë prioriteit** 16
**2.3 'n Eie Kerkverband kom tot uiting in eie Sinodes** 20
2.3.1 Die eerste Sinode van die Nederduitsche Gereformeerde Kerk van Zuid-Afrika: 1824 20
2.3.2 Die Kerk kry sy eie sendeling:1826 21
2.3.3 1829: 'n Moeilike vraag word ter tafel geneem 22
2.3.4 'n Nuwe reglement word gebore 25
2.3.5 Vier Sinodes handhaaf die besluit om eenheid 26
**2.4 Kerklike eenheid word geografies versteur (1834 – 1854)** 28
2.4.1 Voorspel tot die Groot Trek 28
2.4.2 Die oorsake van die Groot Trek 30

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

2.4.3 Die invloed op kerklike terrein 32

**2.5 Evaluering 33**

**3. GEDWONGE VERWYDERING BRING VERSKEURDHEID 35**

**3.1 "Vanweë die swakheid van sommige" – Die Sinode van 1857 35**

**3.2 Kerklike eenheid binne eie geledere word versteur 40**

3.2.1 Die ontstaan van die Nederduitsch Hervormde Kerk **41**

3.2.2 Die Gereformeerde Kerk (GKSA) ontstaan as nuwe kerk op Suid-Afrikaanse bodem **44**

3.2.3 Loedolff-saak 1862: Kerkverband word begrens deur staatsgrense **47**

3.2.4 Die Ned Geref Kerk op selfstandige en afsonderlike sinodale weë **50**

3.2.4.1 Die Ned Geref Kerk in die Vrystaat **51**

3.2.4.2 Die Ned Geref Kerk in Natal **52**

3.2.4.3 Die Ned Geref Kerk in Transvaal **53**

**3.3 Ontwikkeling van afsonderlike geboue vir die bearbeiding op kleurgrondslag 54**

**3.4 Groei van afsonderlike gemeentes op kleurgrondslag 60**

**3.5 Ontstaan en groei van afsonderlike Kerke op Kleurgrondslag 72**

3.5.1 "Nederduitsche Gereformeerde Zendingkerk" **72**

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

3.5.2 Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika 76
3.5.3 Reformed Church in Africa 83
**3.6 Evaluering** **87**

**4. TOENADERING OP PLAASLIKE EN INTERNASIONALE VLAK BRING HOOP VIR EENHEID** **90**

**4.1 Die soeke na kerklike eenheid tree op die voorgrond in Suid-Afrika** **90**
4.1.1 Kortstondige kerkvereniging in Transvaal **91**
4.1.2 Die Raad van Kerke as band van gemeenskap **94**
4.1.3 Poging tot kerkvereniging misluk **102**
4.1.4 Herstelde Kerkverband vir die NG Kerk word 'n werklikheid **106**
4.1.5 Die Federale Raad van NG Kerke **110**
**4.2 Wêreldwye ekumeniese oplewing bring hoop vir Eenheid** **112**
4.2.1 Die Internasionale Sendingraad as strewe tot missionêre eenheid **113**
4.2.2 Wêreldraad van Kerke: Kerkeenheid as ekumeniese ideaal **115**
**4.3 Evaluering** **119**

**5. APARTHEID VERHARD DIE VERSKEURDHEID** **121**

**5.1 Die NG Kerk op weg met Apartheid** **121**

5.1.1 Die pad na kerklike isolasie word voorberei **121**
5.1.2 Apartheid bring vertroebeling in verhoudings **124**
5.1.3 Skriftuurlike regverdiging as antwoord deur die NG Kerk **130**

**5.2 Cottesloe: 'n Waterskeiding in die pad na eenheid 135**

**5.3 Die afdraande pad van isolasie bring verwydering in plaas van eenheid 142**

5.3.1 Die stigting van die Christelike Instituut **143**
5.3.2 Ras, Volk en Nasie en Volkereverhoudinge in die lig van die Skrif **144**
5.3.3 Buitelandse Ekumeniese bande verbrokkel **146**
5.3.4 Die NG Kerk ontvang geheime staatsgeld **147**

**5.4 Eenheid in die weegskaal: Kritiek teen apartheid binne eie kring 147**

5.4.1 Verset groei uit die jonger NG Kerke **148**
5.4.2 Stemme binne die NG Kerk spreek duidelik **153**

**5.5 Die jonger NG Kerke en hulle strewe tot eenheid 156**

**5.6 Die vergadering van die Wêreldbond van Gerefor-meerde Kerke: Ottawa 1982 167**

**5.7 Die NG Sendingkerk verwoord verdeeldheid 169**

5.7.1 Die verklaring van 'n status confessionis **170**
5.7.2 Die Belydenis van Belhar **173**

**5.8 Suid-Afrika in die smeltkroes van konflik 177**

**5.9 Evaluering 180**

**6. VERANDERDE PERSPEKTIEWE EN KERKVERENIGING DUI 'N NUWE RIGTING AAN** 182

**6.1 Die NG Kerk se koersverandering skep 'n nuwe klimaat vir eenheid** 182

6.1.1 Herbesinning en reformasie is onafwendbaar 182

6.1.2 Kerk en Samelewing 1986 185

6.1.3 Protes lei tot kerkstigting 188

**6.2 Slaggate in die pad na kerklike eenheid** 190

6.2.1 Gesprek rondom kerkeenheid vorder nie 191

6.2.2 Vereeniging-beraad: 'n Geleendheid onbenut gelaat 193

**6.3 1990: 'n Waterskeidingsjaar vir die NG Kerk** 195

6.3.1 Apartheid word tot 'n sonde verklaar 195

6.3.2 Die NG Kerk kies vir één kerkverband 196

6.3.3 Die Rustenburg Kerkeberaad: "Beraad van skuldbelydenis" 198

**6.4 Die Reformed Church in Africa reik die "Laudium Declaration" uit** 204

**6.5 Kerkvereniging tussen twee lede van die familie word 'n werklikheid** 205

6.5.1 Die NG Sendingkerk en die NG Kerk in Afrika beweeg nader aan mekaar 205

6.5.2 Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika: 14 April 1994 209

**6.6 Evaluering** 212

**7. POGINGS TOT EENHEID VORDER NIE** **214**

**7.1 Die NG Kerk reik 'n hand van versoening uit in sy Strewe na kerklike eenheid** **214**

7.1.1 1994: "Sinode van versoening" **215**

7.1.2 Besluite oor kerkeenheid gee rigting aan 'n nuwe pad **216**

7.1.3 Gesamentlike Kommissie se werksaamhede onafgehandel gelaat **217**

7.1.4 Kerkorde 1994 en riglyne vir 'n model vir een verband in die NG Kerk-familie word as gespreksbasis bepaal. **221**

7.1.5 "Sodat almal een kan wees..." **224**

**7.2 Die gesprek oor kerklike eenheid dreig om tot stilstand te kom** **227**

7.2.1 Interne weerstand binne die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika eindig in die hofsaal **226**

7.2.2 Verskille oor Belydenis van Belhar pootjie die proses **235**

**7.3 Samesprekings te Goudini: 2-4 September 1998** **248**

**7.4 Die proses verval in 'n slakkepas en beland in 'n impasse** **250**

**7.5 Kontak op plaaslike vlak bring nuwe hoop** **253**

**7.6 Gesprekspotensiaal word op Sinodale vlak ontgin** **257**

7.7 Evaluering 264

8 PRINSIPIEEL-KERKREGTELIKE BEGINSELS TEENWOORDIG IN DIE KERKVERENIGINGSPROSES 266

8.1 Skriftuurlike grondslag is ononderhandelbaar 266
8.2 Fundamentele vertrekpunte in die Presbiteriale-Sinodale kerkregering dien as rigtingwysers 271
8.3 Verskeidenheid volg op eenheid 273
8.4 Die plaaslike gemeente is volwaardige selfstandige kerk 276
8.5 Die Kerkverband: Wenslik en noodsaaklik 279
8.6 Evaluering 285

9. STRUIKELBLOKKE IN DIE PAD NA KERKLIKE EENHEID IN DIE NG KERKFAMILIE 288

9.1 Die Belydenis van Belhar belemmer die fokus op eenheid 289
9.2 Die "Albatros sindroom" van apartheid 298
9.3 "... the DRC is being kept hostage by their fears": Waar of vals? 300
9.4 Resente realiteite vorm nuwe teëlaarde vir agterdog en steriotipering 303
9.5 Onafgehandelde sake skep probleme in die onderlinge verhoudings 306

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

9.6 Onsensitiewe en ondeurdagte optrede bevorder agterdog 310
9.7 Aanbied van politieke oplossings vir die eenheid-vraagstuk skep onrus 315
9.8 Leierskap skiet tekort aan innoverende en kreatiewe inisiatief 318
9.9 Ambivalensie in die kerk skep onsekerheid 321
9.10 Finansies: 'n moeilike versperring in die pad 323
9.11 Gebrek aan genoegsame kontak op plaaslike vlak lei tot die gevoel van skeiding 324
9.12 Botsende standpunte rondom taal dien as remskoen vir eenheid 326
9.13 Kerklike eenheid is nie hoog genoeg op die agenda nie 328
9.14 Opregte liefde, versoening en vergifnis ontwyk die NG Kerkfamilie 329

10. MODELLE VIR KERKEENHEID 333

10.1 Die NG Kerk in Afrika gee die eerste tree 334
10.1.1 Evaluering 337
10.2 Die NG Kerk plaas riglyne vir een kerkverband op die tafel 338
10.2.1 Evaluering 342

**10.3 Die Verenigende Gereformeerde Kerk voeg eenheid en verskeidenheid saam** 343

10.3.1 Evaluering 344

**10.4 Oorkoepelende Sinode: 'n uitgediende model** 345

**10.5 Die Geestelike model fokus op die onsigbare kerk** 347

10.5.1 Evaluering 348

**10.6 Eskatologiese model plaas die eenheid in die toekoms** 349

10.6.1 Evaluering 350

**10.7 'n Federale vorm van kerkverband in die konsultatiewe model** 351

10.7.1 Evaluering 352

**10.8 Organiese eenheid as gesindheid** 353

10.8.1 Evaluering 355

**11. SAMEVATTING EN SLOTSOM** 353

**11.1 Meer faktore speel 'n rol in die vordering van die kerkverenigingsproses** 356

**11.2 Die bewustelike of onbewustelike uitsondering van faktore dien nie die eenheidsproses nie** 360

**11.3 Ooreenstemming in terme van die einddoelwit is belangrik** 362

**11.4 Fokusse en uitdagings op die pad vorentoe** 363

11.4.1 'n Sinodale vorm van kerkverband word in die vooruitsig gestel 364

11.4.2 'n Prosesmatige benadering word vereis 365

11.4.3 Doelgerigte hantering van die belydenis-kwessie is onafwendbaar **366**

**11.5 Eie model: 'n Dinamiese, bifokale versoeningsmodel** **369**

11.5.1 Dinamiese voortgang **369**

11.5.2 Twee groeipunte gelyktydig aan die werk **370**

11.5.3 Skakeling en kontak skep geleentheid vir Outentieke, verantwoordbare verhoudingstigting **373**

11.5.4 Versoening vorm die basis vir hernude groei tot eenheid **375**

**BRONNELYS** **377**

# HOOFSTUK 1

## INLEIDING

"Ek bid dat hulle almal een mag wees, net soos U, Vader, in My is en Ek in U, dat hulle ook in Ons mag wees, sodat die wêreld kan glo dat U My gestuur het. Die heerlikheid wat U My gegee het, het Ek ook aan hulle gegee, sodat hulle een kan wees net soos Ons een is" (Johannes 17:21-22).

Die belangrikheid van die eenheid van die liggaam van die Here Jesus word in verskeie Skrifgedeeltes beklemtoon. Die hoëpriesterlike gebed van Jesus in Johannes 17 spreek hierin duidelik mee. Die Bybel laat geen twyfel oor die waarmaak van die eenheid van die kerk nie. Die eenheid van die kerk is 'n skriftuurlike werklikheid. Hierdie eenheid is nie bloot net 'n geestelike eenheid nie, maar moet ook kom tot 'n konkrete, sigbare eenheid.

Die eenheid van die kerk en in besonder die eenheid in die NG Kerkfamilie is tans 'n belangrike en aktuele fokuspunt in die kerklike debat. Die vraag waarmee die Kerk tans worstel is hoe hierdie eenheid vergestalt moet word. Hoe kan die Kerk, en by name die NG Kerkfamilie, hul eenheid sigbaar gestalte gee.

Die NG Kerkfamilie bevind homself tans in 'n impasse en die vordering op die pad na kerklike eenheid het in 'n groot mate tot stilstand gekom. Hierdie situasie

gee aanleiding tot baie vrae.

## 1.1 'n Kerkhistoriese en Kerkregtelike studie

Hierdie studie het ten doel om die verloop van die kerkverenigingsproses in die NG Kerkfamilie aan die orde te stel. Die historiese en kerkregtelike verloop sal in die besonder onder die vergrootglas kom. Ten einde hierdie taak sinvol uit te voer moet daar kortliks eers by die aard van die Kerkgeskiedenis en Kerkreg as teologiese wetenskap stilgestaan word.

**Wetenskap** word verstaan as die gesistematiseerde en gekontroleerde kennis van die werklikheid. Hierdie werklikheid is gegrond op die waarheid. Waarheid kan omskryf word as die ooreenstemming tussen die eksistensie en die verstaan daarvan, of anders gestel, die ooreenstemming tussen syn en denke. Waarheid het ook 'n historiese dimensie. Soms kan 'n saak op 'n gegewe tyd in die geskiedenis waar wees, maar later nie meer nie. Wanneer dit egter om die geopenbaarde waarheid van God gaan, kan ons van 'n bo-historiese en onveranderde waarheid praat.

In die lig hiervan kan **Teologie** omskryf word as die oorsprong, inhoud en invloed van die bo-historiese geopenbaarde waarheid soos dit voorgehou word in die Woord van God. Teologie hoef dus nie die waarheid te soek of te ontdek nie, maar kan bloot die geopenbaarde waarheid ondersoek (König 1978:27-28).

Teologie kan die teoloog nooit onaangeraak laat nie. Die teoloog is nie 'n objektiewe ondersoeker van die geopenbaarde waarheid nie, maar raak subjektief daarby betrokke in sy antwoord op die openbaring van God.

Die geskiedenis van die voortgang van die evangelieboodskap na die hemelvaart onder leiding van die Heilige Gees, en die verspreiding van die evangelie deur die kerk, kan omskryf word as **Kerkgeskiedenis**. As teologiese vak het die kerkgeskiedenis 'n geloofsdimensie. Die kerk is 'n "heilige, algemene Christelike kerk, die gemeenskap van gelowiges." Die kerk is dus 'n saak van geloof, maar tegelyk ook die kerk wat in die geskiedenis gevind word (Van't Spijker 1981: 107).

Die algemeenheid en katolisiteit van die kerk wat ons bely, word deur die Kerkgeskiedenis ondersoek. Hierdie aspek by die Kerkgeskiedenis as teologiese vak, dui op die universele aard daarvan. Die ekumeniese karakter van die Kerkgeskiedenis is nie heeltemal nuut nie en word in die moderne geskiedskrywing met groot klem gebruik. In hierdie studie gaan dit om die soeke na eenheid in die NG Kerkfamilie. Die Kerkgeskiedenis as beskrywing van die geskiedenis van die eenheid en verskeurdheid van die kerk kom dus hier aan die orde. In die lig hiervan is die studie ook 'n bepaalde ondersoek met raakpunte in die vakgebied van Ekumenika. Ekumenika is 'n jong vak wat op enkele uitsonderings na, nog nie 'n selfstandige plek met 'n eie akademiese departement verwerf het nie (Crafford 1991:18 en 1993:11). Hierdie proefskrif

gaan egter veel wyer as dit en daarom word dit binne die departement Kerkreg en Kerkgeskiedenis geskryf.

Die kerkhistoriese karakter van hierdie studie is van groot belang, veral met die oog op moontlike lesse vir die toekoms van die kerkgekiedenis en die NG Kerkfamilie se soeke na eenheid. Natuurlik wil hierdie studie homself nie aanbied as die enigste en finale antwoord nie. Dit word reeds wyd in die betrokke vakwetenskap aanvaar dat niemand geskiedkundige feite totaal objektief kan weergee nie, en telkens word daar weer deur 'n eie kultuur-historiese en teologiese bril na die geskiedenis gekyk.

Die **Kerkreg** as wetenskap het te doen met die sigbare, geïnstitueerde kerk. Die Kerkreg hou hom besig met die sisteem van beginsels wat, volgens die Woord van God, toegepas moet word by die regering en inrigting van die Kerk van Jesus Christus. Vanuit die Gereformeerde standpunt was daar nog altyd hoë waardering vir die kerkregering en die handhawing daarvan as die van God gewilde instrument waardeur die lewe in die kerk beheers en aan die gesag van Christus onderwerp word. Die Kerk kan nie die Skriftuurlike kerkregering prysgee nie, want dit sal uiteindelik tot kerklike verval en swakheid lei wat die Kerk sal verhinder om sy roeping te vervul. Die vanselfsprekende belangrikheid van die Kerkreg as wetenskap, asook die bepaalde studie toegespits op die kerkverenigingsproses in die NG Kerkfamilie volg hieruit.

In die Kerkreg of *jus ecclesiasticum* word onderskei tussen die *jus constituendum* en die *jus constitutum*. Dit dui onderskeidelik op die reg soos dit volgens die Woord van God behoort te wees en op die reg soos dit werklik bestaan. "Die eerste is die wese, die laaste die vorm waarin die wese vasgelê is" (Geldenhuys 1951: 24). Die eersgenoemde is die ideaal en laasgenoemde is egter feilbaar.

Die Kerkreg moet in ooreenstemming wees met die wese, roeping en die oorsprong van die Kerk. Die kerkregering moet eerlik en getrou getoets word aan die grondslae van die Heilige Skrif. Die Skrif is inderdaad die skietlood (Amos 7:7-8) wat aangelê moet word teen die mure van die kerkregering (Kleynhans 1973:3).

## 1.2 Aktualiteit van die studie

Die NG Kerkfamilie bevind homself tans in 'n impasse in sy soeke na eenheid. Hierdie situasie kan nie langer voortduur nie, spoedeisende optrede, studie en besinning is noodsaaklik!

"Daar kom 'n tyd in die geskiedenis, ook van die kerk, wanneer die gesprek tot 'n einde moet kom en tot die daad oorgegaan moet word. En as die tyd ernstig genoeg is, sal die daad 'n buitengewone wees, d.w.s. anders as wat dit in die normale omstandighede sou geskied het" (Keet s.a.:5). Prof B B Keet skryf hierdie woorde rondom 'n bepaalde tydperk in die geskiedenis van die NG Kerk

onder die titel: "Die klok het al gelui." Hierdie woorde is ook waar in die huidige omstandighede op die pad na kerklike eenheid vir die NG Kerkfamilie. Die aktualiteit van hierdie studie lê in die feit dat 'n historiese en kerkregtelike studie van die verloop van die kerkverenigingsproses van uiterste belang is.

Daar kan nooit aan die toekoms gewerk en beplan word as die verlede nie in ag geneem word nie. "Die hede het uit die verlede gegroei, en as die toekoms anders moet wees, is dit essensieel om die manier waarop die hede ontstaan het te verstaan. Dan kan die verlede oorkom en die toekoms gerekonstrueer word" (Van Aarde 1999:12-13). Vir die gelowige is die Christelike hoop in die toekoms. Om egter toekomsgerig te lewe vereis dat ek so objektief as moontlik uit die verlede sal put deur die mooi uit die verlede te behou en die foute van die verlede te vermy.

Dit is altyd makliker om 'n saak terugskouend te beoordeel as vooruitskouend. Om na die foute van die verlede te kyk, dit te bestudeer en selfs uit te lig beteken nie dat die mense van die verlede gekritiseer en verwerp word nie. Daar moet aanvaar word dat die besluite van die verlede die beste was met die lig tot hul beskikking. Die aktualiteit van die verlede vir die hede en die toekoms is natuurlik om die positiewe en die effektiefste optrede in die verlede raak te sien en daarop te bou.

Die NG Kerkfamilie was vir nagenoeg twee honderd jaar een kerk. Vir bykans

een honderd en vyftig jaar is die kerke geskei op kleurgrondslag. In hierdie tyd het die behoefte gegroei om weer een te wees en het die NG Kerkfamilie die pad begin loop na kerklike eenheid. Hierdie pad is egter gekenmerk deur slaggate en hindernisse en het tot gevolg gehad dat die proses tot kerklike eenheid soms gedreig het om tot stilstand te kom. Hierdie situasie vereis egter meerdere studie ten einde die NG Kerkfamilie te kan dien op sy weg na eenheid. Juis dit is die doelwit van hierdie studie.

## 1.3 Vraagstelling en Hipotese

Die Kerk se soeke na eenheid word somtyds gekenmerk deur die beweging en spanning tussen eenheid en verskeurdheid. In die NG Kerkfamilie speel toenadering en verwydering voortdurend 'n bepaalde rol in die onderlinge verhoudings.

Die vraag wat hierdie studie probeer beantwoord is of die historiese verloop van die kerkverenigingsproses in die NG Kerkfamilie ook tekenend is van die bogenoemde stelling. Voorts word ook gepoog om te antwoord op die vraag wat die rol van die kerkreg is in die verloop van die kerkverenigingsproses. Die studie sal poog om 'n wetenskaplik gefundeerde beoordeling te doen van die volgende hoofhipotese en twee subhipoteses, naamlik:

**Hoofhipotese:**

Meer faktore as net die teologiese, kerklike en kerkregtelike speel dikwels 'n rol in die vordering al dan nie met kerkverenigingsprosesse. Verskeie ander faktore speel 'n rol in die proses en oefen 'n bepaalde invloed uit op die vordering van die proses.

**Subhipotese 1:**

Bewustelik of onbewustelik sonder ons bepaalde faktore in die proses uit al dan nie. Sommige faktore word deur gespreksgenote uitgesonder terwyl ander faktore deur ander weer op die tafel geplaas word.

**Subhipotese 2:**

Die vermoede dat ons dieselfde einddoelwit het is nie altyd korrek nie. Verskillende agendas speel heel dikwels 'n bepalende rol in die verenigingsproses.

## 1.4 Metode en werkwyse

Die metodologiese verantwoording van die studie vind sy grond in die gebruik van die histories kritiese metode in die hantering van die bronne. Sover moontlik is gebruik gemaak van primêre bronne in die navorsing. Ook het persoonlike onderhoude deel gevorm van die belangrike proses van die versameling van inligting en die interpretasie en verwerking daarvan. Ongelukkig kon daar na

verskeie pogings nie 'n onderhoud met 'n verteenwoordiger uit die NG Kerk in Afrika plaasvind nie. Tog kon die standpunt van diè betrokke kerk en die belewenis van sy lidmate verkry word uit 'n notule van 'n vergadering wat gehou is met die Vrystaatse moderature van die NG Kerk, NG Kerk in Afrika en die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika in Bloemfontein.

Die feitlike gegewens is so objektief as moontlik uit die bepaalde bronne weergegee. Ook is van sekondêre bronne gebruik gemaak wat voorts ook so objektief as moontlik hanteer is. Dit bring die hele saak van objektiwiteit van die skrywer ter sprake. Natuurlik kan niemand absoluut objektief wees nie en die aanbieding van geskiedkundige en kerkregtelike feite bly ook maar die subjektiewe interpretasie van die skrywer. Met hierdie studie is dit beslis nie anders nie. Die vertrekpunte van die skrywer was om te alle tye te poog om so objektief as moontlik te wees. Met die interpretasie en beoordeling is uitgegaan van die gereformeerde teologie soos dit tradisioneel uiting vind in die NG Kerk.

'n Poging is aangewend om 'n eerlike bydrae te lewer tot die NG Kerkfamilie se denke oor eenheid en ook die kerke se benadering tot die kerkverenigingsproses in die toekoms. Daar is gepoog om tot 'n beter verstaan van die situasie en die problematiek rondom die kerkverenigingsproses te kom. Die studie word nie net onderneem ter wille van beter verstaan nie, maar om as stimilus te dien om verandering te bewerkstellig in die toekoms ten opsigte van hierdie uiters belanglike proses in die NG Kerkfamilie.

Teen hierdie agtergrond moes 'n keuse gemaak word oor die aanbieding van die stof. Daar is gekies om eerstens die historiese verloop te hanteer en daarnaas die belangrike kerkregtelike beginsels aan die orde te stel. Hoofstukke twee tot sewe hanteer die historiese verloop. In hoofstuk agt word die prinsipieel-kerkregtelike beginsels teenwoordig in die kerkverenigingsproses onder die vergrootglas geplaas. In hoofstuk nege word onder andere besin oor die kerkregtelike struikelblokke in die proses en hoofstuk tien hanteer die verskillende modelle op die tafel. Die slothoofstuk bedien die leser met bevindinge en bied 'n moontlike model vir die proses aan.

Interpretasie en beoordeling vind deurlopend in die studie plaas. Alle hoofstukke word aan die einde ook voorsien van 'n beoordeling in die vorm van 'n evaluering en gevolgtrekking. Slegs hoofstuk nege beskik nie oor 'n beoordeling aan die einde van die hoofstuk nie, omdat evaluering en interpretasie in die bepaalde hoofstuk duidelik deurlopend tot sy reg kom.

## 1.5 Terreinafbakening

Soos reeds duidelik aangedui is wil hierdie bepaalde studie fokus op die historiese en kerkregtelike verloop van die kerkverenigingsproses in die NG Kerkfamilie. Histories word gekyk na die tydperk sedert 1652 tot tans. Kerkregtelik is die uitgangspunt die kerkreg soos dit in die gereformeerde tradiese sy grondslag vind en tot uiting kom in die NG Kerk.

Die NG Kerkfamilie verwys na die NG Kerk, die NG Kerk in Afrika, die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika en die Reformed Church in Africa. Alleen die NG Kerkfamilie in Suid-Afrika is hier ter sprake en dui op die sogenaamde "moederkerk" en die "dogterkerke", soos daar vroeër na verwys is.

Hoewel sommiges verkies om te verwys na 'n nouer eenheid of die wysiging van die kerkverband of 'n nuwe kerkverband in die NG Kerkfamilie (Strauss 1999:33-34), kies die skrywer tog vir die term kerkvereniging. Die keuse van hierdie term word onder andere gegrond op 'n juridiese oogpunt en dui op die eenwording van bepaalde kerke tot een kerk. Uit 'n historiese oogpunt kon ook selfs verwys word na 'n kerkhereniging in die lig van die feit dat daar wel vroeër totale eenheid was. In hierdie studie sal die term kerkvereniging gebruik word.

Kerkhistories-kerkregtelik beskou het ons hier met 'n proses te make. Daarom is die uitgangspunt van die studie ook dat daar prosesmatig gekyk moet word na die verloop van die kerkvereniging in die NG Kerkfamilie.

# HOOFSTUK 2

# KERK OP EENHEID GEBOU

## 2.1 Die NG Kerk as eerste Europese Kerk op Suid-Afrikaanse bodem

Gedurende die sewentiende eeu beleef Europa 'n bloeitydperk wat gekenmerk word deur ekonomiese welvaart, die uitbou van staatkundige mag, asook 'n soeke na groter winste in die handel. In 1602 vorm die konkurerende Nederlandse maatskappye 'n vereniging naamlik die "Vereenigde Oost Indische Compangne" (V.O.C.) Onder leiding van die Here XVII, sy sentrale bestuur, ontvang die V.O.C. die monopolie om namens Nederland handel te dryf, kolonies te stig, verdrae te sluit en forte op te rig in die gebied vanaf die Kaap die Goeie Hoop, ooswaarts, tot by die straat van Magellaan. 'n Gebied wat strek oor die Indiese- en Stille Oseane. In 1622 word 'n oktrooi deur die State-Generaal (die Nederlandse regering) aan die magtige Nederlandse handelsinstelling verleen om "te conserveren het publijcke gelooff." Dit het prakties beteken dat die Gereformeerde Kerk in die gebiede gestig is en ook daar bevorder is (Crafford & Gous 1993:275-278; Van der Watt 1976:1 – 5).

Op 6 April 1652 sit Jan van Riebeeck voet aan wal aan die Kaap in opdrag van die V.O.C. om 'n verspreidingspos te stig. Hoewel permanente volksplanting nie deel van sy opdrag was nie, sou daar geleidelik groei en ontwikkeling plaasvind,

wat tot gevolg gehad het dat daar in Oktober 1656 toestemming gegee is tot die vestiging van Vryburgers aan die Kaap. Hierdie Vryburgers kon nou op hulle eie grond boer terwyl die Kompanjie ook voordeel daaruit kon put. Volksplanting was reeds goed op dreef!

Van der Watt (1976:3) wys daarop dat "volgens die patroon van die sewentiende eeu is volksplanting en kerkplanting bloot as twee kante van dieselfde onderneming gesien". Daar is gepoog om slegs mense van Gereformeerde belydenis tot die volksplanting toe te laat. 'n Gereformeerde monokultuur het in hierdie tyd aan die Kaap bestaan (Loubser 1987:3-4).

Hoewel die kerk aanvanklik klein en ongeorganiseerd was, is die meeste geestelike versorging deur die sieketroosters en voorgangers gedoen. Sy take het onder andere die volgende behels: die waarneem van die huisgodsdiens, die siekes besoek, die jongmense katkiseer, die veroordeeldes in die gevangenisse bystaan en as voorganger optree.

Vanaf die begin van die nedersetting aan die Kaap sou Van Riebeeck sorg dra dat die kerklike lewe volgens die eise van Gods Woord ingerig word. Die owerheid sou hieroor toesig hou. Tussen die Kerk en Staat was daar 'n hegte vehouding. Adonis (1982:22) beskryf dit as 'n "ingewikkelde verstrengeling." Beide Kerk en Owerheid het hieruit voordeel getrek deur wedersyds beskermende maatreëls. Die geestelike bediening van die amptenare aan die

Kaap was in wese maar 'n onderdeel van die diens wat die V.O.C. aan sy amptenare gegee het. Geldenhuys (1951:37-38) wys daarop dat die predikante amptenare was met die rang van Onderkoopman. Die kompanjie het sy salaris betaal, hom voorsien van randsoene en het ook sy standplaas aan hom toegewys.

Die kerkverband in Nederland het die opsig oor die geestelike diens aan die Kaap uitgeoefen en wel deur die classis van Amsterdam. Kontak met die moederkerk in Nederland het deur middel van korrespondensie plaasgevind (Odendaal 1957:25-66). Voor 1665 was daar nog geen kerkraad aan die Kaap nie, selfs daarna is daar nooit enige plaaslike ampsdraer na 'n meerdere vergadering in Nederland afgevaardig nie (Nieuwoudt 1990:75). "Teen 1745 was daar 'n poging om 'n classis tot stand te bring. Weens teenkanting uit Nederland het daar uiteindelik 'n gekombineerde kerkvergadering ontstaan sonder kerkregtelike status in terme van die geldende Kerkorde" (Coertzen 1991:149).

Die Edik van Nantes word in 1685 deur die koning van Frankryk herroep. Die edik het beskerming aan die Protestante verleen. In die vervolging wat daarop volg, vlug duisende mense uit Frankryk. Ook in die Kaap, vind ongeveer 150 Hugenote 'n tuiste, en dit sou tot gevolg hê dat die Gereformeerde geloof versterk is (Brown 1999:1). 'n Merkbare bydrae is hierdeur ook tot die geledere van die NG Kerk en tot 'n sterker eenheid in die NG Kerk gemaak.

Die NG Kerk was vanaf sy vestiging in 1652 een Kerk. Hierdie eenheid sou voortduur vir bykans 200 jaar. Lidmate vanuit alle groeperinge het in een Kerk aanbid. Onder die groeperinge was koloniste, slawe en bekeerlinge uit die inheemse volkere (Hofmeyr 1996:331). Tog wys Adonis (1982:30-32) daarop dat die termonologie in hierdie periode vir swart en blank veskil het. Volgens die skrywer is die begrippe "blank", en "christen" as sinonieme gebruik, terwyl die begrip "heiden" gereserveer is vir die Khoi-khoi, slawe, San, Nguni en Sotho volkere. In die lig hiervan word daar gepoog om aan te dui dat daar 'n verslegtende verhouding tussen die Khoi-khoi en die blanke koloniste was.

Hierteenoor kan nie nagelaat word om daarop te wys dat daar wel 'n sendingywer bestaan het, waarin Jan van Riebeeck reeds 'n voorbeeld gestel het, want op 3 Mei 1652 word Eva, 'n Khoi-khoi vrou, in die gemeente gedoop as resultaat van Van Riebeeck en sy vrou se toewyding en onderrig. Ook die sieketroosters het hier 'n belangrike rol gespeel. Agt jaar na sy aankoms in 1695 rapporteer ds Petrus Kalden dat die getal bekeerlinge uit die heidene tydens sy bediening reeds die honderdmerk oorskry. Hierdie gelowiges is gedoop, het openbare belydenis van geloof afgelê, en was dus volledige lidmate van die NG Kerk (Kleynhans 1973:303). Ds Kalden het selfs "die moeite gedoen om die moeilike Hottentottaal met sy klapgeluide aan te leer." (Van der Watt 1976:48).

In die lig van bogenoemde, is dit duidelik dat daar reeds vroeg erns gemaak is met die verkondiging van die Evangelie aan die inheemse volkere en slawe. Hoe

lofwaardig hierdie poging ookal was, is Sendingwerk uitsluitlik deur private inisiatief onderneem.

Sedert die begin van die agtiende eeu het die kerk in aanraking gekom met verskillende sendinggenootskappe en sou daar weldra in die Kaap verskillende sendinggenootskappe begin arbei.

## 2.2 Sending: 'n Saak van hoë prioriteit

Te midde van verflouing in die geloof het daar in die agtiende eeu op verskeie plekke herlewings uitgebreek. Voorbeelde hiervan is Duitsland, Engeland en in die VSA. Dit het tot gevolg gehad dat verskeie sendinggenootskappe tot stand gekom het. Die agtiende eeu staan in die teken van die opbloei van die Protestantse Sending.

In 1706 het twee sendelinge naamlik B Ziegenbalg, en H Plütschau op hul terugreis vanaf die Ooste na Europa, die nood vir sending raakgesien. As gevolg van hul ywer stuur die Morawiërs 'n Duitse sendeling na Suid-Afrika. Op 9 Julie 1737 het Georg Schmidt aan die Kaap aangekom en sy werk begin by Genadendal, in die Caledon distrik. Dit blyk dat die koloniste nie altyd geesdriftig was vir die sendingsaak nie. Die volgende kan as redes aangevoer word: Die saamtrek van 'n aantal Khoi-khoi op 'n sendingstasie het by

sommigekoloniste die vrees laat ontstaan dat luiheid en werkloosheid hoogty sou vier.

- Bekommernis het ontstaan dat hierdie 'n toevlugsoord vir wetsoortreders sou word.
- Die koloniste het die sendelinge as vreemdelinge beskou. Die Duitse sendeling was dus vir hulle 'n indringer.
- Die opvatting het bestaan dat slegs die godsdiensvorm wat deur die owerheid erken word aanvaarbaar is.
- Die Kaapse leraars het ook in botsing gekom met Schmidt omdat hy as ongeordende, sy bekeerlinge gedoop het (Van der Watt 1976:49).

In 1744 verlaat Georg Schmidt die Kaap.

Verskillende Sendinggenootskappe het hier te lande 'n belangrike bydrae gemaak, byvoorbeeld die Londense Sendinggenootskap, die Metodiste Evangeliese Sendinggenootskap, Metodiste, Rynse Sendinggenootskap en nog talle ander. Op inisiatief van J Th Van der Kemp word selfs 'n "Zuid-Afrikaansche Maatskappy tot bevordering van Christus Koninktijk" in 1799 gestig. Later sou dit bekend staan as die Suid-Afrikaanse Sendinggenootskap (SASG). Alhoewel die organisasie nie offisiële veband met die NG Kerk gehad het nie, was baie van die lede tog leraars van die NG Kerk. Ds MC Vos is verkies as een van die eerste direkteure (Adonis 1982:37; Kleynhans 1973:305-308).

"Die verhoudingspatroon tussen die Nederduitse Gereformeerde Kerk en die sendelinge van die verskillende genootskappe was ingewikkeld en het gewissel van entoesiasme en vriendskap, tot skeptisisme en vyandigheid" (Kotzè 1978:76).

In kerklike kringe was daar 'n groeiende ontevredenheid teenoor die werk van die SASG omdat sommige gevoel het dat sendingwerk vanuit die kerk gedoen moet word. Die genootskap het ook by geleentheid sonder die plaaslike kerkraad opgetree en in plekke soos Stellenbosch en Wellington is, soos die heidene, ook die blankes geestelik bearbei (Van der Watt 1976:52).

Geleidelik het die gedagte van afsonderlike plekke van aanbidding vir blank en gekleurd begin posvat. Die SASG het oorgegaan "tot die oprigting van 'n afsonderlike gebou vir die bearbeiding van nie-blankes" (Hanekom 1961:58). NJ Smith (1972:62) wys egter daarop dat die beleid van die SASG ten opsigte van gemeentevorming "tot 'n veelrassige kerk sou moes lei."

Kom.-Genl. De Mist was van mening dat die SASG wel optree op die terrein van die NG Kerk, as erkende kerk. Hy was ook gekant teen die bediening van die sakramente deur die sendelinge en selfs teen die hou van eredienste op Sondae. Hy was van mening dat die sendelinge buite die grense van die volksplanting moes werk. Volgens De Mist, moes 'n sendeling nie toegelaat word om nader as

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

drie dagreise van die gevestigde gemeente te werk nie. Hy het die oprigting van 'n aparte kerkgebou in Kaapstad met argwaan bejeen (Kleynhans 1973:310).

Die SASG het almal wat tot bekering gekom het in 'n Sendinginstituut opgeneem. Die NG Kerk het egter die beginsel gehandhaaf dat alle bekeerlinge in die plaaslike NG gemeente opgeneem moet word, alhoewel aparte kerkgeboue soms vir hulle opgerig is. Daar is dus in verskillende kerkgeboue aanbid, maar almal het onder een plaaslike kerkraad geresorteer (Adonis 1982:37).

Kleynhans (1973:311) kom tot die gevolgtrekking, "dat die gedagte aan 'n afsonderlike gemeente dus blykbaar reeds voor 1819 in die hart van die SASG gelewe het." In Januarie 1820 lewer eerw. JH Beck sy intreerede as sendeling en het met groot ywer die taak begin uitvoer. In Augustus dieselfde jaar word vier bekeerlinge gedoop in die "Gesticht", die tweede kerkgebou wat in Kaapstad tot stand gekom het. Augustus 1820 word dan ook beskou as "die geboortemaand van die Zuid-Afrikaansche Gesticht as 'n afsonderlike gemeente vir die nie-blanke bevolking van Kaapstad" (Els 1971:117).

Meer en meer slawe is gedoop en het belydenis van geloof afgelê. Die getal slawe wat lidmate geword het, het teen 1832 reeds meer as 3000 getel. Die getalle uit die inheemse volke het ook bly groei. Die gebruik het ontstaan om lidmate in die kerkregisters onder afsonderlike groepe aan te teken, naamlik as gedoopte slawe en gedoopte Christen kinders (Hanekom 1961:57).

Die groeiende getal bekeerlinge uit die slawe en inheemse volke, die opvallende verskille in die benadering van die NG Kerk en die SASG ten opsigte van die inskakeling van bekeerlinge in gemeenteverband, die onderskeid wat gemaak is ten opsigte van die dopelinge in die kerkregisters, asook die oprigting van aparte kerkgeboue vir blankes en anderskleuriges om afsonderlike eredienste en bidure te hou, het die tafel gedek vir die vorming van afsonderlike gemeentes. Die eerste Sinodes van NG Kerk sou weldra hieraan aandag moes skenk.

## 2.3 'n Eie Kerkverband kom tot uiting in eie Sinodes

Die kerklike kontak wat die NG Kerk voor 1806 met die moederkerk in Nederland gehou het, was nie gemotiveer uit 'n ekumeniese ingesteldheid nie, maar bloot omdat die Kerk homself afhanklik en onselfstandig gevoel het. Hierdie vehouding is egter deur die Britse besetting, op 'n gedwonge wyse verbreek. Sodoende moes die NG Kerk noodgedwonge groei tot groter selfstandigheid (Crafford & Gous 1993:280).

### 2.3.1 Die eerste Sinode van die Nederduitsche Gereformeerde Kerk in Zuid- Afrika: 1824

Di Jh von Manger, JC Berrangè en A Faure skryf op 19 Junie 1824 'n brief waarin hulle die inisiatief neem om die eerste Sinode byeen te roep. Die skrywers van die brief beroep hul op artikels 46 tot 49 van die kerkorde van De

Mist, waarvolgens 'n algemene kerkvergadering in die vooruitsig gestel word (Kleynhans 1985:31).

Na die onderhandelinge met Lord Charles Somerset en sy goedkeuring, word die eerste Sinode op 2 November 1824 in die Kaap geopen. Die staat is tydens die vergadering verteenwoordig deur die Kommissarisse-politiek. Deur die handelinge van die Sinode blyk dit duidelik "dat die bedoeling was om 'n kerkverband met 'n eie identiteit, in onderskeiding van die samestellende gemeentes, in die lewe te roep (Stegman 1985:68). 'n Verdere bewys hiervoor blyk uit die feit dat die Sinode reeds tydens sy eerste sitting as regspersoon opgetree het, deur die feit dat die kerk 'n werkgewer geword het in die benoeming van 'n sendeling. Daar is besluit om naas die predikante-amp, ook die amp van sendeling amptelik in te stel (Adonis 1982:38; Van der Watt 1980:110).

### 2.3.2 Die Kerk kry sy eie sendeling: 1826

Tydens die tweede sinodesitting in 1826 word die Duitser, Leopold Marquard, as sendeling georden. Op die Sinode is ook 'n reglement ter ordening van sendelinge opgestel.

Met die bevestiging van Marquard, as die eerste sendeling van die NG Kerk, het



b15429532
i16028181

die kerklike reglement wat die ordening van sendelinge reël, duidelik bepaal dat so 'n sendeling die sakramente mag bedien, dat hy hom tot die heidene moet wend en nie mag inbreuk maak op die regte van die gevestigde kerk nie (Van der Watt 1980:110).

Tereg merk Van der Watt (1980:110) op dat, "Nie-blankes voortaan al hoe meer afsonderlik bearbei sou word, en daarmee was die beginsel vir die ontstaan van afsonderlike kerke reeds in die kiem aanwesig." NJ Smith (1972:50) beskou die instelling van die sendelingamp as die eerste stap wat "onvermydelik tot die vorming van afsonderlike gemeentes" vir die inboorlinge moes lei. Volgens GBA Gerdener (1951:34) het die NG Kerk, "ondubbelsinnig tot standkoming van 'n aparte kerk uit die heidendom beoog".

### 2.3.3 1829: 'n Moeilike vraag word ter tafel geneem

In die gemeente Somerset-Wes het vrae ontstaan rondom die gebruik van die nagmaal, en die teenwoordigheid van anderskleuriges by so 'n erediens. Verskillende skrifgeleerdes is gebruik om bepaalde argumente te staaf. Ouderlinge Wouter de Wet en De Vos het onderskeidelik uit verskillende tekste probeer aandui dat, "the Coloured member, Bentura, had to refrain from partaking communion, otherwise he would be a stumbling block to his weaker brothers," (Loubser 1987:8). Die plaaslike leraar, ds J Spijker, het gewys op die

korrekte gebruik van die tekse uit die Bybel, maar hierdie vrae sou uiteindelik ook in die meerdere vergaderings neerslag vind.

Die Kerkraad van Somerset-Wes vra in 1829 aan die Ring van Kaapstad die volgende: "Zal men personen van de Kleur (Hottentotten, Bastaards, Vry-Zwarten en Slaven ...) tegelyk met geborene Kristenen aan de Avondmaals tafel laten gaan, of moet men de zoodanigen verpligten het H. Avondmaal afzonderlyk gebruiken en wel nadat geborene Kristenen van beide sexe gecommuniceerd hebben?" Hierop antwoord die Ring in geen onduidelike taal: "dat men volgens de leer des Bijbels en den geest des Christendoms verplicht is, zoodanige personen, tegelijk met geborene Christenen tot die Heilige Avondmaal toe te laten." Op die vraag van die leraar van Somerset-Wes rakende "zulke leden der Gemeete en inzonderheid Kerkraadsleden, die zich openlijk daartegen verzetten", antwoord die Ring kortweg: "volgens die Wet." (Notule Ring van Kaapstad 1829: 252-253).

Met die antwoord van die Ring van Kaapstad, sou dit stellig gou duidelik word dat die laaste woord rondom die betrokke saak nog nie finaal gespreek is nie. Dieselfde jaar vind die Sinodesitting plaas, en by daardie geleentheid word die saak weer op die tafel geplaas, en wel as 'n beskrywingspunt op die agenda van die Sinode. Die Ring van Swartland vra deur sy beskrywingspunt aan die Sinode die vraag of "het Avondmaal gelyktydig aan alle ledematen zonder onderscheid van Kleur of afkomst" bedien mag word (Acta Synodi 1829:71).

Die Kommisarisse-politiek, JA Truter en DF Berrangé, het albei beswaar aangeteken teen die bespreking van die vraag, aangesien dit volgens hulle oordeel afdoen aan die waardigheid van die Christelike Godsdiens. "Hulle verwondering en selfs verontwaardiging oor die indiening van so 'n voorstel kon hulle nie verberg nie." (Kriel 1963:55). Ook wys die sinode daarop dat die gemeente waarin hulle behoort "zoodanige twyfel nimmer hebben hooren opperen." (Acta Synodi 1829:71) Adonis (1982:40) wys tereg daarop dat die optrede van die twee verteenwoordigers van die staat gesien moet word in die lig van Ordonnansie 50 van 1828. "Together with Ordinance 50 of 1828, which granted the Hottentots and freed slaves equal rights with Whites, Ordinance 49 of the same year terminated all previous afforts to keep Black and White apart." (Loubser 1987:10).

Die kerkorde wat in 1829 in gebruik was het geen ruimte geskep vir 'n ander standpunt of besluit nie. Daarmee saam was besluitneming van die sinode onderhewig aan die goedkeuring van die staat. Dit is dus begryplik, in die lig van bogenoemde, dat die sinode, ten spyte van 'n lang bespreking, die volgende besluit neem: "dat men dit voorstel tot geen onderwerp van deliberatie of beslissing bij de Synode behoorde te maken; maar hetzelve als een onwrikbaren stelregel op het onfeilbaar Woord van God gegrond, behoort aan te merken: dat, bij gevolg, alle Kristen gemeenten, en elk Kristen in het bijzonder, verpligt is, overeenkomstig dezelve te denken en te handelen" (Acta Sinodi 1829:72).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die sinode, asook die ring van Kaapstad wou dus in geen onduidelike taal die vorming van groepe in die kerk afwys. Tog is die moeilike vraag onbeantwoord op die tafel gelaat.

### 2.3.4 'n Nuwe reglement word gebore

Tydens die Sinode van 1834 word 'n reglement met die titel: "Ontwerp van bepalingen belangende de Gereformeerde Zendelingsgenootschappen in de Nederduitsche Gereformeerde gemeenten in Zuid-Afrika" goedgekeur. Hierdie reglement het nie ingedruis teen die besluite van 1829 nie, maar het wel die leraars aangemoedig om dit te vergemaklik vir anderkleuriges om die eredienste in blanke gemeentes by te woon. (Adonis 1982:40-41; Van der Watt 1980:111).

Artikel 8 van die reglement het soos volg gelui: "De gemeenten door aldus geconstitueerde genootscheppen opgerigt uit heidenen en Mohammedanen zullen zijn en genoemd worden Presbijteriaansche gereformeerde gemeenten der Naturellen" (Van der Watt 1980:111). So het artikel 9 verder bepaal dat lidmate by vertrek uit die gemeente aangewese sal bly op soortgelyke "gemeente der Naturellen", maar waar geen gemeentes vir anderkleuriges bestaan nie, hul attestate oorgedra moes word na die NG Kerk. Later by hul vertrek, kon hul attestate weer na 'n gemeente vir anderkleuriges oorgeplaas word.

Kleynhans (1973:315) is van mening dat die goedkeuring van die reglement in 1834 'n belangrike mylpaal in die kerkregtelike ontwikkeling van die NG Kerk was. Hy oordeel dat die besluit "die Ned. Geref. Kerk verband op afsonderlike grondslag vir inboorlinglidmate in beginsel goedgekeur en daargestel" het. Hiermee is daar meer in die besluit gelees as wat die bedoeling was en moet so 'n standpunt afgewys word. Die Sinode wou hiermee geensins 'n aparte kerk totstand bring, of in beginsel daaraan toestemming verleen nie. Tereg merk Van der Watt (1986:33) op: "Wanneer ds. G.W.A. van der Lingen se voorstel op die 1834 Sinode aanvaar word, word daarmee die beginsel van bediening in afsonderlike gemeentes aanvaar, maar beteken dit geen kerklike apartheid nie."

### 2.3.5 Vier Sinodes handhaaf die besluit om eenheid

Op die vyfde Sinodesitting in 1837 is met teleurstelling verneem dat die reglement selfs nog nie die voorlopige sanksie van die owerheid ontvang het nie. Die gebruik van gesamentlike aanbidding is weer gehandhaaf en 'n beroep is op gemeentes gedoen om "geneogzame plaats overgelaten worde voor heidenen die zich tot de openbare godsdienst begeven, in welke zij kosteloos van zitplaatsen voorzien worden." (Acta Sinodi 1837:171, bylaag 105:1194).

Die standpunt van die Kerk was dus duidelik dat die Evangelie aan die heidene verkondig moes word en dat hul as lidmate alle kerkregtelike voorregte binne die kerkverband moes geniet. Hierdie regte en voorregte van die lidmate uit die

heidendom is binne die Moederkerk, en by name Moedergemeentes, verseker en beskerm. Tog was daar bepaalde probleme in sekere gemeentes en dit sou tot spanning lei. Blanke lidmate van Swellendam versoek in 1845 dat anderskleuriges voortaan afsonderlik nagmaal moet gebruik. Ook stel hulle dit duidelik dat indien dit nie gebeur nie, hulle alle steun aan die kerk sou onttrek. Verder dreig hierdie lidmate om hulleself af te skei van die kerk en wel onder 'n ander leraar "die zoo ... zoude handelen." (Notule Kerkraad Swellendam 4 Jan. 1845:97). In 1849 het die kerkraad van Kaapstad ook by verskeie geleendhede sake rakende kleurkwessies moes hanteer. (Kleynhans 1973:315-316).

Die volgende Sinodes, naamlik 1842, 1847 en 1852, is nie veel te vermeld in verband met die onderwerp van die studie nie. In 1842 handhaaf die Sinode wel sy besluit ten opsigte van diegene wat onder sendelinge se arbeid gedoop word en sodoende lidmate van die NG Kerk word en in die registers van die Kerk aangeteken word. (Van der Watt 1980:111).

Van der Watt (1980:112) toon aan dat die Kerk 'n "onmiskenbare kerklike tweestroompraktyk" gevolg het ten opsigte van die anderkleuriges in die kerk. Hy onderskei tussen "kerklike assimilasie" en "kerklike differensiasie". Kerklike assimilasie dui daarop dat die Kerk reeds van vroeg af anderskeuriges saam met blanke lidmate in een kerkgebou laat vergader het, ook het hulle saam aan dieselfde nagmaalstafel gesit en dus alle kerklike voorregte saam geniet. Die besluite van die Sinodes van 1829, 1837 en 1842 onderstreep hierdie gebruik in

die kerk. Die praktyk ten opsigte van kerklike differensiasie blyk reeds van vroeg af in die kerk naamlik dat byvoorbeeld slawe wat lidmate geword het, as afsonderlike groep in die kerkregisters aangeteken is, asook die gebruik dat "gestigte" en "oefenhuise" vir anderkleuriges oral voorgekom het. Die konsepreglement van 1834 het hierdie gebruik in die Kerk weerspieël.

Van belang is dat die NG Kerk in 1843 bevry is van die onderhorigheid aan die staat. Sedert 1847 was daar nie weer 'n Kommissaris-politiek teenwoordig nie. Hierdie vryheid bring verantwoordelikheid sodat die NG Kerk voortaan sy eie probleme, verhoudinge en vrae op 'n kerklike wyse moes reël en oplos. Die kerk het reeds voor groot uitdagings te staan gekom en moes met waardigheid aan sy lidmate leiding gee.

Op die noordelike grens van die Kaap het 'n nuwe hoofstuk in die geskiedenis van Suid-Afrika homself ontvou. 'n Magtige volksverhuising het plaasgevind en sou 'n onuitwisbare invloed op die ontwikkeling van die NG Kerk hê.

## 2.4 Kerklike eenheid word geografies versteur (1834-1854)

### 2.4.1 Voorspel tot die Groot Trek

In die geskiedenis van Suid-Afrika het die Tweede Britse Besetting van die Kaap in 1806 verreikende gevolge gehad. Die Kaap is deur die Britte beset as deel van

die Napoleontiese oorloë om die Britse handelsbande veral met die Ooste te beskerm. Die Kaapse hawe was 'n belangrike skakel met die Indiese handel. Tog was die Kaap slegs 'n klein onderdeel van die groter Britse koloniale ryk, maar moes as kroonkolonie volkome aan die Britse regering ondergeskik wees. Die Kaapse binneland, daarenteen, is gesien as "nuttelose streek waarin geen winspotensiaal is nie, maar wel groot finansiële uitgawes" (Venter 1985:11-12).

Die Britse regering se sosiaal-politieke- en besparingsbeleid het gelei tot ontevredenheid aan die Kaap en sou deel vorm van die redes waarom 'n groot hoeveelheid mense oor die noordgrens, naamlik die Oranjerivier (Gariep), getrek het.

Die Groot Trek word deur Muller (1968:151) beskryf as "die georganiseerde, fisieke landverlating van baie duisende Afrikaanssprekende grensboere uit die Britse Kaapkolonie na aangrensende gebiede in die noorde en noord-ooste sonder die bedoeling om ooit terug te keer." Later gaan Muller (1968:153-154) verder deur daarop te wys dat daar veel meer was as net 'n fisieke emigrasie: "Hoewel die Groot Trek uiterlik 'n fisieke emigrasie was, moet dit innerlik as 'n versetaksie van die Afrikaner-grensboere gesien word. In sy dieper wese het dit die elemente van 'n rebellie ingehou".

Du Bruyn (1986:127) is egter van mening dat die Groot Trek "was a resistance movement against British colonialism and oppression, but, ironically enough, it

was also an act of colonization. The establishment of independent Voortrekker states in the interior led to the suppression of black communities. To the descendants of the Voortrekkers the Great Trek is a symbol of freedom, but many blacks look upon this event as a period of conquest and loss of freedom."

### 2.4.2 Die oorsake van die Groot Trek

Teen 1834 was daar reeds nagenoeg 1120 trekboerfamilies oorkant die Oranjerivier. Hierdie getal het stelselmatig gegroei en het ongeveer 10 000 Voortrekkers die trekpad aangedurf. Daar is talle redes waarom hierdie mense besluit het om 'n ander heenkome te soek. Carstens en Grobbelaar (1988:23) merk tereg op dat die redes "in die geheel gesien word soos dié mense dit moes ervaar het: 'n aantasting van hul totale leefwêreld, stoflike en geestelike".

Kortliks kan die volgende genoem word as redes:

- Die grensboere was gegrief omdat hulle nie saam gestem het met die beleid van die regering ten opsigte van die oosgrens nie. Konflik tussen die grensboere en die Xhosas op die oosgrens het gelei tot nege oorloë. Die stryd was om grond gebied en vee. Die regering het onvoldoende beskerming aan die grensboere verleen.
- Die vrystelling van slawe in 1834 het tot gevolg gehad dat die Boere groot finansiële verliese gelei het. Vergoeding is deur die regering aangebied, maar

die geld moes in London afgehaal word. Die Boere is van hulle arbeiders beroof.

- Daar was ontevredenheid oor die verengelsingsbeleid van die regering. Verengelsing was gemik op die skole, kerk en die instelling van Engels as enigste voertaal in regeringsliggame.
- Daar het 'n groeiende behoefte ontstaan aan selfregering.
- 'n Gevoel van Afrikaner-nasionalisme het vinnig opgang gemaak. Dit is gevoed deur 'n besondere samehorigheidsgevoel en die soeke na gemeenskaplike ideale.
- Die liberale gelykstellingsdogma van die sendelinge en die ooreenstemmende filantropiese wetgewing van die owerheid het die grensboere gegrief en hulle het hewig gereageer. Die gelykstelling van blank en nie-blank was onaanvaarbaar. Differensiasie in die gemeenskap was gebaseer op fisieke verskille naamlik velkleur. Ook maatskaplike klasseverskille tussen blank en nie-blank is onderskei. (Muller 1968:154-160; Van der Watt 1977:1-5; Carstens & Grobbelaar 1988:23-25). Van sy nie-blanke bediende, sy plaasarbeider, sy voormalige slaaf, sy Hottentot of Naturelledienskneg het die Afrikaner hom baie ver verwyder gevoel. Dat die Britse beleid geen differensiasie geduld het nie, het die Afrikaner dus ingrypend getref en hom heftig laat reageer. (Muller 1968:156).

### 2.4.3 Die invloed op Kerklike terrein

Met die noordwaartse beweging van die grensboere al verder die binneland in, het die Kerk se grense ook uitgebrei. Die NG Kerk het nog steeds die grensboere oorkant die Oranjerivier gesien as lidmate van die Kerk. 'n Voorbeeld hiervan is dat predikante van die grensgemeentes geen beswaar gehad het om die sakramente aan die trekboere oorkant die Oranjerivier te bedien nie. "Die trekboere het steeds na die gemeentes teruggekeer om hulle kinders te laat doop, belydenis van geloof te doen en in die huwelik te tree" (Van der Watt 1977:9).

Met die aanvang van die Groot Trek is daar 'n veranderde kerklike houding teenoor die Voortrekkers geopenbaar deur sommige predikante. Gemeentes het grotendeels "ontvolk" as gevolg van lidmate wat getrek het, en leraars het gepoog om mense te waarsku om van hul voornemens om te trek, af te sien. Geen predikant van die kerk het sy weg oopgesien om die Trekkers te vergesel nie. "Die Kaapse Sinode het die Trek betreur, dit pertinent veroordeel en deelnemers is later sydelings onder sensuur geplaas" (Muller 1968:164).

Die Voortrekkers het die gebiede Natal, Oranje Vrystaat en Transvaal binnegetrek. Hier het gou 'n hele aantal gemeentes ontstaan. Van der Watt (1977:40-44) is van mening dat ds Lindley as die grondlegger van die NG Kerk noord van die Oranjerivier beskou kan word. Volgens hom kan 26 Maart 1842 en

31 Maart 1842 onderskeidelik as die stigtingsdatums vir die NG Kerk in Transvaal en Oranje Vrystaat beskou word. Die twee gemeentes het wel te kenne gegee dat hulle graag by die Kaapse Kerk wil aansluit en die wens uitgespreek dat die Kaapse leraars hulle van tyd tot tyd sal besoek. In 1850 besluit die Kaapse Sinodale Kommissie om die gemeentes van Natal en Oranje Vrystaat te organiseer in die Ring van die Transgariep. So het afgevaardigdes uit hierdie gebiede die Sinodes van die NG Kerk in 1852, 1857 en 1862 bygewoon.

In Transvaal was daar 'n aantal gemeentes wat geweier het om by die Kaapse kerk aan te sluit. Hoewel sommige gemeentes van Transvaal deel gevorm het van die Transgariep se ring, het eersgenoemde gemeentes hulleself verwyderd gesien van die Kaapse Sinode. Engelbrecht (1953:36-37) stel dit dat die grondredes vir hierdie weiering van gemeentes veral op twee redes berus het, naamlik die gelykstelling tussen blankes en swartes, asook die seggenskap wat die Kaapse Goewerneur in kerksake van die Kaapse kerk gehad het. Die gelykstelling op kleurvlak sou 'n belangrike rol speel in die toekoms en sou reeds in 1857 die Sinode 'n ingrypende besluit laat neem.

## 2.5 Evaluering

2.5.1 Die eerste kerk op Suid-Afrikaanse bodem het totstand gekom op die grondslag van eenheid. Almal, ongeag ras of kleur, was deel van die kerk.

Hulle wat tot die geloof gekom het is opgeneem in die kerk en kon volwaardige lidmate word met alle voorregte.

2.5.2 Die andersoortigheid in lewenshouding, kultuur en die onderskeid in beskawingspeil het 'n spontane proses van skeiding tussen die Blankes en anderskleuriges tot gevolg gehad. Hierdie afsonderlikheid het geleidelik begin deurwerk na die kerk toe.

2.5.3 Uit die verloop van die geskiedenis het dit geblyk dat daar vrae ontstaan het ten opsigte van die gesamentlike gebruik van die nagmaal.

2.5.4 Eenheid was 'n werklikheid, maar die tekens van verskeurdheid het sigbaar geword.

2.5.5 So vroeg as 1829 het die saak van ras en die gesamentlike gebruik van die nagmaal reeds die tafel van die sinode bereik. Hieruit is dit duidelik dat daar gedurende hierdie tydperk reeds menings gehuldig is dat die gangbare praktyk nie aanvaarbaar vir sommiges was nie. Die pad is geleidelik voorberei vir 'n besluit wat die Kerk ingrypend sou raak.

2.5.6 Eenheid en die handhawing daarvan is grotendeels deur die invloed van die staat en sy seggenskap in kerksake bewerkstellig.

# HOOFSTUK 3

# GEDWONGE VERWYDERING BRING VERSKEURDHEID

## 3.1 "Vanweë die swakheid van sommige"- Die Sinode van 1857

Gedurende die eerste twee eeue na die koms van Van Riebeeck was dit 'n algemene gebruik dat Wit en Swart gesamentlike eredienste gehou het. Hierdie twee groepe het ook vrylik en gesamentlik deelgeneem aan ander kerklike byeenkomste (Van der Merwe 1936:149). Smith (1972:19-39) toon aan dat daar wel 'n geleidelike skeiding, nie net binne die Kerk nie, maar op verskillende lewensterreine plaasgevind het. Uiteindelik sou dit ook deurgewerk het op die terrein van die kerk.

Hoewel die meerdere vergaderings van die NG Kerk in hierdie tyd konsekwent besluit het ten gunste van een Kerk vir Wit en Swart, het daar 'n groeiende gevoel van ontevredenheid ontstaan. Die Grensoorloë, die vrystelling van die slawe, 'n proses van skeiding tussen blankes en anderkleuriges op sosiaal-maatskaplike terrein, asook die heersende arbeidspatroon het gelei tot rasseverskille. Namate die getalle van die anderkleuriges in die Kerk begin groei het, het sekere blanke lidmate begin vra na die moontlikheid van afsonderlike eredienste. Loff (1998:79-83) dui daarop dat daar reeds vroeg onderskeid gemaak is ten opsigte van blankes en anderkleuriges in terme van sitplekke in

die eredienste, dat hulle laaste met die Nagmaal bedien is asook die gebruik van bepaalde begraafplase op grond van kleur.

Die totstandkoming van die Zuid-Afrikaansche Republiek het juis hierdie gevoel weerspieël: "Their relationship with non-Whites in future would be dominated by one rule only: "no equality"... As early as 1855 the slogan "no equality" was entered into the Transvaal constitution (article 9), with the qualification that it applied both to church and state" (Loubser 1987:10,14)

Op die kerklike terrien het soortgelyke gevoelens die kerk oorspoel. In die gemeente Stockenström het die kwessie rakende kleurverskille die pad voorberei vir 'n saak wat uiteindelik op die agenda van die Sinode van 1857 geplaas sou word. Op die versoek van die Kommissaris-generaal Andries Stockenström het die Kaapse regering 'n groot gebied by die Katrivier aan die Kleurlinge gegee. Hierdie Oos-Kaapse reservaat was bedoel om as buffer te dien tussen die Xhosas en die blanke koloniste (Van Heerde 1951:88). In die nedersetting het die gemeente Stockenström (eers Balfour genoem) ontstaan en in 1831 is die gemeente deur die Ring van Graaff-Reinet by die NG Kerk ingelyf. Blankes het hul algaande in die gebied gevestig, het lidmate van die gemeente geword en het vir jare lank hul kerklike voorregte saam met die gekleurde lidmate geniet (Kleynhans 1973:316).

In 1855 versoek 45 blanke lidmate die kerkraad om aan hulle verlof toe te staan om afsonderlik die nagmaal te vier. As rede vir die versoek word aangevoer dat hulle nie vir mekaar hinderlik wou wees nie. Uit vrees dat toestemming tot die versoek sou lei tot kerkskeuring, het die Kerkraad geweier om dit toe te laat. Bowendien, so het die kerkraad aangevoer, het dit ingedruis teen die Nagmaalsformulier dit was ook in stryd met die Heilige Skrif, en dit het afgewyk van die Geloofsbelydenis (Kriel 1963:58).

Die 45 blanke lidmate het hul egter nie berus by die besluit van die kerkraad nie en hulle versoek tot die kerkraad herhaal. Intussen het die gemeente nie meer geressorteer onder die ring van Graaff-Reinet nie, maar wel onder die ring van Albanië. Die kerkraad het die versoek na die laasgenoemde ring verwys. Die Ring het eenparig besluit om by die kerkraad van Stockenström aan te beveel om "ter tegemoetkoming van vooroordelen en zwakheden" wel die nagmaal aan blankes en gekleurdes afsonderlik te bedien (Notule Ring van Albanië, 20 Okt. 1855:194). Die besluit van die Ring van Albanië om die rassevooroordele van sommige blanke lidmate tegemoet te kom, het groot opspraak verwek.

Die hele aangeleentheid gee ds. Shand van Tulbagh aanleiding om by wyse van 'n beskrywingspunt die volgende vraag aan die Sinode van 1857 te stel: "Of het de goedkeuring der Synode wegdraagt, dat in de Gemeenten der Nederduitsch-Gereformeerde Kerk, waar men dit begeert, de gekleurden in een afzonderlijk

gebouw, echter onder het bestier en opzigt van den Kerkraad, alle voorregten der Christelijke Godsdienst afzonderlijk genieten zullen" (Acta Synodi 1857:89).

Op Donderdag, 5 November 1857, kom die beskrywingspunt aan die orde. 'n Ernstige bespreking volg. 'n Groot aantal leraars en ouderlinge het deelgeneem aan die debat. Die standpunte vir en teen die beskrywingspunt was so sterk dat ds Shand versoek het dat sy beskrywingspunt liewer by die bespreking gelaat moet word. Die saak was eenvoudig te delikaat!

Tydens die twintigste sitting van die Sinode van 1857 op Vrydag, 6 November 1857, dien ds A Murray (snr) van Graaff-Reinet 'n voorstel in: "De Synode beschouwt het wenschelijk en Schriftmatig dat onze ledenmaten uit de Heidenen, in onze bestaande gemeenten opgenomen en ingelijfd worden, overal waar zulks gescieden kan; Maar waar deze maatregel, ten gevolge van de zwakheid van sommigen, de bevordering van de zaak van Christus onder de Heidenen in den weg zoude staan - de gemeente uit de Heidenen opgerigt, of nog opgerigten, hare Christelijke voorregten in een afzonderlijk gebouw of gesticht genieten zal." Die voorstel word uiteindelik "met eene groote meerderheid" goedgekeur (Acta Synodi 1857:60).

Van der Merwe (1985:29) verwys na "die gewraakte besluit" en stel dit dat die Sinode tog ernstig gesoek het om na die Skrif te luister sowel as om sy verpligting ten opsigte van sendingwerk na te kom. Volgens Saayman (1979:45-

47) het die besluit 'n toegewing bevat as gevolg van die "zwakheid van sommigen" en hierdie toegewing ten opsigte van afsonderlike byeenkomste is deur die Sinode as 'n ordereëling beskou wat die vooruitgang van die evangelie moes dien. Tog is Van der Merwe (1985:29) van oordeel dat die indruk gelaat is dat kleurvooroordeel binne die Kerk hierdeur gekondoneer word solank die evangelisering van die heidene maar net kan voortgaan. Hy kom tot die slotsom dat die hegte NG familieband van die sewentiende en die agtiende eeu 'n gevoelige letsel opgedoen het. Hoewel Saayman (1979:109) oordeel dat "The synod of 1857 certainly did not regard its decision as the framework for a policy of separate churches", het dit wel later duidelik geword. "Die sinodale besluit van 1857 het nie net die vorming van kleurbepaalde gemeentes gesanksioneer nie, maar ook die weg gebaan vir die uiteindelike vestiging van 'n afsonderlike Kerk." (Loff 1998: 97).

Cronjé (1982:23) wys daarop dat daar in die afgelope dekade kritiek uitgespreek is in terme van die besluit van 1857, en dit juis deur onder andere sekere leraars van die NG Sendingkerk. Hulle argumente behels die volgende:

- "It was a wrong decision.
- Synod mentioned as motive for the decision "the weakness of some", pointing to certain members of the D.R.C. who were not prepared to have joint services and joint Holy Communion with Coloured believers.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

- It contributed to what later became Government policy of separation ("apartheid")" (Cronjé 1982:23).

Die besluit van die Sinode het nie die praktyk vooruitgegaan nie, maar het die gebruik vanaf reeds vroeg in die geskiedenis van die Kaap weerspiëel. Hoewel bekeerlinge uit die slawe, Kleurlinge en swart bevolking in die blanke gemeentes opgeneem is, is daar tog om bepaalde praktiese redes afsonderlike "oefenhuise" of "gestigte" opgerig. Hierdie besluit het nie 'n nuwe praktyk ingelei nie, maar slegs amptelike bevestiging verleen aan reeds bestaande praktyke. Smith (1972:180) merk tereg op dat hierdie besluit "getuig van 'n gebrek aan ekklesiologiese insig van die dinamiek waartoe die gereformeerde kerkbegrip wel sou kon lei, nl.die konstituering van 'n afsonderlike inheemse kerk."

Daarom sou die besluit stukrag verleen aan, en die weg baan vir al meer groeiende afsonderlike NG Kerke, op grond van kleuronderskeid, wat sou uitloop op die stigting van 'n afsonderlike kerk. Die NG Kerk het gekom by die erkenning van die vurk in die historiese pad van die kerk.

### 3.2 Kerklike eenheid binne eie geledere word versteur

Die Kaapse Sinode het in 1852 reeds goedgekeur dat die Transvaalse gemeentes by die Sinode ingelyf word en wel op voorwaardes soos deur die gemeentes gestel en deur hul Volksraad aanvaar. Met hierdie kerkregtelike reëling is die bestaande praktyk organisatories gereël en het daar bestendigheid

ingetree. Volkome eenstemmigheid is bereik, maar daar sou weldra teenkanting teen die besluit kom. As gevolg van verandering sedert die Sinode van 1852, het daar spoedig verset vanuit die Transvaal gekom en dit sou lei tot afskeiding en verdeeldheid onder die Voortrekkers.

### 3.2.1 Die ontstaan van die Nederduitsch Hervormde Kerk

Tydens die Sinodesitting van 1852 is 'n brief aan die vergadering voorgelê waarin hulle meegedeel is dat prop. Dirk van der Hoff uit Nederland op pad was om as leraar in die Transvaal te kom werk. Op vorige versoek van 'n kommissie van die Transvaalse Volksraad. 'n Paar jaar tevore, het prof UG Lauts die proponent oortuig om hier te kom werk. By sy aankoms is Van der Hoff gelegitimeer as predikant van die NG Kerk en in Mei 1853 het hy in Potschefstroom aangekom. Op 'n kerkraadsvergadering van 6 Junie 1853 is hy tot leraar van die gemeente verklaar. Juis op hierdie vergadering is die Sinode se besluit oor kleurandersheid voorgehou en daar is besluit om geen amptelike antwoord te gee alvorens die Volksraad en die ander gemeentes hierop gereageer het nie (Van der Watt 1973:66-67).

Tydens die Algemene Kerkvergadering te Rustenburg was die kwessie ten opsigte van die inlywing van die Transvaalse gemeentes by die Kaapse Sinode weer eens op die tafel. By hierdie geleentheid was drie gemeentes verteenwoordig, naamlik Potchefstroom, Rustenburg en Zoutpansberg.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Lydenburg was die enigste gemeente wat afwesig was. Hierdie gemeentes wat kort tevore (1852) eenparig besluit het om ingelyf te word, besluit om die inlywing te verwerp. As rede word aangevoer dat die Kaapse Kerk in gebreke gebly het om Transvaal van leraars te voorsien. Verder maak hulle beswaar teen die bepalinge van die Kaapse Sinode en sien hulle nie hul weg oop om daaraan onderworpe te wees nie.

Van der Watt (1977:68-69) wys tereg daarop dat die bogenoemde redes nie water hou nie. Die Kaapse Sinode het eers later in 1852 vergader en dit was duidelik dat die Sinode op die punt was om die saak te hanteer, toe die berig ontvang is van die aankoms van Van der Hoff. Hierbenewens het die reglement waarteen soveel beswaard was, later as grondslag gedien vir die opstel van die Transvaalse Kerk.

Die redes vir hierdie standpunt sal sekerlik veel dieper gesoek moet word en nie slegs in dié twee redes nie. Die ongegronde vrees het nog steeds bestaan dat die inlywing van die Transvaalse gemeentes by die Kaapse Sinode politieke onderhorigheid aan die Britse bewind sou meebring. Ook die persoonlike optrede en houding van ds Van der Hoff het ongetwyfeld 'n rol gespeel in die nuwe gedagterigting (Odendaal 1957:116-120). "Oor Van der Hoff se gevoelens kan daar geen twyfel wees nie. Daar bestaan afdoende bewyse dat hy reeds vóór sy vertrek na Transvaal ongeneë was om in te val by die inlywing van die Ned.

Geref. Gemeentes van die Transvaal by die Kaapse Sinode." (Van der Watt 1977:70 ).

Tydens 'n gesamentlike vergadering van die Volksraad en die gemeentes in Transvaal op 22 November 1853 te Potchefstroom, was daar beswaar vanaf die gemeente Lydenburg teen die besluit van die Rustenburgse vergadering. Hoewel die voorsitter van die Volksraad by die vergadering gepleit het vir die inlywing by die Kaapse Sinode, het Van der Hoff hom ten sterkste daarteen uitgespreek en ook daarin geslaag om die vergadering te oortuig van die noodsaaklikheid om beide kerklik en burgerlik, vry en onafhanklik te wees. Die Kaapse Sinode is in kennis gestel dat die inlywing afgewys is. 'n Afsonderlike kerkverband van die NG Kerk in die Transvaal het tot stand gekom, maar daar was geen sprake van 'n ander Kerk, los van die NG Kerk nie. Die afskeiding of stigting van 'n ander kerk naas die NG Kerk was glad nie hier ter sprake nie ( Van der Watt 1977:71).

Die gemeente Lydenburg was steeds nie tevrede met die besluit nie en wou nog steeds in kerklike verband met die Kaapse Sinode staan. In Augustus 1854 besluit die kerkraad van Lydenburg om nie ds Van der Hoff as hul predikant te erken nie en vra om weer opgeneem te word in die Sinode van die Kaap (Geldenhuys 1951:65). President Pretorius van die ZAR wou graag eenheid onder die blankes in Transvaal behou en het politieke en kerklike verdeeldheid verhoed deur die inisiatief te neem vir die hervereniging van die Transvaalse gemeentes met die Kaapse kerk. Nogtans, na twee kerkvergaderings in 1859

waarin eenparig besluit is om met die Kaapse Sinode te verenig, het alles uitgeloop op 'n mislukking (Crafford & Gous 1993:289).

Die Algemene Kerkvergadering vind op 2 September 1861 te Pretoria plaas, en die volgende besluit is deurgegee aan die Kaapse kerk: "de Nederd. Hervormde Kerk in deze Republiek haar eigen bestuur hebben wil. Het is de wensch der Algemeene Kerkvergadering om voortdurend in eene zusterlijke betrekking te blijven tot uwe Synode...." (Van der Watt 1977:72). Hiermee het die afskeiding 'n voldonge feit geword en het die Nederduitsch Hervormde Kerk as 'n nuwe kerk in Transvaal ontstaan. Dié tragiese gebeurtenis het die geskiedenis van die kerk in Suid Afrika onherroeplik beinvloed, en tot vandag bestaan hierdie verdeeldheid, te midde van dieselfde belydenis. Hoewel die afskeiding van die Hervormde Kerk sterk gefokus was op die Transvaal, sou daar weldra 'n volgende krisis geboorte skenk aan 'n nuwe kerk wat ook gemeentes buite die Transvaal sou hê.

### 3.2.2 Die Gereformeerde Kerk (GKSA) ontstaan as nuwe kerk op Suid-Afrikaanse bodem

Gedurende die tydperk tussen 1836 en 1854 het 'n stryd geheers rondom die gebruik van "de Evangelische Gezangen" in die NG Kerk. Reeds vanaf 1814 is die Evangeliese Gesange in die Kerk gebruik, maar tog was daar plekke waar hierdie gesange nie byval gevind het nie, en daar was in sommige gevalle selfs

ontevredenheid. Hierdie kerkstryd het hom veral in die gemeente van Colesberg afgespeel.

Ds Thomas Reid, eerste leraar van die gemeente van Colesberg, was 'n Skotse leraar wat ongekende ywer aan die dag gelê het om die gesange in die eredienste te laat sing. In sy ywer het ds Reid somtyds ontaktvol opgetree en het sy houding sommige lidmate van die kerk vervreem. Dit het tot spanning in die gemeente gelei. Na bewering sou die leraar selfs lidmate wat nie gewillig was om die gesange te sing nie, die sakramente geweier het, en geweier het om hul belydenis van geloof te laat aflê, of om hul huweliksgebooie af te lees. Dit sou uitloop op 'n tweespalt in die gemeente, en in 1853 kom daar 'n skikking waarin ds Reid homself bereid verklaar om binne vier maande as leraar van die gemeente te bedank, mits 'n bedrag van £ 1000 aan hom betaal word (Van der Watt 1977:78-80).

Die meningsverskille van Colesberg was hiermee nie van die tafel gevee nie, maar sou in die harte van lidmate voortduur, en selfs deur die Groot Trek is die stryd uitgebrei na die Transvaal. Later was daar ook lidmate in die Vrystaat en in die noordelike dele van die Kaap wat nouer aansluiting gevind het by diegene wat gekant was teen die sing van die gesange. Die saak is telkemale by verskeie Algemene Kerkvergaderings bespreek. Die vergaderings moes versoeke hanteer waar lidmate gevra het dat die gesange afgeskaf moet word, en in 1855 was daar selfs 'n versoek dat daar in Rustenburg twee gemeentes met een leraar sal

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

wees - een gemeente waar gesange gesing sal word en een sonder gesange! (Van der Watt 1977:81).

Ds D Postma van die "Christelijk Afgescheidene Gereformeerde Kerk" in Nederland het in 1858 na Suid-Afrika gekom. Hierdie kerk het vroeër reeds betrekkinge met die NG Kerk probeer aanknoop, maar dit was nie suksesvol nie (Kotzé 1978:129). Die anti-gesange lidmate was baie opgewonde oor die koms van die nuwe leraar, omdat Postma afkomstig was uit 'n kerk wat teen die sing van gesange was. Dit was duidelik dat die verskillende standpunte rondom die saak nie langer versoenbaar was nie. Die skeuring wat so lank reeds gedreig het, het nou 'n voldonge feit geword. Op 12 Januarie 1859 het ds Dirk Postma 'n Akte van Afskeiding, wat onderteken is deur vyftien persone, aan die Algemene Kerkvergadering voorgelê. Die volgende is onder andere daarin verklaar: "Ondergeteekenden zich bezwaard gevoelende over u genomen besluit van heden morgen, omtrent de aangeboden hulp uit Nederlands Kerk, wenschen zij evenwel van die hulp gebruik te maken, zooals die door die Kerk wordt aangeboden, verklaren door dezen vrijwillig dat zij van nu aftreden uit uwe Kerklijke gemeenschap, en wenschen te bestaan als eene Vrije Gereformeerde Kerk, overeenkomstig de leer, tucht en dienst der vaderen, zooals die zich te Dordrecht in de jaren 1618 en 1619 hebben geopenbaard, ...de Kerkorde gewijzigd naardat onze tegenwoordige omstandighede het vorderen" (Postma 1905:124; Geldenhuys 1951:72).

Op 10 Februarie 1859 is die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika te Rustenburg gestig. Kort hierna is gemeentes landwyd gestig. Nog 'n kerk in Transvaal het op die horison verskyn, en dit sou nog verder bydra tot verdeeldheid en verwarring. In Colesberg is ook in 1860 'n gemeente gestig. Pogings is veral deur die owerheid in Transvaal, by monde van MW Pretoruis, aangewend om versoening te bewerkstellig tussen die nuut gestigte Gereformeerde Kerk en die Nederduitse Hervormde Kerk. Na drie mislukte versoeningspogings het dit duidelik geword dat die verskille nou wyer kring as net bloot die sing van gesange. Meer verskille is op die tafel geplaas, naamlik verskille in aksent oor leer, diens, tug en kerkorde. Hereniging het al meer onmoontlik gelyk.

'n Verdere terugslag het op die kerk in die Kaap gewag, en dit het weldra die NG Kerk en sy kerkverband geraak.

### 3.2.3 Loedolff-saak 1862: Kerkverband word begrens deur staatsgrense

Ten spyte van die aanvanklik onsimpatieke houding van die Kaapse Sinode ten opsigte van die Groot Trek en die koloniste buite die grense van die Kaapkolonie, het die oorgrote meerderheid van die mense buite die koloniale grense hulleself nog steeds gesien as volledig deel van die Kaapse NG Kerk. Die gemeentes in Natal en die Vrystaat is saamgevoeg as die Ring van die Transgariep. 'n Aantal gemeentes in Transvaal het by die ring aangesluit, maar daar was tog gemeentes in Transvaal wat nie deel hiervan uitgemaak het nie. In 1852 is die

gemeentes in die Ring van die Transgariep verteenwoordig deur afgevaardigdes by die Sinodesitting. Die Sinode het na aanleiding van die advies van William Porter, die prokureur-generaal, geoordeel dat hierdie gemeentes volledig deel van die Kaapse Sinode is. Die regsgeleerde het ondubbelsinnig daarop gewys dat die Kerk, as 'n geestelike liggaam, nie gebonde is aan territoriale (koloniale) grense nie (Van der Watt 1977:107-108).

Hierdie uitgangspunt sou gehandhaaf word selfs toe Hugo Hendrik Loedolff, 'n ouderling van Swartland (Malmesbury), tydens die Sinode van 1857 op 'n punt van orde wou weet of die vergadering wettig gekonstitueerd was. Die Vrystaat het sedert die vorige Sinodesitting onafhanklik geword, en ouderling Loedolff het die vraag gevra in die lig van die veranderde politieke omstandighede. Die Sinode het die saak bespreek en besluit om te volstaan met sy standpunt van 1852.

Vir Loedolff was hierdie saak egter nie afgehandel nie! Tydens die Sinodesitting van 1862 het hy reeds op die eerste sittingsdag gereageer toe die voorsitter die geloofsbriewe aanvra en die gemeente Pietermaritzburg noem. Hy het beswaar gemaak teen die toelating van afgevaardigdes uit hierdie Natalse gemeente by die Sinode en het aangevoer dat dit in stryd is met die landswet volgens Ordonansie 7 van 1843. Selfs toe die moderatuur gekies is, het hy beswaar gemaak teen die afgevaardigdes van buite die koloniale grense se deelname aan die verkiesing. Die Sinode het egter die status quo gehandhaaf en homself as

wettig gekonstitueerd beskou. Toe die Sinode sy besware van die hand wys, het Loedolff hom tot die burgerlike hof gewend (Crafford & Gous 1993:286).

Loedolff het onbeweeglik by sy standpunt gebly en 'n interdik aangevra by die Hooggeregshof teen ds AA Louw van Fauresmith se aanwesigheid by die Sinodesitting. Indien hierdie aansoek sou slaag, sou dit tot gevolg hê dat alle afgevaardigdes van gemeentes buite die Kaapkolonie hulle sittingsreg sou verloor. Toe sy aansoek nie slaag nie, het Loedolff dadelik oorgegaan tot die instelling van 'n regsgeding.

Die NG Kerk moes nou sy aanvaardereg om sy grense wyer te stel as die bestaande staatkundige en geografiese grense voor 'n geregshof verdedig. Die saak het voor die Hooggeregshof in Kaapstad gedien. Loedolff se regsverteenwoordiger het gevra dat die Sinode van 1852 se besluit onwettig verklaar word en dat ds AA Louw dus nie daarop geregtig is om sitting in die Sinode te hê nie. Op 26 November 1862 lewer die hof uitspraak ten gunste van Loedolff, en verklaar dat die Sinode van die NG Kerk slegs uit afgevaardigdes van gemeentes binne die Kaapkolonie, saamgestel mag wees. Daarmee word die sinodale besluit van 1852 ongeldig verklaar. Dit was 'n groot skok en teleurstelling vir die Sinode. Die Kerkverband van die NG Kerk was nou bepaal deur die staatsgrense (Van der Watt 1973:104-110).

"Die gevolge van hierdie verloop van gebeure was onberekenbaar, want die natuurlike bevoegdheid van die Kerk om buite die koloniale grense uit te brei, was hiermee vernietig én die sinodale verband van die Ned. Geref. Kerk met die gemeentes in die afgeleë noorde beëindig" ( Van der Watt 1977:112).

Vir Loedolff was die saak nog nie finaal afgehandel nie, en het hy verder gegaan om ook alle besluite en bepalings van die Sinodes van 1852, 1857 en 1862 as nietig verklaar te kry. 'n Verdere hofsaak sou uitspraak lewer rondom hierdie bepaalde saak, en op 14 April 1863 lewer die regters eenparig uitspraak ten gunste van die verweerders. Die handelinge van die bogenoemde kerkvergaderings is as geldend en van krag beskou ten spyte van die feit dat die leraars en ouderlinge van die gemeentes buite die Kaap, teenwoordig was.

Die NG Kerk was nou genoodsaak om kerklik te herorganiseer, en dit sou lei tot afsonderlike Sinodes. Hierdie Sinodes was selfstandig en is deur die verloop van die geskiedenis aanvanklik gelei tot aparte funksionering.

### 3.2.4 Die NG Kerk op selfstandige en afsonderlike sinodale weë

Die gemeentes in die Vrystaat, Transvaal en Natal het na die Loedolff-saak buite die kerkverband gestaan en vir die kerk was dit 'n gevoelige saak. Met hartseer was die kerk gedwing om op verskillende weë te beweeg. Met verloop van tyd

sou hierdie drie gebiede hulleself afsonderlik in sinodale vergaderings organiseer.

### 3.2.4.1 Die NG Kerk in die Vrystaat

Op 'n kerklike konferensie te Bloemfontein op 13-15 Januarie 1864 is opdrag gegee dat voorbereidings getref moes word met die oog op die konstituering van 'n eie Sinode. Al die Vrystaatse leraars het hierdie opdrag ontvang en hulle is bygestaan deur drie persone naamlik N Marais, A Roberts en G Visser. Die kommissie op 15 Junie 1864 te Bloemfontein onder voorsitterskap van ds G van de Wall, "om de Kerkwetten der Kaapkolonie aan eene herziening en wijziging naar de behoeften van dit land te onderwerpen" (Acta Synodi in die OVS 1865:3-4). Nadat hierdie belangrike taak afgehandel is, gee die vergadering opdrag dat 'n kerkvergadering op 9 November 1864 te Smithfield byeen geroep word. Hierdie vergadering is saamgestel uit die leraars van die Vrystaat asook drie afgevaardigdes uit elke gemeente.

Die taak van die vergadering was tweërlei, naamlik:
"Om de reeds gewyzigde Kerkwetten voor de laatste maal in revisie te brengen en eindelijk te bekrachtigen; om als uit den boesem der Gemeenten de Synode van den Oranje Vrijstaat te constitueeren" (Acta Synodi in die Vrystaat 1865:3-4).

Nadat die vergadering die eerste deel van sy taak sorgvuldig afgehandel het, verklaar die voorsitter, ds AA Louw, op 15 November 1864 dat die Sinode van die Oranje Vrystaat wettig gekonstitueer is. "Dit was die oorgang van die Transgariepse Ring na 'n eie selfstandige Kerk in die Vrystaat hierdie; dit was feitlik die stigtingsvergadering van die Vrystaatse Sinode" (Gerdener 1934:198). Die eerste formele sinodevergadering het eers die daaropvolgende jaar, op 10 Mei 1865 te Bloemfontein plaasgevind.

Die Vrystaatse Sinode het bestaan uit twee ringe nl. die Ring van Winburg en die Ring van Fauresmith. Die NG Kerk in die Vrystaat was goed op weg in sy eie sinodale verband.

#### 3.2.4.2 Die NG Kerk in Natal

Die Natalse Ring het op 30 April 1863 te Ladysmith byeengekom om te besin oor die kerkregtelike posisie van die gemeentes in Natal, siende dat hulle nie meer deel uitgemaak het van die Kaapse Sinode nie. Hoewel daar sterk gevoel was om alles in hul vermoë te doen om weer in sinodale verband met die Kaapse Kerk te tree, of om met die gemeentes in die Vrystaat of Transvaal te verenig, sou hul uiteindelik 'n eie afsonderlike sinode vorm (Kleynhans1973:327).

As gevolg van die politieke situasie het die gemeentes hulle losgemaak van Utrecht en Lydenburg. Alhoewel die Natalse Ring uitgedun was tot slegs vier

gemeentes, het hulle doelgerig voortgegaan. Op 'n vergadering vanaf 19 tot 28 Oktober 1864 te Pietermaritzburg, is 'n verslag rondom die Wette en Bepalinge ter tafel geneem. 'n Kommissie is ook benoem met die opdrag om die Reglement van Orde vir die beoogde vergadering voor te berei (Gerdener 1934: 138).

Op 7 Junie 1865 het die Natalse gemeentes te Pietermaritzburg byeengekom, en as Sinode gekonstitueer. Hiermee het die Sinode van Natal ook sy beslag gekry.

#### 3.2.4.3 Die NG Kerk In Transvaal

Die tydperk tussen 1853 en 1861 is gekenmerk deur verwarring en verdeeldheid. Soveel gebeurtenisse het bygedra tot hierdie toestand in die Kerk en die gemeentes in Transvaal was nie hiervan gespaar nie. Met die totstandkoming van die Sinodes in die Vrystaat en Natal was die logiese afleiding dat Transvaal in hul voetspore sou volg.

Ds FL Cachet van Utrecht het homself veral geroepe gevoel om die gemeentes saam te snoer en te organiseer in een kerkverband. In oorleg met al die ander gemeentes belê die Kerkrade van Utrecht en Lydenburg 'n vergadering vir 3 Desember 1866 te Utrecht. Die doel van die vergadering is aangedui as "eene vereeniging onzer verstrooide gemeenten, onder één Kerkbestuur, op grond van Gods Woord en de Formulieren van Eenigheid der Gereformeerde Kerk" (Handelingen der Algemeene Kerkvergadering van de Z.A.R. 1866:7). Op die

vergadering word besluit om alle gemeentes teenwoordig te verenig in een kerkverband.

Slegs vier jaar na die uitspraak van die Loedolff-saak was die gemeentes buite die grens van die Kaapkolonie georganiseer in drie afsonderlike Sinodes van die NG Kerk. Uit die grond van ontwrigting en onsekerheid het die Kerk krag geput en met groot erns en lewenskragtigheid gegroei. Geen afsonderlike kerk is gestig nie, maar wel afsonderlike kerkverbande vir die NG Kerk in verskillende provinsies.

## 3.3 Ontwikkeling van afsonderlike geboue vir die bearbeiding op kleurgrondslag

Die besluit van die Sinode van 1857 het nie 'n nuwe praktyk in die Kerk ingelei nie, maar bloot weerspieël wat reeds bestaan het. 'n Aansienlike getal afsonderlike Kleurlinggemeentes het reeds voor die tyd bestaan (Jaarboek Ned. Geref. Kerk 1973:275-276). Weliswaar was dit gemeentes wat aan die Sending Genootskap behoort het, naamlik Wagenmakersvallei, Tulbagh, Stellenbosch en andere. Tog is hierdie gemeentes deur die inisiatief van leraars en lidmate uit die NG Kerk gestig. Die Kerk se beleid was steeds dat hierdie lidmate volledig lede van die NG Kerk was.

Die Sendingkommissie is reeds in 1847 in die lewe geroep (Acta Synodi 1847: 74; Van Heerde 1951:84-85) en het in hierdie stadium ook 'n aantal werkkringe afsonderlik bearbei. Terwyl sommige lidmate by moedergemeentes ingeskakel was, is ander in genootskaplike gemeentes saamgetrek of afsonderlik deur Kerkrade bearbei. In die lig van die praktyk het die Sinode van 1857 dan ook verwys na gemeentes wat gestig kan word of reeds opgerig is (Kriel 1963:60).

Op verskillende plekke is geboue opgerig waarin anderskleuriges onderrig kon ontvang en waar hulle hul lidmaatsvooregte apart kon geniet. Voorbeelde hiervan kan kortliks soos volg genoem word:

- **Ceres:** Na die stigting van die dorp in 1849 bewillig die regering in 1850 grond vir Kerklike gebruik. Die gemeentestigting vind plaas op 12 Maart 1855 en die Kerkgebou van die gemeente van Ceres word op 5 Mei 1855 in gebruik geneem (Kerkraadsnotule Ceres 7 Mei 1855:7). Reeds vroeg in die geskiedenis van hierdie gemeente het vrae opgegaan oor die moontlikheid om die anderskleuriges in 'n aparte gebou kerklik te bedien. Op 14 Mei 1859 is die gebou in gebruik geneem. Die gebou moes "dienen tot eene school en een godshuis voor de gekleurden waarin zij alle voorregten kunnen genieten" (Kerkraadsnotule Ceres 11 Januarie 1858: 28).

- **Swartland (Malmesbury):** In 1862 besluit die gemeente om Dirk Jan Hendrik Ruytenbeeck as eerste sendeling aan te stel en kort daarna gaan die

Kerkraad oor om 'n afsonderlike kerkgebou op te rig vir die bekeerlinge uit die heidendom. Reeds toe die Kerkraad 'n stuk grond vir dié doel bewillig het was dit "...onder dienverstande dat de gekleurde gemeente blyve onder het toeverzicht van den Kerkeraad en aan onze kerk verbonden-zullende echter wanneer zy zich daarvan wenschen te onttrekken, die gebouwen tot onze Kerk moeten terug komen" (Smit s.a.:303-304).

Hierdie kerkgebou is opgerig vir die afsonderlike bearbeiding op kleurgrondslag en het gou bekend gestaan as die "Kleine Kerk". Smit (s.a.:304-305) wys daarop dat ds Moorrees en die kerkraad wel 'n keuse gemaak het vir die kleurskeiding op kerklike gebied en dit sou tot gevolg hê dat daar 'n hewige stryd ontwikkel het. Op 1 April 1872 neem die kerkraad 'n besluit dat "Daar door kleurlingen misbruik gemaakt wordt van de vergunning om wanneer in de kleine kerk geen Avondmaal gehouden wordt, dat hier in de groote kerk kunnen doen, besluit de kerkenraad dat voor de toekomst allen die in de kleine kerk zyn aangenomen, aldaar alleen het Avondmaal kunnen gebruiken"( Kerkraadsnotule 1 April 1872:547-548).

Enkele maande later op 8 Julie 1872 besluit die kerkraad egter verder dat alle anderskleuriges belydenis sal aflê in die "kleine kerk". 'n Geringe uitsondering word gemaak: "hetzij de ouders in de groote kerk of de Kapel Lidmaten zyn geworden" (Kerkraadsnotule 8 Julie 1872:549). Die besluit het reaksie uitgelok en dit was duidelik dat sekere anderskleuriges nie tevrede was met

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die besluit van die kerkraad nie. Hulle versoek om die besluit te hersien, het op dowe ore geval. Tydens 'n kerkraadsvergadering op 5 Julie 1875 word melding gemaak van 'n anderskleurige wat die Nagmaal gebruik het in die kerkgebou vir blankes en dit in weerwil van die besliste vermaning van ouderling du Toit (Kerkraadsnotule 5 Julie 1875:27).

Die ontevredenheid het gegroei en in 1880 is 'n klag teen ds Moorrees by die Ring in gedien omdat hy sou geweier het om 'n anderskleurige se kind in die kerkgebou vir blankes te doop. Die aangeleentheid het opskudding in die gemeente veroorsaak (Smit s.a.:305). Die Ring van Tulbagh het die saak na die Sinode van 1880 verwys wat dit na die ring terug verwys het. Hierna het die Sinode egter die ringe herverdeel, sodat Malmesbury voortaan onder die Ring van Paarl geresorteer het (Loff 1998:141). Voordat die saak afgehandel kon word het ds Moorrees in Junie 1881 sy emeritaat aanvaar(Smit s.a.:190).

Smit(s.a.:208) verwoord die proses en die gevoel van verontregting soos volg: "Intussen moes die klaers hulle aan die uitspraak van die kerkraad hou- maar met die oneindige vertraging het die arme drommels moeg geword. 'n Deel van hulle het by die Engelse Kerk aangesluit, terwyl ander na ds Kotze gegaan het, en slegs 'n deel het, teen hulle sin, tog na die gebou gegaan wat die kerkraad gekry het."

Hanekom wys in Die Kerkbode (22 September 1948:665) daarop dat bogenoemde besluite van die Kerkraad vir hom 'n aanduiding is dat apartheid op kerklike gebied feitlik 'n volgroeide standpunt geword het: "Dit is dan ook opmerklik dat Kerkrade teen hierdie tyd nie meer na 'hoër' kerklike vergaderings met die saak kom nie; hulle besluit self in die lig van plaaslike omstandighede en laat dit daar. Daar is ook geen vraag of dit in ooreenstemming is met die Bybel nie en klaarblyklik ook geen gewetensbesware dienaangaande nie!"

- **Swellendam:** In Swellendam is die oefenhuis in September 1838 in gebruik geneem. Ook hier was almal deel van een gemeente, terwyl die anderskleuriges in 'n afsonderlike gebou aanbid het (Loff 1998:103-104).

- **Paarl:** Op die landgoed "Het Niewe Plantagie" is gedurende die eerste helfte van die agtiende eeu 'n slawekerkie deur die sieketrooster Hermanus Bosman opgerig. Smith (1972:47) merk in een van sy voetnotas op dat hierdie gebou "waarskynlik die eerste Kerkgebou vir Nie-Blankes aan die Kaap" was. In 1813 is 'n oefenhuis in die Hoofstraat (Suider-Paarl) opgerig en in 1860 word 'n tweede, (Noorder-Paarl) gebou (Loff 1998:104). Van Heerde (1951:106) wys daarop dat Blank- en Kleurlinglidmate van die gemeente wat in die Noorder-Paarl woonagtig was die behoefte gehad het vir so 'n gebou. Hy sluit af met die volgende opmerking: "Lange jare is blankes en gekleurdes saam hier bearbei."

Dit wil ook voorkom of die gesindheid van die inwoners van die Paarl onderling goed was. Dit blyk duidelik uit die aantekeninge van eerw. G Barker (soos aangehaal deur Van Heerde 1951:105): "Tot dus ver hou ek baie van die mense, hulle is goedhartig en vriendelik, en as in aanmerking geneem word dat al die swartes tot onlangs nog hul eiendom was, moet ek erken dat daar by hulle 'n beter gevoel teenoor die swartes bestaan as wat die Britse Setlaars van Albanie openbaar."

- **Beaufort-Wes:** Cormack, 'n Engelsprekende sendingvriend, bou op eie onkoste in 1844 'n oefenhuis. Die Kerkraad het hierdie gebou vir twaalf jaar gehuur met die doel om dit te gebruik as skool en vir aanddienste vir anderskleuriges. Reeds die volgende jaar was die gebou te klein en moes daar ook op Woensdagaande dienste gehou word (Van Heerde 1951:118).

- **Richmond (Kaap):** In 1847 word die Kerkgebou tot beskikking van die anderskleuriges gestel en 'n aantal jare later is oorgegaan tot die oprigting van 'n eie gebou.

- **Mosselbaai:** Die gemeente is in 1845 gestig en maak reeds van vroeg af melding van 'n aantal kleurlinge wat deel uitgemaak het van die gemeente. Die agterste banke in die Kerk is aan hul toegeken en in 1850 is 'n poging aangewend om 'n gebou vir die anderskleuriges te bou. As gevolg van die

gemeente se skuldlas kon hierdie besluit egter nie uitgevoer word nie (Van Heerde 1951:131-132).

- **Murraysburg en Victoria-Wes:** In beide hierdie dorpe is geboue opgerig om voorsiening te maak vir die afsonderlike bearbeiding van lidmate op grond van kleur.Alhoewel die godsdienstige oefenhuis of inrigting reeds voor 1857 sy verskyning gemaak het, het daar na dié besluit wel groei en ontwikkeling gekom om meer van hierdie geboue op te rig. Ten grondslag van hierdie ontwikkeling was geen doelbewuste oogmerk vir afsonderlike gemeentes nie, maar dit sou uiteindelik noodwendig en spontaan in die rigting groei. Uiteindelik het daar geleidelik 'n groei gekom in afsonderlike gemeentes op kleurgrondslag.

### 3.4 Groei van afsonderlike gemeentes op kleurgrondslag

Reeds voor die Sinode van 1857 het daar gemeentes bestaan wat op kleurgrondslag gevestig was. Tydens die Sinodesitting is daar om 'n uitspraak gevra rondom drie gemeentes wat as "Gemeenten der Naturellen" beskryf kon word. Die gemeentes was die volgende:

- **St. Stephens**

Die gemeente se oorsprong en ontstaan kan terugvoer word na die vrystelling van die slawe. Gedurende die eerste helfte van die negentiende eeu het eerw GW Stegman sendingwerk in Kaapstad gedoen. Op 1 Desember 1838 het hy 'n diens gehou in die St. Andrew's Presbiteriaanse Kerk. Die gevolg hiervan was dat 'n groot hoeveelheid van die vrygestelde slawe van Kaapstad hulle by dié Kerk aangesluit het. Nadat daar spanning ontstaan het in die gemeente rondom 'n vorige leraar en ds George Morgan, die huidige leraar, het 'n afgeskeide groep van die vrygestelde slawe ontstaan. Onder leiding van Stegman en dr Adamson het hierdie groep 'n ou teater op die Boereplein gekoop en as 'n Kerkgebou gebruik (Loff 1998:107).

Meer vrygestelde slawe het hulle by die groep aangesluit. In 1857 is hul as gemeente by die Sinode ingelyf en ds Stegman is tydens een sitting van die Sinode as leraar van die gemeente bevestig. Die gemeente het bekend gestaan as St. Stephens. Met die oog op hul geestelike bearbeiding is "jongmense deur die twee broeders (ds Stegman en dr Adamson) opgelei en aangestel om op verskillende plekke geestelike werk te doen" (Van Heerde 1951:101). Die gevolg van hierdie opleiding was dat geestelike bearbeiding op kleurgrondslag op verskeie plekke geskied het, naamlik: Pniël, Augsburg, Clanwilliam, Caledon, Hermon, Groenberg, Beaufort, Klipfontein, Wynberg, Malmesbury, Paardenberg en Bainskloof (Van Heerde 1951:101-102).

- **George**

Deur die werk van die Londense Sendinggenootskap het 'n gemeente in George ontstaan en tydens die Sinode van 1857 het die gemeente die Sinode versoek om "haar als eene Gereformeerde te erkennen, en dan de heer Kretzen tot leraar deszelve te orden" (Acta Synodi 1857:76). "Die Londense Genootskap was in alles geraadpleeg en die onderhandelinge was vriendelik" (Van Heerde 1951: 117). Tog blyk dit dat die Londense Genootskap uit George onttrek het as gevolg van finansiële redes. "...the problem of dwindling resources and this waste became the most important single contributory cause of its (London Missionary Society's) ultimate decision to withdraw from a considerable part of its missionary responsibilities in South Africa" (Van der Linde 1991:415).

Die gemeente het nie sy weg oopgesien om met die nabygeleë gemeente in Paccaltsdorp te verenig nie en het sodoende besluit om by die NG Kerk aan te sluit. Die beskouing word gehuldig dat Kretzer "op sy inisiatief die werk van die LSG onder die Kleurlinge oorgeneem en by die NG Kerk ingelyf is" (Kriel 1963: 41). Die Sinode het die versoek nie afgehandel nie en die saak is aan die Sendingkommissie oorgelaat om af te handel. Ongelukkig het dit lank gesloer en Kretzen het hom tot die Ring van Swellendam gewend, wat op hulle beurt hom as sendeling georden het. Hierdie gemeente het dus onder die opsig van die Sinodale Sendingkommissie gekom.

- **Caledon**

Die Evangelische Gemeente op Caledon het 'n soortgelyke versoek as dié van George en St Stephen's tot die Sinode van 1857 gerig. In 1847 is die sogenaamde "De Apstolische Unie" in die lewe geroep, waarvan Caledon en St Stephens deel was. Op versoek van die vrygestelde slawe is sendingwerk onder hulle begin doen deur Knobel, wat eers as 'n onderwyser opgetree het en later as sendeling georden is. Later is 'n kerkgebou en pastorie opgerig. Mans, sowel as die vroue in die gemeente het saamgewerk aan dié projek (Loff 1998;109-110; Van Heerde 1951:114-116).

In 1850 het egter 'n beduidende hoeveelheid lidmate by die Anglikaanse Kerk aangesluit en dit het moontlik as rede gedien waarom die gemeente die NG Kerk genader het om deel van die Kerk te word. Die gemeente het aangebied om sy eiendom aan die Kerkraad oor te dra. Knobel het op 23 Augustus 1856 die Kerkraadsvergadering van die NG Kerk van Caledon bygewoon om sy voordrag self te doen. Hy het namens die Evangeliese Gemeente die Kerkraad versoek om hulle "als Leden der NG Kerk te erkennen, onder hun opzicht te nemen en tot de gemeenschap van het H[eilige] Avondmaal toe te laten" (Notule Kerkraad Caledon 23 Augustus 1856:118). Die Kerkraad het die versoek toegestaan, onderhewig aan goedkeuring van die Sinode. Die Kerkraad het dan ook tydens die Sinodesitting van 1857 die volgende aan die Sinode voorgelê: "De Sanctie van de Hoog Eerwaarde Algemeene Vergadering der Nederduitsche

Gereformeerde Kerk word verzocht op een overeenkomst getroffen tusschen den Kerkeraad der Ned Geref Gemeente te Caledon en den eerwaarde JC Knobel, daartoe gevolmagtigd door de Evangelische Gemeente uit de Kleurlingen ter gemelde plaats" (Acta Synodi 1857:257).

Die Sinode het goedkeuring verleen en daarmee was die ooreenkoms van krag. Die Evangeliese Gemeente het deel van die NG gemeente van Caledon geword. Tog was dit nie tenvolle 'n inlywing by die gemeente nie aangesien daar nog steeds aparte eredienste op kleurgrondslag gehou is. Van Heerde (1951:116) wys daarop dat "'n aantal broeders en susters van die moedergemeente met dienste en ander werksaamhede in die sendinggemeente gehelp het. Dienste is in die Gestig gehou."

Die Sinode van 1857 het dus verskillend gehandel met die drie gemeentes op sy agenda, naamlik dat een volwaardige lid van die NG Kerk geword het, die tweede is onder die opsig van die Sinodale Sendingkommissie geplaas, en die derde is onder beheer van die plaaslike gemeente geplaas, waar daar dan ook afsonderlike dienste gehou is.

Nuwe gemeentes op kleurgrondslag het geleidelik ontstaan vanuit die reëling om aparte dienste te hou en om geboue op te rig vir die doel. Dit het egter nie sondermeer oral gebeur nie. Erwee (1980:56) noem tien NG gemeentes in die Kaapprovinsie waar daar gedurende die negentiende eeu gereelde gesamentlike

dienste gehou is, sowel as drie ander gemeentes waar tot selfs in die eerste en tweede dekades van die twintigste eeu gesamentlike aanbidding plaasgevind het. By Stockenström, Vanrhynsdorp en Upington was die blanke lidmate by die bruin NG gemeente ingeskakel. Eers later sou die blanke lidmate 'n eie gemeente vorm (Erwee 1980:485).

In Beaufort-Wes, Clanwilliam en Calvinia het die gemeentes deel uitgemaak van die NG Kerk. "In 1851 word te Clanwilliam (na 50 jaar) 'n gemeente gestig in verband met die "Apostolische Unie" ...Na sy dood (eerw Smit) word die sendinggemeente gestel voor die vraag of hulle by die Ned Gereformeerde of die Anglikaanse Kerk behoort aan te sluit. Die keuse het op die NG Kerk geval" (Van Heerde 1951:125). Die gemeentes George en Zuurbraak, wat as vrug van die Sending Genootskap tot stand gekom het, is ook by die NG Kerk ingelyf (Van der Merwe 1985:32-33).

Loff (1998:105) verkies om van "die skepping van sendinggemeentes" te praat in plaas van "stigting" omdat dit volgens hom uitdrukking gee daaraan "dat die gemeentes *vir* die betrokke lidmate en nie *deur* hulle self gevorm is nie." Miskien is dit te veel gesê. Els (1971:118-119) wys daarop dat die totstandkoming van afsonderlike gemeentes vir anderskleuriges langs 'n "lang ontwikkelingsproses plaasgevind" het. In hierdie proses sou met reg gesê kon word dat verskeie insette uit verskillende hoeke bygedra het tot die stigting van afsonderlike gemeentes. Hierin was die anderskleuriges nie totaal passief en onbetrokke nie.

Dit blyk uit geleenthede waar briewe en versoeke deur anderskleuriges aan kerkrade en sinodes gerig is rondom die stigting van afsonderlike gemeentes of die oprigting van aparte geboue. Op 11 Januarie 1858 behandel die Kerkraad van Ceres 'n brief van "eenige gekleurden" waarin die oprigting van 'n gebou bepleit word (Kerkraadsnotule 11 Januarie 1858:27-28). Tydens die Sinode van 1863 is daar deur anderskleurige groepe enkele versoeke om die stigting van afsonderlike gemeentes tot die Sinode gerig (Acta Synodi 1863:19 Bylaag H,3 ).

Die afsonderlike bearbeiding van die anderskleuriges was 'n uitvloeisel van die Sendinggenootskap se arbeid. Van der Walt (1963:395) maak die stelling "Afsonderlike Kerkvorming het 'n sendinggenootskaplike oorsprong gehad, binne en buite die Nederduitse Gereformeerde Kerk." Volgens van der Walt (1963:425) het die kleurgevoel op kerklike gebied ontstaan uit reaksie teen die gelykstellingsidee van die Londense Sendinggenootskap; daarom het die kerke in die binneland 'n absolute kleurskeidslyn begin handhaaf. Els (1971:117-119) is egter van mening dat die stigting van afsonderlike gemeentes deur byvoorbeeld die Suid-Afrikaanse Sendinggenootskap "nie die gevolg van rassevooroordeel was nie, maar bloot die uitvoering van die beste en mees vrugbare sendingmetode, om naamlik, aan die nie-blankes, wat nie voldoende deur die gevestigde ("blanke") gemeentes bereik is nie, die evangelie doeltreffend te verkondig".

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Niederberger (1959:174-175) verskil hiervan en toon aan dat die eintlike grond vir die afsonderlike gemeentes gesoek moet word in veral die negentiende eeuse rasse vooroordele. Die sogenaamde "swakheid van sommige" in die besluit van die Sinode van 1857, beskou Niederberger as 'n konsessie waarin die Kerk nie die legitimering van die Skrif nie maar wel die sosiale-en politieke omwentelinge van die 19de in sy samelewing nagevolg het. Hy beskou die ontstaan van aparte kerke as die gevolg van die politieke denkstrukture in die Sendingbeleid van die NG Kerk: "Damit war de nied.-ref. Kirche Südafrikas auf Grund der Rasse in zwie Kirchen getrennt" (Niederberger 1959:175). Loff (1998:98-99) ondersteun hierdie standpunt en verwys na die sinode besluit van 1857: "Al is hierdie kleurvooroordeel by 'n deel van die Kerk ook eufemisties *swakheid* genoem, was dit nietemin baie sterk. Om die werklikheid van kleurvooroordeel te akkommodeer, moes die gekleurde gewese heidene tot aparte gemeentes gevorm word wat in afsonderlike geboue afgeskei kon word."

Tog merk Smith (1972:57) tereg op dat Kerkvorming, en by name inheemse Kerkvorming nooit hulle oogmerk was nie. Volgens hom was die ingesteldheid van die Sendinggenootskappe juis nie om afsonderlike gemeentes te stig nie, maar om blank en nie-blank in een gemeente saam te snoer.

"Hierin het die denke van die Ned. Gerf. Kerk egter - alhoewel gestimuleer deur die sendingywer van die Genootskappe - ordenend ingegryp en het hy, deur sy eventuele vorming van afsonderlike gemeentes en Kerkverbande vir die Nie-

Blanke, 'n 'eiesoortige weg' ingeslaan wat nie in die 'sendingdenke' van die Genootskappe aanwesig was nie. Natuurlik moet erken word dat hierdie weg wat deur die Ned. Geref. Kerk gevolg is, aanvanklik geen uitgewerkte en geformuleerde beleid ten opsigte van sy sendingaksie was nie. Veeleer was dit die resultaat van 'n bepaalde Kerklike praktyk in verband met die Nie-Blanke in die Kerk wat sedert die planting van dié Kerk aan die Kaap (in 1652) spontaan ontwikkel het" (Smith 1972:57).

Kleynhans (1973:317-319) sien die groei en ontwikkeling van afsonderlike gemeentes op kleurgrondslag as die aansluiting wat die NG Kerk gevind het by die oud-Christelike tradisie in die Kerkgeskiedenis. Hy wys daarop dat die Gereformeerde Kerk in Nederland teen die helfte van die agtiende eeu juis meer na omlynde vorme en onderlinge verskeidenheid van die Kerklike groeperinge gekyk het. Buitelandse Kerke is onderskei van dié in Nederland en onderlinge verskeidenheid van die Kerklike groeperinge in die buiteland is erken. Die Kerkregtelike ontwikkeling in die Indiese Kerk dien hier as voorbeeld en het onderskeid getref tussen die Nederlandse, Portugese en Maleise gemeentes in afsonderlike verband op klassikale grondslag.

Dr A Kuyper (1940:13) lewer in 1890 'n referaat oor sending by die Zendingcongres te Amsterdam en stel dit dat "Het recht en de plicht tot zending rust in elke plaatselijke Kerk". Rondom die metodiek van sending maak hy die volgende stelling: "De zending onder de Heidenen en Mahomedanen moet zich,

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

in de prediking van de Wet en van het Evangelie beide, richten naar den bijzonderen aard van het volk, waaronder ze optreedt, vooral naar het gehalte van haar afgoderij; en voorts aan de Belijdenis van den Christus volkomen vrijheid laten, om, zoodra ze tot eigen Kerkenformatie leidde, dien eigenaardigen vorm aan te nemen, die bij de bestaanswijze van zulk een volk past." Dat die gedagte van afsonderlike kerke, hoewel meer toegespits op volkekundige verskeidenheid, gangbaar was vir die kerk in Nederland in hierdie tydperk is duidelik. Ook die feit dat die beginsels van Kuyper se referaat, soos vervat in 'n rapport, in 1896 deur De Generale Synode van de Gereformeerde Kerken in Nederland aanvaar is. Ruimte is gelaat vir die totstandkoming en bestaan van afsonderlike kerke vir die inheemse bevolking (Kuyper 1940:21-38). Die NG Kerk het in sy benadering, om afsonderlike kerke op kleurgrondslag te vestig, hierdie pluriforme kerklike patrone geadem en uitgebou.

Van der Merwe (1985:29) stel dit dat "In die sending kan en mag die evangelisering van die heidene nie losgemaak word van die opbou van die jong Kerk wat op die sendingveld gebore word nie."

Boshoff (1983:21-22) sluit hierby aan wanneer hy daarop wys dat Sending, Kerkstigting impliseer. "Kerkplanting, en dan in die volle sin van die woord ecclesia completa staan sentraal in die Sending... dat Sending Kerkstigting impliseer het, was so gewoon soos die lug wat mens inasem... Dat die NG Kerk in sy sending dus Kerke stig is hom kwalik te verwyt." Ook merk hy op "dat daar

by die Kerkvorming ruimte vir die volkereverskeidenheid gemaak moet word, kan deur geen eerlike soeker na die principium missionis ontken word nie." Kunneke (1993:222) merk tereg op dat Boshoff van die verwarrende gebruik van die begrip kerk om die stigting van die Sendingkerk as 'n natuurlike proses aan te dui gebruik maak. "Sending impliseer die stigting van gemeentes en nie kerkverband nie, terwyl Boshof eintlik kerkverband bedoel." Die groei van afsonderlike gemeentes op kleurgrondslag sou tot gevolg hê dat hierdie gemeentes totaal onderworpe aan die gemeente waaruit dit spruit óf aan die Sinodale Sendingkommissie was.

Die afbakening van die arbeidsterreine ten opsigte van die bearbeiding van anderskleuriges het voortdurend in die teken van verwarring, oorvleueling en onsekerhede gestaan. Eerw Jongeneel rig in 1863 'n versoekskrif tot die Sinode waarin hy meer duidelikheid rondom sake soos die verslaggewing van sendelinge, die doop van anderskleurige kinders en hul inskakeling in die gemeente vra. Hy vra die Sinode:

" 1. Om verwarring en verdeeldheid te voorkomen, bepale de Synode, dat op plaatsen, waar de Kerk eene Zending-gemeente heeft, de Kerkraad der Nederduitsch Hervormde Gemeente sich niet inlate met door doop of aanneming gekleurden in zijne gemeente op te nemen.

2. Hoe moet men handelen, wanneer Heidenen aanzoek doen om hunne jonge kinderen door den doop in het Christendom in te lijven?

3. Aan wie moet een geordende Zendeling verslag doen van de door hem gedoopten en aangenomen, met namen, toenamen, ouderdom en datum, asook de volle namen der doopgetuigen? Aan den Kerkraad der Nederduitsch Hervormde Gemeente, aan de Ringsvergadering, of aan de Zending-Commissie?" (Acta Synodi 1863:19 Bylaag H,3) Die Sinode het uiteindelik besluit dat aan die Ring verslag gedoen moet word.

Onsekerheid rondom die saak was egter nie uit die weg geruim nie, want tydens die Sinode van 1873 vra die Kerkraad van Burgersdorp by wyse van 'n beskrywingspunt: "In welke verhouding staat eene Zendinggemeente, waar geen geordende Zendeling is, tot de Kerkraad eener gevestigde gemeente onzer Kerk, of wie is verantwoordelijk voor zulk een gemeente?" Die Sinode besluit : "Onder het opzigt van den Kerkeraad, die voor zulke gemeente verantwoordelik" (Acta Synodi 1873:35). Daar kan met goeie reg gevra word: "Wat sou die Sinode besluit het ten opsigte van so 'n sendinggemeente waar daar wel 'n geordende sendeling gestaan het?" (Kriel 1963:61)

Verwarring en onsekerheid rondom die hantering van sake rakende die gemeentes op kleurgrondslag het stukrag verleen en die behoefte laat onstaan vir meer helderheid en konsolidering op een of ander wyse. Die situasie is veral deur die sendelinge wat die gemeentes bedien het as negatief ervaar en die samevoeging van die gemeentes tot 'n kerk is as 'n moontlike oplossing gesien.

"Afsonderlike godsdienstige byeenkomste vir die Nie-Blanke sou noodwendig tot afsonderlike gemeentes lei en afsonderlike gemeentes sou tot 'n afsonderlike Kerk aanleiding gee" (Smith 1972:71). Linde (1974:121) beskou die ontstaan van 'n aparte kerk uit die heidendom, "as die resultaat van 'n proses van voortskrydende stratifikasie dit wil sê van die agterbanke na 'n ander gebou en later 'n eie Kerk." Die noodwendigheid van die proses sou net deur die historiese verloop bevestig kon word.

## 3.5 Ontstaan en groei van afsonderlike kerke op kleurgrondslag

### 3.5.1 "Nederduitsche Gereformeerde Zendingkerk"

Drie en twintig jaar na die besluit in 1857 om anderskleuriges in aparte geboue te bedien, het 'n hele aantal gemeentes tot stand gekom en was daar 'n lewende belangstelling in die skepping van 'n breëre Kerkbestuur om die gemeentes saam te voeg. Die verwarring en onsekerheid rondom die hantering van sake het ook bygedra tot hierdie behoefte aan beter organisasie.

Die sendeling van Wellington, JC Pauw, het vroeg in 1880 'n brief aan die NG Kerk se amptelike tydskrif gerig, waarin hy 'n sinvolle Kerklike organisasie vir die sendingwerk bepleit. Hy tref 'n vergelyking tussen die sendeling en die predikant. Die predikant kon hom tot die Ring of Sinode wend terwyl die sendeling op sy eie sake moes hanteer. Volgens Pauw was daar geen Kerklike vergadering waartoe

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die sendeling hom kon wend nie. Ook die gemeentes stem hom tot bekommernis. In sy brief stel hy die[90] vraag wat die NG Kerk te doen staan. Hy wys op twee moontlike oplossings, nl. Om volledig opgeneem te word in die NG Kerk, óf om 'n eie kerk te vorm. In 'n voetnota onderaan die artikel merk die redakteur op dat die NG Kerk nog nie gereed is vir die eersgenoemde moontlikheid nie (Loff 1998:117; Van der Merwe 1985:33). Hierop sou die Sinode van 1880 'n antwoord gee.

Ds S Hofmeyr, leraar van Montagu, het aan die behoefte vir 'n samesnoering van die verskillende sendinggemeentes uitdrukking gegee deur 'n beskrywingspunt aan die Sinode te stuur vir oorweging. "De Synode overwege de wenschlijkheid om de Zendinggemeenten onzer kerk langzamerhand tot een lichaam te organiseren, en neme daartoe de vereischte maatregelen" (Acta Synodi 1880:10). Hierdie beskrywingspunt is na die Sendingkommissie verwys, wat "die aangeleentheid op 'n konferensie met sendelinge" (Smith 1972:72) bespreek het. Die konferensie is te Worcester gehou. Ongelukkig is daar nie 'n verslag van hierdie byeenkoms nie en kan daar nie met sekerheid gesê word wie almal die geleentheid bygewoon het nie. Slegs in die verslag van die Sendingkommissie aan die Sinode van 1880 word daar melding gemaak van "een tal Zendelingen uit om te Worcester, gedurende twee dagen, zamen te komen" (Acta Synodi, Bylaag de Zending 1880:7).

Tydens die Sinodesitting van 1880 het die Sinodale Sendingkommissie sy verslag voorgehou aan die vergadering. As deel van die verslag is 'n "schema" behandel wat bedoel was om "den wasdom en bloei van de Binnelandsche Zending der Nederd[uitsche] Geref Kerk te bevorderen" (Acta Synode 1880:57). Hierdie "schema" is breedvoerig en intensief bespreek. "Punt vir punt het die Sinode hierdie konstitusie in oorweging geneem, dit gewysig, uitgebrei en tot sy bevrediging gefinaliseer" (Kriel 1963:67).

Op Vrydag, 12 November 1880, besluit die Sinode om oor te gaan tot "de oprichting van eene afsonderlijke Nederduitsche Gereformeerde Zendingkerk" (Acta Synodi 1880:57). Hierna is die Actuarius Synodi en die Sendingkommissie gevra om te bepaal welke aanpassings daar aangebring moet word ten opsigte van die "Wette en Bepalinge" om hierdie besluit te kon akkommodeer. Tien dae later is die verslag van die kommissie behandel en goedgekeur (Acta Synodi 1880:72).

Die Binnelandse Sendingkommissie ontvang die opdrag om verder uitvoering te gee aan die besluit van die Sinode en om die sendinggemeentes in kennis te stel van die besluit. 'n Vergadering is op 5 Oktober 1881 te Wellington belê en die sendinggemeentes is versoek om 'n ouderling saam met die leraar na die vergadering af te vaardig. As voorwaarde vir 'n gemeente om deel te hê aan die stigtingsvergadering moes hy aan die volgende vereistes voldoen, naamlik:

1. Die gemeente moet 'n wettig saamgestelde kerkraad hê,

2. Die gemeente moet ten minste een derde van die sendeling se salaris betaal,
3. Vaste eiendom moet volgens die voorgeskrewe bepalings van die konstitusie aan die Binnelandse Sendingkommissie ten gunste van die NG Sendingkerk oorgedra word (Smith 1972:73).

Die eerste Sinodesitting van die Kerk op kleurgrondslag het op 5 Oktober 1881 plaasgevind. Slegs vier gemeentes was verteenwoordig:

- **Wellington:** Eerwaarde Jacob Cornelis Pauw en Ouderling Jan Julie;
- **Wynberg:** Eerwaarde Dirk Jan Hendrik Ruytenbeeck en Ouderling Andries Overmeyer;
- **George:** Eerwaarde Johann Kretzen;
- **Zuurbraak:** Eerwaarde Johannes Petrus Rossouw (Adonis 1982:60; Loff 1998:125; Kriel 1963:73).

Die feit dat slegs vier gemeentes uit die moontlike sestien gemeentes tot die konstituering van die Sinode oorgegaan het, was opvallend. Tog sou hierdie stigting tot voorbeeld vir verdere stigting van afsonderlike kerke dien. "Wat die planting van hierdie eerste afsonderlike Ned Geref Dogterkerk van soveel belang maak, is die feit dat die konstitueringspatroon navolging gevind het by die konstituering van bykans al die verdere afsonderlike dogterkerke wat tot stand gekom het. Die totstandkoming van 'n kerkregtelik-selfstandige dogterkerk was

nog buite die bedoeling en perspektief van die moederkerk by hierdie eerste konstituering van die toekomstige dogterkerke" (Smith 1980:87).

Die Sendingkerk het vinnige groei getoon en by die tweede Sinodesitting in 1891 was reeds sestien gemeentes deur twaalf leraars en tien ouderlinge verteenwoordig. "The natural growth of the N.G.S.K. was considerably stimulated by the transfer of the Zuid-Afrikaansche Zending Gesticht in Cape Town and fourteen congregations of the Rhenish Missionary Society to the N.G.S.K., as well as the incorporation of congregations among Coloured people in other provinces of South Africa and in South West Africa (Namibia)" (Cronjé 1982:25). Teen 1896 het die getal gemeentes tot twintig gestyg.

Die grondslae wat hier gelê is het verrykende gevolge vir die planting van inheemse dogterkerke deur die NG Kerk gehad.

### 3.5.2 Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika

Gedurende die sestiger- en tagtigerjare van die negentiende eeu het die Kerk 'n herlewing beleef. Konferensies is gehou, soos byvoorbeeld die Christelike konferensie in 1860 te Worcester. Hier is geestelike opbou sowel as die sending beklemtoon. Dit het in die meeste gevalle tot 'n verdieping in geloof gelei.

Die NG Kerk het die Sending as belangrike en wesenlike taak van die Kerk beskou. Sendingywer het gegroei en ook die gemeentes het deur middel van die plaaslike leraar erns met die bearbeiding van anderskleuriges gemaak (Gerdener 1930:145-146). "Die geestelike nood van die Nie-blanke het meer as een predikant na aan die hart gelê en dikwels moes hy naas die bearbeiding van eie lidmate óók – by gebrek aan 'n sendeling – die sendingwerk behartig. Kerkraadsnotules en ringsverslae getuig van die gemeentes wat op een of ander wyse met sendingaksies besig is en waarby predikant, Kerkraad en gemeentelede betrokke is" (Van der Watt 1980:127).

Die gemeentes het sonder uitsondering die sending as 'n vanselfsprekende taak beskou. Bevestiging hiervan vind ons in die besluite van die NG Kerk in die Oranje-Vrystaat. Met sy eerste Sinodesitting in 1865 bepaal die Sinode volgens artikel 59, dat elke gemeente verplig sou wees om binne sy eie grense sendingwerk te doen (Smith 1972:77). By die Sinode van 1871 word eenparig besluit dat "Deze Synode wenscht zich... beslistelijk uit te spreken dat het de plicht is (volgens art. 59(c)) van iederen plaatselijke leraar onzer kerk, om de openbare genademiddelen te bedienen aan de Kleurlingen binnen zoodanige gemeente, waarin hij gesteld is om te arbeiden" (Acta Synodi, OVS 1871:114).

Saam met bogenoemde uitgangspunt was die NG Kerk daarvan oortuig dat die selfstandigwording van die jong kerke hoë prioriteit moet geniet. Die bestaan van afsonderlike kerke is as goed en reg beskou. "Gedurende die eerste vier

dekades van die twintigste eeu is die denke oor die kerk en sending oorheers deur die selfbewuswording van die jongkerke en hul strewe in kerkregtelike en kulturele sin" (Hofmeyr 1996:332).

Hierdie standpunt is deur die Internasionale Sendingkonferensies wat die gedagte ondersteun het, versterk. Tydens die Zendingscongres te Amsterdam op 28-30 Januarie 1890 lewer Abraham Kuyper 'n referaat oor "Zending" en stel dit duidelik dat die reg en plig van Sending by die plaaslike Kerk berus. Verder verwys hy in terme van die metodiek van Sending na die noodsaaklikheid van die gerigtheid op die besondere aard van 'n bepaalde volk ten opsigte van die verkondiging van die evangelie, asook die vorming van 'n eiesoortige Kerk. (Kleynhans 1973:319). Hierdie gedagterigting het neerslag gevind in die denke van die NG Kerk in sy benadering tot die vestiging van afsonderlike jong kerke. Inheemse kerke vir verskillende groepe sou juis die evangelieverkondiging bevorder. Met hierdie oortuiging het die NG Kerk met sy sendingtaak voortgegaan en was die oogmerk die stigting van inheemse jong kerke.

"In die koers wat die Ned. Geref. Kerk, met die daarstelling van afsonderlike kerkverband vir inheemse bevolkingsgroepe, in die loop van die 19de eeu ingeslaan het, bevind hy hom op die spoor van pluriforme kerklike patrone" (Kleynhans 1973:320). Linde (1974:128) wys tereg daarop "dat die rasionalisasie van die begrip "ras" as "veelvolkigheid" 'n poging tot herstratifikasie was." Hy gaan verder deur te wys op die beweging van die Kerk vanaf "geloof" na "ras" as

voorwaarde vir lidmaatskap in die NG Kerk (1857) en daarna word die begrip "ras" met "veelvolkigheid" as voorvereiste vervang. Hierdie pad sou tot die afbreek van kerklike eenheid lei, en daarmee saam die verwydering van lidmate met dieselfde belydenis en kerkregtelike grondslag.

Die snelle ontwikkeling tot selfstandige kerke het besorgdheid en vrae laat ontstaan. Niederberger (1959:310) skryf: "Wenn man jedoch den innern Stand der Bantukirche betrachtet, frägt man sich unwillkürlich, warum ihre Unabhängigkeit mit solcher Eile vorangetrieben wurde. Sie ist nämlich in jeder Beziehung noch von der Mutterkirche abhängig." Die ontwikkeling van afsonderlike kerke moet teen die agtergrond van die feit dat die NG Kerk reeds teen 1951 sy Sendingbeleid ten opsigte van die stigting van afsonderlike kerke duidelik geformuleer het gesien word. Vanselfsprekend het dit tot gevolg gehad dat daar spoedig tot die stigting van kerke oorgegaan is. Die afhanklikheid van die dogterkerk aan die moederkerk is nie as 'n hindernis gesien nie. Die NG Kerk het nie die konstituering van afsonderlike kerke op kleurgrondslag gekoppel aan die mate van onafhanklikheid, soos byvoorbeeld finansieel, van die dogterkerk nie.

Smith (1972:101-102) sê dat daar met goeie reg gevra kon word of die eis van die Gereformeerde Kerkbegrip wat deur die NG Kerk gehandhaaf is, in die vaslegging van 'n grondwet vir die dogterkerk geregverdig was. As gevolg van hierdie afhanklikheid "het die moederkerk hom op 'n "ongereformeerde" wyse die

jurisdiksie oor die dogterkerk toegeëien en dit in 'n grondwet vasgelê. Alhoewel dit as 'n natuurlike houding van die moederkerk teenoor die nog al te afhanklike dogterkerk beskou kan word, het dit tog afbreuk gedoen aan die erkende Gereformeerde insig omtrent die Skriftuurlike "selfstandigheid" van die Kerk en die beoefening daarvan deur die dogterkerk."

Van der Merwe (1985:44) erken dat die Sendingaksie van die NG Kerk wat uitgeloop het op die konstituering van afsonderlike kerke, "mank gaan aan 'n gebrekkige kerkbegrip."

Die NG Kerk het voortgegaan met sy sendingwerk en het die stigting van afsonderlike kerke op kleurgrondslag ten doel gestel. Die sendingywer het gegroei ten spyte van 'n aantal hindernisse wat in die pad gelê het.

Een sendingprobleem was die tekort aan werkkragte en daarom het die konferensie te Worcester besluit om ds Robertson na Europa te stuur om onder meer hulp vir die dringende sendingwerk in Suid-Afrika te vind. As resultaat van die opdrag het twee Sendelinge, naamlik Alexander Mckidd uit Skotland en Henri Gonin vanaf Switserland aangemeld. Ongelukkig sterf Mckidd kort na sy aankoms in die Soutspansberge, maar sy taak word oorgeneem deur Stephanus Hofmeyr, en hy arbei daar tot sy dood in 1905. Henri Gonin het hom in die Pilanesberg op Saulspoort, naby Rustenburg gevestig, en geseënde werk daar

gedoen. Sendingwerk het ook na Betsjoeanaland, die distrik van Waterberg naby Warmbad, Masjonaland en Nyassaland uitgebrei (Van der Watt 1980:113-115).

Die Basoeto-oorloë en Tweede Vryheidsoorlog (1899) het spanning tussen die Voortrekkers in die Vrystaat en sekere groepe van die plaaslike swart bevolking gebring. Na die Tweede Vryheidsoorlog het 'n aansienlike getal swart lidmate na ander Kerke oorgegaan. Ook het ongelukkigheid rondom die hele gebeure rakende Abram Poho onstaan. As gevolg van die gebrek aan Blanke Sendelinge, asook die uitbeweeg van swart lidmate uit die Kerk, het ds Theron, as destydse Sendingsekretaris, nà beraadslaging met sommige blanke NG leraars, toestemming verleen tot die "ordening" van Poho as sendeling. Toe die Sinode egter in 1903 vergader was die Sinode nie bereid om Poho as Sendeling van die NG Kerk te aanvaar nie, aangesien die vereiste kerklike prosedure nie by die ordening gevolg is nie. Die gevolg hiervan was dat Poho die NG Kerk in 1905 verlaat. 'n Aansienlike aantal lidmate van verskillende gemeentes het hom gevolg (Van der Merwe 1985:39).

"Dit het die vertroue in die Moederkerk geskok. Ook is in hierdie besluit die onwilligheid van die Moederkerk om die selfstandigheid van die Bantoekerk te erken gesien. Daar was geen konsultasie van die Bantoegemeentes nie en die aanvanklike versoek van die kategesekonferensie om die besluit in heroorweging te neem, is van die hand gewys. Kerkregtelik kan die sinodale besluit verdedig

word, maar sendingkundig was dit 'n mistasting wat die N.G.K. se sendingaksie geweldig benadeel het" (Odendaal 1970: 526).

Oral in Suid-Afrika is sendingwerk gedoen en het dit tot die begin van gemeentes gelei en sou uiteindelik op die stigting van afsonderlike Sinodes uitloop. "The growth of the mission work of the D.R.C. made it possible for a Synod to be constituted at Bloemfontein on 9 March 1910. The Church decided on its name as the Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk in die Oranje-Vrystaat" (Cronjé 1982:65). Hierdie Sinode het uit veertien gemeentes wat verteenwoordig was bestaan. In 1963 is die naam na die Streeksinode OVS van die NG Kerk in Afrika verander.

Op 2 Maart 1932 is die eerste Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk van Transvaal byeengeroep. Die Sinode het uit 43 gemeentes en 22 Sendinggenootskappe bestaan en die afgevaardigdes uit 9 swart leraars, 30 ouderlinge en drie verteenwoordigers uit die NG Kerk bestaan met die stigting van die Sinode was ook Kleurling-gemeentes deel van die Sinode, maar in 1958 is hierdie gemeentes op hul eie versoek na die NG Sendingkerk oorgeplaas (Cronjé 1982:55-56).

Sendingwerk in die Kaapprovinsie het gegroei en ontwikkel totdat die noodsaaklikheid vir 'n eie Sinode al meer op die voorgrond getree het. Die Nederduitse Gereformeerde Bantoekerk in Suid-Afrika het op 7 November 1951

te Oos-Londen byeengekom. Twee verdere Sinodes het ook in die Kaapprovinsie tot stand gekom naamlik:

- Die Sinode van Phororo in die noordelike Kaap by Mafeking het op 15 Maart 1966 as gebiedsinode van die NG Kerk in Afrika tot stand gekom.
- Die Streeksinode van Transkei het op 29 Augustus 1978 by Decoligny vir die eerste keer vergader (Cronjé 1982:51-52).

Die Sendingwerk in Natal het ook goed gevorder en op 30-31 Oktober 1952 het agtien afgevaardigdes op Ladysmith byeen gekom om die eerste Sinode van die NG Sendingkerk in Natal te stig.

Federale bande het die verskillende Sendingkerke onder Swart lidmate aan mekaar verbind. Op 7 Mei 1963 het die verteenwoordigers van al hierdie kerke op Kroonstad byeengekom en is 'n historiese besluit geneem dat hulle sal verenig tot 'n algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika. Al die bestaande sinodes het streeksinodes van die Kerk geword (Brown 1981:72). "Die Ligstraal" het die amptelike kerkblad en spreekbuis van die NG Kerk in Afrika geword. 'n Afsonderlike Kerk op kleurgrondslag vir die Swart lidmate het sy beslag gekry. Dit sou nie lank duur voordat 'n soortgelyke proses onder die Indiërs ook sou realiseer nie.

### 3.5.3 Reformed Church in Africa

Op 17 November 1860 het 'n totaal van 341 kontrak-plaaswerkers vanaf Indië met die skip by name "Fruro" in Durban aan wal gestap. Slegs enkele dae later is hul gevolg deur nog 318 Indiërs. Hierdie twee groepe werkers se koms was die gevolg van die behoefte aan werkers in die suiker- en katoenplantasies nadat werwing onder die Zoeloes nie genoeg werkers opgelewer het nie. Die Indiese families is groot en dit sou tot 'n natuurlike groei in die bevolking bydra. Dit en die groot aantal immigrante uit Indië het daartoe gelei dat die hoeveelheid Indiërs in Suid-Afrika teen 1911 tot 152 094 gegroei het. Sommige van die werkers het later die plase verlaat en hul eie besighede begin en in die dorpe en stede ander beroepe gevolg. Wetgewing in 1913 is uitgevaardig om immigrasie uit Indië te beperk en in 1953 is alle immigrasie uit dié land tot 'n halt geroep (Cronjé 1982:73)

Teen 1965 het die totale Indiërbevolking in Suid-Afrika tot 533 000 gegroei, waarvan 441 000 in Natal woonagtig was. Verskeie religieuse affiliasies het onder hierdie groep bestaan, naamlik 20% Moslems, 68% Hindoes, 7,7% Christene, 3,3% geen religieuse affiliasie en 1% behoort aan ander groepe (Cronjé 1982:74). "Omdat die Indiërbevolking in Suid-Afrika aanvanklik as tydelike inwoners van die land beskou is en die Blanke bevolking gevoel het dat die Indiërbevolking na Indië moes terugkeer, het bykans tagtig jaar verloop

alvorens die Ned. Geref. Kerk offisieel met sendingwerk onder hulle begin het" (Smith 1972:120).

Die Natalse Kerk het in 1946 in Pietermaritzburg met sendingwerk onder die Indiërs begin en in 1957 word die eerste Indiërgemeente, met lede uit Durban ingeskakel, gestig. "In 1951 a convert, Murugan, after receiving a certain amount of training, was licensed as an evangelist and became the first full-time worker of the D.R.C. among Indians" (Cronjé 1982:74). Die werk het so gegroei dat Pretoro in 1957 as die eerste voltydse Sendeling bevestig word. Sendingwerk in Durban het fluks gevorder en in 1965 word die tweede gemeente, Durban-Suid, gestig.

Die gemeentes Emmanuel (1971), Moria (1979) en Jeshurun (1981) het gevolg. Gemeentes het ook in Transvaal tot stand gekom. Op Goeie Vrydag, 16 April 1965 is die eerste gemeente in Germiston gestig. Arbeid onder die Indiërs het gegroei na ander dele van die land naamlik Pretoria, Lenasia, Kaapprovinsie, Port Elizabeth en Kimberley (Cronjé 1982:74-81).

Tydens die sitting van die Algemene Sinode van die NG Kerk van 1966 word 'n konsep-kerkorde vir die stigting van 'n Indiërkerk aanvaar. Die Permanente Regskommissie word die opdrag gegee om die weg tot 'n sinodale kerkverband vir die verskillende Indiërgemeentes aan te wys (Acta, Algemene Sinode 1966:521).

Volgens die advies van die Regskommissie het die voorsitter van die oudste gemeente, naamlik Pietermaritzburg, al die ander bestaande gemeentes uitgenooi om skriftelik te kenne te gee of dit hul begeerte is om in een kerkverband onderling te verbind en of die oudste gemeente kan optree as die sameroeper kerk. Na die instemming van die kerkrade, is hul versoek om afgevaardigdes met geloofsbriewe na 'n konvensie te stuur waar die kerkorde aanvaar moes word en die konstituering van 'n Sinode sou plaasvind (Acta of First Synod Indian Reformed Church 1968:23).

Op 27 Augustus 1968 het die konvensie van die Indiërgemeentes in Pietermaritzburg byeen gekom. Na enkele wysigings aan die voorgestelde kerkorde, is dit as basis vir die vereniging van die gemeentes in een kerkverband aanvaar. Hierna het die konvensie besluit om as Sinode te konstitueer. Die Reformed Church in Africa het tot stand gekom (Smith 1972:121-122; Van der Merwe 1985:88). Dié nuwe dogterkerk het uit die vier bestaande gemeentes bestaan en het reeds van vroeg af te kenne gegee dat hul strewe na eenheid met die ander lede van die NG Kerkfamilie (Cronjé 1982:79-80).

Smith (1972:122) merk tereg op dat die vorming van hierdie jongste dogterkerk van die NG Kerk in verskeie opsigte verskil het van die voorafgaande kerkstigting. Die gemeentes van die dogterkerk was van die begin van die beplanning vir kerkstigting by die onderhandelinge betrek. Die inisiatief tot konstituering, hoewel op advies van die moederkerk, het uitsluitlik vanuit die

dogtergemeentes self uitgegaan. Die kerkorde het plek gemaak vir die gebruiklike grondwet en die kerkorde is in samewerking met die dogtergemeentes opgestel. Brooks (1982:78-79) wys daarop dat daar geen artikel in dié kerkorde voorkom wat die Reformed Church in Africa in 'n ondergeskikte posisie teenoor die NG Kerk stel nie.

Die Indiërkerk het in alle opsigte as 'n selfstandige afsonderlike dogterkerk tot stand gekom. Tog jammer dat die kerk se grense weer bepaal is deur die kleurgrondslag.

"As vrug op die sendingarbeid van die Ned Geref Kerk tussen die 1881 en 1985 is byvoorbeeld nie minder nie as vyftien jonger kerke sowel in die binneland as in talle Afrikalande – selfs sover as Portugal – gestig" (Hofmeyr 1996:332). Die impotensie van verdeeldheid het egter geboorte aan 'n nuwe strewe tot kerklike eenheid geskenk. Die soeke na kerklike eenheid en ekumene sou lei tot verskeie organisasies en liggame wat die eenheid kon herstel en versterk.

## 3.6 Evaluering

3.6.1 Hierdie tydperk in die geskiedenis van die eenheid van die kerk is ingelei deur die besluit van 1857. Diè besluit was geneem deur die NG Kerk as geheel, maar hierdie eenheid sou binnekort versteur word. Die tydelike

ordereëling het skeiding gebring tussen die blanke en anderskleurige lidmate van die NG Kerk.

3.6.2 Verwydering was die kenmerk van hierdie tydperk in die geskiedenis van die NG Kerk: verwydering wat uiteindelik verskeurdheid sou meebring.

3.6.3 Twee blywende kerkskeurings het die NG Kerk negatief geraak. Die Nederduitsch Hervormde Kerk en die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika het ontstaan as gevolg van meningsverskille, koppigheid, skeurmakery en persoonlikheidsverskille.

3.6.4 Die uitgangspunt, wat dui op 'n miskonsepsie, dat 'n keuse gestel moet word tussen eenheid of waarheid was hier gangbaar. Hierdie denkraamwerk moet vervang word met 'n keuse van eenheid én waarheid.

3.6.5 Die Loedolff-saak het die gemeentes buite die Kaapkolonie gedwing om sinodale selfstandigheid te verkry. Verskeurdheid het gekom as gevolg van die staat se invloed op die kerk.

3.6.6 Die gemaklike en byna onverstaanbare aanvaarding van die wyse waarop die eenheid van die liggaam van Christus in hierdie tydperk verbreek is, kan toegeskryf word aan 'n sogenaamde liberaal-teologiese denke. Hiervolgens is die ware kerk die onsigbare kerk en die ware eenheid is dus ook onsigbaar. Sodoende word geen afbreek aan die eenheid gedoen as gelykgesindes hul eie kerke stig nie (Jonker 1987:35-44 en Crafford & Gous 1993:292-293).

3.6.7 Die afsonderlike bediening aan die anderskleuriges deur die ontwikkeling van afsonderlike geboue het tot gevolg gehad dat afsonderlike gemeentes gestig is en uiteindelik afsonderlike kerke. Inheemswording en afskeiding het in 'n noue verband met mekaar gestaan. Die pad het geloop van totale eenheid na verwydering en later tot verskeurdheid.

# HOOFSTUK 4

# TOENADERING OP PLAASLIKE EN INTERNASIONALE VLAK BRING HOOP VIR EENHEID

## 4.1 Die soeke na kerklike eenheid tree op die voorgrond in Suid-Afrika

Die einde van die negentiende eeu en die eerste aantal dekades van die twintigste eeu is deur wisselende sosiaal-politieke gebeure in Suid-Afrika en in die res van die wêreld gekenmerk. Hierdie bakens in die geskiedenis het tot gevolg gehad dat die wêreld en ook meer spesifiek Suid-Afrika nie onaangeraak gelaat is nie. Selfs vir die kerk het dit ingrypende implikasies gehad. Die kerk is gekonfronteer met vraagstukke waarin hy homself moes verantwoord, saam moes werk aan oplossings en ook leiding aan die gemeenskap moes gee.

Goud en diamante is tussen 1867 en 1886 in Suid-Afrika ontdek. Dit het tot gevolg dat groot getalle mense na die stede gestroom het met die hoop op rykdom en dit het nuwe uitdagings vir die kerk ingehou (Hofmeyr & Pillay 1994:149). Die Anglo-Boereoorlog (1899-1902) het ingrypende implikasies vir kerklike verhoudinge gehad. Die goeie samewerking tussen die NG Kerk en die Engelse kerke is geknou. Die Afrikaanse kerke het hul meer aangetrokke gevoel tot die kerke in Nederland en die VSA. Die moeilike jare na die oorlog het die kerk 'n belangrike rol in die gemeenskap vervul en het een van die grootste

sendingherlewings gevolg (Brown 1999:1). In die smeltkroes van gebeurtenisse het die Kerk sy tekortkominge in terme van verdeeldheid begin besef.

Die soeke na kerklike eenheid het meer en meer op die voorgrond getree. Eenheid het egter nie net 'n droom en ideaal gebly nie, maar sou spoedig neerslag vind in besluite en pogings tot vereniging.

### 4.1.1 'n Kortstondige kerkvereniging in Transvaal

Die Britse anneksasie van Transvaal in 1877 het die Eerste Vryheidsoorlog (1880-1881) tot gevolg gehad. Gedurende hierdie oorlog, met sy roemryke veldslae, het by die Afrikanervolk 'n ongekende nasionalisme wakker gemaak. Onder die geledere van die Transvalers het 'n sterk samehorigheidsgevoel posgevat. Met die suksesvolle militêre stryd in gedagte, waar lidmate van die drie kerke saam geveg het, het die gedagte van kerkvereniging weer opgeleef. Gevolglik het daar stemme begin opgaan dat die NG Kerk, NH Kerk en die Geref Kerk moet verenig.

Hoewel die NG Kerk en die NH Kerk aanvanklik 'n afsydige houding teenoor mekaar gehandhaaf het, is geglo dat die tyd nou daar was om na eenheid te soek. Naas die samehorigheidsgevoel in Transvaal wys Van der Watt (1980:84) daarop dat die volgende twee faktore ook 'n rol gespeel het, naamlik:

- "Die eerste was dat gewone lidmate die skeiding tussen die twee kerke as iets onnatuurliks beskou het...
- Die tweede was dat gemeentes van die studente van die Ned. Geref. Kerk beroep het. Hierdie manne - D.P. Ackermann (Wakkerstroom), H.S. Bosman (Pretoria) en J.G. de Vries (Zeerust) – het ongetwyfeld simpatiek teenoor die Ned. Geref. Kerk gestaan."

Aanvanklik het die Gereformeerde Kerk hom reeds in April 1882 ten gunste van kerkvereniging uitgespreek, maar het later onttrek aan die gesprek omdat dié Kerk gemeentes regoor die land het en dit sou deelname bemoeilik omdat die kerkverenigingspoging slegs tot die Transvaal beperk sou wees (Scholtz 1956:277-278).

Die afvaardigings van die NG Kerk en die NH Kerk het op 31 Oktober 1882 in Pretoria vergader. Sake van ondergeskikte belang is gou afgehandel. Drie sake was egter van kardinale belang naamlik die leer, die toelating van predikante en die naam van die nuwe kerk. Die drie Gereformeerde Belydenisskrifte wat by die Sinode van Dordrecht (1618-1619) aanvaar is, is gehandhaaf. Wat die predikante betref is besluit dat slegs diegene wat by die NG Kerk van die Kaapprovinsie gelegitimeer is, beroep mag word. Nadat die lot gewerp is, is die kompromie-voorstel aanvaar dat die nuwe Kerk bekend sal staan as die *Nederduitse Hervormde of Gereformeerde Kerk.* Daar is besluit dat die kerkrade

van die NG gemeentes en die NH gemeentes op elke dorp tot 'n eenheid moes saamsmelt (Van der Watt 1980:85-86; Crafford & Gous 1993:302).

Bogenoemde saamgestelde gemeentes moes afgevaardigdes na die Eerste Algemene Kerkvergadering van die verenigde kerk stuur. Op 7 Desember 1885 het dié vergadering in Pretoria byeengekom en dit is dan ook die stigtingsdatum van De Nederduitsch Hervormd of Gereformeerde Kerk in de Zuid-Afrikaansche Republiek (Scholtz 1956:294-296).

Reeds by die stigting van die nuwe Kerk was die kiem van verdeeldheid teenwoordig. Dit het spoedig geblyk dat 'n groeiende aantal lidmate van die eertydse Hervormde Kerk nie gediend was met die toedrag van sake nie. Die naam van die nuwe Kerk was vir sommiges 'n probleem. Sending en die vraagstuk van gelykstelling is op die tafel geplaas. Spanniing het opgebou en president Paul Kruger het selfs aangebied om as bemiddelaar op te tree (Gaum 1981:32).

Ouderling Wolmarans van Pretoria was teen die naam gekant en het hom tot die hooggeregshof gewend om te verhoed dat kerkeiendomme van die Hervormde Kerk op die naam van die Verenigde Kerk oorgedra word. Die hof het beslis dat lidmate van die NH Kerk wat nie wil verenig nie, die oorspronklike kerkeiendomme kon behou (Crafford & Gous 1993:302-303).

Die Hervormde lidmate van Witfontein het geweier om onder die nuwe naam van die Verenigde Kerk te verenig en het met behulp van ds Goddefroy die groot taak aangepak om al die Hervormde lidmate wat nie wou verenig nie in gemeentes te organiseer. 'n Algemene Kerkvergadering is in 1888 gehou (Van der Watt 1980:176-177).

Kerkvereniging op grond van politieke samehorigheidsgevoel was dus van korte duur. Die naderende krisis van die Tweede Vryheidsoorlog het in 'n tydperk gestaan waarin die Kerk geen verenigde kragveld kon bied nie. Die verlange na eenheid tussen die Kerke was daar, maar het slegs 'n vrome versugting gebly.

### 4.1.2 Die Raad van Kerke as band van gemeenskap

Ordonnansie No. 7 van 1843 het nie vir die NG Kerk voorsiening gemaak om buite die grense van die Kaapkolonie uit te brei nie en het uiteindelik tot gevolg gehad dat die Loedolff-saak in 1862 teen die aanwesighied van afgevaardigdes buite die grense van die Kaapkolonie geslaag het. (vergelyk 2.6.3) Dit "het die Nederduitse Gereformeerde Kerk in 'n onbenydenswaardige situasie geplaas: kerkregtelik moes hy toesien hoedat sy één sinodale verband verbreek word... Hierdie gedwonge kerkregtelike ontwikkeling kon egter die eenheid in die Ned. Geref. Kerk nie smoor nie" (Van der Watt 1987:1).

Op versoek van die Sinode van 1897 het die Kaapse Wetgewende Raad Ordonnansie No 9 van 1898 op 25 November 1898 geproklameer. Hiervolgens is die twyfel omtrent die vraag of die NG Kerk buite die grense van die Kaapkolonie mag uitbrei uit die weg geruim. Sedert 1862 het die ideaal dat die verskillende NG Kerke weer in een kerkverband sou saamkom in die hart van die Kerk bly voortleef. Die behoefte aan nouer samewerking en selfs die begeerte aan hereniging tot een algemene sinodale verband het deur die jare sterker gegroei. "Gemeenskaplike belange, eenheid in leer, en kerkregering en selfs die lotsgemeenskap en swaarkry in die twee Vryheidsoorloë wat die hele Afrikanerdom in die loutervure saamgesmelt het, sou ook hier meespreek" (Van der Watt 1973:146).

Die jaar 1903 word deur Kleynhans (1973:330) as "'n sinodale jaar" beskryf. In April van daardie jaar het eers die Sinode van Natal en daarna die Transvaalse Sinode vergader, gevolg deur die Vrystaat se Sinode in Mei en die Kaapse Sinode in Oktober (Oberholster & Van Schoor 1964:143). Dié sameloop van besondere omstandighede en gebeurtenisse sou op die lang pad van 'n herstelde kerkverband van buitengewone betekenis blyk te wees.

Tydens die Sinodesitting van Transvaal dien 'n beskrywingspunt vanaf die Ring van Utrecht voor die Sinode. Deur die inisiatief van ds Anderssen het die Ring sy beskrywingspunt geformuleer deur te vra na die wenslikheid "dat de Natalse Kerk zich bij die van de Transvaal aansluite" (Acta Synodi, NG Kerk van Transvaal

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

1903:128-129). Die Sinode het 'n kommissie benoem om met 'n kommissie van die Natalse Kerk oor die saak te onderhandel (Acta Synodi, NG Kerk van Transvaal 1903:75). Groete van die sustersinodes wat by die Transvaalse Sinode oorgedra is het meegespreek in die verband. Namens die Natalse Kerk verklaar ds Schoon: "Persoonlik acht ik het wenschelijk dat de Ned. Geref. Kerken in de Kaapkolonie en Natal en de Ned. Herv. of Geref. Kerk in Transvaal zich gemeenschaplijk nauwer aaneensluiten" (Acta Synodi, NG Kerk van Transvaal 1903:28). Ds Scholtz het groete vanaf die Kaapse Sinode oorgedra en ook hy verwoord die belangstelling in die volgende woorde: "Uw lijden is ons lijden, uw smaad onze smaad, daar geef ik enkel uitdrukking aan het algemeen gevoel van de Moederkerk. De belangen uwer Kerk zijn ons dierbaar" (Acta Synodi, NG Kerk van Transvaal 1903:63).

Entoesiasme vir die strewe na eenheid was aan die orde van die dag. Die Transvaalse Sinode gaan egter verder en op sy sitting van 18 Mei 1903 neem hy die besluit "dat aan de commissie, benoemd om met de Natalsche Kerk te onderhandelen over vereeniging met onze Kerk, ook opgedragen worde met de Kerk in den Vrijstaat en in de Kaapkolonie te onderhandelen, en dat aan haar daaromtrent dezelfde opdracht gegeven worde als met betrekking tot de Natalsche Kerk" (Acta Synodi, NG Kerk van Transvaal 1903:94-95). Die Vrystaatse Sinode (Acta Synodi, NG Kerk in die OVS 1903:36), die Kaapse Sinode (Acta Synodi, NG Kerk Kaap 1903:35, 60-61) en die Natalse Sinode (Acta Synodi, NG Kerk van Natal 1903:18-19) neem ook soortgelyke besluite.

Elkeen wys dan ook afsonderlike kommissies aan om verder te onderhandel. Daar is dus doelgerig beweeg om die Sinodes se kommissies om 'n tafel te laat verenig.

Die kommissie van die Kaapse Kerk het die inisiatief geneem en op 9-10 Augustus 1905 het die aangewese kommissies op Colesberg byeengekom. Van der Watt (1973:148) beskou hierdie byeenkoms as "die daadwerklike begin om die kerkverband te herstel tussen die kerke wat uiteengeslaan is deur die hofbevel in 1862."

Tydens die Colesberg Konferensie is verskeie moontlikhede van samewerking en eenwording bespreek. Uiteenlopende standpunte is gehuldig rondom die vraag of daar een algemene Sinode gevorm moet word, of net gewerk moet word in die rigting van 'n federasie van die betrokke Kerke. Die afgevaardigdes was almal ten gunste van kerkvereniging en het besluit om voorkeur aan 'n federale verband te gee (Grobler 1983:22-25; Scholtz s.a.:172-173; Geldenhuys 1982:118). Hiermee sou die afsonderlike bestaan en ontwikkeling van die Kerke gewaarborg word, terwyl samewerking deur middel van samesprekinge verseker is.

'n Konsepskema vir 'n federasie is deur die vergadering goedgekeur. Die Notule van die Colesbergse Konferensie van 9 Augustus 1905 is in die Handelinge van

die Sinode van die NG Kerk van Transvaal van 1906 opgeneem. Die volgende is aan die Sinodes voorgehou:

"De vier Kerken besluiten tot 'n federale vereniging onder de volgende bepalingen:

1. Dat elkeen der Kerken haar samenstelling met haar wetgevende, rechtsprekende en administreerende macht zal blijven behouden.
2. Dat de algemene belangen dezer Kerken behartigd zullen worden door eene algemeene vergadering, die den naam van *De Raad der Nederduitsche Gereformeerden Kerken in Zuid-Afrika* dragen zal.
3. Dat deze Raad samengesteld zal zijn uit 30 afgevaardigden, waarvan 14 door de Kerk in de Kaapkolonie, 7 door de Kerk in de Transvaal, 7 door de Kerk in de Oranje Rivier-Kolonie, en 2 door de Kerk in Natal zullen worden afgevaardigd. Deze afgevaardigden zullen door de respectieve Synoden op elk harer gewone vergaderingen gekozen worden.
4. Dat deze Raad in behandeling nemen zal, wat door een of meer der respectieve Synoden of Synodale Comissieën aan hem zal worden opgedragen, en wat één of meer zijner leden ter sprake brengen mocht.
5. Dat de gewone vergaderingen van deze Raad gehouden zullen worden op 'n plaats en tijd telkemale op 'n vorige vergadering vasgesteld te worden, en buitengewone vergaderingen als een-derde van de leden des Raads den voorzitter erom vragen.
6. Dat de besluiten van deze Raad alleen bindend zullen zijn voor ieder der respectieven Kerken na door de Synode dier Kerk goedgekeurd te zullen zijn.

7. Dat elke Synode voorziening zal maken voor de uitgaven van hare respectiewe afgevaardigen naar de vergaderingen van den Raad, zullende de andere uitgaven betaald worden door de Zynoden in evenredigheid van het getal harer afgevaardigen" (Acta Synodi, NG Kerk van Transvaal 1906:147-148).

Die Sinodes het die konsep-voorstel met algemene stemming aangeneem. So kom die federasie van die NG Kerke tot stand, wat in die algemeen bekend sou staan as die Raad van Kerke en amptelik as "De Raad der Nederduitsche Gereformeerde Kerken in Zuid-Afrika." Elkeen van die deelnemende Kerke het sy eie wetgewende, regsprekende en administratiewe mag behou. Die Raad van die NG Kerke in Suid-Afrika was slegs raadgewend van aard en sy besluite was slegs geldig indien die onderskeie Kerke se Sinodes dit goedgekeur het. (Crafford & Gous 1993:314-315). Die uitsluitlike doel van die Raad was om die eenheidsbande te verstewig en die weg tot die herstel van die eenheid in een Sinode te baan. Hierdie ideaal is eers 55 jaar later bereik met die konstituering van die eerste Algemene Sinode vir die betrokke NG Kerke in 1962.

Die Raad het op 13 Maart 1907 sy eerste sitting in Pretoria gehou en daarmee gestalte gegee aan 'n strewe en ideaal van eenheid vir die NG Kerk. Grobler (1983:454-455) sê in sy evaluering van die Raad van Kerke "dat hier duidelik onderskei sal word tussen die doel waarmee die Raad van Kerke in die lewe geroep is en die taak wat aan hom opgedra is... 'n Beoordeling van die

geslaagdheid van die Raad van die Kerke moet dus deeglik rekening hou met die feit dat die herstel van die sinodale verband die ideaal bly, maar dat die behartiging van die algemene belange die taak van die Raad van die Kerke was. So gesien, was die prestasies van die Raad van die Kerke geensins gering nie." Hiermee kan heelhartig saamgestem word. Ook met die woorde: "Die geskiedenis van die Raad van Kerke is tegelyk die geskiedenis van die Ned Geref Kerk gedurende die eerste 60 jaar van hierdie eeu. Die Raad van Kerke kan met reg beskryf word as 'n algemene sinode wat sonder wetgewende bevoegdheid tog handelend opgetree het" ( Grobler 1983:602).

As voorbeeld van die erns waarmee die Raad van Kerke sy taak aangepak het is die Ekumeniese konferensie oor die rasseprobleem in 1923 te Johannesburg gehou. Die konferensie is uit alle Protestantse Kerke in Suid-Afrika saamgeroep. Saam met die NG Kerke het ook die Metodiste, Anglikane, Presbiteriane en verskillende Sendinggenootskappe die konferensie bygewoon. 31 Swart afgevaardigdes waaronder Prof Jabavu en Ds Mahabone, die latere president van die ANC, asook 32 blankes het saam gesit om gesprek rondom die rasseprobleem te voer. "Heelwat suspisie, wantroue en misverstande tussen blank en swart is uit die weg geruim" (Crafford & Gous 1993:316).

Die ideaal van 'n Internasionale Gereformeerde Sinode is vroeg reeds deur die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika geopper. Die gedagte het verder stuwing verkry met die besoek van prof HH Kuyper van die Gereformeerde Kerke in

Nederland aan Suid-Afrika in 1924. In 1946 is die Gereformeerde Ekumeniese Sinode gestig. Prof S du Toit, van die Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika, het die Raad van Kerke in 1947 ingelig oor die Gereformeerde Ekumeniese Sinode. Die Raad het besluit om die uitnodiging na die volgende Ekumeniese Sinode in 1949 in Amsterdam, aan te neem. Al vier die NG Kerke het lidmaatskap van die Gereformeerde Ekumeniese Sinode verkry (Spoelstra 1981:35; Van der Watt 1987:130-133; Crafford & Gous 1993:329). Hier het die raad ook 'n besondere rol gespeel om internasionale ekumene te bevorder.

Die Raad van Kerke se Naturellesake-kommissie het verskeie konferensies gereël en in 1935 die nuwe sendingbeleid van die NG Kerk voorgestel. Die Raad van Kerke het veral as studieliggaam deur middel van sy kommissies belangrike verslae en aanbevelings aan die onderskeie Sinodes voorgelê. Die wedersydse afhanklikheid en die stewige onderlinge bande is versterk. Die werk van die Raad van Kerke was van onskatbare waarde en het 'n unieke rol in die geskiedenis van die NG Kerk en sy strewe na eenheid gespeel. Die Raad van Kerke het uiteindelik in 1962 ontbind om plek vir die Algemene Sinode van die NG Kerk te maak. Met die ontbinding van die Raad is daar met groot waardering gepraat van sy werk en die gevolge daarvan vir die Kerk in sy geheel (Acta Synodi, Algemene Sinode 1962:235).

### 4.1.3 Poging tot kerkverening misluk

Die Raad van Kerke het in federale verband "nie die ideaal van hereniging in sinodale verband gesmoor nie" (Van der Watt 1973:149). Die teenoorgestelde is egter waar, naamlik dat die Raad by bykans elke vergadering sterk klem gelê het "om die Ned. Geref. Kerk wat in federale verband gestaan het onder een Sinode te verenig" (Acta Synodi, Algemene Sinode 1962:235). Hierdie ideaal vir eenheid in die NG Kerk het reeds vanaf 1862 bly voortleef, nadat die Algemene Sinodale kerkverband deur 'n uitspraak van die Hooggeregshof verbreek is. Die uitspraak het die Kaapse Kerk verbied om buite sy grense uit te brei.

Die Kaapse Kerk was steeds deur Ordonnansie No 7 van 1843 gebind, aangesien dit nie voorsiening gemaak het vir die betrokke kerk om in 'n Algemene Sinode te verenig sonder die medewerking van die wetgewer nie. Na 'n ondersoek deur die Raad van Kerke rondom die moontlikheid van organisatoriese kerkhereniging is die verenigingsakte van 1911 opgestel. Die parlementêre goedkeuring van die verenigingsakte het nie beteken dat daar voortgegaan kon word met die vereniging nie, aangesien die vereniging slegs met dubbele goedkeuring van die Kerk self kon plaasvind. Hierdie goedkeuring moes eers deur die kerkrade en dan deur die Sinodes plaasvind (Van der Watt 1987:10-11).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die Raad van Kerke het 'n brosjure met die titel: "De Nederduitsche Gereformeerde Kerken Vereenigingsacte, 1911 op last van den Raad der Nederd. Geref. Kerken ter voorlichting van de betrokkene kerkeraden en leden uitgegeven, historisch toegelicht en uiteengezet" die lig laat sien (Die Kerkbode 9 en 16 Maart 1911).

Dr du Plessis het so sterk gevoel oor die kerkvereniging dat hy hom in verskeie artikels van Die Kerkbode (Februarie en Maart 1912) ten gunste van die saak uitgespreek het. Hy spreek die hoop uit dat kerkrade eenstemmig sal wees in hul aanvaarding van die kerkvereniging. Verder wys hy in die artikels daarop dat in geval die vereiste stemhoeveelheid bereik sou word, gemeentes wat teen kerkvereniging gestem het nog steeds verplig sou wees om tot die Verenigde Kerk toe te tree of sal moet afstand doen van al hul eiendom. Tog sê hy dat dit nie 'n bedekte dreigement is nie (Die Kerkbode 7 Maart 1912:189).

Die saak is met groot erns oorweeg en die besprekings en besluite is nie ligtelik geneem nie. "Tussen Februarie en April 1912 kry die kerkrade van die Nederduitse Gereformeerde Kerk die geleentheid om hulle uit te spreek oor kerkvereniging en daarmee die saak te beslis" (Grobler 1983:61). In die plaaslike gemeente is die menings van die lidmate as belangrik geag en dit het 'n rol in die besluite van die kerkrade gespeel. In sommige gevalle is eers 'n gemeentevergadering gehou voordat die kerkraad tot 'n beslissing gekom het. Die vereiste meerderheid vir goedkeuring was drie-vierdes en in nie een van die

gefedereerde Kerke is die meerderheid verkry nie. Daarmee was die saak voorlopig van die baan (Kleynhans 1973:333).

Redes vir die mislukking van die kerkverenigingsproses in die begin van die twintigste eeu kan soos volg gestel word:

- Sommige het gevoel dat hierdie proses net eenvoudig te veel persoonsgedrewe was. Dr du Plessis, di Schoon en Louw het onderskeidelik positief en negatief op die verloop ingewerk.
- Die kwessie rondom die kleurlinglidmate veral uit die Kaapse Kerk is as rede aangevoer in die Transvaalse Kerk (Acta Synodi, Transvaal 1912:15-34). Die vrees het bestaan dat die kerke wetlik verplig sou wees om lidmaatskap aan Kleurlinge toe te ken wat daartoe aansoek doen by verandering van adres (Die Kerkbode 14 Maart 1912:218).
- Onsekerheid het bestaan oor die rol wat eiendomsregte in die proses sal speel. Na aanleiding van die kortstondige kerkvereniging in Transvaal het die vrees ontstaan dat 'n soortgelyke situasie homself sal voordoen.
- Die haas waarmee die proses deurgevoer is, het tot gevolg gehad dat die Vrystaatse en Transvaalse Sinodes nie die geleentheid gehad het om hul uit te spreek oor die wysigings wat aangebring is aan die Raad van Kerke se voorstelle nie.
- Invloedryke persone binne die kerk (bv Schoon) het hul duidelik teen die kerkverenigingsproses uitgespreek (Ferreira 1999:23-24).

Dit was 'n groot teleurstelling vir voorstanders van die kerkvereniging, met name di Louw en du Plessis. Nadat die Transvaalse Sinode verneem het dat sy kerkrade besluit het om nie met die kerkverenigingsproses voort te gaan nie, het AJ Louw (Aktuarius) die Sinode toegespreek en sy misnoeë rakende die besluit so verwoord: "De geest van verdeeldheid, individualisme en provincialisme, die men wilde uitroeien, heeft nu getriomfeerd, en dat is vernederend" (Acta Synodi, Transvaal 1912:15).

Du Plessis (Die Kerkbode 2 Mei 1912:350) druk sy misnoë redelik sterk uit en plaas die blaam op die skouers van die kerkrade in sy artikel: "De Kerkvereeniging Mislukt". "Het verwerpen van Kerkvereeniging is derhalve daaraan te wijten, dat de beslissing afhanklijk werd gemaakt van lichamen die er niet over oordelen konden." asook "Wij kunnen dit... alleen verklaren door te zeggen dat er bij de Kerkraden geen perspectief, geen rechte zin van proportie is. Zij zijn niet in staat om te oordeelen wat van minder, en wat van meer belang is."

Die droom vir eenheid in die NG Kerk sou voortleef in die harte van baie, maar dit sou nagenoeg 50 jaar neem voordat die ideaal 'n werklikheid sou word.

### 4.1.3 Herstelde kerkverband vir die NG Kerk word 'n werklikheid

"Die Kaapse sinode, onder die diepe besef dat die herstel van die algemene sinodale verband noodsaaklik is as die logiese stap om die kerkregtelike ontwikkeling van die Ned. Geref. Kerk op hierdie gebied moontlik te maak, besluit dan ook in 1953 reeds om in die rigting van die herroeping van die ordonnansie te werk" (Van der Watt 1987:11). 'n Beskrywingspunt van die leraar van Riversdal, ds Lange, het die saak aangeroer by die sinodesitting van 1953. Die beskrywingspunt het soos volg gelui: "Die Sinode besluit om by die Parlement aansoek te doen om die Ordonnansie te herroep" (Acta Synodi, Kaapse Sinode 1953:409). Die opdrag is aan die Permanente Regskommissie gegee om op die saak in te gaan, regsadvies in te win en by die volgende vergadering van die Sinode verslag te doen.

Tydens die sinodesitting van die Kaapse Kerk in 1957 het die belangrike saak weer aan die orde gekom en die Sinode het besluit om die Moderatuur opdrag te gee om tydens die reses met die owerheidsinstansies te onderhandel ten einde Ordonnansie No 7 van 1843, en latere wetgewing wat dit wysig, te herroep (Acta Synodi, Kaapse Kerk 1957:535). Op 27 Maart 1961 het die Goewerneur-generaal sy goedkeuring geheg aan Wet No 22 van 1961. Die weg was nou gebaan vir die Kaapse Kerk om in 'n sinodale verband met die ander NG Kerk sinodes te tree.

In 1957 besluit die Raad van Kerke om die sinodes te vra om hul uit te spreek ten gunste van die ideaal van eenwording. Verder is aan die Kommissie van Actuarii opgedra om "by die volgende vergadering van die Raad 'n konsep Kerkorde voor te lê wat

- kan dien as basis van vereniging en
- Waaruit dit duidelik sal blyk wat die verhouding tussen die verskillende Sinodes, Provinsiaal en Nasionaal, sal wees en wat die magte en bevoegdhede van die verskillende Sinodes sal wees" (Handelinge, Raad van die Kerke 1957:27-29; 87).

'n Konsep Kerkorde is in 1959 voorgelê en dit is met enkele wysigings eenparig goegekeur. Die Raad besluit ook om die Kerkorde, soos dit deur die Raad goedgekeur is, na die verskillende Sinodes deur te stuur vir behandeling en voorstelle vir wysigings indien nodig. Sodanige wysigings sou dan aan die afgevaardigdes na die Algemene Sinode voorgelê word. Hierdie afgevaardiges sou eers vergader as 'n kerklike konvensie om die kerkorde finaal goed te keur. Nadat die finale basis van ooreenkoms vasgestel is, sou die Algemene Sinode konstitueer (Handelinge, Raad van Kerke 1959:50-63, 120-124).

Die verskillende sinodes het hulle ten gunste van die herstel van die kerkverband uitgepreek (Acta Synodi, Kaapse Kerk 1961:39, 232; Acta Synodi, NG Kerk in die OVS 1960:204-205; Acta Synodi, NG Kerk van Transvaal 1961:471-472; Acta Synodi, Algemene Sinode 1962:232).

Van belang is egter die besluit van die Sinode van die NG Kerk van Transvaal, wat verdeel was in die Suidstreeksinode, Noordstreeksinode en Midde-Afrikaanse Streeksinode, om tot die kerkvereniging toe te tree. Hierdie Sinode het die volgende voorwaarde by sy besluit gevoeg: "dat indien die vereniging in kerkverband ooit om enige rede ontbind mag word, behou die Ned. Geref. Kerk van Transvaal die reg voor om onder die bepaling van Art. 37 van die Kerkorde as draer van sy regte en verpligtinge te funksioneer deur opnuut in sy eie Algemene Sinode saam te kom" (Acta Synodi, NG Kerk van Transvaal 1961:471).

Die moderatuur van die Raad van Kerke, in samewerking met al die ander sinodes se moderature, het leiding geneem in die byeenroeping van die eerste vergadering ter voorbereiding van die agenda. Op 4 Mei 1962 het die komitee in Pretoria byeengekom. Die konvensie, wat die Sinode sou voorafgaan, het op 11Oktober 1962 in Kaapstad vergader. Die volgende vyf NG Kerk sinodes was by die vergadering verteenwoordig: NG Kerk in Suid-Afrika (Kaap), NG Kerk van Natal, NG Kerk in die OVS, NG Kerk van Transvaal (Noord-, Suid- en Midde-Afrika streke) en NG Kerk in SWA. Nadat die konvensie die kerkorde puntsgewys behandel het en ook aanvaar het, is besluit dat die naam van die kerk voortaan "Die Nederduitse Gereformeerde Kerk" sal wees (Van der Watt 1987:15).

'n Groot oomblik in die kerkregtelike ontwikkeling van die NG Kerk breek aan toe die konvensie op 12 Oktober 1962 eenparig besluit: "Op grond van die

goedgekeurde Kerkorde deur die verteenwoordigers van die vyf Ned. Geref. Sinodes... Besluit die konvensie nou tot herstel van die organisatoriese kerkverband deur die stigting van die Algemene Sinode van Die Nederduitse Gereformeerde Kerk. Vervolgens besluit die Konvensie dat die Federale Raad van Kerke ontbind sal word" (Acta Synodi, Algemene Sinode 1962:24). Op 14 Oktober 1962 in die Groote Kerk in Kaapstad is die Algemene Sinode van die NG Kerk geopen.

Die ideaal van 'n herstelde kerkverband is verwesenlik. Ongelukkig was hierdie herstelde kerkverband net vir die blanke NG Kerk. Die ander NG Kerke (op grond van kleur) was buite hierdie kerkverband. Die opkoms van die Afrikaner Nasionalisme en die gepaardgaande politieke strewe vir die totstandkoming van 'n republiek vir Suid-Afrika, het gewis hierin 'n woord meegespreek. Op 31 Mei 1961 het Suid-Afrika 'n Republiek geword.

Die sosio-politieke situasie in die land soos byvoorbeeld die Sharpville onluste (Maart 1960) en die daaropvolgende noodtoestand het die dekor gevorm waarteen die spanning opgelaai het tussen die blankes en die anderskleuriges. Die kerkeberaad gedurende Desember 1960 te Cottesloe het as waterskeiding in die geskiedenis van die NG Kerk gestaan en die NG Kerk het homself bevind op 'n eensame pad van isolasie. In hierdie tydperk het daar 'n breuk gekom in die familieverhoudinge van die NG Kerk. Tussen die NG Sendingkerk, NG Kerk in

Afrika en die NG Kerk het verwydering ingetree en daarom is dit duidelik dat eenwording slegs gemik was op die blanke NG Kerk.

Die leuse op die kerkseël van die NG Kerk wil graag die eenheid van die kerk bevestig naamlik: "Een Liggaam en Een Gees". Gous (1993:345) merk hierby tereg op dat "as gevolg van apartheid en die gepaardgaande isolasie is die leuse in hierdie tydperk nie altyd waar gemaak in die NG Kerk se verhouding met ander kerke, denominasies en ekumeniese liggame nie."

### 4.1.5 Die Federale Raad van NG Kerke

"As vrug op die sendingarbeid van die Ned Geref Kerk tussen die jare 1881-1985 is byvoorbeeld nie minder nie as vyftien kerke sowel in die binneland as in talle Afrikalande – selfs sover as Portugal – gestig" ( Hofmeyr 1996:332). Die NG Kerk het in sy sendingwerk die uitgangspunt gehuldig dat afsonderlike bearbeiding van mense uit verskillende bevolkingsgroepe gehandhaaf moet word. Daarom was daar geen twyfel dat 'n selfstandige inheemse kerk ook in 'n veelvolkige situasie binne dieselfde geografiese gebied aanvaarbaar was nie.

Die verhouding tussen die NG Kerk en die Jongerkerke, vanuit die gesigspunt van die NG Kerk, het erken dat volle selfstandigheid en volwaardigheid van die Jongerkerke erken moes word. In 1966 het die NG Kerk die Sendingreglement goedgekeur waarin die onderlinge verhouding met die Jongerkerke duidelik

geblyk het. Hierin is die heerskappy van een kerk oor 'n ander afgewys en het die NG Kerk erken en aanvaar dat daar 'n wesenlike eenheid bestaan tussen die Moederkerk en die Dogterkerke. Die prinsipiële uitgangspunt van enersyds afsonderlike kerke vir diverse bevolkingsgroepe en andersyds 'n wesenlike eenheid is aanvaar (Van der Watt 1987:21-22).

In die veertiger- en vyftigerjare het baie in die NG Kerk 'n diepgevoelde behoefte aan nouer skakeling binne die NG Kerkfamilie ervaar. Daar was ook 'n begeerte om met ander gereformeerde kerke te skakel. Hierdie ideaal is op 17 November 1960 verwesenlik toe verteenwoordigers van die verskillende NG Kerke in Bloemfontein byeen gekom het. Die *Raad van Kerke van Gereformeerde Belydenis in Suidelike Afrika* is gestig. Die funksie van hierdie liggaam was om as forum te dien om openhartige samespreking tussen die Moederkerk en die Dogterkerke te stimuleer. Metertyd het dit egter geblyk dat ander Suid-Afrikaanse kerke nie belangstelling getoon het om tot die raad toe te tree nie. Die Raad besluit gevolglik in 1964 dat dit voortaan net 'n Raad van Moeder-en Dogterkerke sou wees en die naam word verander na "Die Federale Raad van Nederduitse Gereformeerde Kerke" (Van der Watt 1987:23).

Die besluite van die Raad was bloot adviserend ten opsigte van die lidkerke. Die Federale Raad moes onderskei word van ander ekumeniese liggame in die opsig dat dit nie oor die grense van gevestigde erkende kerke heen geskakel het nie, maar net 'n onderlinge reëling binne dieselfde kerk was (Van der Merwe

1985:97; Crafford & Gous 1993:375). "Die naaste doel was dus van die begin af om die familie van die N.G. Kerke sinvol byeen te hou" ( Rossouw 1987:50).

"Delegates from all Churches born out of the D.R.C.M. attend the meetings of the Federal Council together with the D.R.C. every four years in Pretoria. The last meeting of the Council in March 1982 decided that in future the Council should meet every two years" (Cronjé 1982:218). Die Raad het veral aandag gegee aan sake rakende nouer eenheid tussen die lede van die Raad. In 1990 het die NG Sendingkerk van die Raad onttrek. In 1991 vergader dertien kerke van die NG Kerkfamilie net buite Pretoria en by die geleentheid is nog 'n verdere twee NG Kerke tot die raad toegelaat naamlik: Die Swaziland Reformed Church en die Reformed Church in East Africa (Crafford & Gous 1993:391).

Die kwessie van apartheid is weer onder die loep geneem en by hierdie geleentheid is die belydenis van die NG Kerk oor apartheid, soos verwoord in die besluite van die Algemene Sinode van 1990, eenparig aanvaar (Die Kerkbode 30 Augustus 1991:4).

## 4.2 Wêreldwye ekumeniese oplewing bring hoop vir eenheid

Die Twintigste eeu het twee wêreldoorloë beleef en dit het die christendom ontnugter gelaat. Die eerste Wêreldsending-konferensie in 1910 te Edinburgh, Skotland, was die eerste tree in die rigting van verenigde sendingwerk.

Ongelukkig het die Eerste Wêreldoorlog (1914-1917) uitgebreek en hierdie gebeure van onmenslikheid het die wêreld se vertroue in homself vernietig. "Die oorlog het die optimistiese mensgesentreerde siening van die geloof totaal ontnugter" (Brown 1999:1). In 1939 breek die Tweede Wêreldoorlog uit. 'n Totalitêre staat het besliste gevaar vir die kerk ingehou en dit het meegebring dat die Duitse kerke in sinodes bymekaar gekom het. In 1945 het die oorlog tot 'n einde gekom. "Die Tweede Wêreldoorlog ontnugter egter die kerk en dien as vermaning teen die impotensie van verdeeldheid" (Hofmeyr 1996:332). Kerkeenheid as ekumeniese ideaal het die groot strewe geword en meer stemme het opgegaan vir organisatoriese samewerking en samesnoering. Hoop het op die horison verskyn en dit het vir die wêreld 'n nuwe visie op kerklike eenheid geskep.

### 4.2.1 Die Internasionale Sendingraad as strewe tot missionêre eenheid

Die negentiende eeu word tereg die eeu van sending genoem. Regoor die wêreld het sendinggenootskappe gegroei, sommige sendinggenootskappe het los van die geïnstitusionaliseerde kerke geopereer terwyl ander met sterk konfessionele bande gewerk het. Die eie styl van die sendinggenootskappe het baie keer teenoor dié van die gevestigde kerke gestaan. Dit het somtyds tot polarisasie gelei. Sendingbelanghebbendes het gou besef hoe noodsaaklik interkonfessionele en internasionale samewerking is. Etlike verreikende sendingkonferensies is gehou ( Rossouw 1987:31).

Die groot sendingkonferensie word in 1910 in Edinburgh, Skotland gehou. Die Algemene Sendingkommissie van die Kaapse NG Kerk het 'n uitnodiging ontvang om die konferensie by te woon. Prof JI Marais en drie lede van die Kaapse kerk het die geleentheid bygewoon. Die Edinburgse konferensie was 'n waterskeiding en het die nuwe era van die ekumene ingelei. Effektiewe samewerking op die sendingveld is bespreek. Dit het die belofte ingehou dat in die toekoms meer indringend gekyk sou word na die konfessionele verskille wat die strewe na eenheid sou belemmer. Marais was beïndruk met die konferensie (Durand 1961:175-177; Kotzé 1978:453-455). "Prof Marais se benoeming as lid vir Afrika in die Voortsettingskomitee van die vergadering was beide 'n kulminasiepunt van die NG Kerk se deurlopende ekumeniese strewe tot op daardie stadium en ook die beginpunt van verdere betrokkenheid by die hoofstroom van wêreldwye ekumeniese verwikkelinge" (Crafford & Gous 1993:328).

Die werk van die voortsettingskomitee van Edinburg het in 1921 uitgeloop op die stigting van die Internasionale Sendingraad te Lake Mohonk. Verskeie konferensies het gevolg naamlik: Jerusalem (1928); Tambaram (1938); Whitby (1947); Willingen (1952) en Ghana (1958). "Juis dié samesmelting het groot betekenis: dit word gesien as die organisatoriese konsekwensie van die ontwikkelingsgang wat sending, kerk en ekumene deurgegaan het die vorige vyftig jaar" ( Van der Watt 1984:14). Na Ghana het die Wêreldraad van Kerke en die Internasionale Sendingraad verenig. Prof BJ Marais het die

Wêreldsendingkonferensie te Tambaram (1938) namens die Transvaalse NG Kerk bygewoon (Meiring 1979:81-82).

Somtyds is daar ligvoets oor geloof en belydenis gestap terwille van praktiese samewerking.'n Intense verlange na eenheid was te bespeur, nie bloot vanweë missionêre dringendheid nie, maar om prinsipiële redes. Die Internasionale Sendingraad is gekonstitueer deur verteenwoordigende sendingrade uit verskillende streke. Dit het 'n wêreldwye ekumene aan die gang gesit. Ongelukkig was die verskillende kerke nog nie in 'n ekumeniese liggaam verenig soos die sendingrade nie.

### 4.2.2 Wêreldraad van Kerke: Kerkeenheid as ekumeniese ideaal

"Na die trauma van die eerste Wêreldoorlog het die mensdom inderdaad by die ruïnes van sovele ideale gestaan" (Rossouw 1987:31). Dit het aanleiding gegee tot 'n soeke na 'n forum vir bespreking van wesenlike sake wat die kerke raak. Parallel met die Internasionale Sendingraad het twee ander ontwikkelingslyne in die geskiedenis van wêreldekumene op die voorgrond getree, naamlik "Life and Work" en "Faith and order". Die vrae rondom sosiale en politieke betrokkenheid van veral die ouer gevestigde kerke het gelei tot die konferensie ("Life and Work") te Stockholm in 1925. Die belydenis en dogmatiese vrae kom aan die orde by die konferensie ("Faith and Order") te Lausanne in 1927. "Die Ned.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Geref. Kerke by name die Kaapse sinode was dikwels verteenwoordig op byeenkomste van hierdie bewegings" (Van der Watt 1987:123).

In 1939 woon twee studente, Louw en Joubert, namens die Kaapse Sinode 'n Wêreldjeug-konferensie in Amsterdam by. Hulle word daar vir die eerste keer gekonfronteer met 'n stem van protes oor segregasie in die kerke in Suid-Afrika. Hierdie kritiek het veral gekom van swart afgevaardigdes vanuit Suid-Afrika (Van der Watt 1987:119-120).

Nog konferensies in die betrokke twee ontwikkelingslyne het in 1937 plaasgevind in onderskeidelik Oxford en Edinburg. Deur die verskeie konferensies en organisasies is momentum opgebou en het die behoefte gegroei aan 'n wêreldwye ekumeniese organisasie wat die Christendom se eenheid kon demonstreer. In 1938 is reeds besluit om die Wêreldraad van Kerke te stig. Bogenoemde twee ontwikkelingslyne sou uiteindelik in dié organisasie saamvloei. Nog 'n Wêreldoorlog het dié ideaal tydelik op die agtergrond geskuif.

Die stigting van die Wêreldraad van Kerke het formeel op 23 Augustus 1948 in die Nieuwe Kerk in Amsterdam plaasgevind. 'n Totaal van 351 afgevaardigdes uit 44 lande het 147 kerke verteenwoordig. Van die oudste kerke soos die Ethiopiese Kerk, tot die jongste soos die Korea Presbiteriaanse Kerk was verteenwoordig. Die doel van die Wêreldraad van Kerke was om uitdrukking te

gee aan die eenheid van kerke in Christus en het 'n gespreksgemeenskap daargestel (Van der Watt 1987:122-124; Rossouw 1987:32-33; Crafford & Gous 1993:328-329).

Die werksaamhede van hierdie organisasie het gestrek oor 'n wye spektrum, wat georganiseer is in verskillende afdelings naamlik: Studie en Navorsing, Ekumeniese Aksie, Interkerklike Hulp en Diens aan Vlugtelinge (Van der Watt 1984:15-16).

Die Raad van Kerke het besluit om 'n afvaardiging na die stigtingsvergadering van die Wêreldraad van Kerke te stuur. In 1948 het die Transvaalse Sinode lid geword en is verteenwoordig deur Dr Gerdener, wat ook as waarnemer vir die Kaapse Sinode opgetree het. In 1954 is die lidmaatskapaansoek van die Kaapse Sinode goedgekeur.

Die rassesituasie in Suid-Afrika en in ander dele van die wêreld het die Wêreldraad van Kerke oortuig om een van sy subtemas tydens die Algemene Vergadering in Evanston (1954) te wy aan "The Church amid racial and ethnic tensions." Van die begin af was dit opmerklik dat te midde van alle onderwerpe wat deur die vergaderings bespreek is, die rassevraagstuk steeds prominente aandag in die besprekings en besluite geniet het. "Die Suid-Afrikaanse politieke situasie en die Ned. Geref. Kerk se standpunt in hierdie verband is telkens skerp veroordeel" (Van der Watt 1987:124).

Die Vrystaatse en Natalse Sinodes was nie lede van hierdie organisasie nie. By baie van die lidmate en ampsdraers in die NG Kerk was daar skerp teenstand teen die aansluiting by die Wêreldraad van Kerke. Besware het bestaan dat die basisformule van die organisasie te breed was, dat dit mag ontaard in 'n superkerk. Afkeur vir sy simpatie met die Roomse Kerk en die Kommunisme en verontwaardiging oor die besluite van die vergaderings het ook telkens as kritiek gedien.

Later spreek Rosslee (1975:68-69) ook kritiek uit oor die grondmotief van die Wêreldraad van Kerke: "Die modernistiese teoloë van ons tyd staan in mindere of meerdere mate ook sterk onder invloed van die eksistensialisme... Die invloed van die humanistiese eksistensialisme blyk veral uit die verslae, besluite en optredes van die Wêreldraad van Kerke." Die klem het vanaf evangelisering van die nie-Christelike weste na sosiale en politieke betrokkenheid in die wêreld verskuif. Sterk klem op die nood van die wêreld het gelei tot ondersteuning van geweld en revolusie as middel om sosiale geregtigheid in die wêreld te bereik. Die organisasie se steun aan die bevrydingsbewegings in Suidelike Afrika, is deur baie in Suid-Afrika gesien as steun aan die terroristiese bedrywighede.

As gevolg van die gebeure in 1960 by die Cottesloe-kerkeberaad en die groeiende wantroue in die ekumene het die Transvaalse en die Kaapse Sinodes in 1961 nie afgevaardigdes na die vergadering in Nieu-Deli gestuur nie. Tydens hierdie vergadering het die Wêreldraad van Kerke en die Internasionale

Sendingraad verenig. Die Algemene Sinode van die NG Kerk in 1962 het geen besluit geneem ten opsigte van lidmaatskap van die Wêreldraad van Kerke nie. "Deur geen besluit te neem nie, het die "herenigde" NG Kerk hom dus doelbewus van 'n hernude lidmaatskapaansoek weerhou...Die NG Kerk...het homself hierdeur deelname aan die mees verteenwoordigende interdenominasionele ekumeniese liggaam in die Protestantse (en Ortodokse) kerkwêreld ontsê" (Crafford & Gous 1993:347).

Die NG Kerk sou homself geleidelik in 'n posisie van isolasie verskuif van sy ekumeniese verhoudinge, as gevolg van die apartheidskwessie en die aversie en selfs vyandigheid teenoor die Wêreldraad van Kerke. Hierdie gesindheid sou veral blyk uit beskrywings soos "...die Wêreldraad van Kerke en ander vyandige liggame..." ( Acta Synodi, Algemene Sinode 1974:38-40).

## 4.3 Evaluering

4.3.1 Daadwerklike soeke na kontak en selfs kerkvereniging is kenmerkend van hierdie periode. Die tendens in hierdie tyd is 'n herlewing van die soeke na eenheid.

4.3.2 Die herstelde kerkverband vir die NG Kerk is tekenend van die toenadering en kontak wat die benadering van die kerk verteenwoordig. Die NG Kerk het nou eenheid prakties weer beleef, tog was hierdie

eenheid slegs vir die blanke kerk en het die ander kerke in die NG Kerkfamilie nie gedeel in hierdie eenheid nie.

4.3.3 Die Federale Raad van NG Kerke het egter wel 'n vorm van eenheid verteenwoordig en het die potensiaal gehad om die NG Kerkfamilie te lei op sy pad na eenheid.

4.3.4 Wêreldwye ekumeniese oplewing het nuwe moontlikhede oopgesluit vir kerklike eenheid.

# HOOFSTUK 5

# APARTHEID VERHARD DIE VERSKEURDHEID

## 5.1 Die NG Kerk op weg met Apartheid

Die Kerk, by name die NG Kerk, was in 'n besondere sin by apartheid betrokke. Dit is noodsaaklik om te kyk na die pad wat oor jare heen geloop is, die invloed op die gemeenskap en die resultate daarvan in die kerk self. Gaum (1997:1) verwys na die NG Kerk se "reis met apartheid" en na "die kronkelloop van die reis in die veelbesproke jare agter ons."

### 5.1.1 Die pad na kerklike isolasie word voorberei

Hoewel die eerste aantal dekades van die twintigste eeu gekenmerk is deur 'n oplewing op die ekumeniese terrein en die gepaardgaande soeke na kontak, het die opkoms van die apartheidsgedagte toenemend sy invloed hierop begin uitoefen. In die geskiedenis moes die NG Kerk periodiek groot interne politieke verskille onder sy lidmate hanteer. Gedurende die oorlogsjare moes die kerk innerlike verdraagsaamheid leer, maar het daarin geslaag om onder groot spanning die eenheid te bewaar.

Gedurende 1928 en 1932 het die NG Kerk met die Du Plessis-saak geworstel. Prof J du Plessis se hantering van die Hoër Kritiek en sy siening oor die inspirasie van die Bybel laat hom met die NG Kerk bots. Hy verloor sy leerstoel aan die Universiteit van Stellenbosch. "Die direkte gevolg van die Du Plessis-saak was dat die hermeneutiese vrae nie voldoende in die NG Kerk gevra is nie. 'n Gebrekkige hermeneutiese bewussyn het 'n gebrekkige ekumeniese bewussyn by baie predikante en lidmate tot gevolg gehad. 'n Onvoldoende ekumeniese bewussyn is op sy beurt weer 'n voorstaduim vir 'n neiging tot selfopgelegte isolasie" (Crafford & Gous 1993:330). Die NG Kerk sou die toedrag van sake toenemend ervaar in die daaropvolgende jare.

Gedurende die jare van die Tweede Wêreldoorlog het dit gelyk asof die NG Kerk 'n politieke skeuring kon beleef. Daar was faksievorming en dit het tot spanning in die NG Kerk gelei. Daar was anti-oorlogsgesindes wat nie aan die oorlog wou deelneem nie en dan was daar die groepering wat bereid was om met Brittanje as bondgenoot tot die oorlog toe te tree. Die verskillende standpunte het spanning gebring, maar dit het nie tot 'n skeuring gelei nie. In die tydperk breek Dr DJ de Vos van die NG Kerk weg en stig die Nuwe Protestandse Kerk (tans bekend as die Evangelies-Gereformeerde Kerk). Verskillende oorsake vir die stap is gegee naamlik: die persoon van De Vos, botsings met sy medeleraar, beweerde gebreke en foute van die NG Kerk en die geestelike klimaat wat geskep is deur die Afrikaanse Evangeliese Bond (Grobler 1987:10 ).

Sedert 1931 het die Vrystaatse en Kaapse Sinodes onderskeidelik elk 'n sendingbeleid geformuleer. Ter wille van eenvormigheid het die Raad van Kerke in 1935 'n beleid geformuleer wat deur die sinodes aanvaar is (Loubser 1987:30; Kinghorn 1986:87). Afkeer aan rassevermenging, afsonderlike kerke wat selfonderhoudend is, skole vir afsonderlike rassegroepe asook die ontwikkeling van die swartmense tot hulle volle potensiaal in hul eie kultuur en volksverband is as beginsels onderstreep (Bordchardt 1986:83-84).

Loubser (1987:13) verwys na die Sendingbeleid van 1935 dat dit "embodied an ambiguity which was to characterise almost all later resolutions on the colour issue." Aan die een kant was dit 'n uitdaging tot sendingwerk om die Koninkryk van God uit te brei en aan die ander kant 'n dringendheid om kerklike apartheid te behou ten einde die selfbehoud van die Afrikaners te verseker (Botha 1984:264-265). "Die beginsel van afsonderlike ontwikkeling in eie volksverband staan dus sentraal. Die oortuiging het vas gestaan: rasseskeiding wat identiteit verseker, is Godgegewe en daarom is die sendingbeleid daarop gemik om identiteit te beskerm en binne eie groepsverband volledig te laat ontwikkel" (Van der Watt 1987:80).

"Die toegewing van 1857 het daartoe gelei dat kerklike apartheid vanaf 1881 in die praktyk bestaan het. Vanaf 1935 egter sou institusionele segregasie as beginsel aanvaar word... Na die sendingbeleid van 1935 het die NG Kerk selfs verder gegaan en die regering in 1937 gevra om 'n verbod op rasgemengde

huwelike in te stel en om ook deur wetgewing aparte woongebiede en skole te verseker" (Crafford & Gous 1993:319). Hierteenoor het daar ook 'n verandering in die jongkerke gekom in terme van die rol wat die nuwe geslag swart leraars in die kerk begin speel het. Die swart kerke het 'n belangrike faktor geword en het weg beweeg van 'n struktuur waar die blanke sendelinge beheer uitgeoefen het. "Sinodale vergaderings veral, maar ook ander vergaderings, word benut om uitsprake te maak oor sosio-politieke aangeleenthede... Die kerk het nou "die stem van die stemlose" geword. Die jong leraars geniet hierdie nuwe rol" (Kritzinger 1979:17).

Ongelukkig het faktore soos politieke voorkeure veroorsaak dat die eenheid verbreek is en het die onderlinge verhoudinge tussen die lede van die NG Kerkfamilie vertroebel. Dit het die pad vir die isolasie van die NG Kerk in die laaste dekades van die twintigste eeu voorberei. Die kerklike isolasie sou nie altyd op die kerk afgedwing word nie, maar was meermale 'n selfopgelegte isolasie.

### 5.1.2 Apartheid bring vertroebeling in verhoudings

Die politieke arena in Suid-Afrika het in die twintigste eeu woelinge beleef. Die begin van die twintigste eeu is gekenmerk deur die opkoms van die Afrikaner Nasionalisme. Segregasie is 'n beleid wat reeds sedert 1910 deur regerings in Suid-Afrika gevolg is. Die segregasiebeleid was daarop gemik om die natuurlike

skeiding tussen groepe te bestendig. Apartheid volgens Kinghorn (1986:1-5) het algaande gegroei as iets meer as segregasie. Dit het die skeidings absoluut afgedwing en in 'n toenemende dwang ingebou waarin individuele voorkeure nie toegelaat is nie.

Van Rooyen (1990:17) is egter van mening dat daar geen wesenlike onderskeid tussen segregasie en apartheid is nie. Toe die term "segregasie" aanstoot vir die gekleurde lidmate gegee het, is dit deur die sendelinge met "apartheid" vervang. In 1944 het die Nasionale Party amptelik besluit om die woord "apartheid" in plaas van "segregasie" te gebruik. In 1948 het die Nasionale Party in Suid-Afrika aan bewind gekom en apartheid het die amptelike regeringsbeleid geword. Van Rooyen (1990:4) wys tereg daarop dat, alhoewel die Suid-Afrikaanse rassebeleid nà 1948 wêreldwyd onder die Afrikaanse woord "apartheid" bekend geword het, was hierdie beleid nie so vreemd aan die wêreld nie, aangesien die Afrikaners dié beleid geërf het van die Engelse owerheid van Suid-Afrika sedert die 19de eeu.

Tussen 1948 en 1953 het die volgende reeds op die wetboeke verskyn: Die Bevolkingsregistrasiewet wat alle persone bo sestien geklassifiseer het as Blank, Kleurling, Bantoe of Asiaat; die Groepsgebiedewet wat die regering gemagtig het om sekere gebiede as woongebiede van bepaalde bevolkingsgroepe te reserveer; die verbod op Gemengde Huwelike en die wet op die onderdrukking

van Kommunisme waar kragtens die Kommunistiese Party van Suid-Afrika as onwettige organisasie verklaar is. Die ideologiese denkrigting van die dertigerjare is uiteindelik vanaf 1948 polities geïmplementeer (Viljoen 1984:202).

Hoewel 1948 aangedui word as die histories-politiese beginpunt van die amptelike apartheidspolitiek is dit duidelik dat die oorsprong van die beleid ver terug in die geskiedenis van Suid-Afrika geleë is. Na die volksplanting was daar 'n natuurlike gevoel van sosiale skeiding tussen blank en anderskleuriges. Verskille in kultuur, lewenshouding en beskawingspeil het gestalte gekry in spontane afsonderlikheid en is as lewenspatroon ervaar. Hierdie skeiding in die sosiaal-maatskaplike lewe sou ook na die kerk deurwerk.

Prof JA Heyns (1989:50) gee 'n sinvolle en bruikbare omskrywing van apartheid naamlik: "Apartheid is 'n wetlik-gereglementeerde politieke en maatskaplike model van denke en handelinge, wat deur 'n gedwonge skeiding van groepe mense, inderdaad die welsyn van al die betrokkenes beoog het, maar in die proses van die implementering daarvan, die aanvanklike oogmerke nie tot volle realisering kon bring nie; inteendeel, dit het nie alleen die een bevolkingsgroep ten koste van die ander bevoordeel nie, dog ook individue veronreg."

Talle faktore het tot die rassebewussyn in Suid-Afrika gelei. Soos reeds gemeld het die Afrikaner Nasionalisme 'n belangrike rol gespeel. Hierbenewens was

fisiologiese verskille tussen Blank en Nie-blank, verskillende beskawingspeile en vrees vir die getalle-oorwig van Swartes maar enkele van die faktore.

Cronjé (1947:113-114) dien as voorbeeld van die denke van sommige in dié tydperk wanneer hy die verskille tussen Blank en Anderskleuriges onder verskillende opskrifte bespreek en selfs so ver gaan as om verskille in maatskaplikestatus, sweetvermoë, asemhalingstelsel, velkleur en ontwikkelings-verskille uit te wys as redes waarom hy die gedagte van gelykheid vir almal verwerp. Onder die opskrif "Geestelike verskille" sê hy: "Dat die Naturel 'n ander soort geestelike gesteldheid as die van die witman het (d.w.s. dat die Naturel geestelik andersoortig as die blanke is), sal wel nie betwyfel kan word nie. Daarom sal hulle mekaar waarskynlik ook nooit volkome kan begryp en dus nie goed met mekaar oor die weg kan kom nie, sodat dit ook om dié rede beter sal wees om hulle van mekaar te skei" (Cronjé 1947:113-114). Later kom hy tot die slotsom dat "Dit is die taak van die blanke ras op hierdie vasteland om rasse-apartheid te verwesenlik" (Cronjé 1947:207). Hoewel die standpunt afgewys moet word, het dit wel stukrag verleen aan 'n rassebeleid wat Suid-Afrika vir baie jare sou kenmerk.

Die opkoms van swart nasionalisme en gepaardgaande verstedelikingproses, asook die groeiende ontevredenheid en onrus oor die swartman se status quo het momentum verleen aan die rassevraagstuk en rassespanning in Suid-Afrika.

Etniese en geografiese grense is oorgesteek en het verdere stukrag aan die opkomende swart nasionalisme gegee.

In 1912 verskyn die African Nastional Congress (ANC) op die toneel as 'n nuwe teenstander in die politiek. Hulle het onder andere die volgende beskouinge gehandhaaf:

- Ernstige kritiek is uitgespreek teen die heersende sosiaal-politieke bedeling in Suid-Afrika aan die hand van 'n sosialistiese maatskappy-analise.
- "Een mens een stem" en die gelykheid van alle mense het die ANC gestel teenoor die heersende opvatting waarvolgens mense op grond van hul velkleur geklassifiseer is en slegs blankes stemreg verkry het.
- Die ANC het homself gesien as die verteenwoordiger van die swart werkers.
- Dit is 'n multi-rassige organisasie wat 'n unitêre staatsbestel voorstaan.
- Hulle het herverdeling van rykdom bepleit teenoor die kapitalistiese stelsel (Joubert 1992:17).

Dié beskouings het spoedig byval gevind onder veral die swart bevolking en dit sou 'n bedreiging inhou vir die regerende party. Dit het tot gevolg gehad dat die organisasie vir 'n hele aantal jare verban is. Organisasies soos die Pan African Congress (PAC) en die Suid-Afrikaanse Kommunistiese Party (SAKP) is ook eenvoudig van die toneel verwyder. Die verbode organisasies het ondergronds voortgegaan om hul beskouinge te propageer. "Deur middel van guerilla-

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

bedrywighede in veral die stede, verpolitisering van die arbeidsmag, verskillende vorme van burgerlike verset en ongehoorsaamheid, halsnoermoorde en die gebruik van allerlei simbole (soos die swartmagteken), is sigbare gestalte aan hul opvattings gegee" (Joubert 1992:19).

Vanuit die kerklike geledere is godsdienstige regverdiging vir bogenoemde aksies en denke deur teoloë en ander kerklike groeperinge verskaf. Gewapende optredes is nie gesien as terroristiese dade nie, maar bloot as 'n noodsaaklike selfverdediging teenoor die geweld van die staat. Die Teologie van Revolusie en die Bevrydingsteologie het inslag by talle mense gevind.

Hierteenoor het die Apartheid en Afrikaner Nasionalisme gestaan. Spanning het opgebou en die verhouding tussen blank en anderskleuriges het vertroebel. Die implikasies van hierdie donker verhouding het legio gevolge op alle samelewingsterreine gehad. Alle vorme van konstruktiewe kommunikasie tussen hierdie groepe is onmoontlik gemaak. Wedersyds is ideologiese persepsies van mekaar opgebou en dit is voortdurend deur die verskillende leiersfigure van beide groeperinge versterk. Dit het wantroue, vrees, betwyfeling van mekaar se "bona fides" en 'n diepgewortelde agterdog jeens mekaar laat ontstaan. Kontak met mekaar, behalwe op die arbeidsterrein, is vermy. Enige ander kontak, soos byvoorbeeld gesprekvoering, is as niks minder as verraad gesien nie. Die prys van so 'n verhouding het oor die jare onnoembare hartseer en pyn tot gevolg

gehad, selfs lewensverlies van mense in die verdediging en uitbouing van hul onderskeie sienings (Joubert 1992:20-21).

### 5.1.3 Skriftuurlike regverdiging as antwoord deur die NG Kerk

Die NG Kerk het reeds gedurende die veertigerjare Bybelse fundering gesoek vir sy siening oor rasseverhoudings. Die hele proses van sosiale-maatskaplike skeiding wat reeds vanaf die volksplanting gegroei het, het ook na die kerk oorgespoel. Nadat dit vir ongeveer 200 jaar vanselfsprekend was om bekeerlinge uit die heidendom by die bestaande gemeentes van die NG Kerk te voeg, het die afsonderlike bearbeiding van anderskleuriges tot afsonderlike byeenkomste gelei. Die volgende stap was om afsonderlike gemeentes te stig wat uiteindelik sou uitloop op die stigting van afsonderlike kerke. "Die Ned. Geref. Kerk is met die hele proses ten nouste geassosieer" (Van der Watt 1987:84).

Standpunte wat destyds op Sinodale byeenkomste gehoor is, was dat rasse-apartheid in ooreenstemming is met die beginsels wat die Bybel neerlê. Die geskiedenis van die toring van Babel, die Pinkstergebeure, Hand 17:16 en verwysings na tekste rondom die sogenaamde "suiwerheid" van die volk Israel is as fundering gebruik. Meer en meer is vir 'n direkte Bybelse fundering van die rasse-apartheid gevra. Die NG Kerk sou hierop 'n antwoord moes gee en net die verloop van tyd sou die antwoord toets.

In 1947 stel prof Groenewald 'n verslag op, genaamd "Die apartheid van die Nasies en hul roeping teenoor mekaar", wat deur die Raad van Kerke aanvaar is. "Hierdie was die eerste omvattende poging om suiwer beginsels uit Gods Woord te probeer paar met die realiteit van 'n praktiese historiese situasie in Suid-Afrika" (Van der Watt 1987:88). Die verslag het 'n aantal sake sterk beklemtoon naamlik:

- Die eenheid van die menslike geslag word deur die Skrif geleer;
- God het deur 'n bewustelike daad die menslike geslag verdeel;
- Die Here wil dat aparte volke hulle apartheid moet bly handhaaf;
- Nasionaal, sosiaal en godsdienstig: apartheid strek oor die hele terrein van die volkslewe;
- "Gods seën rus op die eerbiediging van apartheid";
- in Christus kom 'n hoër geestelike eenheid tot stand;
- die sterkere het 'n roeping teenoor die swakkere (Van Rooyen 1990:54).

Volgens die verslag strek apartheid oor die hele gebied van die volkslewe naamlik nasionale-, sosiale- en godsdienstige apartheid. Die verslag is onderteken deur drie teologiese professore naamlik: proff Pellissier, Groenewald en Du Preez, asook twee bekende Transvaalse predikante, drr Badenhorst en De Villiers ( Acta Synodi, Transvaal 1948:279-384).

Die Natalse en Vrystaatse Sinodes het ook hierdie verslag goedgekeur, terwyl die Transvaalse Sinode aanvanklik nie die verslag wou aanvaar nie. Die

Skrifgronde wat in die verslag aangevoer is, is ernstig bevraagteken veral deur ds Marais, afgevaardigde predikant van Pretoria-Oos. "Uit respek vir die voorsitter van die Kommissie, prof Pellissier, het hy net voor die verslag van die Kommissie ter tafel gekom het, na Prof Pellissier gegaan, en hom meegedeel dat hy van plan was om die rapport se inhoud in die Sinode aan te val. Tot sy verbasing moes hy hoor dat die verslag nie deur die volle Kommissie in behandeling geneem was nie, maar as gevolg van die aansien van die opsteller in die agenda opgeneem is. Prof Pellissier self het ook nie alles in die verslag onderskryf nie" (Botha 1979:24).

Marais het nie apartheid as sodanig aangeval nie, maar wel die Skriftuurlike grondslag daarvan. "Dit was sy standpunt dat apartheid dalk om praktiese redes ondersteun kan word, maar dat die Bybel nie apartheid as vaste voorskrif gee vir die samelewingsordening nie" (Gaum 1997:7). Hoewel Marais volgehou het dat apartheid geen Bybelse eis is nie, was hy tog bereid om dit as 'n praktiese ordeningsreëling te aanvaar.

Twee dae later het die Sinode die Skriftuurlike grondslag van rasse-apartheid wel bevestig. Die Kaapse Sinode het later verklaar dat die Skrif nêrens uitdruklik oor afsonderlike en eiesoortige ontwikkeling uitspraak lewer nie, maar dat daar niks in die gees van die Skrif in stryd daarmee is nie (Van der Watt 1987:91).

"In die denke van die NG Kerk het rasseskeiding nou 'n byna heilige waas gekry. Identiteit is Godgegewe, en hierdie beleid was daarop gemik om identiteit te beskerm en binne eie groepsverband volledig te laat ontwikkel" (Geldenhuys 1982:35). Apartheid was onteenseglik kerklike beleid soos blyk uit die artikel van Hanekom midde in hierdie tyd: "As kerk het ons... steeds doelbewus aangestuur op die skeiding van hierdie twee bevolksgroepe. In hierdie opsig kan daar met reg gepraat word van apartheid as 'n kerklike beleid" (Die Kerkbode 22 September 1948:664).

By die kongres van 1950 oor die rassevraagstuk asook die Transvaalse Sinode van 1951 het die skriftuurlike gronde vir apartheid weer aandag geniet (Lombard 1981:82-84; Du Toit 1961:7).

Wêreldwye reaksie het op verskillende terreine teen die NG Kerk se standpunt ten opsigte van apartheid ontstaan. In Junie 1952 het die Sinode van die Reformed Church in America sy kommer oor die toenemende erns van die rassevraagstuk in Suid-Afrika uitgespreek. Vier besluite is in hierdie verband geneem en aan die NG Kerk in Suid-Afrika gestuur. Die antwoord van die Kaapse Kerk is in Augustus 1952 deur die Sinodale Kommissie goedgekeur. Dank is teenoor die Amerikaanse kerk vir sy voorbidding uitgespreek, maar tog is gevoel dat die betrokke kerk homself eers miskien op hoogte van die ware feite moes bring deur byvoorbeeld korrespondensie of 'n besoek deur 'n gesant (Lombard 1981:117). "I have to point out that the description of the attitude of our

Church as "endorsement of apartheid" is an over-simplification" (Landman 1968:32).

Die NG Kerk se antwoord op apartheid en sy skriftuurlike begronding daarvan sou onmeetbare gevolge hê. Daar moet met Geldenhuys (1982:40) saamgestem word wanneer hy daarop wys dat die NG Kerk "'n gevangene van sy voorstelle van die jare dertig en veertig" geword het en dat die kerk homself daarmee gekniehalter het. Nicol (2000:104) merk heel tereg op dat "Met die teologiese regverdiging van apartheid is die Christelike godsdiens – wat die groot samebindende faktor in ons verdeelde samelewing kon word – vervorm tot 'n mag wat die verdeeldheid verder moes voer." Die toekoms van die NG Kerk sou hierdie realiteit sigbaar maak. Prof Awie van Wyk (Beeld 24 April 2002:3)van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika "...het gesê dis vir hom 'n raaisel hoe gereformeerdes nie vroeër gesien het dat die ideologie van apartheid sonde is nie. Dit was nie 'n klein glipsie nie; dit het die evangelie geweldig skade berokken."

Ritner (1971:249) sê tereg: "The ideological formulation of apartheid developed by the DRC and zealously propagated through the fifties percolated down to the large audience of Afrikaner churchgoers, spreading the belief that the South African government (their government) was implementing a just and Christian race policy – a policy that represented the only moral way out of the racial bind." Crafford en Gous (1993:338) wys op die rol van die NG Kerk in apartheid en sê:

"Die NG Kerk het 'n aandeel in die institusionalisering van apartheid gehad." Opvallend is egter die afwesigheid van die kritiese stem uit die geledere van die jongekerke in die NG Kerkfamilie gedurende die vyftigerjare. Hierdie ingesteldheid hang waarskynlik saam met die NGSK se sterk afhanklikheid van die moederkerk asook die apatiese houding teenoor die politiek by die meeste kleurlinge op daardie staduim (De Villiers 1986:145-146).

## 5.2 Cottesloe: 'n Waterskeiding in die pad na eenheid

In Maart 1960 het tragiese onluste by Sharpville en Langa plaasgevind. Die daaropvolgende noodtoestand en die feit dat 69 mense gedood en 180 gewond is, het skokgolwe rondom die wêreld gestuur (Lückhoff 1978:2). Talle arrestasies waaronder aanhouding sonder verhoor het gevolg (Strassberger 1974:219). Die wet op onwettige organisasies van °1960 is deur die parlement aangeneem waardeur die African National Congress en die Pan Africanist Congress verban is (Lombard 1981:192).

Onmiddellik daarna het Willem Visser't Hooft, die hoofsekretaris van die Wêreldraad van Kerke, vir Bilheimer, die medehoofsekretaris, gestuur om die lidkerke in Suid-Afrika te versoek om dringend in 'n kerkeberaad byeen te kom. Die doel van so 'n kerkeberaad was om die groot gaping in ekumeniese kontakte van die kerke binne Suid-Afrika te begin oorbrug en om openhartig met mekaar oor die rassespanning in Suid-Afrika te praat. "Die WRK wou van die Suid-

Afrikaanse lidkerke weet wat hulle gedoen het en nog doen aan die gespanne rassesituasie in Suid-Afrika" (Naudé 1995:47). Onder dié lidkerke was destyds die NG Kerk in Transvaal, die NG Kerk in Kaapland en die Anglikaanse Kerk (Church of the Province of Southern Africa).

Die spanning in die land is verder verdiep deur 'n mislukte sluipmoord op die eerste minister, dr Verwoerd, in Johannesburg. "Alhoewel later bewys is dat hierdie gebeurtenis geen verband met die onluste gehad het nie, het dit bygedra om die vreespsigose waarin baie inwoners van die land vasgevang was, te vererger" (Lombard 1981:192).

Die NG Kerk en die Anglikaanse Kerk was in 'n onverkwiklike kerkstryd gewikkel. Die Aartsbiskop van Kaapstad, De Blank, het 'n ultimatum aan die Wêreldraad van Kerke gerig, naamlik dat die NG Kerk uit die organisasie geskors moet word anders sal die Anglikaanse Kerk verplig wees om sy lidmaatskap te beëindig. Aan die eis van die ultimatum is nie voldoen nie. Beyers Naudé (1995:49-50) merk veelseggend op: "Die Wêreldraad het dit verstandiglik nie gedoen nie...danksy dr. Visser't Hooft, wat uit Nederland die agtergrond en die omstandighede van die NG Kerk beter begryp het as dr. De Blank in Kaapstad."

Op 7 Desember 1960 het 'n kerkeberaad agter geslote deure byeengekom. Die byeenkoms is in die Cottesloe-koshuis van die Universiteit van die Witwatersrand in Johannesburg gehou. Tagtig afgevaardigdes van die lidkerke in Suid Afrika,

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

waaronder die NG Kerke van Transvaal en Kaapland, het die vergadering bygewoon. Ses verteenwoordigers van die Wêreldraad van Kerke was ook teenwoordig. Elke afvaardiging moes vooraf 'n memorandum oor vyf beoogde besprekings aan die konferensie voorlê. Die feitlike situasie in Suid Afrika, die betekenis van die Evangelie vir rasseverhoudinge, die verstaan van die resente wêreldgeskiedenis uit 'n Christelike oogpunt, die betekenis van die huidige noodtoestand in Suid Afrika en die taak van die kerk daarin met betrekking tot geregtigheid, sending en samewerking, was die sake waaroor die memorandum moes handel (Strauss 1989:147-148; Geldenhuys 1982:48-49; Lombard 1981:212-214). Die memorandum van die Kaapse Kerk en die Transvaalse Kerk is opgestel deur hul amptelike studiekommissies waaraan vyftig teoloë en predikante van die NG Kerk meegewerk het (Lükhoff 1978:112; Crafford & Gous 1993:341).

Op 14 Desember 1960 is die Kerkeberaad te Cottesloe afgesluit. Geldenhuys (1982:51), wat self 'n afgevaardigde by die beraad was, skryf hoe De Blank op die laaste dag "op die been gekom en gesê hy het 'n paar woorde op die hart. Dit het daarop neergekom dat hy sy broers en kollegas in die NG Kerk verskoning vra vir die dinge wat hy dikwels oor hulle kwytgeraak het."

Reeds op die eerste dag van die beraad is ooreengekom dat geen persoonlike onderhoude met die pers sou plaasvind nie. Die beraad sou aan die einde self besluit of dit 'n persverklaring sou uitreik al dan nie, maar op 9 Desember 1960

het daar reeds 'n berig in *Die Transvaler* verskyn waarvolgens sommige afgevaardigdes hul bedenkinge gehad het oor die nut van die beraad. Aan die einde van die beraad is 'n verklaring uitgereik oor die bevindinge van die vergadering.

Van die belangrikste besluite was die volgende:

- Getuienis van die kerk: "In 'n tyd van snelle maatskaplike verandering het die kerk 'n besondere verantwoordelikheid om vreesloos binne die maatskappy te getuig."
- Gemengde huwelike: "Daar is geen Skriftuurlike gronde vir 'n verbod op gemengde huwelike nie. Die welsyn van die gemeenskap en pastorale verantwoordelikheid vereis egter dat die nodige oorweging geskenk moet word aan sekere faktore wat sulke huwelike onwenslik mag maak."
- Werkreservering: "Die huidige stelsel van werkreservering moet plek maak vir 'n billiker werkstelsel wat die belange van almal wat daarby betrokke is, beveilig."
- Grondbesit en medeseggenskap: "Dit is ons oortuiging dat die reg om grond te besit waar hy ook al gedomisilieer is en om deel te hê aan die regering van sy land, deel is van die waardigheid van die volwasse mens, en om hierdie rede kan 'n beleid wat aan die nie-blankes permanent die reg tot seggenskap in die regering van die land waarvan hulle burgers is, ontsê, nie geregverdig word nie."

- Politieke status van Kleurlinge: "(a) Dit is ons oortuiging dat daar in beginsel geen beswaar kan wees teen die direkte verteenwoordiging van die Kleurlingbevolking in die Parlement nie. (b) Ons spreek die hoop uit dat oorweging verleen sal word aan die toepassing van hierdie beginsel in die afsienbare toekoms" (Gaum 1997:13-14).

"This was to be the starting-point for a moderate approach; there were clear signs that the Bible was being interpreted without an ideological bias. For once the "apartheid bible" was on the shelf – but not for long" (Loubser 1987:87). Reaksie vanuit verskillende terreine het gevolg, somtyds positief soos byvoorbeeld uit die buiteland en ook negatief vanuit kerklike kringe en die partypolitieke terrein. Die reaksie op die persverklaring was onmiddellik heftig en fel. Naudé (1995:53) se herinneringe oor hierdie tydperk was nog vars in die geheue: "Ek dink nie een van ons het besef hoe gou hierdie dinamiet in die gesig van sommige van die NG Kerk se afgevaardigdes sou ontplof nie."

'n Groot storm het in die Afrikanergeledere losgebars en 'n hewige polimiek in die dagblaaie en kerklike pers het gevolg. Persone soos drr Treurnicht en Vorster het sterk stelling teen die kerkeberaad van Cottesloe ingeneem (Van der Watt 1987:108). "Apartheid theorists were trapped by this flaw in 1960. The Cottesloe Statement involved DRC churhmen in a major redefinition of separate development. A redefinition not only unacceptable to the politicians, but confusing to the Afrikaners in whom the Church had implanted a virtually

unassailable sense of the moral rectitude of the Afrikaners "Christian" race policy" (Ritner 1971:251).

Op 1 Januarie 1961 het selfs die destydse eerste minister, dr HF Verwoerd, tot die debat toegetree toe hy in sy nuwejaarsboodskap gesê het: "In feite het die Kerke nog nie gepraat nie. Die stem van die Kerk moet nog gehoor word en wel op hul Sinodes waarop die lidmate sowel as die predikante verteenwoordig sal wees" (Verwoerd Radio-nuwejaarsboodskap 1961, soos aangehaal in Naudé 1995:54). Dit het die NG Kerk lidmate, waarvan 'n groot aantal ook aan die Nasionale Party behoort het, voor 'n groot dilemma geplaas want hulle moes nou kies tussen die Kerk en Party. Lückhoff (1978:116) skryf tereg dat "Met hierdie uitspraak het Verwoerd 'n rooi streep deur Cottesloe getrek. Hy het die regering en by name die Nasionale Party teen die kerkleiding gepolariseer."

Hierdie gebeure het ook 'n invloed gehad op die voorbereiding vir die hangende kerkvereniging tussen die Sinodes van die NG Kerke. Die Sinodale Kommissie van die Oranje-Vrystaat het dringend versoek dat die Transvaalse- en Kaapse Kerke uit die Wêreldraad van Kerke moes bedank. Die Natalse Kerk het besluit dat hulle nie deel van die Wêreldraad van Kerke wou word nie (Lückhoff 1978:129-131). Die lidkerke het toe terwille van die sinodale eenwording lidmaatskap van die Wêreldraad van Kerke opgesê (Crafford & Gous 1993:342).

Gedurende 1961 het die verskillende Sinodes en Sinodale kommissies van die NG Kerke vergader. Almal het die besluite van die Kerkeberaad verwerp sonder dat die inhoud daarvan punt vir punt aan die orde gestel is. In Maart 1961 vergader die Federale Raad van Kerke en besluit dat ook die Raad, weens verskillende redes, hom nie met die bevindinge van Cottesloe kan vereenselwig nie omdat "dit die beleid van afsonderlike ontwikkeling aantas en ondermyn" (Handelinge, Raad van Kerke 1961:51 no 2a; Van Rooyen 1990:129).

Engelbrecht (1982:55) kom tot die slotsom dat "die besluite van Cottesloe as 'n waarheidsgetuienis onaangetas bly staan, maar die georganiseerde politiek verset daarteen, waaraan selfs sinodes diensbaar gemaak is, het verhinder dat dit kon lei tot 'n eendragtige getuienis van die kerk in Suid-Afrika." In die tydperk wat op die Cottesloe Kerkeberaad gevolg het sou die anti-Cottesloe stemme sterk in die Kerk en in sy vergaderinge figureer en groot druk is op persone geplaas wat met die bevindinge wou akkoord gaan. Die denkklimaat van die sestigerjare het gevra vir konformering, óf die gevaar om uitgestoot te word. Kritiek van buite is gehanteer deur bloot te onttrek indien die ander se standpunte nie met eie standpunte rym nie of deur slegs buite hoorafstand te bly.

NG Kerk het homself op 'n syspoor gerangeer. Sy pad van isolasie het voor hom gelê. Die NG Kerk se aandeel aan die openbare mening het verskraal. 'n Wig het tussen die NG Kerk (en die ander Afrikaanse kerke) en talle ander erkende Protestantse Kerke ontstaan. Met die vereniging van die meeste van die

hoofstroomkerke in die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke was die NG Kerk en die Afrikaanse susterkerke afwesig. Prof Piet Naudé (1999:8) stel dit korrek dat die NG Kerk "beland sodoende vanaf 1960 in 'n ekumeniese woestyn, terwyl ons koppig aanhou glo ons is reg en die hele wêreld daar buite is verkeerd."

## 5.3 Die afdraande pad van isolasie bring verwydering in plaas van eenheid

Na Cottesloe het die toename in kritiek teen apartheid en die NG Kerk se reaksie daarop toenemende isolasie tot gevolg gehad. Opvallend was die feit dat die Suid-Afrikaanse politieke beleidsrigting by ekumeniese byeenkomste al belangriker geword het. Op die agendas van hierdie kerklike vergaderings het die rasse-aangeleenthede 'n byna permanente plek ingeneem en was dit meestal die oorheersende debatspunt.

Die NG Kerk was telkens in die spervuur as gevolg van sy volgehoue verdediging van die rasse-beleid, waarin hy probeer het om die besondere praktiese landsomstandighede te versoen met Skrifbeginsels. Dit het ander kerke egter nie oortuig nie. Die gevolg hiervan was dat die NG Kerk in hierdie konfliksituasie meermale sy ekumeniese betrokkenheid moes beëindig of opskort. Tog is dit ook waar dat hierdie ander vergaderings hulself skuldig gemaak het aan felle, onregverdige, onbillike en ongeoorloofde kritiek wat uiteindelik gelei het tot drastiese besluite van die NG Kerk. Tog is die NG Kerk in

'n groterwordende isolasie geplaas en die afdraande pad na verwydering het toegeneem (Van der Watt 1987:121-122).

### 5.3.1 Die Stigting van die Christelike Instituut

Die Christelike Instituut van Suidelike Afrika is in Augustus 1963 gestig met die ideaal om Christene saam te laat besin, gesprek te voer en saam te bid en daardeur hulle eenheid te demonstreer. Die Christelike Instituut was 'n vrywillige verenigimg van lede van verskillende denominasies van die Kerk van Christus in Suid-Afrika. "Die CI het die apartheidsbeleid as onbybels en onchristelik verwerp" (Adonis 1982:115).

Ds Beyers Naudé is as direkteur van die Christelike Instituut aangewys. Op 22 September 1963 lewer hy 'n preek in die gemeente Aasvoëlkop en sê ondermeer: "Ons Kerk is besig om die hart van ons "dogterkerke" onherroeplik van hom te vervreem en die pad vir sy getuienis aan die Kerke van Afrika te sluit. As ons Kerk voortgaan met hierdie doelbewuste en vreesbevange proses van isolasie, van sy tragiese terugtrekking van die heilige algemene Kerk in Suid-Afrika en Afrika, gaan ons geestelik kwyn en sterf" (Naudé 1995:160).

Die NG Kerk wou van die begin af nie die Christelike Instituut en sy bedrywighede goedkeur nie. Die Algemene Sinode van 1966 het die organisasie as 'n dwaalrigting afgewys en het gevra dat die ampsdraers en lidmate hulle uit

lojalitiet teenoor die NG Kerk daarvan onttrek (Acta Synodi, Algemene Sinode 1966:459, 564-565). Die Algemene Sinode van 1970 het die hele saak weer na sy Kommissie vir Aktuele Sake vir verdere studie verwys. Tydens die Sinode van 1974 is die versekering gegee dat daar nie tugstappe teen die CI-lede gedoen sal word nie. Dit is egter ook waar dat die Christelike Instituut mettertyd meer radikaal en militant geword het en in 1977 is die organisasie as onwettig verklaar (Gaum 1997:22-23).

### 5.3.2 Ras, Volk en Nasie en Volkereverhoudinge in die lig van die Skrif

Die NG Kerk het voortgegaan om op sy eie wyse navorsing te doen rondom die rasseverhoudings in Suid-Afrika. Reeds in 1965 word agt rapporte aan die Kaapse Sinode voorgelê onder die titel "Ras, volk en nasie in die lig van die Skrif" (Acta Synodi, Kaapse Sinode 1965:196 ev). Die verslag is met enkele wysigings goedgekeur en het as vertrekpunt gedien vir die beleidstuk "Ras, volk en volkereverhoudinge in die lig van die Skrif" wat in 1974 deur die Algemene Sinode aanvaar is (Acta Synodi, Algemene Sinode 1974:608-629).

Die bedoeling van die beleid, Ras, Volk en Nasie, was om die steun van die NG Kerk vir die beleid van afsonderlike ontwikkeling op 'n meer genuanseerde wyse as tevore te formuleer. In plaas van die vroeëre formulering dat afsonderlike ontwikkeling "die wil van God is", word eerder in 'n negatiewe formulering gesê dat 'n beleid van afsonderlike ontwikkeling nie noodwendig in stryd met die Skrif

hoef te wees nie. Hoewel daar geen duidelike Skrifgronde vir die beleid van Apartheid gevind kon word nie, is daar ook geen verbod daarteen in die Bybel nie, mits dit in liefde en op 'n regverdige wyse toegepas word. Dit is egter 'n ontoelaatbare wyse waarop die Skrif gebruik is en dit is nie vreemd dat hierdie soort Skrifgebruik min simpatie buite die NG Kerk gevind het nie.

Jonker (1998:139-140) wys daarop dat die eenheid in die kerk wel hanteer is, maar vanuit 'n ander hoek: "Net so word daar in entoesiastiese terme oor die eenheid van die kerk gepraat, maar dit word as 'n geestelike eenheid gesien wat nie versteur word deur die pluriforme gestalte van die kerk onder die verskillende volkere nie. Terwyl daar groot klem gelê word op die noodsaaklikheid van onderlinge skakeling tussen die kerke van die NG familie, word egter herhaaldelik gesê dat dit nie nodig is dat hulle in één kerkverband verenig hoef te wees nie." Gesamentlike aanbidding by geleentheid is aangemoedig, maar meer as dit is nie nodig nie en word ook nie deur die Skrif as opdrag gegee nie. "Verskeidenheid is beklemtoon en eenheid tot 'n groot mate genegeer" (Van der Merwe 1990:107).

Van der Merwe (1990:110) wys daarop dat met bogenoemde besluit die klem duidelik "op verskeidenheid en pluriformiteit geval" het... "Die reaksie op *Ras, Volk en Nasie* sou die Ned. Geref. Kerk egter opnuut in die brandpunt van kritiek plaas." In Maart 1975 is die verslag gepubliseer en ook in verskillende tale vertaal onder andere Engels, Duits, Frans en Nederlands. Die rede hiervoor was

dat die NG Kerk sy beleid in die buitelandse ekumeniese-kringe wou stel. Hiervan het egter nie veel gekom nie en in 1978 is die bande tussen die Gereformeerde Kerken in Nederland en die NG Kerk amptelik verbreek.

### 5.3.3 Buitelandse Ekumeniese bande verbrokkel

In April 1979 het die Switserse Protestantse Kerkfederasie 'n interkerklike konferensie gereël tussen die Switserse Kerke en die NG Kerk. "Die NG afvaardiging en die Switsers het ook saamgestem dat afsonderlike kerklike strukture wat tot stand gekom het vanweë geografiese en kulturele redes, gehandhaaf moet word solank hulle die eenheid van die kerk van Jesus Christus dien. Anders moet hulle heroorweeg en die hindernisse verwyder word" (Gaum 1997:26).

Ten spyte van die feit dat ds Landman, as direkteur van die Inligtingsburo van die Kaapse kerk, 'n antwoord en dokumentebundel saamgestel het onder die titel: "A plea for understanding. A reply to the Reformed Church in America" (Landman 1968:1 ev), het ook hierdie kerk sy bande met die NG Kerk beëindig. Geld vir hierdie publikasie is voorsien deur die regering (Geldenhuys 1982:75). Die NG Kerk het die afdraande pad van isolasie bewandel en verwydering het konstant op die pad gelê.

### 5.3.4 Die NG Kerk ontvang geheime staatsgeld

In 1974 word die NG Kerk deur die destydse Departement van Inligting genader om op vertroulike basis geld van die regering te ontvang sodat 'n ekumeniese kantoor vir die Algemene Sinode geopen kon word. Die kantoor moes nie opdragte van die departement uitvoer nie, maar moes help om die kerklike inligting wat in die buiteland versamel is te evalueer. Effektiewe teenargumente vir die stroom negatiewe propaganda teen Suid-Afrika moes opgestel word. 'n Voltydse Ekumeniese Skakelbeampte, dr Geldenhuys, is aangestel. Hy het probeer om sover moontlik nuwe ekumeniese kontak op te bou (Geldenhuys 1982:74-75).

'n Storm het in 1978 losgebars toe dit bekend geword het dat hierdie kantoor vir die eerste vier jaar van sy bestaan gedeeltelik deur geldelike hulp van die staat gefinansier is (Acta Synodi, Algemene Sinode 1978:72-77). Hierdie onaangename hoofstuk in die geskiedenis van die NG Kerk het wenkbroue laat lig en die NG Kerk het geloofwaardigheid ingeboet. In dr FE O'Brien Geldenhuys (1982:77) se eie woorde wil ek instemmend beaam, "Ons het 'n dure prys betaal vir ons aandeel aan die poging om apartheid te verkoop!"

### 5.4 Eenheid in die weegskaal : Kritiek teen apartheid in eie kring

Die verhouding tussen die NG Kerk en sy dogterkerke is ook vertroebel. Die NG

Kerk se volharding om apartheid te probeer regverdig en die uitbouing van sy skriftuurlike begronding het die kloof tussen die kerke vergroot. "Voortaan neem die Ned Geref Kerk en die ander drie lede van die Ned Geref Kerkfamilie standpunt teenoor mekaar in" (Hofmeyr 1996:332). Die kritiek teen die ondersteuning van die apartheidsbeleid het nie net van die jongkerke gekom nie, maar stemme teen die benadering het ook binne die NG Kerk opgegaan.

### 5.4.1 Verset groei uit die jonger NG Kerke

Die verhouding tussen die kerke in die NG Kerkfamilie, by name die NG Kerk en die jonger NG Kerke, is dikwels negatief beïnvloed, nie noodwendig deur suiwer kerkregtelike beginsels nie, maar deur die heersende landsbeleid wat sy "verstrengelde seekat-arms om alles slaan" (Geldenhuys 1982:128). Dit sou nie lank duur voordat die jongkerke hul stemme duidelik laat hoor het rondom apartheid nie.

Gedurende die einde van die sewentiger jare het vele stemme opgegaan wat die NG Kerk gevra het om apartheid te repudieer en in sy spore om te draai. Die jonger NG Kerke het hierin nie uitgebly nie en sou selfs die regering oor bepaalde sake aanspreek. Die NG Sendingkerk het tydens sy sinodesitting van 1978 besluit om "1. Hom teen die Wet op Groepsgebiede uit te spreek en om 'n beroep op die regering te doen om die Wet op groepsgebiede te herroep; 2. Sy besorgdheid oor die wyse waarop die Wet op Groepsgebiede uitgevoer en

toegepas word, te kenne te gee" Die NG Kerk is ook gevra om saam met die NG Sendingkerk die regering te wys op die leed wat hierdie wet veroorsaak. (Acta Synodi, NG Sendingkerk 1978:476-477).

Op dieselfde Sinode is nie net bepaalde aspekte van apartheid afgewys nie, maar is die politieke beleid self teologies beoordeel. Op Woensdag, 4 Oktober 1978, lewer die Tydelike Kommissie vir Aktuele Sake sy verslag en hierin is 'n beskrywingspunt opgeneem wat met enkele redaksionele wysigings goedgekeur word: "Die Kerk wil dit as sy oortuiging uitspreek dat die apartheidsbeleid soos deur die owerheid gehandhaaf, in stryd is met die evangelie:

1. omdat téén die evangelie van Christus se gerigtheid op die versoening van die mense met God én met sy medemens, die gedwonge skeiding van mense op grondslag van ras en kleur ten diepste gebaseer is op die oortuiging van die fundamentele onversoenbaarheid tussen mense wat op so 'n wyse geskei is;
2. omdat die sisteem wat uit so 'n beleid na vore kom, noodwendig moes lei en gelei het tot 'n toenemende polarisasie tussen mense, veral omdat die praktyk onteenseglik aangetoon het dat binne die sisteem een bevolkingsdeel, nl. die blankes, bevoorreg is en dat daar gevolglik nie voldoen is aan die evangeliese eis dat geregtigheid aan almal sal geskied nie; en
3. omdat daardeur nie alleen die menswaardigheid van die nie-bevoorregte bevolkingsdele nie, maar ook die menswaardigheid van almal wat daarby

betrokke is, aangetas word" (Acta Synodi, NG Sendingkerk 1978:399, 559).

In 1974 is *Die Broederkring* in Bloemfontein in die lewe geroep. Hierdie organisasie het bestaan uit 'n groep leraars uit die NG Kerkfamilie wat mekaar beter wou leer ken oor die kleurgrense heen. Mokgoebo (1983: 116-117) beskryf die Broederkring as: "The BK originated basically as group discussions and fellowship forming meetings, and developed into a non-racial fellowship, decentralized into regional groups where also non-pastors could become affiliated." Vanuit hierdie organisasie is daar duidelik standpunt ingeneem teen die heersende situasie in die kerk en het as profetiese stem hoorbaar opgetree.

*Die Ligdraer*, amptelike lyfblad van die NG Sendingkerk, het op 16 Augustus 1980 'n pleidooi tot die NG Kerk gerig waarin gevra is dat die NG Kerk op sy spore sal terug stap en die apartheidsbeleid sal repudieer. Daar is ook daarop gewys dat die lidmate van die swart en bruin kerke die apartheidsbeleid as uiters verdrukkend ervaar (Gaum 1997:29).

Reeds in 1975 het die NG Kerk in Afrika 'n uitvoerige verslag oor volkereverhoudinge in behandeling geneem. Die kern van die saak was die volgende: "Prakties ervaar die swartman regeringsbeleid op twee maniere: positief en negatief. Positief: Die beleid van afsonderlike ontwikkeling, wat onder meer die onafhanklikheid van tuislande insluit, word waardeer. Negatief: Waar

die beleid gegrond is op diskriminasie op grond van kleur, word dit ervaar as 'n sisteem waardeur die witman homself bevoordeel ten koste van die swartman. Dit is selfsugtig." 'n Lang debat het gevolg en die vergadering het besluit om die eerste deel uit te laat maar wel van die tweede gedeelte rondom die diskriminasie kennis te neem (Acta Synodi, NG Kerk in Afrika 1975:201).

Ds Sam Buti, leraar van die NG Kerk in Afrika, beskryf self hoe moeilik dit soms in daardie tyd vir hul as leraars in die swart gemeenskap was, aangesien die mense hul as ondersteuners van die apartheidsbeleid gesien het. "Dit is seker omtrent die grootste frustrasie in die lewe van 'n evangelis of dominee in die N.G.Kerk in Afrika. Die ander kyk op hom neer as een van die "honde van apartheid" wat sy rug vir die werklike belange van die swart gemeenskap gedraai het" (Meiring 1975:6). Juis dit het ook al meer druk op die Kerk geplaas om sy standpunt duidelik ten opsigte van apartheid te formuleer en daarmee saam die NG Kerk se Skriftuurlike regverdiging daarvan.

Tot 1982 het die Reformed Church in Africa nie 'n amptelike besluit oor apartheid geneem nie, maar sy besluite het wel getuig van die onaanvaarbaarheid van die stelsel. Dié Kerk het wel in 1980 in 'n memorandum aan die Eerste Minister die wette op groepsgebiede, gemengde huwelike, artikel 16 van die Wet op Immoraliteit, aanhouding sonder verhoor en die nuwe konstitusionele voorstelle teengestaan (Acta Synodi, Reformed Church in Africa 1980:127-131).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

"Die RCA het in sy geledere twee faksies geakkommodeer naamlik 'n radikaal-politiese faksie en 'n meer evangeliese faksie. Eersgenoemde groep het radikaal die stryd teen apartheid aangesê" (Crafford & Gous 1993:371). Na die Wêreldbond van Gereformeerde Kerke se uitspraak in 1982 teen apartheid en die verklaring van apartheid tot sonde en kettery was daar selfs 'n aantal leraars van die Reformed Church in Africa wat dit letterlik wou opneem en alle bande met die NG Kerk wou verbreek. Hulle het selfs so ver gegaan as om hul legitimasiedokumente aan die NG Kerk terug te stuur. Die gevolg was egter dat daar 'n skeuring in die Reformed Church in Africa plaasgevind het deurdat die gemeentes by hul leraars gestaan het en die kerk het twee gemeentes verloor. Daar was dus duidelike stemme teen apartheid in hierdie kerk en dit sou ook lei tot verwydering tussen dié kerk en die NG Kerk.

"Na 1980 kom veral twee denkstrome onder die drie jongkerke na vore om die Ned Geref Kerk se halstarrigheid te hanteer, naamlik die voortbou op die eenwordingproses wat reeds aan die gang gesit is en 'n streng profetiese konfrontasie met gepaardgaande verbreking van amptelike bande" (Hofmeyr 1996:333).

In 1982 skryf Geldenhuys (1982:130) rondom die situasie in die verhoudinge van die kerke die volgende: "Dit is duidelik: die blanke en die ander NG Kerke in Suid-Afrika staan by 'n kruispad. Ondanks alles wat hulle aan mekaar bind, word hulle uitmekaar gehou deur die politieke stelsel in die land, waaraan die blanke

kerk nog steeds prinsipieel sy steun gee... Op dié punt staan die kerke teenoor mekaar. Is dit nie die punt waar versoening moet begin nie?" Die NG Kerkfamilie het voor 'n uitdaging te staan gekom en hierdie moeilike pad van versoening en eenheid sou plek–plek gevaarlike draaie en slaggate hê.

### 5.4.2 Stemme binne die NG Kerk spreek duidelik

Selfs binne die NG Kerk het lidmate, leraars, kerkraadslede en teoloë begin om kritiek teen die situasie in die kerk uit te spreek. Aanvanklik was dit 'n minderheidsgroep wat wou beswaar aanteken teen die ingeslane beleid van die NG Kerk, maar dit sou weldra tot 'n duidelike stem in die kerk groei.

In 1978 verskyn 'n boek met die titel: "Veelvormigheid en eenheid" wat saamgestel is deur Vorster en bestaan het uit 'n aantal opstelle wat steun aan die beleid en praktyk in die NG Kerk verleen het. As teenreaksie verskyn in 1979 'n boek met die titel: "Die Eenheid in die Kerk" waarin heelparty kritiek teen die status quo in die NG Kerk uitgespreek word.

Die hele debat rondom die belangrike saak het gekulmineer in die *Hervormingsdaggetuienis* op 31 Oktober 1980. Die Kerkbode het hierdie getuienis gepubliseer. Hierin het agt teoloë, proff WD Jonker, W Esterhuizen, B Combrink, BC Lategan, AB du Toit, JA Heyns, HW Rossouw en CFA Borchardt, op suiwer teologiese gronde uitgespel waarom die bestaande orde wat deur die

NG Kerk gesteun word, ingrypend sal moet verander. Die teoloë vra dat die NG Kerk moet streef na die uitskakeling van die liefdelose en rassistiese gesindhede en handelinge wat die boodskap van Gods versoenende genade ontkragtig. Verder pleit hul vir solidariteit van die Christelike liefde vir almal wat in hierdie lyding en nood gedompel is. Hulle glo ook dat die NG Kerk saam met ander kerke 'n bydrae kan lewer om die owerheid en onderdane tot 'n dieper bewuswording van die eise van God se Woord te bring, waarbinne hulle geroepe is om die bestaande orde te hervorm (Gaum 1997:30-31; Crafford & Gous 1993:366 en Van der Merwe 1990:216-266).

Die *Hervormingsdaggetuienis* het eenheid in die kerk bepleit en gevra vir 'n vorm van eenheid. Serfontein (1982:154) maak hierby die opmerking dat "The call for unity by the Eight was an attempt to halt the breakaway move by the black churches from the NGK and to pave the alignment of all conservative Protestant churhgoers in the country, especially after the SACC member churches' commitment to civil disobedience." Later sê hy ook "The "Witness" did not propagate the unification of the four racially separated NG churches, but merely mentioned a "form of church unity" (Serfontein 1982:157).

In November 1981 verskyn "Storm-kompas" met 'n twaalftal opstelle in 'n bundel saamgevoeg waarin die skrywers se uitsluitlike doel was om suiwer koers aan te dui in 'n krisistydperk van rassepolitiek in Suid-Afrika. Agterin die boek word 44-stellings gegee. Dit was juis hierdie stellings wat wye publisiteit geniet het

(Serfontein 1982:172-175). Onder andere is daar belangrike stellings oor apartheid soos byvoorbeeld: Stelling "35. Dit het tyd geword dat die Ned Geref Kerk dit duidelik sal sê dat die apartheidsbeleid in Suid-Afrika baie wrange vrugte gedra het, ten spyte van die goeie bedoelings van die owerheid om bevolkingsgroepe afsonderlik te laat ontwikkel. Daarom behoort die kerk dit duidelik te stel dat die Christen dié beleid nie sonder meer kan onderskryf nie" (Smith ea 1981:139-140). Betekenisvolle stukrag is hierdeur aan die gesprek rondom die hervorming gegee.

Op 9 Junie 1982 verskyn "Die Ope Brief aan die NG Kerk" wat 123 ondertekenaars in *Die Kerkbode* laat publiseer het. Hierin is onder andere verklaar dat die kerk altyd sal getuig teen samelewingsordeninge wat onversoenbaarheid tussen mense en mensegroepe as uitgangspunt neem. Wette wat die simbole van hierdie vervreemding geword het soos byvoorbeeld die wette op gemengde huwelike, rasseklasifikasie en groepsgebiede kon nie Skriftuurlik verdedig word nie (Gaum 1997:32). Hierdie brief het binnelands sowel as buitelands baie reaksie uitgelok. Later het selfs 'n boek verskyn met die titel: "Perspektief op die Ope Brief" (Bosch ea 1982:1-10). Van der Merwe (1990:271) stel dit tereg dat hierdie brief 'n belangrike impuls was op die weg na vernuwing in die beleid van die NG Kerk. Sedert die Federale Raad se vergadering in 1984 het die NG Kerk geleidelik 'n kentering beleef en sou dié kerk wegbeweeg van sy benadering soos in *Ras, volk en Nasie,* na die beskouing wat uitdrukking gevind het in *Kerk en Samelewing*.

## 5.5 Die jonger NG Kerke en hulle strewe tot eenheid

"Die NG Kerk het vanweë ons houding oor ras en kleur ongeloofwaardig by baie swart mense geword. Die haat wat by die swart jeug al sterker word, is in 'n groot mate ons eie skuld" (Jonker 1998:143). As gevolg van die vertroebelde verhoudinge en die NG Kerk se regverdiging van apartheid, is die verhoudinge tussen die kerke in die NG Kerkfamilie ook direk geraak. "Relationships between the white NGK and the three "younger" black churches...is an uneasy one, characterised by tension and occasional confrontations" (Serfontein 1982:109).

Ondanks die vertroebelde verhoudings het die jongkerke hulle tog beywer vir eenheid in die NG Kerkfamilie en het hierdie soeke na eenheid al sterker op die voorgrond getree.

Reeds in 1950, kort nadat die Nasionale Party aan bewind gekom het, was daar twee beskrywingspunte in verband met apartheid op die tafel van die Sinode van die NG Sendingkerk. Dit het onder andere ook oor die sendingbeleid van die NG Kerk gehandel. Tydens die Sinode van 1950 is die twee beskrywingspunte, onderskeidelik vanaf die Ring van Wynberg en die Kerkraad van Wellington, na 'n spesiale kommissie oor Apartheid verwys.

Die verslag van hierdie kommissie is op 23 Oktober 1950, die laaste dag van die Sinode, ter tafel geneem. Die verslag het die bestaan van afsonderlike kerke en

ook dat daar genoegsame grondige redes is waarom op kerklik-godsdienstige gebied eiesoortigheid beoefen moet word, erken. Die verslag het die besluit van die vergadering geword (Acta Synodi, NG Sendingkerk 1950:292-296). Verder het die vergadering ook in sy beleidstuk oor apartheid verklaar: "ten opsigte van die Sendingbeleid van die Moederkerk, soos prakties sedert die stigting van die Sendingkerk uitgevoer, het laasgenoemde haar dit laat welgeval" (Acta Synodi, NG Sendingkerk 1950:269).

Eers tydens die Sinode van 1966 sou die NG Sendingkerk die gedagte van strukturele kerkeenheid op die tafel plaas. Hierdie gedagte is die eerste keer opgehaal in die verslag van 'n tydelike kommissie wat tydens die sinodesitting moes ingaan op die "Kerkregtelike Posisie van die Sendelinge en Aanverwante Sake". Die Sinode het besluit om 'n gedeelte van die verslag op die volgende vergadering van die Federale Raad van NG Kerke te berde te bring (Acta Synodi, NG Sendingkerk 1966:289). Die toepaslike formulering wat in gedagte was sou later duidelik blyk, naamlik : "Daar moet voorts gesoek word na die regte orgaan om uitdrukking te gee aan die wesenlike eenheid van die Kerkverband tussen die Moeder en die Dogterkerke deur die uitbouing van die Federale Raad van die NG Kerke tot 'n volwaardige Sinode met jurisdiksie oor Leer en Liturgie" (Acta Synodi, NG Sendingkerk 1970:119).

Tydens die Sinode van 1970 het 'n verslag insake "'n Ondersoek na die Selfstandigheid van die NG Sendingkerk" voor die Sinode gedien. Hierdie

verslag het onder andere ook die verslag van die Tydelike Kommissie van 1966 ingesluit. Die Sinode het kennis geneem dat die gesprek in die Federale Raad nie verder gevorder het as slegs maar die begeerte om die eenheid in nouer betrekkinge te handhaaf nie. Die Sinode spreek hom sterk uit ten gunste van kerklike eenheid en sy soeke na eenheid in die NG Kerkfamilie: "Die HE Sinode van die NG Sendingkerk in SA spreek dit as sy diepe begeerte uit dat die Federale Raad van NG Kerke uitgebou sal word tot 'n volwaardige Algemene Sinode met jurisdiksie oor Leer en Liturgie om daardeur uitdrukking te gee aan die wesenlike eenheid van die kerk wat gegrond is op dieselfde Gereformeerde belydenis" (Acta Synodi, NG Sendingkerk 1970:309; Mettler 1979:78).

Die idee van die omskepping van die Federale Raad van NG Kerke in 'n Sinode is deur die Sendingkerk se verteenwoordigers op die vergadering van die organisasie in 1972 voorgehou (Mettler 1968:27). Die Raad het besluit om die status quo te handhaaf. 'n Aantal praktiese besware het aanleiding tot die besluit gegee, naamlik:

- 'n Sinode waarvan die ressort vanaf die Kaap tot in Sentraal-Afrika strek sal groot finansiële kostes tot gevolg hê;
- Dit is onbevredigend om 'n Sinode te verklein;
- Die Sinodes van Mkoma en Salisbury behoort reeds tot die Algemene Sinode van Midde-Afrika Presbiteriaans;

- Die aantal afgevaardigdes na die ekumeniese liggame soos byvoorbeeld die Gereformeerde Ekumeniese Sinode sal dan verminder moet word aangesien nie agt Sinodes verteenwoordig sal word nie, maar slegs een gesamentlike Sinode (Loff 1998:257).

Hierdie redes is egter nie oortuigend nie en wek die indruk dat ander onuitgesproke beginsels hier swaarder geweeg het as 'n opregte soeke na eenheid in die NG Kerkfamilie. Tog moet ook met Kunneke (1993:252) saamgestem word dat "Die Federale Raad is binne die konteks van die gereformeerde kerkreg nie 'n uitdrukking van kerkverband nie terwyl eenheid en kerkverband nie van mekaar geskei kan word nie."

Die NG Sendingkerk het in 1974 tydens sy volgende sinodesitting sy vorige besluit herhaal, naamlik: "Die Sinode herbevestig sy wens dat die kerke van Gereformeerde belydenis deur 'n belydenis-Sinode verenig sal word, soos besluit by sy Sinode van 1970" (Acta Synodi, NG Sendingkerk 1974:382).

Gedurende die volgende jaar het die Algemene Sinode van die NG Kerk in Afrika ook tot die gesprek rondom kerkvereniging toegetree. Een van die belangrikste besluite van hierdie Sinode in 1975 te Worcester was juis die uitspraak ten gunste van die strukturele vereniging van die verskillende NG Kerke in Suid-Afrika (Acta Synodi, NG Kerk in Afrika 1975:253). Hierdie Sinode word tereg 'n waterskeiding in die geskiedenis van die NG Kerk in Afrika genoem, aangesien die Sinode hom ook duidelik teen apartheid uitgespreek het. "Die NGKA het

onafhanklik begin optree en in 1975 lidmaatskap van die SARK verkry – die eerste NG Kerk om dit te doen" (Crafford & Gous 1993:372).

Die Reformed Church in Africa het met verloop van tyd by die eenheidsgedagte aangesluit. Reeds in 1976 het die Reformed Church in Africa gekies "for one Reformed Church instead of a family of four DR Churches" (Acta Synodi, NG Sendingkerk 1978:55). In Oktober 1980 het dié kerk besluit om een te word met die NG Sendingkerk en daarmee die deur oop te hou vir ander NG Kerke om ook aan te sluit. Hul hoofdoel bly egter steeds 'n strewe na 'n "multilateral church union". "Within the Reformed Church in Africa (R.C.A.) there is a strong desire for unity with the other members of the Federal Council of D.R. Churches" (Cronjé 1982:80).

Tydens die vergaderings van die Gereformeerde Ekumeniese Sinode het die NG Kerk in 'n toenemende mate ook die afgevaardigdes van die NG dogterkerke in die frontlinie teenoor hom aangetref. Suid-Afrika het egter in hierdie tyd in 'n toestand van spanning gekom. Die swart jeug het die verset teen die blanke regime opgeneem. Die studente-onluste in Soweto in Junie 1976 het 'n skokgolf deur die hele land gestuur. Onrus was nie net beperk tot Soweto nie, maar het ook na die res van die land oorgespoel.

Die gebeure in Soweto en die anti-apartheidstryd se verskerping in die gesprekke tussen kerke het duidelik in Augustus 1976 tydens die Gereformeerde

Ekumeniese Sinode in Kaapstad weerklank gevind. Die NG Sendingkerk het as gasheer vir hierdie besondere geleentheid opgetree (Crafford & Gous 1993:368).

Na afloop van die vergadering het die NG Kerk die inisiatief geneem en 'n versoeningsbyeenkoms gereël. By laasgenoemde vergadering is 'n ad hoc-kommissie vir een kerkverband vir die NG Kerkfamilie saamgestel. Die kommissie het aanbeveel dat 'n oorkoepelende sinode vir die NG Kerkfamilie ingestel sal word. Die Sinode sou jurisdiksie oor belydenis, leer, kerkorde en sake wat die kerke gesamentlik raak, hanteer (Hofmeyr 1996:333).

Die daaropvolgende vergadering van die Federale Raad het die aanbeveling aanvaar. Die Reformed Church in Africa het die ander lede van die NG Kerk-familie uitgenooi om oor die implementering van dié besluit te beraadslaag. Tydens die byeenkoms was die NG Kerk, die NG Sendingkerk en die RCA teenwoordig. Die NG Kerk in Afrika was egter afwesig. Mettertyd het die bevrydingstryd in felheid toegeneem en die NG Kerk se voortdurende vassteek teen eenwording het die kerk se herenigingsproses gekortwiek.

Op inisiatief van die Reformed Church in Africa is twee vergaderings gehou om gesprek te voer rondom die saak van kerkeenheid. Hierdie vergaderings is onderskeidelik op 21 April 1978 in Durban asook op 30 en 31 Mei 1978 in Kaapstad gehou en is deur die verteenwoordigers van die NG Kerk, NG Sendingkerk, NG Kerk in Afrika en die Reformed Church in Africa bygewoon. Die

vrug van hierdie vergaderings is opgeneem in 'n memorandum wat onder andere die vier verskillende kerke se standpunte rondom die saak weergegee het. Die Memorandum het voor die Sinode van die Sendingkerk tydens sy sitting in 1978 gedien (Acta Synodi, NG Sendingkerk 1978:24).

In die gesprek rondom kerklike eenheid het dit duidelik geword dat daar nie meer langer van kerkeenheid in terme van 'n abstrakte gedagte gepraat kon word nie, maar daar moes op kerkvereniging toegespits word. 'n Uitdruklike onderskeid is tussen "church unity" en "church unification" gemaak (Acta Synodi, NG Sendingkerk 1978:51-58; Loff 1998:257).

In die lig van bogenoemde was dit duidelik dat die uitgangspunt om bloot die Federale Raad te omskep in 'n Algemene Sinode nie 'n doel opsigself kon wees nie, maar dat dit hoogstens 'n stap in die proses tot kerkvereniging kon wees. Die NG Kerk het juis daarom bly volhard in sy verset teen die vervanging van die Federale Raad met 'n Sinode. "Die sinodale besluite van die jonger kerke vra met toenemende ongeduld en hewigheid vir nouer eenheid – strukturele eenheid in een kerklike struktuur met een Algemene Sinode" (Geldenhuys 1982:126).

In Maart 1978 in Bloemfontein is die saak op die spits gedryf toe die Federale Raad vergader het. Die Raad het egter besluit om by sy lidkerke aan te beveel dat 'n Sinode gevorm word en dat die Federale Raad behou word as skakelliggaam. Daar moes 'n oorkoepelende Sinode geskep word met 'n

jurisdiksie oor die belydenisskrifte van die kerk, die kerkorde en alle ander sake wat direk op die gemeenskaplike belange betrekking het. Geldenhuys (1982:126) merk tereg op dat "In hierdie voorstel was daar geen sprake van kerklike eenwording nie. Dit was alleen 'n poging om ons wesenlike eenheid ook prakties gestalte te gee in 'n vergadering wat gesag sou hê oor ons gemeenskaplike belange." Die vraag het nou ontstaan of daar gewerk moet word in die rigting van 'n oorkoepelende Sinode of strukturele kerkvereniging.

Op Saterdag, 22 September 1978, neem die NG Sendingkerk tydens sy sinodesitting 'n belangrike prinsipiële besluit oor kerkvereniging: "Aangesien die Nuwe Testament die eenheid van die Kerk as liggaam van Christus baie duidelik leer, besluit die Sinode om die beginsel van eenwording van die NG Kerke in Suid-Afrika te aanvaar" (Acta Synodi, NG Sendingkerk 1978:488). 'n Paar dae later neem die Sinode na indringende gesprek die volgende besluit:

- "Die HE Sinode herbevestig sy erkenning en aanvaarding van die wesenlike eenheid wat daar kragtens die gemeenskaplike geloof in en verbondenheid aan dieselfde Here en sy Woord en kragtens die erkenning van dieselfde belydenis en kerkregering tussen die NG Kerkverbande bestaan.
- Die Sinode vereenselwig hom met die beginsel van die Gereformeerde kerkreg waarvolgens 'n oorkoepelende Sinode onhoudbaar is tussen Sinodes van kerke waarvan die gemeentes nie institusioneel aan mekaar verbonde is nie.

- Die HE Sinode besluit gevolglik dat kerkvereniging vanaf gemeentevlak beskou moet word as die enigste Gereformeerde basis waarop onderhandelinge gevoer sal word met die oog op die konkrete realisering van die Godgegewe eenheid binne die familie van die NG Kerke.
- ...Indien een of ander kerk of kerke nie hul weg tot sodanige onderhandelinge oopsien nie, mag die onderhandelinge nie versand nie, moet daarmee voortgegaan word en moet die deur altyd oop bly vir die ander kerk of kerke vir latere aansluiting. U sal opmerk dat geen bepaalde formule met die oog op onderhandeling aangebied word nie. Die rede is voor die handliggend nl.:die betrokke kommissie van die NG Sendingkerk moet die wydste onderhandelingsmoontlikheid kry" (Acta Synodi, NG Sendingkerk 1978:495-496).

Die NG Sendingkerk het hiermee sy vorige besluit van 1970 vir die instelling van 'n oorkoepelende Sinode verruil vir die gedagte van kerkvereniging vanaf gemeentevlak na uiteindelik rings- en sinodalevlak (Adonis 1982:210).

Hierteenoor het die NG Kerk tydens sy Sinode van 1978 'n ander standpunt gehuldig. "1.Die Sinode verklaar:

1.1 dat die daarstelling van sinodes nie tot die wese van die kerk behoort nie, maar tot die welwese;

1.2 dat daar nie gereformeerde kerkregtelike gronde bestaan vir die vorming van

'n oorkoepelende sinode wat bindende besluite vir outonome kerke kan neem nie,

1.3 dat 'n gesagdraende oorkoepelende sinode nie noodsaaklik is om óf sake van gemeenskaplike belang te bespreek óf uitdrukking te gee aan eenheid tussen outonome kerke van die Ned. Geref. Kerkfamilie nie;

1.4 dat 'n oorkoepelende sinode wat bindende besluite neem, inbreuk op die outonomie van die selfstandige sinodes impliseer" (Acta Synodi, NG Kerk 1978:891-895).

Met hierdie besluit het die NG Kerk gehou by sy beleid soos wat dit gekonstateer is in *Ras, Volk en Nasie*. "Die beleidstandpunt van die Ned. Geref. Kerk staan teenoor die belydenisstandpunt van die NG Sendingkerk" (Kunneke 1993:256).

Die Reformed Church in Africa het ook in 1980 weereens bevestig dat 'n oorkoepelende sinode 'n onvoldoende uitdrukking sal wees van die kerkeenheid wat hulle begeer (Acta Synodi, Reformed Church in Africa 1980:10). Rondom die kwessie van kerkvereniging het dieselfde Sinode die volgende besluit: "Although the R.C.A. is ultimately striving for multilateral church union, Synod in principle decides, as a first step towards church union, to enter into full fledged union with the N.G. Sendingkerk leaving the door open for other members of the family of Dutch Reformed Churches. The Synodical Committee is instructed to negotiate with the Moderamen of the N.G. Sendingkerk on union" (Acta Synodi, Reformed Church in Africa 1980:7-8).

Die NG Sendingkerk het tydens sy sinodesitting van 1982 kennis geneem dat daar tydens die reses weinig vordering in terme van kerkvereniging gemaak is en dat slegs samesprekings met die Reformed Church in Africa gehou is (Acta Synodi, NG Sendingkerk 1982:12 en 554).

Die NG Kerk in Afrika was van mening dat al die kerke van die NG Kerkfamilie by gesprekvoering betrek moet word en het dus nie hul weg oopgesien om net met sekere kerke alleen te onderhandel nie. Die NG Kerk was bereid om oor kerkeenheid te praat, maar dan slegs as 'n onderdeel van 'n veel langer sakelys (Acta Synodi, NG Sendingkerk 1982:28-29). 'n Aantal konferensies vir moderature is gehou en by só 'n geleentheid is 'n drietal stellings opgestel om aan die Algemene Sinode van die NG Kerk voor te lê. Die stellings het gehandel oor die strukturele eenheid van die NG Kerkfamilie, Apartheid en die kriteria vir kerklike verhoudinge.

Die NG Sendingkerk het egter in 1986 by sy volgende sinodesitting weer eens kennis moes neem dat min vordering ten opsigte van kerkvereniging gemaak is en die gevolg was dat dié saak bykans tot stilstand gekom het. Teleurstellend was egter die feit dat teen September 1982 "die eenheidsamesprekings vir alle praktiese doeleindes van die baan" was met die Reformed Church in Africa (Acta Synodi, NG Sendingkerk 1986:64). Die verenigingspoging het skipbreuk gelei en een van die sake wat die verhoudings geskaad het was die feit dat Ds A Bhiman, wat deur die Reformed Church in Africa opgelei is, deur die NG

Sendingkerk gelegitimeer is sonder dat die Kerk van opleiding in die saak geken is. Ds Perold de Beer (soos aangehaal in Crafford & Gous 1993:371) wys daarop dat die Reformed Church in Africa sedertdien net geïnteresseerd was in 'n eenheidsgesprek wat al vier die NG Kerke in Suid-Afrika betrek. Vordering op die gebied van kerkvereniging sou binnekort op die agtergrond geskuif word en dit moes plek maak vir belydenisvorming wat die sentrale plek ingeneem het.

## 5.6 Die vergadering van die Wêreldbond van Gereformeerde Kerke: Ottawa 1982

Die Wêreldbond van Gereformeerde Kerke is die oudste en grootste gereformeerde ekumeniese liggaam ter wêreld. In Augustus 1982 is hierdie organisasie se vergadering in Ottawa, Kanada gehou. Reeds voor die vergadering was daar aanduidings dat die NG Kerk "sou deurloop op die byeenkoms" (Van der Merwe 1990:316). Op uitnodiging het dr Allan Boesak, predikant in die NG Sendingkerk, 'n referaat oor rassisme gelewer. "In die lig van die inhoud van hierdie referaat was dit duidelik wat die Ned. Geref. Kerk te wagte kon wees. Dit sou slegs die begin wees van 'n goed georkestreerde poging om die Ned. Geref. Kerk en sy beleid finaal voor die wêreld te ontmasker. Hierin sou Allan Boesak 'n reuse rol speel" (Van der Merwe 1990:325).

Op Dinsdag, 17 Augustus 1982, is die vergadering met 'n nagmaalsdiens geopen en by die diens is 'n verklaring aan die afgevaardigdes deur 'n afgevaardigde van

die NG Kerk in Afrika voorgelees waarin gesê is dat sommige afgevaardigdes nie hul weg oopsien om aan die nagmaal deel te neem nie. Hierna het elf Suid-Afrikaners, waaronder Boesak, die nagmaaldiens verlaat. "Hierdie optrede (het), meer as enige dokument of toespraak die onoorbrugbare kloof tussen die Ned. Geref. Kerk en sommige Swart lidmate van die jon(g)kerke geartikuleer" (Van der Merwe 1990:327-328).

Dr Beyers Naudé het 'n groeteboodskap aan die vergadering gestuur waarin hy die hoop uitgespreek het dat die vergadering 'n duidelike boodskap van hoop sal uitstuur rondom die mense wat ly deur die apartheidsbeleid in Suid-Afrika. "Een van die spykers in die doodskis van die NG en Hervormde Kerk op die Gereformeerde Kerkeberaad in Ottawa, Kanada, was 'n brief van dr. Beyers Naudé" (Die Transvaler 27 Augustus 1982:1). Die brief het beslis 'n rol in die uiteindelike besluite van die vergadering gespeel.

Op grond van die siening dat die NG Kerk die apartheidstelsel in Suid-Afrika sou regverdig het deur die evangelie en die gereformeerde belydenis te misbruik, is dié kerk se lidmaatskap opgeskort. Hierdie besluit het ook gegeld vir die Hervormde Kerk, wat ook lid van die organisasie was. Die opskorting van die lidmaatskap sou van toepassing bly totdat die twee kerke deur hul uitsprake en optredes sou bewys dat hulle van oortuiging verander het (Gaum 1997:38). Apartheid is tot 'n dwaalleer verklaar en dr Allan Boesak is by die geleentheid

eenparig verkies tot president van die Wêreldbond van Gereformeerde Kerke (Naudé 1995:118).

Die NG Kerk is voor 'n kruispad geplaas waarin kritiese selfondersoek aan die gang moes kom en waar 'n nuwe, vars siening aangeneem moes word. 'n Uitdaging tot 'n nuwe begin het die NG Kerk gekonfronteer. Die NG Kerk was deels self ook verantwoordelik vir die gebeure in Ottawa aangesien talle ekumeniese gesprekke sedert 1974 duidelik daarop gedui het dat die kerk se beleid onbevredigende antwoorde gebied het. Die beleid van afsonderlike ontwikkeling soos verwoord in *Ras, Volk en Nasie* het eenvoudig nie die mas opgekom nie en kon nie water hou nie. "Die Ned. Geref. Kerk moes terug na die tekenbord, moes weer gaan dink, maar meer nog, moes ook gaan doen!" (Van der Merwe 1990:358).

Binne weke na die vergadering van die Wêreldbond van Gereformeerde Kerke het die NG Sendingkerk se Sinode te Belhar in Kaapstad vergader. Die golf van invloed vanaf Ottawa sou hier straks duidelik blyk. Die NG Kerk kon dit nie ignoreer nie.

## 5.7 Die NG Sendingkerk verwoord verdeeldheid

Die gebeure in Ottawa en die verskille op die Federale Raad van Kerke het vervreemding in die hand gewerk. 'n Skynbaar onoorbrugbare kloof het stellig

tussen veral die NG Kerk en die NG Sendingkerk stelling ingeneem. Soos daarop gewys, het die NG Sendingkerk reeds in 1978 'n besluit rondom apartheid geneem. Die standpunt van die NG Kerk het hierteenoor gestaan en dit het die weg gebaan vir die besluite van die NG Sendingkerk in 1982.

### 5.7.1 Die verklaring van 'n status confessionis

Die NG Sendingkerk se drie en twintigste sinodale vergadering het op 22 September tot 6 Oktober 1982 plaasgevind. Die Handelinge van die vergadering van die Wêreldbond van Gereformeerde Kerke in Ottawa het via die verslag van die kommissie van Ekumeniese Sake op die tafel van die Sinode gekom. Reeds voor die sinodesitting is die besluite van die betrokke vergadering amptelik gepubliseer en het dit ook op 16 September 1982 in *Die Ligdraer*, amptelike blad van die NG Sendingkerk, verskyn.

Op Vrydag, 1 Oktober 1982, het die eerste verslag van die Tydelike Kommissie vir Ekumeniese Sake aan die orde gekom. Die verslag het uit twee afdelings bestaan waarvan die eerste die aanbevelings van die afgevaardigdes na Ottawa ingesluit het en hiervan is kennis geneem. Die tweede afdeling het gehandel oor die NG Sendingkerk en Apartheid. Die voorstel van die kommissie aan die Sinode het direk hieruit gevloei. Die vergadering het die volgende besluit geneem: "Omdat die sekulêre evangelie van Apartheid ten diepste die belydenis van versoening in Jesus Christus en die eenheid van die Kerk van Jesus

Christus in sy wese bedreig, verklaar die NG Sendingkerk in SA dat dit vir die Kerk van Jesus Christus 'n *Status Confessionis* daarstel" (Acta Synodi, NG Sendingkerk 1982:706).

Hierna het die Sinode ook die volgende besluit goedgekeur: "Ons verklaar dat apartheid (afsonderlike ontwikkeling) 'n sonde is, dat morele en teologiese regverdiging daarvan 'n bespotting van die evangelie is en dat sy volgehoue ongehoorsaamheid aan die Woord van God, 'n teologiese kettery is" (Acta Synodi, NG Sendingkerk 1982:706).

"Streng gesproke beteken die uitdrukking *status confessionis* dat 'n Christen, 'n groep Christene, 'n kerk of groep kerke oordeel dat 'n situasie ontstaan het, 'n oomblik van waarheid aangebreek het waarin niks minder nie as die evangelie self, hul mees basiese belydenis aangaande die Christelike evangelie, op die spel staan, sodat hul verplig voel om daarteenoor te getuig en te handel" (Cloete & Smit 1984:22). In *Die Kerkbode* van 4 April 1984 verduidelik die NG Sendingkerk in 'n skrywe aan die NG Kerk dat *status confessionis* vir hulle beteken "dat ons hierdie saak as 'n geleentheid beskou waaroor dit onmoontlik is om te verskil sonder om die integriteit van ons gemeenskaplike belydenis as gereformeerde kerke ernstig in gevaar te stel."

Prof Gustav Bam het die Sinode gewys op die implikasies van die afkondiging van 'n *status confessionis* en wat dit vir die kerk inhou. Volgens Bam beteken die

staat van belydenis: "Die geloof word duidelik bely en die valse leer wat hiermee strydig is, duidelik afgewys" (Acta Synodi, NG Sendingkerk 1982:605).

Die Sinode het hom verder in geen onduidelike taal uitgespreek teen die NG Kerk se standpunt: "Die NG Kerk glo, na die Sinode se oortuiging, in die ideologie van apartheid wat direk in stryd is met die Evangelieboodskap van versoening en die sigbare eenheid van die Kerk. Daarom bring die Sendingkerk besluit van 1978 (soos prinsipieel beredeneer in Afdeling 1) mee dat hy nie anders kan as om met die diepste leedwese die NG Kerk van teologiese kettery en afgodery te beskuldig nie, gesien in die lig van haar teologiese geformuleerde standpunt en die implimentering daarvan in die praktyk. Die NG Sendingkerk doen hierdie oproep in diepe ootmoed en selfondersoek dat ons nie "terwyl ons vir ander gepreek het, self verwerplik sou wees nie", 1 Kor 9:27" (Acta Synodi, NG Sendingkerk 1982:714). Tog is dit opvallend dat hoewel dié kerk hierdie besluite geneem het, hulle tog die gesindhied geadem het dat hulle bande met die NG Kerk wou behou.

Loff (1998:264) wys daarop die Sinode sy besluite aan die NG Kerk sou oordra en vir hom dui dit daarop dat die NG Sendingkerk beoog het om die NG Kerk te laat afsien van sy gekose standpunt ten opsigte van apartheid, maar tog nog steeds sterk gevoel het om sy bande met dié kerk te behou. Hierdie droom is gebore uit die hoop op "'n uitbouing en nie 'n verbreking van ons verhouding nie" (Acta Synodi, NG Sendingkerk 1982:611).

### 5.7.2 Die Belydenis van Belhar

Hoewel die verklaring van 'n *status confessionis* nie noodwendig hoef te lei tot 'n belydenisskrif nie, het die Sinode van die NG Sendingkerk in 1982 wel geoordeel dat dit die weg is wat die kerk sou volg. Die belangrikheid van die apartheidskwessie in Suid-Afrika spreek hier mee. Reeds op die betrokke sinodesitting is 'n ad hoc-kommissie aangewys om so 'n belydenis op te stel. Die Sinode het ook 'n Tydelike Regskommissie benoem wat die prosedure sou ontwerp waarvolgens die konsepbelydenis belydenisstatus gegee sou word (Gaum 1997:34; Loff 1998:264-265).

Die ad hoc-kommissie het sy verslag aan die Sinode voorgehou en daarby was ook die aanbevelings van die Tydelike Regskommissie ingesluit. Die konsep-belydenis, asook 'n begeleidende brief is deur die vergadering goedgekeur op voorwaarde dat die beoogde konsepbelydenis eers deur die mindere kerkvergaderings beoordeel sal word voordat dit deur die Sinode afgehandel word (Acta Synodi, NG Sendingkerk 1982:637 en 749-753).

"Gedurende die reses was die gemeentes en Ringe veronderstel om die konsep-belydenis ernstig te bestudeer. Te oordeel aan die reaksie wat uit die Kerk gekom het, is dit nie 'n uitgemaakte saak dat dit oral wel gebeur het nie" (Loff 1998:265). Buite die NG Sendingkerk het die konsepbelydenis wel ook wye aandag geniet.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die Kerkbode (13 Oktober 1982:1) was eerste om op die gebeure te reageer en het sy lesers gevra om kalm na die gebeure en die konsep-belydenis te kyk. Die Algemene Sinode van die NG Kerk het slegs enkele dae na die Sinode van die NG Sendingkerk vergader. Die vergadering het kennis geneem van die amptelike skrywe van die NG Sendingkerk en het daarop gewys dat die Sinode nog nie genoegsame tyd gehad het om diepgaande studie daarvan te doen nie. "Die Algemene Sinode

1.2 wil ook sy dankbaarheid te kenne gee vir die feit dat die NG Sendingkerk nie sy bande met die Ned. Geref. Kerk wil verbreek nie maar bereidwilligheid toon om die gesprek voort te sit

1.3 wil sy hartseer en ontsteltenis uitspreek oor die onbillike beskuldiging van teologiese kettery en afgodery aan die adres van die Ned. Geref. Kerk

1.4 verseker die NG Sendingkerk dat hy steeds selfondersoek en voortgaande studie doen ten einde vas te stel of sy huidige siening met betrekking tot Kerklike- en menslike verhouding in lyn is met die eise van die Heilige Skrif is

1.5 Is bereid om onbevooroordeeld en op 'n gelyke gespreksbasis saam met die NG Sendingkerk opnuut na die Skrif te gaan ten einde te soek na die antwoorde op verskillende kwelvrae

1.6 Dra dit aan die Breë Moderatuur op om die stukke van die NG Sendingkerk te bestudeer en onverwyld met die NG Sendingkerk hieroor in gesprek te tree" (Acta Synodi, NG Kerk 1982:1403).

Die finale antwoord wat deur die Breë Modaratuur goedgekeur is het 'n lang proses deurloop en het eers op 4 April 1984 in Die Kerkbode verskyn. Positiewe sowel as negatiewe reaksie het op die antwoord gevolg. By Hammanskraal, net buite Pretoria, is 'n konferensie gehou waarby lidmate, leraars en teoloë van die NG Kerk, NG Kerk in Afrika en die NG Sendingkerk betrokke was. Die doel was om die konsepbelydenis en die Breë Moderatuur se antwoord daarop te bespreek (Die Ligdraer 1 Mei 1984:102). Na afloop van die konferensie is besluit om 'n brief aan die moderatuur van die NG Sendingkerk te stuur waarin instemming en ondersteuning vir die belydenis gegee word (Van der Merwe 1990:426).

Die Sinode van die NG Sendingkerk het in 1986 die konsepbelydenis ter tafel geneem. Geen nuwe besware daarteen, of verbeterings daarvan is sedert die Sinode van 1982 geopper nie. Die enigste beswaar was teen die formulering van punt 4 in die konsep-belydenis naamlik: dat God "op 'n besondere wyse die God van die noodlydende, die arme en die verontregte is" (Acta Synodi, NG Sendingkerk 1986:891). Op Vrydag, 26 September 1986, het die Sinode die Belydenis van Belhar aanvaar en die volgende dag is geleentheid gegee vir almal wat daartoe vrymoedigheid het om die belydenis te onderteken (Acta Synodi, NG Sendingkerk 1986:719 en 914-917).

By herhaling is dit beklemtoon dat die eenheidsoekende motief van die Belydenis van Belhar hoë prioriteit moet geniet. Dit sou van die allergrootste belang wees

ook in die daaropvolgende jare, veral ten opsigte van die kerkverenigingsproses in die NG Kerkfamilie. "Met sy belydenis bied die NG Sendingkerk homself aan as kerk en vra om gemeenskap met die ander kerke op grond van die waarheid soos in hierdie belydenis vervat. Deur só die waarheid te bely oor die sake waarom dit gaan, besweer die NG Sendingkerk die gevaar dat daar binne die NG Kerk-familie voortgeleef sal word in oënskynlike eenheid wat in werklikheid niks anders is nie as 'n skyneenheid...Ter wille van die waarheid plaas die Belhar-belydenis die skynbare eenheid op die spel, sodat die ware eenheid na vore kan kom" (Durand 1984:47).

Die Belydenis van Belhar, hoewel dit uit 'n negatiewe atmosfeer gebore is, het 'n positiewe invloed op die denke van die NG Kerk uitgeoefen. In die kring van die NG Kerkfamilie is die NG Kerk nou voor 'n keuse gestel naamlik óf hy beweeg weg van sy ou weë óf die jongerkerke, by name die NG Sending word van hom vervreem.

Hoewel dit die bedoeling van die belydenis was om eenheid teweeg te bring, moet daar helaas erken word dat hierdie belydenis sedert 1990 eerder 'n groot struikelblok op die weg van kerkeenheid geword het. Die kerkregtelike implikasies was dat dit beteken het dat al die kerke wat aan die kerkvereniging wou deelneem die belydenis moes onderskryf of die NG Sendingkerk moes van die belydenis afstap. Hoewel die positiewe invloed van die belydenis nie gering geskat mag word nie, wil dit voorkom of die nadele veel swaarder weeg. Die

vraag ontstaan of 'n belydenis werklik die enigste wyse was waarop die NG Sendingkerk sy stem kon laat hoor het. Van der Merwe (1990:439) is korrek as hy die opmerking maak: "Op die ou end moet gevra word of die kool die sous werd was. In die tydsgewrig waarin dit plaasgevind het, was dit waarskynlik geregverdig, maar die geskiedenis het kom toon dat dit 'n oorhaastige besluit was, 'n besluit wat nog vele probleme in die toekoms kan oplewer."

## 5.8 Suid-Afrika in die smeltkroes van konflik

Op 'n breër vlak het Suid-Afrika talle stroomversnellings beleef en ook op die politieke terrein het veranderinge ingetree. Wydverspreide onrus teen apartheid het veral in die swart woonbuurtes toegeneem, en dit het tot gevolg gehad dat 'n noodtoestand in 1985 afgekondig is. Wêreldwye sanksies is toegepas, werkers-unies tree sterk op die voorgrond as instrumente vir politieke verandering en stakings by veral die goudmyne het hierdie tydperk gekenmerk (Crawford 1989:69-87; Davenport 1991:307-322). Die Staatspresident se toespraak op 2 Februarie 1990 was 'n keerpunt in die politieke omwenteling in Suid-Afrika. 'n Nuwe era in die politieke bestel het op die horison verskyn.

Op die kerklike terrein het hierdie gebeure nie ongesiens verbygegaan nie. 'n Sterk opkoms van die Bevrydingsteologie en Teologie van die Revolusie was ook merkbaar in die sogenaamde "Swart teologie" in Suid-Afrika. Potgieter (1986:14) verwys selfs na Allan Boesak, leier in die NG Sendingkerk, "as belangrikste Suid-

Afrikaanse eksponent" van die Teologie van Bevryding in 'n Derdewêreld model. God is as bevryder van die onderdruktes gesien. Die hermeneutiese sleutel vir die Skrifontsluiting lê in die Swart ervaring, naamlik dat die Swart gemeenskappe die bedreiging van hul menswaardigheid en regte voortdurend ervaar. Schulze (1981:9-10) wys daarop dat die Swart Teologie gepropageer is "deur die Christelike Instituut met sy lyfblad *Pro Veritate*" en sluit dan af: "Ons hoor ook iets daarvan in die liggame soos die SARK" (Suid-Afrikaanse Raad van Kerke). Die NG Kerk in Afrika het reeds sedert 1966 waarnemende lidmaatskap by die SARK gehad en in 1975 'n volwaardige lid geword. Die NG Sendingkerk en die Reformed Church in Africa het onderskeidelik in 1973 en 1974 dié kerk se voorbeeld gevolg (Crafford & Gous 1993:352).

Die Instituut vir Kontekstuele Teologie is in 1981 gestig as instrument om die Bevrydingsteologie in Suid-Afrika te bevorder. Die Instituut was 'n uitvloeisel van die SARK. Gedurende September 1985 is die beperking op 'n dokument met die titel: "The Kairos Document – Challenge to the Church" beëindig. "The origin of the Kairos Document (KD) is a direct result of and reaction to the intensified implementation of the apartheid policy and the state of emergency" (Hofmeyr & Pillay 1994:288). Frank Chikane, sekretaris-generaal van die SARK, het twee maande na die aankondiging van die noodtoestand, hierdie dokument deur persverklarings aan die wêreld bekend gestel. Honderd een en vyftig kerkleiers en lidmate het die dokument onderteken, waaronder nagenoeg vyf en twintig uit die NG Kerkfamilie gekom het. Die meerderheid hiervan was afkomstig van die

NG Sendingkerk. Uit die NG Kerk het Dr B Naudé en W Saayman die dokument onderteken.

Die *Kairos-Dokument* wys daarop dat daar drie Teologieë in Suid-Afrika is, naamlik die Staatsteologie, Kerkteologie en die Profetiese teologie. Die Staats - teologie is sogenaamd gesteun deur die NG Kerk en ander Afrikaanse kerke. Die Kerkteologie word verteenwoordig deur die sogenaamde Engelse kerke en die Profetiese teologie word as antwoord vir die situasie in Suid-Afrika aangebied (Crawford 1989:115-117). Hiervolgens word die kerk opgeroep om aktief in die stryd betrokke te raak. Burgerlike ongehoorsaamheid moet bevorder word. Die kerk kan nie net bid vir verandering nie, maar moet sy lede mobiliseer daarvoor (Oktober'46 (Serkos) Maart 1986:1-7; Potgieter & Smit 1986:30-36 en Family Protection Scoreboard s.a.:42-43).

In Desember 1985 is 'n konferensie in Harare, Zimbabwe, deur die Wêreldraad van Kerke byeengeroep. By hierdie geleentheid is die sogenaamde "Harare Deklarasie" uitgereik. Hiervolgens is die kerk binne en buite Suid-Afrika opgeroep om ondersteuning aan bewegings soos die ANC en PAC te gee. Die opheffing van die noodtoestand in Suid-Afrika, die vrylating van Nelson Mandela, die opheffing van die verbod op sekere organisasies en die terugkeer van bannelinge na Suid-Afrika is bepleit (Family Protection Scoreboard s.a.:44).

In Mei 1987 is 'n soortgelyke konferensie in Lusaka, Zambië, deur die Wêreldraad van Kerke byeengeroep. Daar is erken dat die implementering van die Harare Deklerasie skipbreuk gely het. Die sogenaamde "Lusaka Verklaring" is uitgereik waarin die standpunt van die Harare Deklerasie in sterker terme verwoord is. Die konferensie besluit om die bevrydingsbewegings naamlik SWAPO, ANC en PAC as verteenwoordigende organisasies van die mense van die onderskeie lande te verklaar en dus hul reg om die lande te regeer. Ook is geweld aangespreek: "We recognize that the nature of the South African regime... compels the movements to use force to end oppression" (Soos aangehaal in Family Protection Scoreboard s.a.:45).

## 5.9 Evaluering

5.9.1 Die NG Kerk het gekies om die pad te loop van ondersteuning en selfs Skriftuurlike regverdiging van die apartheidsbeleid van die regering van die dag. Dit het die Kerk onwillekeurig op die pad van isolasie geplaas.

5.9.2 Die keuse wat die NG Kerk gemaak het ten opsigte van die beleid van Apartheid het nie net isolasie tot gevolg gehad nie, maar het ingrypende gevolge gehad in die verhoudings van die kerke in die NG Kerkfamilie. Verwydering het ingetree en die gebeure by Cottesloe was nie net 'n waterskeiding nie, maar het die vertroebeling in die verhoudings gereflekteer. Apartheid het die verskeurdheid verder verhard en eenheid het op die agtergrond geskuif.

5.9.3 Twee denkstrome in die NG Kerk het na vore getree naamlik die ondersteuners wat apartheid volledig ondersteun het en die groep wat die kritiek met erns benader het. Hierdie verskillende standpunte sou al duideliker na vore tree in die geskiedenis van die NG Kerkfamilie en sy soeke na eenheid.

5.9.4 Kritiek teen apartheid en die NG Kerk se ondersteuning daarvan, moreel en teologies, het uit die jonger kerke gekom asook binne eie geledere. Groot druk is op predikante en teoloë geplaas wat nie die apartheidsteologie wou ondersteun nie.

5.9.5 Hierdie kritiek uit die jonger kerke het ook gelei tot 'n eenheidstrewe onderling met mekaar.

5.9.6 Breuk in die familieverhoudings het gekom tussen die NG Kerk, die NG Sendingkerk en die NG Kerk in Afrika. Die onaangename gebeure in die geskiedenis was die gevolg van hardkoppigheid en selfs moedswilligheid by die betrokke partye.

5.9.7 Die NG Sendingkerk het hierdie verdeeldheid en verwydering verwoord deur die verklaring van 'n Status confessionis en die uiteindelike goedkeuring van die Belydenis van Belhar. Die vraag ontstaan of 'n belydenis werklik die enigste wyse was waarop die NG Sendingkerk sy stem kon laat hoor!

5.9.8 Eenheid in die NG Kerkfamilie was in gevaar!

# HOOFSTUK 6

# VERANDERDE PERSPEKTIEWE EN KERKVERENIGING DUI 'N NUWE RIGTING AAN

## 6.1 Die NG Kerk se koersverandering skep 'n nuwe klimaat vir eenheid

Sedert die tagtigerjare het die NG Kerk homself telkemale in 'n posisie bevind waarin hy sy volgehoue beleid van afsonderlike ontwikkeling en sy ondersteuning van die apartheidsbeleid moes verdedig. In die twee dekades wat sou volg moes die NG Kerk herbesin oor sy posisie en standpunte, veral ook ten opsigte van die NG Kerkfamilie waartoe hy behoort.

### 6.1.1 Herbesinning en reformasie is onafwendbaar

Die tyd het aangebreek dat die NG Kerk sy eie teologie in oënskou moes neem. Die stemme binne die NG Kerkfamilie asook die wêreldwye oproepe tot herbesinning het begin om leraars en lidmate te beweeg om die gesprek rondom die kerk se standpunt ten opsigte van apartheid te stimuleer. Die gebeure in Ottawa en die Belydenis van Belhar het hier meegespreek. Die Skrif moes eenvoudig duideliker spreek as die praktyk. Die NG Kerk moes apartheid as sonde veroordeel en sy aandeel daaraan bely. Die kerk se stem moes ook

duideliker spreek ten opsigte van die sosiaal-maatskaplike probleme op elke terrein van alle bevolkingsgroepe.

Die kerkeenheid binne die NG Kerkfamilie moes hoë prioriteit geniet en die NG Kerk moes werk om gestalte te gee aan hierdie eenheid. Hy sou moes breek met sy beleid van verskeidenheid en afsonderlike kerke. Sy beleidstuk *Ras, Volk en Nasie* het eenvoudig nie meer kop bo water gehou nie. Die Sinode van 1982 besluit gevolglik "dat Ras, Volk en Nasie indringend in die lig van die Skrif hersien word vir oorweging deur die volgende Algemene Sinode" (Acta Synodi, Algemene Sinode NG Kerk 1982:1182). 'n Studiekommissie het die besondere taak ontvang en die Sinode het die opdrag duidelik gestel dat die beleid opnuut aan die maatstaf van die Skrif getoets moes word, in eenvoudige taal geskryf moes wees en die praktiese implikasies moes duidelik uitgespel word (Acta Synodi, Algemene Sinode NG Kerk 1982:1201-1204 en 1380). Die NG Kerk het sinodokraties opgetree ten opsigte van die versoek van die Reformed Church in Africa in 1980 dat daar nie weer 'n eensydige studieprojek rondom rasseverhoudinge onderneem sal word nie. 'n Voorstel wat aan die versoek sou voldoen is verwerp.

Oor kerklike eenheid, by name die strukturele eenheid, bevestig die Sinode maar bloot sy besluit van 1978 en koppel die hele saak weer aan 'n oorkoepelende sinode (Acta Synodi, Algemene Sinode NG Kerk 1982:1388). Kunneke (1993:261) konkludeer met reg dat: "Die herhaalde verbinding van strukturele

kerkvereniging met 'n oorkoepelende sinode in 1982 is 'n tegniek of strategie wat gebruik is om die saak te vertroebel en werklike gesindhede te verdoesel." Die NG Kerk sou ook hieroor meer duidelik moes spreek. Gesprek is aangevra met die NG Sendingkerk rondom die beskuldiging van kettery en afgodery. Prof Jonker beskryf die Sinode van 1982 soos volg: "Wat my betref, was die sinode van 1982 'n laagtepunt in die geskiedenis van die kerk. Maar dit was ook 'n draaipunt. Soos dit dikwels gaan: as die nag op die donkerste is, is die dagbreek naby" (Jonker 1998:170).

Die NG Kerk het voor 'n draaipunt in die pad na eenheid gestaan. Gesindhede moes uitgeklaar word en die kerk was op die vooraand van sy terugkeer op die weg na versoening in die NG Kerkfamilie. Die tafel was gedek vir die nuwe weg wat die NG Kerk sou inslaan.

Op verrassende wyse het die Kaapse Sinode van 1983 rigtinggewende besluite rondom apartheid geneem en was dit duidelik dat die kerklike debat 'n nuwe rigting ingeslaan het. Die verbod op gemengde huwelike en die Ontugwet is albei deur die Kaapse Sinode as teenstrydig met die Woord van God, en die beginsels van die Christelike etiek, afgewys. Afsonderlike ontwikkeling en apartheid is nie 'n eis uit die Woord van God nie en indien dit reg en geregtigheid laat geskied kan dit nie sondermeer veroordeel word nie. Blyk dit egter 'n onregverdige bestel te wees, moet dit veroordeel word (Gaum 1997:38-40; Jonker 1998:171-176).

### 6.1.2 Kerk en Samelewing 1986

Die Algemene Sinode van die NG Kerk in 1986 is 'n belangrike baken in dié kerk se pad na kerkvereniging. Op 14 Oktober 1986 het die sinodesitting 'n aanvang geneem en tydens die eerste dag se sitting is prof JA Heyns as moderator aangewys. Hy was 'n medewerker aan die beleidstuk wat later op die tafel van die Sinode sou kom.

Op 20 Oktober 1986 het *Kerk en Samelewing* aan die orde gekom. Paragraaf vir paragraaf is behandel en uiteindelik het die vergadering die verslag met sekere wysigings goedgekeur (Acta Synodi, Algemene Sinode NG Kerk 1986:658-662). Daar is ook besluit om die beleidstuk te publiseer en om dit ook in Duits en Engels te vertaal. *Kerk en Samelewing* was 'n nuwe getuienis van die NG Kerk en het onder andere die volgende belangrike sake aangeraak:

- Die gedwonge skeiding word nie as 'n Bybelse imperatief gesien nie (par 302-309).
- Die kerk is oop vir alle rasse (par 270-273).
- Rassisme is as 'n ernstige sonde uitgewys wat geen mens of kerk mag verdedig of beoefen nie.
- Die teologiese regverdiging van apartheid word as 'n fout erken en afgewys (par 304-308).

- Die Skrif verbied nie rasgemengde huwelike nie. Die kerk moet in sy pastorale arbeid egter waarsku teen verskille op die maatskaplike, kulturele en sosio-ekonomiese terreine en ander derglike velde. Pastorale begeleiding geniet hoë prioriteit (par 368).
- Die kerk is nie geroep om enige politieke beleid aan die owerheid voor te skryf nie (par 309).
- Uit die Skrif en die gereformeerde opvatting is dit duidelik dat die eenheid van die kerk 'n sigbare eenheid is. Die NG Kerk is daartoe geroep om die eenheid van die NG Kerkfamilie steeds duideliker tot uiting te bring (267-270).

Met die laasgenoemde standpunt het die NG Kerk aangedui dat hy op pad is na kerklike eenheid binne die NG Kerkfamilie. Indringende samesprekings tussen die lede van die NG Kerkfamilie moet die vraag na die sigbaarmaking van die eenheid aanspreek. Weliswaar het 'n lang pad nog voorgelê, maar die kerk het die doelwit van kerkeenheid, naamlik sigbare organisatoriese eenheid, duidelik gestel. In die lig van die feit dat die minderheidstandpunt van proff DA du Toit en AB du Toit, dat die sigbaarheid van die kerk 'n vereiste vir die eenheid is, nie goedgekeur is nie, dui daarop dat die Sinode hom nie wou verbind tot 'n vereiste nie. Nadat die betrokke paragraaf van die kommissie goedgekeur is, het 23 afgevaardigdes laat aanteken dat hul by paragraaf 207 vir die minderheid gestem het (Acta Synodi, Algemene Sinode NG Kerk 1986:656).

Die NG Kerk was op 'n nuwe koers en het weggestap van sy vorige standpunt met 'n nuwe beleidstuk. "Die Ned. Geref. Kerk het omgedraai uit die doodloopstraat uit en 'n totaal nuwe koers ingeslaan" (Van der Merwe 1990:601). Loubser (1987:113-115) sê dat, met die aanvaarding van *Kerk en Samelewing,* het die NG Kerk sy "apartheidsbybel" finaal toegemaak. "Kerk en Samelewing het die eksklusiwiteit van die Ned. Geref. Kerk as 'n kerk net vir blankes deurbreek, maar het nog nie gebreek met die binding van die kerk aan die Afrikanervolk nie" (Kunneke 1993:266).

"Dit sal tot die NG Kerk se krediet bly staan dat hy hom nie in die gebrokenheid berus het nie, maar hom in reformasie na jare van worsteling met die waarheid binne 'n apartheidsamelewing daaruit losruk. Die verdere besluit van die Sinode dat rassisme sonde is, bring bykomende hoop dat die tydvak waarin die NG Kerk blatant of subtiel voorspraak gedoen het vir uitgediende apartheid vir goed verby is" (Die Burger 22Oktober 1986:14).

Ten spyte van die feit dat die NG Kerk 'n nuwe pad betree het, sou dit nie lank duur voordat die kerk binne homself konflik beleef het juis as gevolg van sy nuwe beleidstuk nie. Nie alle lede van die NG Kerk het die beleidstuk aanvaar en dit goedgevind nie!

### 6.1.3 Protes lei tot kerkstigting

Na die ingrypende besluite rondom kontensieuse sake tydens die sinodesitting van 1986 het daar groot optimisme geheers. Hierdie besluite sou hewige reaksie uitlok. Die media, by name die dagblaaie, het die impak van hierdie besluite gereflekteer. *Die Vaderland* (20 Oktober 1986:1) rapporteer die besluite onder die opskrif: "NG Kerk bely! Apartheid was dwaling". *Die Burger* (22 Oktober 1986:1 en 7) en *Die Afrikaner* (29 Oktober 1986:4) berig onderskeidelik oor die gebeure tydens die Sinode onder die opskrifte: "Alle rasse kan lidmaat word", "Eredienste oop vir almal" en "Sinode lê grondslag vir breuk met Afrikaner".

Hoewel daar groot optimisme by die meerderheid lidmate van die NG Kerk geheers het, was daar ook lidmate wat hierdie gevoel nie gedeel het nie. Negatiewe reaksie het vanuit verskillende oorde gekom, onder andere ook vanuit politieke kringe en wel by name Dr AP Treurnicht. Prof CWH Boshoff het 'n dringende oproep tot die Breë Moderatuur gerig om so gou as moontlik 'n duidelike uiteensetting van die besluite te gee. Slegs agt dae na afloop van die Algemene Sinode van 1986 is 'n vergadering in Verwoerdburg gehou vir lidmate wat besware gehad het teen *Kerk en Samelewing*. Tydens hierdie vergadering is besluit om op 28 November 1986 'n massavergadering te reël. 'n Voortsettingskomitee is aangewys wat as studiekomitee sou dien. "Alhoewel die Ned. Geref. Kerk kritiek uit regse kringe te wagte moes wees, het die omvang daarvan almal stomgeslaan" (Van der Merwe 1990:626).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Op 28 November 1986 het nagenoeg 2500 mense in die Skilpadsaal, Pretoria, vergader. Hier is besluit om op 'n behoorlike kerkordelike wyse te onderhandel, en vertoë tot die Algemene Sinodale Kommissie te rig rakende die ontevredenheid van sommige lidmate. Terselftertyd is ook voorbereidings getref vir die stigting van 'n nuwe kerk. Die pad vorentoe was duidelik, naamlik: Wysig die besluite of maak dit ongedaan, anders verlaat ons die kerk! Volgens 'n berig in *Die Kerkbode* (1 Julie 1987) het die beswaarde lidmate vereis dat die besluite van die Sinode van 1986 herroep moes word en "dat lidmaatskap van die Ned Geref Kerk gereserveer word vir blanke Afrikaners, asook vir blankes wat hulle met die blanke Afrikanerdom vereenselwig." Uiteindelik het die besware op 'n beswaarskrif onder die titel "Geloof en Protes" uitgeloop.

Onderhandelinge tussen die Voortsettingskomitee en die Algemene Sinodale Kommissie het misluk, en op 27 Junie 1987 is besluit om 'n nuwe kerk te stig. Hoewel sommige beswaarde lidmate die saal verlaat het en nie wou meedoen aan kerkstigting nie, het die vergadering met sy besluite voortgegaan. Die Afrikaanse Protestandse Kerk (APK) is gestig. Politieke vooroordele het uiteindelik geblyk die belangrikste oorsaak tot kerkstigting te wees. Nagenoeg 40 000 lidmate en sowat 100 predikante het hulle by die nuwe kerk aangesluit. Hierdie getalle was hoofsaaklik lidmate uit die NG Kerk verteenwoordig, maar het ook lidmate vanuit die ander Afrikaanse kerke ingesluit.

Sommige lidmate wat nie die kerk verlaat het nie, het bly hoop dat *Kerk en Samelewing* by die Sinode van 1990 nietig verklaar sou word. Van hierdie lidmate het hul saamgegroepeer as die sogenaamde "Ned Geref Bond" of later bekend as "Die Afrikaanse Gereformeerde Bond". Hulle sou hul steeds beywer om rondom dié kerklike beleidstuk gesprek te voer. "Dié Bond sou een van die probleemkinders van die Ned. Geref. Kerk word" (Van der Merwe 1990:715). Crafford & Gous (1993:383) beweer dat tussen 30% en 40% van die lidmate in die NG Kerk probleme met *Kerk en Samelewing* gehad het, maar erken dadelik dat dit niks meer as 'n raaiskoot is nie. Myns insiens is hierdie raaiskoot bloot interessant, maar lewer verder geen bydrae tot die debat nie

'n Hartseer hoofstuk in die geskiedenis van die NG Kerk is afgesluit. "Vir die Ned Geref Kerk was die skeuring van 1987, 'n traumatiese gebeurtenis wat min mense in die kerk koud gelaat het... Wie beweer dat die Ned Geref Kerk se "afskeid van apartheid" nie vir hom 'n pynlike saak was waarvoor hy ook 'n groot prys betaal het nie – die verlies van duisende lidmate en interne spanning oor 'n lang tydperk – hou nie rekening met wat in die jare tagtig in en met dié kerk gebeur het nie" (Gaum 1997:45). Hieroor kan alleen maar saamgestem word.

## 6.2 Slaggate in die pad na kerklike eenheid

Die NG Kerk het 'n nuwe koers ingeslaan en hoewel hy spanning in eie geledere ondervind het, sou dié kerk gou ervaar dat daar ook duidelik spanning in die NG

Kerkfamilie bestaan het. Die pad na kerklike eenheid het nie oop voor hom gelê nie. Oral is die pad deur slaggate en blokkasies versper. Persepsies, vooroordeel en vertroebelde verhoudings het telkens die pad na eenheid bemoeilik. Die vraag kan met reg gevra word of die redes vir hierdie onuithoudbare situasie meer as bloot teologiese of kerkregtelike argumente was, en of hier nie verskuilde agendas ook meegespreek het nie?

### 6.2.1 Gesprek rondom kerklike eenheid vorder nie

Gesprekke tussen lede van die NG Kerkfamilie rondom kerkeenheid het gewissel tussen bemoedigende groei en dooiepunte, spanning en onderlinge begrip, eenheid en verdeeldheid, toenadering en verwydering. Gesprek tussen die NG Sendingkerk en die NG Kerk in Afrika het gedurende 1987 sterk momentum gekry toe hierdie twee kerke afwisselend gesprek gevoer het in Johannesburg en Belhar. Die NG Kerk en die Reformed Church in Africa is na die gesprekke genooi. Die Reformed Church in Africa het nie op die uitnodigings gereageer nie (Acta Synodi, NG Sendingkerk 1990:13). Die rede hiervoor, soos reeds genoem in 5.5 (Hoofstuk 5), kan moontlik die gedagte van die Reformed Church in Africa wees om slegs gesprek te voer op voorwaarde dat al die lede van die NG Kerkfamilie deel van so 'n gesprek uitmaak.

Op 18 Mei 1987 het gesprek tussen die NG Sendingkerk en die NG Kerk plaasgevind. By hierdie geleentheid het die NG Kerk sy agendapunte naamlik:

Kerk en Samelewing en die Belhar-belydenis op die sakelys geplaas. Die NG Sendingkerk het aangedui dat hy graag gesprek rondom kerkvereniging, legitimasie, versoening en geregtigheid wou voer. Die NG Kerk het aangedui dat hy 'n eie model vir kerkvereniging sal opstel aangesien hy hom nie met die voorstel van die NG Sendingkerk kon vereenselwig nie. Rondom *Kerk en Samelewing* het die NG Sendingkerk aangedui dat veral paragraaf 306 nie 'n klinkklare verwerping van apartheid is nie en dat die Status Confessionis nog tussen die twee kerke staan (Agenda, Algemene Sinode NG Kerk 1990:25-26).

'n Volgende ontmoeting was vir 29 Maart 1988 beplan maar intussen het dr Allan Boesak en Aartsbiskop Tutu op 13 Maart 1988 tydens 'n byeenkoms in die St Georges-Katedraal in Kaapstad, op 'n sogenaamde "Nasionale Dag vir Aangehoudenes", sekere bewerings gemaak en dit het die Algemene Sinodale Kommissie van die NG Kerk genoodsaak om met 'n verklaring daarop te reageer. As gevolg van die spanning is die vergadering van 29 Maart 1988 afgestel.

Uit die briefwisseling blyk dit dat die NG Sendingkerk sy skriftelike kommentaar oor *Kerk en Samelewing* reeds aan die NG Kerk voorsien het. Van belang is egter die feit dat die Algemene Sinodale Kommissie besluit het om geen "institutêre" of "strukturele" model voor te lê nie, maar alleen 'n "dinamiese" benadering tot die saak te handhaaf, wat evolusionêr tot 'n bepaalde model kon lei en dat op die regte gesindheid gebou moes word (Agenda, Algemene Sinode

NG Kerk 1990:41). 'n Dooiepunt is in die gesprek tussen die twee kerke bereik. Die Gereformeerde Ekumeniese Raad het deur bemiddeling die twee kerke op 6 Desember 1988 weer in Johannesburg vir verdere gesprekvoering byeengebring. 'n Tweede ontmoeting in Vereeniging het egter nie so suksesvol verloop nie.

Die NG Kerk het ook op 19 Mei 1987 met die NG Kerk in Afrika gesprek gevoer waartydens die fokuspunt die bepaalde modelle vir kerkeenheid was. Weens die geskil rondom Boesak en die dooiepunt tussen die NG Kerk en die NG Sendingkerk het hierdie samesprekings ook tot stilstand gekom en sou dit eers in Julie 1990 hervat word. Die Reformed Church in Africa het die NG Kerk op 22 Mei 1990 ontmoet, waartydens die Reformed Church verklaar het dat hulle kerkeenheid as 'n hoë prioriteit beskou. Die kerk het laat blyk dat hulle nie wou opgaan in 'n ander kerk nie, maar sy identiteit as sending-en evangeliserende kerk wou behou (Agenda, Algemene Sinode NG Kerk 1990:464-467).

### 6.2.2 Vereeniging-beraad : 'n Geleentheid is onbenut gelaat!

In 1988 tydens die vergadering van die Gereformeerde Ekumeniese Raad in Harare is besluit om 'n beraad van NG Kerke onder leiding van die Interim Komitee in Suid Afrika te hou. Hierdie vergadering is op 6 tot 10 Maart 1989 in die Riviera-hotel by Vereeniging gehou en het gegaan oor aspekte rakendeonderlinge verhoudinge in die NG Kerkfamilie.

Die NG kerk, NG Sendingkerk, NG Kerk in Afrika en die Reformed Church in Africa was teenwoordig, sowel as ander NG kerke uit Zimbabwe, Zambië, Mosambiek en Botswana en elders in Afrika. Die afgevaardigdes van die NG Kerk se weë het geskei van die res van die beraad rondom bepaalde besluite rakende die veroordeling van apartheid en kerkeenheid. Die NG Kerk se afgevaardigdes het hieroor 'n verklaring uitgereik.

Rondom kerkeenheid het die beraad soos volg verklaar: "We confess that even though we should be one in Christ, in fact we are divided on the basis of race, ethnicity and colour. We pledge ourselves to become one, united, non-racial Reformed Church in Southern and Central Africa" (Agenda, Algemene Sinode NG Kerk 1990:46). Die verklaring van die NG Kerk afgevaardigdes het hoofsaaklik gehandel oor die saak van apartheid en die afgevaardigdes se interpretasie daarvan. Die NG Kerk-afvaardiging het nie op daardie stadium sy weg oopgesien tot die totstandkoming van een Gereformeerde Kerk soos deur die Beraad voorgestel nie (Die Kerkbode 24 Maart 1989; Acta Synodi, NG Sendingkerk 1990:807 en Agenda, NG Kerk in Afrika 1991:175-180).

Die verklaring wat die afgevaardigdes van die NG Kerk uitgereik het is in 1990 tydens die sinodesitting aangepas en hervertolk. Die Algemene Sinodale Kommissie het in Maart 1989 ook die betrokke verklaring bespreek en het dan ook hulself met 'n groot deel daarvan vereenselwig. Op 26 Mei 1989 verskyn 'n brief in *Die Kerkbode* waarin 139 lidmate van die NG Kerk hulself "vereenselwig

met die beginsels en doelwitte vervat in die amptelike standpunt van die beraad" (Vereeniging-beraad) en het hulle 'n dringende beroep gedoen op "alle betrokkenes, by name op die leiers van die Ned Geref Kerk" om mee te werk aan die vorming van 'n verenigde, nie-rassige Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika en in Sentraal-Afrika. Ongelukkig is 'n geleentheid waarin die kerke in die NG Kerkfamilie mekaar kon vind en vordering kon maak op die weg na eenheid onbenut gelaat en het verskillende standpunte en interpretasies die pad verder versper. Tog het 'n dowwe lig op die horison verskyn, eenheid kon tog moontlik 'n werklikheid word.

## 6.3 1990: 'n Waterskeidingsjaar vir die NG kerk

### 6.3.1 Apartheid word tot 'n sonde verklaar

Geen beleidstuk of studie spreek die laaste woord nie. Dit is nooit finaal en onveranderlik nie. Ook dit is waar van *Kerk en Samelewing (1986).* Tydens die sinodesitting van 1990, slegs vier jaar later, het die Algemene Sinode van die NG Kerk dit goed gevind om reeds bepaalde veranderinge aan te bring aan die teks van *Kerk en Samelewing (1986).* Hierdie veranderinge het gekom in die lig van kommentaar wat ontvang is. Lidmate, Ringe en Sinodes is reeds in 1986 gevra om kommentaar te lewer oor *Kerk en Samelewing.*

Volgens Gaum (1997:53) moet hierdie besluite van die Sinode van 1990 nie gesien word asof die NG Kerk die Nasionale Party gevolg het in sy besluite rondom apartheid nie. Reeds lank voor die destydse staatspresident, FW de Klerk, se welbekende toespraak van 2 Februarie 1990, waarin etlike politieke organisasies ontban is en die einde van die apartheidsera in Suid-Afrika aangekondig is, het die NG Kerk sy standpunt in 1986 duidelik gestel en was die aanbevelings vir die veranderinge aan *Kerk en Samelewing (1986)* reeds op 6 November 1989 gefinaliseer.

Tydens die sinodesitting in 1990 het die Sinode die hersiene stuk, *Kerk en Samelewing (1990)* goedgekeur. Apartheid is as sonde uitgewys. Hofmeyr (1992:99-100) merk tereg op dat "In die loop van die laaste ses dekades moes lidmate van die kerk by opeenvolgende vierjaarlikse tussenposes verneem dat die Bybel apartheid ondersteun; neutraal staan daarteenoor; aspekte daarvan kritiseer; en dit uiteindelik (in 1986) verwerp en dan (in 1990) tot 'n sonde verklaar".

### 6.3.2 Die NG Kerk kies vir één kerkverband

Die Algemene Sinode van die NG Kerk het op 19 Oktober 1990 gedurende die middagsitting 'n belangrike besluit geneem wat diè Kerk 'n reusestap voorwaarts gegee het in sy pad na kerkvereniging in die NG Kerkfamilie. Na 'n lang en ernstige debat het die Sinode die volgende amendament goedgekeur:

"Die Algemene Sinode

1. Onderskryf die ideaal van een kerkverband tussen die Familie van Ned Geref Kerke.
2. Wys daarop dat die strukture waarin dit gestalte moet kry, in hierdie stadium nog nie vir hom duidelik is nie.
3. Dra dit aan die ASK op om langs die weg van studie en gesprek met die belanghebbendes strukture uit te werk vir die beoogde een kerkverband en aan die eersvolgende Algemene Sinode te rapporteer.
4. Versoek die ASK om in sy studie rekening te hou met regmatige vorms van verskeidenheid ten opsigte van taal, kultuur, liturgie en bedieningsbehoeftes.
5. Wys voorts daarop dat veranderde gesindhede die wegbereider moet wees vir veranderde strukture en nie andersom nie, en roep daarom sy lidmate op om, deur samewerkingstrukture, gesamentlike byeenkomste en optredes, te ywer vir beter gesindhede" (Acta Synodi, Algemene Sinode NG Kerk 1990:608).

Die persepsies wat bestaan het na afloop van die Vereeniging-beraad, naamlik dat die NG Kerk nie te vinde was vir Kerkvereniging nie, is hiermee finaal die nekslag toegedien. Die NG Kerk het hom duidelik geposisioneer ten opsigte van Kerkvereniging in die NG Kerkfamilie. Natuurlik sou dit nie oornag realiseer nie en het 'n opdraande pad voorgelê.

### 6.3.3 Die Rustenburg Kerkeberaad: "Beraad van skuldbelydenis"

Gedurende 5 tot 9 November 1990 het die Rustenburg Kerkeberaad plaasgevind. Die inisiatief vir so 'n konferensie van kerke in Suid-Afrka het aanvanklik uitgegaan van die staatspresident, mnr FW de Klerk, nadat hy in sy 1989-Kersboodskap die begeerte uitgespreek het vir 'n geleentheid waar die kerke hulle gesamentlik kon uitspreek rondom die situasie in Suid-Afrika. Nadat dit geblyk het dat sommige kerke nie daarmee verlief sou neem dat De Klerk die konferensie saamroep nie, het hy teruggetree en is 'n komitee van Christenleiers gevorm.

Dr Louw Alberts en past Frank Chikane het as mede-voorsitters daarin geslaag om tagtig denominasies en veertig para-kerklike organisasies in Suid-Afrika by 'n kerkeberaad in Rustenburg byeen te bring. Meer as 230 kerkleiers het in die Hunter's Rest Hotel in Rustenburg vergader. Verteenwoordigers uit die tradisionele hoofstroomkerke, die Charismatiese kerke, Onafhanklike Swart Kerke, die Anglikane, Presbiteriane, Rooms Katolieke, Metodiste en nog talle ander het die geleentheid bygewoon. Na raming was meer as 90% van die Christendom in Suid-Afrika verteenwoordig (Gous 1994:311). Die NG Kerk het vier afgevaardigdes na die vergadering gestuur. Die Nederduits Hervormde Kerk en die Afrikaanse Protestantse Kerk het die vergadering nie bygewoon nie (Villa-Vicencio 1991:884).

Hierdie kerkeberaad is uit die staanspoor as belangrik beskou en sou die weg baan vir versoening. "...the largest and most representative gathering of Christian churches ever held in South Africa" (Hofmeyr & Pillay 1991:300). In sommige opsigte was dit 'n geleentheid wat met die Cottesloe-kerkeberaad vergelyk kan word. Die Rustenburg Kerkeberaad sou selfs as die spieëlbeeld van die Cottesloe Kerkeberaad gesien kon word, met 'n duidelike verskil in die uitkoms daarvan. Na "...die ekumeniese droogte van meer as dertig jaar" (Gous 1994:310) het die kerklike gemeenskap in Suid Afrika op die drumpel van nuwe verhoudings gestaan en is alle hoop op die kerkeberaad geplaas. "...trouens die jaar 1990 gaan waarskynlik ook in die geskiedenis van die kerk in Suid-Afrika as 'n waterskeidingsjaar bekend staan, veral vanweë die feit dat die grootste gedeelte van die Christelike kerk vir die eerste keer in dekades van aangesig tot aangesig ontmoet het, die hart uitgepraat het, behoorlik keel skoongemaak het en mekaar in baie opsigte die hand gereik het" (Hofmeyr 1992:96).

Prof WD Jonker, dosent aan die Teologiese Kweekskool op Stellenbosch, was een van die sprekers op die beraad. Aan die einde van sy toespraak het Jonker 'n skuldbelydenis aan die vergadering voorgelees, wat dit doodstil aangehoor het: "I confess before you and before the Lord, not only my own sin and guilt, and my personal responsibility for the political, social, economic and structural wrongs that have been done to many of you, and the results of which you and our whole country are still suffering from, but vicariously I dare to do that in the name of the DRC of which I am a member, and for the Afrikaner people as a

whole. I have the liberty to do just that, because the DRC at its latest synod has declared apartheid a sin and confessed its own guilt of negligence in not warning against it and distancing itself from it long ago" (Jonker 1998:204).

Direk hierna het aartsbiskop Tutu, die voorsitter, vir 'n kort spreekbeurt gevra. "Hy het gesê dat, volgens die kerklike tradisie waarin hy staan, dit so is dat as iemand sê: I am sorry! Jy verplig is om te sê: I forgive you. En daarom, het hy gesê, as die NG Kerk vandag sê dat sy berou het, dan moet ons almal sê: Ons vergewe julle!" (Jonker 1998:205). Die belydenis is met entoesiasme begroet, maar tog het daar ook negatiewe stemme opgegaan.

Onder die negatiewe reaksie was die verteenwoordigers van die NG Kerk in Afrika, onder wie Nico Smith, wat gesê het dat die NG Kerk darem net te maklik vergewe is vir die onreg wat gepleeg is. Die NG Sendingkerk se afgevaardigdes het dieselfde standpunt gehuldig. Ds Apollis, moderator van die Algemene Sinode van die NG Sendingkerk het selfs later uitlatings gemaak dat die NG Kerk nie bedoel wat hulle sê nie en dat die NG Kerk se mense "meesters is van die kuns om met woorde te speel" (Gaum 1997:55). Ook is argumente geopper dat Jonker geen mandaat gehad het om namens die NG Kerk 'n belydenis te doen nie en dat Tutu nie die reg gehad het om namens die vergadering die belydenis te aanvaar nie.

Prof PC Potgieter, moderator van die Algemene Sinode van 1990 en leier van die NG Kerk se afvaardiging, het die volgende dag aan die konferensie gesê dat die afvaardiging van die NG Kerk hulle volledig vereenselwig met die verklaring van prof Jonker en dat hy op stuk van sake die besluit van die Sinode in Bloemfontein weergegee het. "Die vraag oor herstel (restitusie) ná belydenis is geopper. Die notule van ons Sinode laat duidelik blyk dat ons reeds begin het met 'n proses van restitusie, sowel in ons verhouding met ons eie Familie van die Ned Geref Kerke as met die Suid-Afrikaanse gemeenskap in die geheel" (Gaum 1997:55). Aartsbiskop Tutu het hierna weer gepraat en gesê dat hy baie kritiek moes verduur omdat hy Jonker se belydenis aanvaar het, maar het volstaan dat hy onvergewensgesind teenoor iemand se belydenis kon wees nie.

Na afloop van die Kerkeberaad is 'n verklaring uitgereik wat bekend sou staan as die "Deklarasie van Rustenburg". Ongelukkig was daar nie 100% eenstemmigheid oor die finale verklaring nie. Die NG Kerk-afvaardiging kon saamstem met groot dele van hierdie verklaring, maar daar was ook stellings wat buite die grense wat *Kerk en Samelewing (1990)* gestel het, beweeg het. Die afgevaardigdes het hulle deurgaans by die beleidstuk gehou. Na afloop van die beraad het die afgevaardes van die NG Kerk besluit om self ook 'n verklaring uit te reik om sodoende dié kerk se posisie duidelik te stel (Die Kerkbode 16 November 1990). Hierdie optrede is ook later ondersteun deur dr F Gaum, redakteur van *Die Kerkbode* (9 en 10 April 1998:5) in sy reaksie op die standpunt van Jonker: "Ek dink byvoorbeeld nog altyd dat die NG Kerk-afvaardiging na die

Rustenburgberaad in 1990 reg gehad het om hulle nie met die hele verklaring wat ná die beraad uitgereik is, te vereenselwig nie."

Die Rustenburgse kerkeberaad sal seker met goeie reg bekend kan staan as die "Conference of Confessions" (Alberts & Chikane 1991:16). Aartsbiskop George Daniel het na die belang van dié beraad as volg verwys: "... on the 9th of November 1989 the Berlin Wall came down and on the 9th of November 1990 the wall came down between various churches in South Africa" (NIR News Desember 1990:2). Tog jammer dat hierdie opmerking nie volledig waar is van die verhoudinge in die NG Kerkfamilie nie. Die Kerkeberaad "...is verder gekenmerk deur die binnegevegte tussen die lede van die NG Kerk familie" (Gous 1994:313-314). "It was felt that... the domestic squabbles of a particular denomination had inappropriately been transferred on to the conference agenda ..." (Bosch 1991:3 soos aangehaal in Gous 1994:314). Verdere gesprek tussen die lede van die NG Kerkfamilie is na die vergadering in die vooruitsig gestel. In die Rustenburg beraad was soveel potensiaal opgesluit en hierdie potensiaal kon vorentoe groei en ontwikkel.

Ten spyte van die openheid wat gekom het na Rustenburg, asook die behoefte van sommige kerke om bilaterale gesprekke te voer, het sekere ekumeniese liggame nie direk hierna aan die NG Kerk lidmaatskap verleen nie. Die Wêreldbond van Gereformeerde Kerke het die skorsing van die NG Kerk

gehandhaaf (Gaum 1997:56-58). In 1999 het die NG Kerk weer lid van die Wêreldbond van Gereformeerde Kerke geword (Brown 1999:1).

'n Bepalende faktor tydens die vergadering van die Suid-Afrikaanse Raad van kerke in 1991 was die wantroue en weerstand wat in die NG Kerkfamilie jeens die NG Kerk geheers het. Reeds in 1990 het die NG Kerk besluit om waarnemerstatus te verkry by die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke en hy is na die jaarvergadering in Junie 1991 genooi. Die persepsie het bestaan dat die NG Kerk dan sommer teenwoordig sou wees om sy plek as waarnemer in te neem.

In die NG Kerkfamilie was daar egter ongelukkigheid rondom die verwikkelinge, aangesien hulle gevoel het dat die NG Kerk nog 'n rassegeskeide kerk was.

Die *Vrye Weekblad* (22 Maart 1991) het berig dat ds R Botman, assessor van die NG Sendingkerk, gesê het dat "Dit lyk nou asof die SARK deur die toelating van die NGK die status quo van apartheid en rasse-skeiding in die NG–familie bly aanvaar". Hy het wel bevestig dat hulle nie die toelating van die NG Kerk sou teenstaan nie. Tydens die vergadering het dr Nico Smith van die NG Kerk in Afrika sy saak duidelik gestel dat die NG Kerk nie toegelaat moet word nie. Die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke het egter besluit om nie die NG Kerk toe te laat alvorens hy aan bepaalde voorwaardes voldoen het nie. Hiermee is 'n geleentheid om ekumeniese bande te versterk onbenut gelaat.

## 6.4 Die Reformed Church in Africa reik die "Laudium Declaration" uit

Tydens die Sinodesitting van die Reformed Church in Africa gedurende 1990 in Laudium, Pretoria, het hierdie kerk 'n verklaring uitgereik waarin diè kerk se siening van sy taak as 'n evangeliese, gereformeerde kerk ondubbelsinnig gestel is. Ook word die kerk se profetiese getuienis duidelik verwoord (Gaum 1997:60).

Die Laudium Deklerasie is gebore uit 'n besluit in 1986 van die Reformed Church in Africa waarmee die kerk sy voortbestaan as Evangelies Gereformeerde Kerk wou bevestig. Die deklarasie bestaan uit vyf afdelings wat onder andere die volgende sake aanspreek: Bybelse Evangelie, Die Heilige Gees as Getuie, Evangeliese getuienis en Barmhartigheidsdiens, Eenheid en Profetiese getuienis.

Van belang vir hierdie studie is die Laudium Deklerasie se standpunt ten opsigte van kerklike eenheid: "We affirm our God given unity at the deepest level with all born again bloodwashed believers. We determine to foster such unity across all denominational barriers. In the immedate circle of our church we will foster strutural unity with those who share the same confession provided that such structural unity will not stifle the evangelical witness of the Reformed Church in Africa.

We affirm that we who claim to be members of the Body of Christ must transcend within the church the barriers of race, gender and class. We affirm that racism within the church constitutes a denial of the Gospel and deterrent to evangelistic witness" (Agenda, Gesamentlike Kommissie: Verslag van Subkommissie 7,Bylaag 2, 26 Maart 1996:1-2).

Die Laudium Deklarasie speel 'n belangrike rol in die Reformed Church in Africa en is ook telkens op die tafel geplaas in die gesprekke rondom kerklike eenheid.

## 6.5 Kerkvereniging tussen twee lede van die familie word 'n werklikheid

### 6.5.1 Die NG Sendingkerk en die NG Kerk in Afrika beweeg nader aan mekaar

As gevolg van die voortdurende spanning tussen die lede van die NG Kerk-familie in die binneland en die gebeure in Vereeniging het daar 'n geleidelike toenadering gekom tussen die NG Kerk in Afrika en die NG Sendingkerk. Samesprekings het fluks gevorder sodat daar in 1990 tydens die Sinode van die NG Sendingkerk gerapporteer is dat 'n konsep-kerkorde opgestel is. 'n Ooreenkoms is ook bereik om gedurende 1990 'n Konvent te hou waartydens die kerkvereniging tussen die twee kerke gefinaliseer sou word (Acta Synodi, NG Sendingkerk 1990:32-35 en 38-43).

Die Belydenis van Belhar het egter 'n kwessie geword waarmee rekening gehou moes word. Hierdie belydenis was nie 'n belydenisskrif van die NG Kerk in Afrika nie, gevolglik moes óf die een kerk die belydenis weglaat óf die ander kerk moes die belydenis aanneem. Ds Mentor het die Gesprekskommissie se verslag met voorbehoud geteken en het deur middel van 'n minderheidsverslag die Sinode daarop gewys dat daar nie genoeg tyd was om langs kerkordelike wyse een van die twee te doen voor die beplande verenigingsdatum nie. Hy het voorgestel dat die kerkverenigingsdatum uitgestel moes word totdat die probleem kerkregtelik opgelos is, maar die Sinode het die voorstel verwerp (Acta Synodi, NG Sendingkerk 1990:1046). Dit het moontlik die Moderatuur genoop om aanvanklik te oordeel dat die Belydenis van Belhar uit die konsep-kerkorde gelaat moes word en dan tydens die stigtingsvergadering weer ingevoeg word (Acta Synodi, NG Sendingkerk 1990:711-712). Hierdie gedagte is later laat vaar en die Sinode het besluit om die Belydenis van Belhar deel van die konsep-kerkorde te maak.

Toe daar aanvanklik by die Sinode van die NG Sendingkerk gerapporteer is dat daar negatiewe implikasies bestaan ten opsigte van die verandering van die kerkorde van die NG Kerk in Afrika, naamlik die skep van 'n ruimte vir die Belydenis van Belhar, wou die NG Sendingkerk die eenheidskonvent uitstel. Na bevestiging van die NG Kerk in Afrika dat hul steeds met kerkvereniging wou voortgaan, het die NG Sendingkerk besluit om voort te gaan met die beplande konvent. Op 4 Oktober 1990 het die konvent onder voorsitterskap van prof JJF Durand byeengekom. Ds SP Buti (NG Kerk in Afrika) en ds NA Apollis (NG

Sendingkerk) het elk namens die onderskeie kerke hul beginselbesluit tot eenwording voorgelees. Die twee Moderature van die deelnemende kerke het opdrag ontvang om Sinodale Kommissies saam te stel en om 'n datum te bepaal vir die eerste Algemene Sinode (Acta Synodi, NG Sendingkerk 1990:1173-1174).

Onsekerheid het bestaan of die twee kerke by bogenoemde geleentheid verenig het al dan nie. Later het dit egter geblyk dat albei kerke 'n kerkordelike basis nodig gehad het om hul onderskeie afsonderlike bestaan te beëindig. As gevolg van die onsekerheid en die ingewikkelde regsaspekte en vrae kon die stigtingsinode nie in Julie 1991 plaasvind nie. Die NG Kerk in Afrika het geoordeel dat die Algemene Sinode van 1990 wel die korrekte en nodige besluite geneem het wat enige regsimplikasies sou uitskakel (Loff 1998:271).

Tydens die Sinode van die NG Kerk in Afrika in Julie 1991 het die Sinode belangrike besluite geneem, waaronder ingrypende wysiginge aan en toevoegings tot die Kerkorde van die NG Kerk in Afrika, met die oog op die voorgenome eenwording met die NG Sendingkerk. Die volgende wysigings en byvoegings is aangebring:

- Artikel 36.1: Hierdie artikel is verander deur te lees dat wysigings en veranderinge aan die Kerkorde deur twee-derde meerderheid van slegs die Algemene Sinode kan geskied. Streeksinodes, Ringe, Kerkrade en lidmate wat besware het teen sulke wysigings kan dit deur middel van beswaarskrifte en/of memoranda aan die volgende Algemene Sinode

voorlê. Vroeër het hierdie artikel bepaal dat sulke wysigings slegs deur twee-derde meerderheid van die Algemene Sinode en die Streeksinodes afsonderlik, asook raadpleging met die ander kerke in die NG Kerkverband, kon plaasvind.

- Artikel 36.2: Vroeër het die artikel bepaal dat die Sinode die Kerkorde, met uitsondering van Artikel 1 (Belydenis), met 'n twee-derde meerderheid kan wysig of aanvul. Die artikel is verander sodat die Algemene Sinode die hele Kerkorde nou kon wysig of aanvul met 'n twee-derde meerderheidstem.
- Artikel 1: Naas die ekumeniese belydenisskrifte en die Formuliere van Enigheid, is bygevoeg "en die Belhar-Belydenis".
- Artikel 61: 'n Nuwe artikel is bygevoeg tot die Kerkorde en het bepaal dat "Die NG Kerk in Afrika mag te enige tyd met 'n twee-derde meerderheidsbesluit van die Algemene Sinode met een of meer van die kerke wat in Art 2 genoem word struktureel verenig" (Die Kerkbode 18 Junie 1999:10).

Met hierdie wysigings het die Sinode van die NG Kerk in Afrika geoordeel dat die weg nou kerkregtelik geopen is vir kerkvereniging, maar later sou dit egter blyk dat juis hierdie wysigings aan die Kerkorde aanleiding gegee het tot 'n appélhofuitspraak in November 1998 teen die nuut-gestigte kerk uit hierdie kerkvereniging.

In die onderhandelinge tussen die twee kerke is besluit om op 14 April 1994 die Stigtingsinode vir die "Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika" byeen te bring. Die gespreksgenote het op dié naam vir die nuwe kerk besluit omdat hulle daardeur die volgende duidelik wou maak:

- "Gereformeerd" was 'n vanselfsprekende begrip wat deur al die gespreksgenote aanvaar is;
- "Verenigende" dui op die proses van eenwording, waarin 'n oop deur gelaat is vir ander om ook deel van die kerkvereniging te word;
- "Suider-Afrika" is 'n geografiese aanduiding om aan te toon dat die susterskerke in Suider-Afrika nie uitgesluit is in die eenheidstrewe van dié kerk nie (Acta Synodi, NG Sendingkerk 1990:49).

### 6.5.2 Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika: 14 April 1994

Die Algemene Sinode van die NG Sendingkerk het vanaf 4 tot 13 April 1994 byeengekom. Dit sou uiteindelik die laaste Sinode van die NG Sendingkerk wees en het as doel gehad om die nodige kerkordelike voorsiening daar te stel vir die finale kerkvereniging tussen die NG Sendingkerk en die NG Kerk in Afrika.

Die "verenigingsklousule" is met 'n twee-derde meerderheid deur die Sinode goedgekeur. Hierdie klousule het onder meer bepaal dat op datum van vereniging die gemeentes, mindere sowel as meerdere vergaderings "juridies

ontbind en hersaam[ge]stel" word en dat onmiddellik "alle regte, verpligtinge, bates en laste van welke aard ook al sal oorgaan en vestig in sodanige" gemeente en/of mindere of meerdere vergadering. Ook dat "enige reglement van orde en bepalinge en alle bestaande besluite geneem voor ontbinding *mutatis mutandis* van krag sal bly en sal staan as besluite" van die gemeente en/of mindere of meerdere vergadering (Acta Synodi, NG Sendingkerk 1994:167-170 en C/6-C/8). *Mutatis mutandis* beteken "met die nodige veranderinge" (Loff 1998:272).

Op 14 April 1994 het die verteenwoordigers van die NG Kerk in Afrika en die NG Sendingkerk in die kerkgebou te Belhar byeengekom. Nadat die geloofsbriewe in orde gevind is, het die moderators van albei kerke hul beginselbesluite aan die vergadering voorgelees en die vergadering het bevestig dat die nuwe kerk op grond van die aanvaarde konsep-kerkorde konstitueer. Daarna is die "Bevestiging van Konstituering" (Bylaag D van die Acta Synodi) staande saam gelees (Acta Synodi, Stigting en Eerste Algemene Sinode, Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika 1994:282-291).

Naudé (1995:139-140) beskryf sy ervaring van die gebeurtenis as volg: "Ongelooflike vreugdetonele het hulle afgespeel onmiddellik ná die Sinodebesluit toe afgevaardigdes mekaar omhels het en 'n lofsang van dankbaarheid in die kerkgebou weergalm het". "Dié groot oomblik is gekenmerk deur die uitbundige vreugde waarmee die aanwesiges mekaar gelukgewens het" (Loff 1998:274).

Na afloop van dié plegtige en onvergeetlike oomblikke is die "Oorkonde van die Kerkvereniging tussen die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk in Suid-Afrika (NGSK) en die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika (NGKA)" voorgelees en deur die onderskeie moderature onderteken (Acta Synodi, Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika 1994:291 [Bylaag E]). Die hereniging van dié twee kerke het gestaan in die teken van die beëindiging van afsonderlike kerke in die NG Kerkfamilie op kleurgrondslag.

Gedurende 1997 het die Evangeliese Gereformeerde Kerk in Namibië ook deel geword van die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika. Hierdie kerk is 'n jong kerk wat ontstaan het uit die sending van die NG Kerk en het in 1975 'n selfstandige kerk geword. Hoewel die NG Kerk in Namibië al sedert 1986 herhaaldelike uitnodigings tot dié jongkerk gerig het om een te word met die NG Kerk, het die Evangeliese Gereformeerde Kerk in Namibië nie sy weg daartoe oopgesien nie (Die Kerkbode 18 April 1997:2).

Strukturele kerkvereniging het in die NG Kerkfamilie 'n werklikheid geword, maar slegs vir 'n gedeelte van die familie! Die NG Kerk en die Reformed Church in Africa was nie deel van hierdie kerkvereniging nie. Die opdraende pad na eenwording in die NG Kerkfamilie het uitdagend voor die kerke gelê. Die uitdaging was groot, maar die toekoms sou leer of die droom bewaarheid sou word. Die toekoms van die Verenigende Gereformeerde Kerk sou in die teken

van weerstand en konflik staan wat uiteindelik op 'n appélhofuitspraak sou uitloop.

## 6.6 Evaluering

6.6.1 Die tydperk is gekenmerk deur 'n koersverandering deur die NG Kerk. Herbesinning en reformasie was onafwendbaar. Die ondersteuning van apartheid sou tot 'n einde kom.

6.6.2 Kerk en Samelewing het hierdie koersverandering verwoord. Die eksklusiwiteit van die NG Kerk net vir blankes is deurbreek, maar die verbinding aan die Afrikanervolk is behou.

6.6.3 Binne die NG Kerkfamilie het wantroue egter ontstaan omdat hierdie belydenisuitsprake van die NG Kerk nie konkreet gestalte in die praktyk gekry het nie.

6.6.4 Reaksie teen Kerk en Samelewing en die koersverandering lei tot die stigting van die Afrikaanse Protestantse Kerk. Die beswaardes het gewerk met die skema van 'n sigbare en onsigbare kerk. Hulle verwerp 'n uitwendige georganiseerde sigbare kerk as uiting van die eenheid. Die volk het die hermeneutiese bril geword waardeur die Bybel gelees word. Verinheemsing van die kerk dien as norm vir eenheid en verskeidenheid in die kerk.

6.6.5 Gesprek het egter nie na wense gevorder nie en geleenthede soos die Vereeniging-beraad is onbenut gelaat.

6.6.6 Die Rustenburg-beraad is gekenmerk deur skuldbelydenis en openheid. Tog is die skuldbelydenis nie noodwendig deur almal ewe positief aanvaar nie.

6.6.7 Eenwording tussen die NG Kerk in Afrika en die NG Sendingkerk het 'n werklikheid geword. Hierdie kerkvereniging het ongelukkig ook teenkanting ervaar en dit sou later uitloop op hofsake.

# HOOFSTUK 7

# POGINGS TOT EENHEID VORDER NIE

## 7.1 Die NG Kerk reik 'n hand van versoening uit in sy strewe na kerklike eenheid

In Suid-Afrika het daar reeds vroeg in die laaste dekade van die twitigste eeu geleidelike verandering op politieke, sosiale, ekonomiese en staatkundige vlak ingetree. Onderhandelinge en geprekvoering was aan die orde van die dag en daar was 'n soeke na eenheid en versoening. Gedurende 1994 het 'n nuwe staatkundige bedeling in die land aangebreek. Alle stemgeregtigde persone, ongeag van ras en kleur, kon aan die verkiesing deelneem. In hierdie atmosfeer het die kerk, by name die NG Kerk, voortgegaan op sy pad van versoening en sy strewe tot eenheid. Hiervan sou die besluite van die komende Algemene Sinode 'n sprekende voorbeeld wees.

Op 13 en 14 Oktober 1993 is 'n konferensie van die moderature van die NG Kerkfamilie te Goudini gehou. By hierdie geleentheid is verskeie sake waaronder die Belhar-belydenis, apartheid, geweld, armoede, Broederbond, kerkeenheid, ensovoorts bespreek. Die NG Kerk het sy hand uitgesteek om versoening te bewerkstellig, maar dit sou uiteindelik die Sinode wees wat hierdie rigting aangedui het.

### 7.1.1 1994: "Sinode van Versoening"

Die NG Kerk se Algemene Sinode te Pretoria gedurende Oktober 1994 kan met goeie reg die "Sinode van Versoening" genoem word (Gaum 1997:61). Die waarde van hierdie sinodesitting is so hoog geag dat *Die Kerkbode* (28 Oktober 1994) in sy hoofartikel skryf: "Die negende Algemene Sinode van die Ned Geref Kerk wat verlede week in Pretoria ten einde geloop het, is gekenmerk deur 'n gees van versoening en was ongetwyfeld een van die merkwaardigste sinodesittings sedert die eerste vergadering van die Algemene Sinode in 1962 gehou is".

Op 13 Oktober 1994 het Mnr Nelson Mandela, toe president van die Republiek van Suid-Afrika, die Sinode toegespreek. Ook het dr Beyers Naudé en prof Ben Marais onderskeidelik die Sinode op verskillende dae besoek en is hartlik deur die Sinode ontvang. Die Sinode het die volgende besluit aan hulle voorgehou: "In die lig van die klag van politieke dienstigheid deur die Ned Geref Kerk, wys die Algemene Sinode lidmate daarop dat daar deur die jare heen steeds lidmate, ampsdraers (en selfs kerklike vergaderings) was wat krities was oor apartheid en kerklike besluite in hierdie verband. Die Algemene Sinode erken met spyt dat daar in die verlede dikwels van kerklike kant op 'n onbarmhartige en onsaaklike wyse teenoor sulke persone gehandel is" (Acta Synodi, NG Kerk 1994:374). 'n Hand van versoening is na soveel jare uitgesteek met die bedoeling van herstel van verhoudings.

### 7.1.2 Besluite oor kerkeenheid gee rigting aan 'n nuwe pad

Nie alleen is versoenend gewerk in 1994 nie, maar het die strewe van die NG Kerk vir een kerkverband verdere momentum gekry. Die Sinode het met sy besluite aangetoon dat hy nie net die saak wou bespreek nie, maar daadwerklik sy moue wou oprol en die taak met ywer aanpak. Op 13 Oktober 1994 het die Sinode belangrike besluite geneem ten opsigte van die pad na eenheid in die NG Kerkfamilie:

"1. Die Algemene Sinode neem met genoeë kennis van die vordering wat daar in die jongste samesprekings gemaak is ten einde 'n modus te vind om die proses van kerkeenheid groter momentum te gee.

2. Die Algemene Sinode spreek sy ernstige begeerte uit om:

2.1 saam te werk met ander lede van die Familie van Ned Geref Kerke aan die daarstelling van een kerkverband op grondslag van 'n goedgekeurde kerkorde;

2.2 saam te werk met die aanwys van 'n gesamentlike kommissie om te begin om 'n konsep-kerkorde vir hierdie voorgenome kerkverband op te stel;

2.3 dit aan dié Gesamentlike Kommissie op te dra om onder meer aandag aan die volgende sake te gee: belydenisskrifte, die naam van die voorgestelde nuwe kerkverband, liturgiese formuliere en gebruike, gesangeboeke en die orde van die erediens, bedieningsbehoeftes, praktiese implikasies en werkswyse van een kerkverband;

oorgangreëlings, grense, stoflike, administratiewe, finansiële en verbandhoudende aangeleenthede; samestelling van die stigting/ verenigingsinode; reglemente en ander sake wat die Algemene Sinode/Algemene Sinodale Kommissie aan hom opdra.

3. Elke lidkerk van die Familie van NG Kerke toets die konsepkerkorde en meegaande voorstelle op 'n geskikte wyse aan sy vergaderings.
4. Die Ned Geref Kerk doen bogenoemde soos volg: Die verteenwoordigers van die Ned Geref Kerk in die Gesamentlike Kommissie is die Moderatuur van die Algemene Sinode tesame met 'n verteenwoordiger van elkeen van die Sinodale Kommissie/Moderamens van die verskillende Sinodes. Die Algemene Sinodale Kommissie kan ook ander lede bykomend in die kommissie benoem" (Acta Synodi, NG Kerk 1994:440-441).

### 7.1.3 Gesamentlike Kommissie se werksaamhede onafgehandel gelaat

Die bovermelde Gesamentlike Kommissie is saamgestel en op 7 Maart 1995 het die kommissie vir die eerste keer vergader. Die NG Kerk se verteenwoordigers was proff P Coertzen, PGJ Meiring, PC Potgieter, drr FM Gaum, WJ Bruwer, WJ Botha, HS Grobler, di F Swanepoel, J van der Westhuizen, PS Strümpfer, LW Meyer, AJ de Klerk en AS van Dyk. Die NG Kerk, die Reformed Church in Africa en die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika was verteenwoordig. Ongelukkig was die NG Kerk in Afrika nie deel van die vergadering nie.

Die Gesamentlike Kommissie het besluit om sy werk deur sewe subkommissies te doen. Die sewe subkommissies het uit die volgende bestaan:

1. Subkommissie 1: Naam, grondslag, omvang en aard van die nuwe kerkverband.
2. Subkommissie 2: Die ampte in die nuwe kerkverband.
3. Subkommissie 3: Die kerkvergadering van die nuwe kerkverband.
4. Subkommissie 4: Dienswerk in die kerkverband.
5. Subkommissie 5: Opsig, vermaning en tug; betrekkinge van die kerk na buite.
6. Subkommissie 6: Administratiewe, finansiële en verbandhoudende sake; oorgangsreëlings.
7. Subkommissie 7: Koördinering (Notule van die Gesamentlike Kommissie 7 Maart 1995:2-8).

Die vergaderings van die Gesamentlike Kommissie het ook by geleentheid die tekens van verskille getoon en dit het negatief ingewerk op die vordering van die werksaamhede van dié belangrike kommissie. Ds Freek Swanepoel (Persoonlike onderhoud: 29 Augustus 2000) het as gasheervoorsitter opgetree tydens die eerste vergadering en beskryf self hoedat spanning tussen die kerke, by name die Reformed Church in Africa en die Verenigende Gereformeerde Kerk, gelei het tot 'n situasie waar die vergadering "daardie oggend byna afgespring het omdat die twee groepe nie saam in dieselfde lokaal wou sit nie". Die saak is egter later opgelos en daar kon voortgegaan word met die vergadering.

Dr WJ Bruwer (Persoonlike onderhoud: 11Mei 1999) wys daarop dat hierdie situasie somtyds gelei het tot frustrasie van die lede van die vergadering. By so 'n vergadering het hy selfs die volgende opmerking gemaak: "Ek sou verwag dat kerke wat ernstig is oor eenheid alles in hulle vermoë sou doen om vir alle partye dit maklik te maak om nader te beweeg, maar ek kry die indruk dat al meer klippe in die pad gerol word." Dit was duidelik dat die pad vorentoe nog heelwat uitdagings ingehou het en dit sou nie altyd foutloos en sonder verskille verloop nie.

Die tweede vergadering van die Gesamentlike Kommissie is op 26 Maart 1996 te Belhar gehou en by hierdie geleentheid het slegs twee subkommissies verslag gedoen, naamlik Subkommisssie 1 en 7. Die vergadering het die volgende besluite geneem:

"5.1 Gemeentes:

5.1.1 Aan gemeentes word die ruimte gelaat om, as hulle dit so verkies, net soos hulle is behoue te bly onder die voorwaarde dat;

1. gemeentes is onderling oop vir die bywoning van eredienste en vir lidmaatskap;
2. daar op gereelde grondslag gesamentlike byeenkomste gereël word om so sigbare gestalte aan die eenheid te gee;
3. dat daar weë gevind word vir onderlinge diens aan mekaar en verantwoordelikheid vir mekaar oor die grense van gemeentes heen;

4. dat die georganiseerde diens en getuienis aan en teenoor die wêreld waarin hulle hulle bevind, gesamentlik en eendragtig geskied.

5.2 Ringe:

5.2.1 Naburige gemeentes word deur die streeksinode in ringe gegroepeer.

5.2.2 Die groepering geskied in oorleg met die betrokke gemeentes.

5.2.3 Bedieningsbehoeftes en taal moet in ag geneem word. Waar gemeentes dit verkies, hul op grond van genoemde faktore by 'n ander ring ingeskakel word (Notule van die Gesamentlike Kommissie 26 Maart 1996:2)."

Hoewel sommige lede van die Gesamentlike Kommissie voorbehoude uitgespreek het in verband met die besluit rondom die Belydenis van Belhar, is die volgende aanbeveling aanvaar: "As vertrekpunt is aanvaar dat die Belydenis van Belhar (1986) deel sal vorm van die belydenis-corpus van die verenigde kerk maar dat dit nie afdwingbaar is nie" (Notule van die Gesamentlike Kommissie 26 Maart 1996:1-4).

Hierna het dié kommissie nie weer byeen gekom nie (Dr WJ Botha, onderhoud: 12 Oktober 2000). Die belangrike werk wat deur hierdie kommissie gedoen is, is egter onafgehandel gelaat.

### 7.1.4 Kerkorde 1994 en riglyne vir 'n model vir een verband in die NG Kerkfamilie word as gespreksbasis bepaal

Die Algemene Sinode van die NG Kerk het in 1994 nie net die beginsel van kerklike eenheid duidelik gestel nie, maar ook die verloop van die proses in die NG Kerk uiteengesit, naamlik dat die mindere vergaderings ook geleentheid gebied sal word om kommentaar te lewer en dat die nodige besluite onder hul aandag gebring sal word. Hierdie vergaderings se kommentaar en voorstelle moet aan die Gesamentlike Kommissie deurgestuur word. Lidmate is ook verseker van die groot sensitiwiteit waarmee die aangeleentheid in die kerk gehanteer sal word en die lidmate se voorbidding vir die saak is gevra.

Die Sinode het besluit dat as die Gesamentlike Kommissie konsensus rondom die konsepkerkorde en gepaardgaande voorstelle bereik het, dit aan die Algemene Sinodale Kommissie voorgelê moet word vir oorweging en kommentaar. Hierdie stukke sal daarna na die verskillende Sinodale Kommissies, ringe en kerkrade deurgestuur word vir kommentaar. Uiteindelik moet die lidmate ook geleentheid kry om hul kommentaar hierop te lewer. Alle kommentaar word deurgestuur na die Algemene Sinodale Kommissie wat weer kan kommentaar lewer en dit deurstuur na die Gesamentlike Kommissie vir verwerking in 'n volgende kerkorde.

Die tweede konsep kerkorde loop weer dieselfde pad van raadpleging en die resultaat daarvan dien uiteindelik by die streeksinodes en die Algemene Sinode vir goedkeuring (Acta Synodi, NG Kerk 1994:441). Hoewel hierdie proses met reg beskryf kan word as 'n langdradige en omslagtige proses, het dit egter die versekering ingebou dat daar wyd en breedvoerig oor die saak gedink en gedebatteer word. Tot op voetsool-vlak kry elkeen die geleentheid om sy mening te lig en kommentaar te lewer.

Ook het die Sinode in 1994 die Riglyne vir 'n model vir een verband in die NG Kerkfamilie tesame met die Kerkorde van 1994 goedgekeur as gespreksbasis en is dit na die Gesamentlike Kommissie vir oorweging verwys. Die riglyne was soos volg:

1. "Lidmaatskap van die huidige gemeentes van die Familie van die NG Kerke is oop vir alle gelowiges wat die belydenis van die betrokke gemeente aanvaar. Dit beteken dat lidmate oor en weer by gemeentes van die ander kerke kan inskakel.
2. Gemeentes, ringe en sinodes binne die Familie van Ned Geref Kerke kan na behoorlike ooreenkoms, inskakel by gemeentes, ringe en sinodes van ander kerke en word dan volledig deel van daardie kerk.
3. Kerkrade, ringe, sinodes en algemene sinodes wat dit so verkies, gaan voort om te funksioneer soos dit tans die geval is, met behoud van huidige name, bepalings en reglemente.
4. Strukture vir samewerking tussen gemeentes, kerkrade, ringe en sinodes

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

moet tot stand gebring word sonder om die kerkregtelike posisie van kerkvergaderings in die gedrang te bring.

5. Evangeliedienaars is oor en weer beroepbaar.
6. As uitdrukking van die een kerkverband, word 'n verenigde sinode vir die Ned Geref Kerk, die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika en die Reformed Church in Africa voorgestel waar daar oor sake van gemeenskaplike belang op 'n basis van konsensus besluite geneem kan word.
7. Hierdie sinode word saamgestel uit al die bestaande sinodes van die drie kerke in 6 genoem, volgens 'n stelsel van proporsionele verteenwoordiging.
8. Die bestaande algemene sinodes (van die Ned Geref Kerk en van die Ned Geref Kerk in Afrika) besluit self of en wanneer hulle wil ontbind.
9. As saambindende liggaam vir al die lede van die NG Kerk-familie (binne- en buitelands) kan gedink word in terme van 'n Bond van Ned Geref Kerke.
10. Namate die groeiproses na groter sigbaarmaking van die kerkeenheid vorder, kan verdere aandag aan bykomende strukture gegee word. Sake soos die belydenisskrifte, juridiese probleme, ensovoorts sal deurlopend moet aandag kry" (Acta Synodi, NG Kerk Algemene Sinode 1994:441-442).

Die NG Kerk het homself hiermee tot die weg na eenheid verbind. Daar het 'n opgewondenheid geheers en 'n verwagting dat die klimaat gereed was vir die beëindiging van die kerke op kleurgrondslag. Prof P Meiring beskryf dit dat die "synod felt itself part and parcel of the new South-Africa" en dr Beyers Naudé het gesê: "The Nederduitse Gereformeerde Kerk has come full circle. The book on apartheid is now firmly closed!" (DRC News, April 1995:1).

In 1994 word Suid-Afrika geskok deur 'n tragiese gebeure toe Prof Johan Heyns, moderator van die Algemene Sinode van die NG Kerk in 1986 en kampvegter vir eenheid in die NG Kerkfamilie, sterf in 'n sluipmoordaanval. Hierdeur het die kerk 'n leier verloor wat baie bygedra het tot versoening in Suid-Afrika.

Tog sou die toekoms positiewe sowel as negatiewe gevolge hê en die vordering op die pad na eenheid sou gemengde resultate lewer. Trouens, onderhandelinge en gesprekke sou plek-plek versand en selfs tot stilstand kom.

### 7.1.5 "Sodat almal een kan wees..."

Die Algemene Sinodale Kommissie van die NG Kerk het homself verbind om die proses van raadpleging in die NG Kerk oor een kerkverband sinvol en effektief te laat funksioneer. 'n Voorbeeld hiervan was die amptelike inligtingstuk wat op 31 Maart 1995 verskyn het onder die titel: "Sodat almal een kan wees ..." Hierdie

inligtingstuk het onder andere belangrike inligting bevat rondom kerkeenheid, die verloop van die proses en besluite van die Algemene Sinode 1994.

Lidmate, kerkrade, ringe en sinodes is gevra om kommentaar te lewer. Gesprek rondom die belangrike saak is hierdeur gestimuleer en die Algemene Sinodale Kommissie het ook versoek dat na goeddunke moontlike inligtingsbyeenkomste gehou kan word (Amptelike inligtingstuk van die Ned Geref Kerk: "Sodat almal een kan wees..." 31 Maart 1995:1-4). Die geleentheid is geskep dat hierdie belangrike saak wyd en tot op voetsool-vlak bespreek kon word, almal kon deelneem aan die gesprek sodat dit nie net op sinodale vlak sou geskied nie. Die inligting wat hierdeur ontvang is, is deur die bepaalde kommissie byeengebring. "Al die ingekome kommentaar is getabuleer en in 'n lywige dokument gebind en dit geniet die aandag van dié kommissie wat daarvoor aangewys is. Alle kommentaar ontvang dus ernstige aandag" (Die Kerkbode, 20 Februarie 1998:9). Die ingediende kommentaar "is deurgestuur na die verskillende subkommissies van die Gesamentlike Kommissie wat daaraan aandag moet gee" (Agenda, Algemene Sinode van die NG Kerk 1998:19).

Reaksie op hierdie dokument het gestrek vanaf entoesiasme en meespreking tot afwysing en distansiëring. Die sogenaamde werkgemeenskap vir kerkreformasie en die voortsettingskomitee het op die dokument van die Algemene Sinodale Kommissie gereageer deur 'n pamflet van nagenoeg twee en twintig bladsye uit te gee. Die dokument het bekend gestaan as: "Kerkvereniging: Eenvormige

verskeurdheid of Veelvormige Eenheid". Hierin het dié werkgemeenskap 'n bydrae gelewer tot die gesprek oor kerkeenheid en kerkvereniging in die NG Kerkfamilie en het ook kommentaar gelewer op die inligtingstuk. Die standpunt van die werkgemeenskap was dat die kerkvereniging in die NG Kerkfamilie in sy geheel onaanvaarbaar is. "Volgens dié dokument hou die praktiese implikasies van kerkvereniging die kiem van eenvormige verskeurdheid in" (Hofmeyr 1996:343). Hul stel dit duidelik: "Strukturele of organisatoriese eenheid is nie 'n Bybelse bevel nie" en "Die Bybel gee geen opdrag dat die kerk een moet word nie" (Kerkvereniging: Eenvormige Verskeurdheid of Veelvormige Eenheid: Kerkeenheid s.a.:12-13). Hierin is dit duidelik dat hierdie studiestuk "'n goeie voorbeeld [is] van hoe gemaklik die opdrag tot eenheid weggespiritualiseer kan word" (Müller 1997:20).

In hierdie dokument word daar nie net gepoog om lidmate te oortuig om absoluut téén kerkvereniging standpunt in te neem nie, maar word daar selfs 'n skeurstrokie aangeheg wat reeds klaar die standpunt weergee en bepaalde versoeke rig soos byvoorbeeld dat daar nie voortgegaan moet word met strukturele kerkvereniging nie. Die lidmaat kan maar net sy of haar naam en van, hul betrokke gemeente en handtekening op die strokie invul. Myns insiens is hierdie poging 'n voorbeeld van organisering om 'n bepaalde standpunt in die kerk af te dwing en lidmate te organiseer om 'n drukgroep te vorm. Lidmate se eie oordeel, inisiatief en intelligensie word grootliks onderskat.

Prof Stephan Joubert (Die Kerkbode 6 Maart 1998:10) is korrek wanneer hy die volgende sê rondom die reg van lidmate om self keuses uit te oefen: "Sommige gelowiges, dominees en kerkrade inkluis, dink en besluit vandag nog veels te maklik namens ander Christene. Hulle eien hulle die reg toe om te sê wat gelowiges mag bid, lees, sê, glo; ja, selfs hoe hulle moet dink ... 'n Kerk wat sy lidmate probeer keer om self na te dink oor God se werk in hulle lewe en om bepaalde keuses te maak oor hoe hulle God wil dien, loop die gevaar om in 'n ghetto te verander."

## 7.2 Gesprek oor kerklike eenheid dreig om tot stilstand te kom

Verskeie omstandighede in die NG Kerkfamilie het tot gevolg gehad dat die vordering op die pad na kerklike eenheid nie na wense was nie.

### 7.2.1 Interne weerstand binne die Verenigende Gereformeerde Kerk van Suider-Afrika eindig in die hofsaal

Oor die vreugde en entoesiasme vir kerkvereniging tussen die NG Kerk in Afrika en die NG Sendingkerk het egter ook 'n wolk van weerstand gehang. Winde van teenkanting teen kerkvereniging het reeds vroeg in die NG Sendingkerk gewaai, naamlik toe nagenoeg 45 predikante uit dié kerk hulleself saamgesnoer het om 'n groep te vorm met die naam *Ekklesia*. "Alhoewel die doelstelling formeel dié van 'n teologiese gespreksgroep was en die agenda nie op verset teen

kerkvereniging gerig was nie, is die indruk tog gewek dat Ekklesia 'n drukgroep teen kerkvereniging was" (Loff 1998:273). Moontlik was dit te wyte aan die feit dat leiers uit die groep, by name di Mentor en Mettler, die indruk gelaat het dat hulle nie ten gunste van kerkvereniging was nie. Op 24 Maart 1994 verskyn 'n brief van die bogenoemde leraars in *Die Ligdraer* onder die opskrif "Gemeentes word nuwe kerk ingedwing". Dit wil dus blyk dat hier moeilik 'n ander standpunt as anti-kerkvereniging ingeneem is.

Tydens die Sinode van die NG Sendingkerk 1994, toe die belangrike Verenigingsklousule geskep moes word, is twee amendamente voorgestel wat, indien dit goedgekeur sou word, ten minste die verenigingsproses sou vertraag. Loff (1998:273) sien hierdie pogings as simptomaties van 'n aksie wat reeds vroeg in die geledere van die NG Sendingkerk teen kerkvereniging gevoer is. Daarom het die Sinode besluit om 'n kommissie aan te wys vir pastorale gesprek om die geleentheid te skep vir gemeentes, lidmate en ampsdraers om hul probleme, vrese, onsekerhede en onduidelikhede openhartig te bespreek (Acta Synodi, NG Sendingkerk 1994:89-90).

In die NG Kerk in Afrika was teenkanting teen die kerkverenigingsproses ook duidelik sigbaar. Van die begin af was sommige gemeentes van die NG Kerk in Afrika, hoofsaaklik in die Vrystaat en die Noord-Kaap, of ook bekend as Phororo, nie gediend met die kerkvereniging en die wysigings (soos verwys in (Hoofstuk 6) 6.5.1) aan die kerkorde nie. Verskeie pogings om die geskil op te los het egter

misluk. Die NG Kerk in Afrika-OVS het voortgegaan om 'n Streeksinode byeen te roep op 27 September 1995 te Parys. Hierdie gebeure het reaksie uitgelok in die Verenigende Gereformeerde Kerk en is daar na die lidmate verwys as sogenaamde "beswaarde lidmate". Verskeie pogings is nog ter laaste nood aangewend om die vergadering nie te laat voortgaan nie. Op 12 September 1995 het die dagbestuur van die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika ongeveer 120 persone uit die Vrystaatse gemeentes in Bloemfontein ontmoet, maar dit was duidelik dat daar voortgegaan sou word met die reëlings vir die vergadering te Parys. 'n Laaste poging is aangewend deur op 21 September 1995 'n skrywe te rig aan drie leraars wat betrokke was by die beoogde sinodesitting, waarin hul gevra word om 'n dringende ontmoeting voordat daar voortgegaan word met die beoogde vergadering. Al hierdie pogings het egter nie geslaag nie en op 27 September 1995 het die NG Kerk in Afrika (OVS) as streeksinode vergader te Parys (Hooggeregshof van Suid-Afrika: Oranje-Vrystaat Provinsiale Afdeling: saak 799/96:2).

Die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika het op 26 Februarie 1996 'n aansoek by die Oranje-Vrystaatse Provinsiale Afdeling van die Hooggeregshof ingedien waarin hulle gevra het vir die volgende verklarende bevel:

- "dat die NGKA en die NGSK op 14 April 1994 regsgeldig verenig het om die VGK te vorm;
- dat die NGKA gevolglik nie meer bestaan nie;

- dat alle regte, voorregte, eiendomme, bates en laste van die regspersone van die NGKA oorgedra is na die ooreenstemmende regspersone van die VGKSA en
- dat die streeksinode van die NGKA-OVS wat op 27 September 1995 vergader het, oor geen regsbevoegdheid beskik het om enige regsgeldige handelinge namens die voormalige NGKA in die Vrystaat te verrig nie" (Coertzen 1999:10).

*Die Kerkbode* (2 Augustus 1996:1) berig egter dat daar wel onderhandelinge plaasgevind het in 'n poging om die saak uit die hof te hou. Die Dagbestuur van die Algemene Sinodale Kommissie van die NG Kerk het ook op sy beurt 'n verklaring uitgereik waarin hy sê dat hy kennis dra van die geskil tussen die NG Kerk in Afrika en die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika. "Die Dagbestuur vertrou dat hierdie aangeleentheid in geen opsig die groter proses van kerkeenheid tussen die Familie van NG Kerke sal benadeel nie" (Die Kerkbode 2 Augustus 1996:1). Ongelukkig blyk dit dat die onderhandelinge nie suksesvol was nie en dat die hofgeding wel voort gegaan het.

Intussen het 'n nuwe probleem egter ook op die tafel van die Algemene Sinodale Kommissie van die NG Kerk beland, naamlik dat daar van die gemeentes van die NG Kerk in Afrika was (die gemeentes wat nie deel van die Verenigende Gereformeerde Kerk wou wees nie) wat by die NG Kerk wou aansluit. Hierdie versoeke het veral gekom uit gebiede soos die Noord-Kaap, Vrystaat en Natal

(Notule van die Dagbestuur van die ASK van die NG Kerk, 20 April 1995:6-7;23 Junie 1995:5;22 September 1995:8). 'n "Moratoruim" op die inskakeling van die NG Kerk in Afrika gemeentes by die NG Kerk is ingestel (Algemene Sinodale Kommissie van die NG Kerk, 1 Desember 1995:8). Hierdie situasie sou egter voortduur totdat die hof finaal uitspraak gelewer het.

Die betrokke hof (Van Coller R) het op 5 September 1996 uitspraak gelewer ten gunste van die aansoek met kostes, maar terselfdertyd is ook verlof gegee aan die twee respondente, naamlik die NG Kerk in Afrika (OVS) en die NG Kerk in Afrika-Phororo om teen die uitspraak en bevele te appeleer. Wat hulle dan ook gedoen het.

Die appèl is op 6 November 1998 deur 'n volle bank van vyf appèlregters aangehoor. Op 27 November 1998 is uitspraak gelewer. AR Vivier en AR Harms het uitspraak gelewer. AR Harms het, soos al die ander regters, saamgestem met die uitspraak van AR Vivier, maar het sy uitspraak soos volg verduidelik: "Sonder om afbreuk te wil doen aan die uitspraak van Vivier AR, waarmee ek dit eens is, vind ek dit tog dienstig om enkele aspekte, al is dit by wyse van herhaling, vanuit 'n effe ander oogpunt te belig" (Die Hoogste Hof van Appèl van Suid-Afrika: Saak 536/96: Uitspraak 27 November 1998:2).

Die gevolgtrekking van die hof was dat die Algemene Sinode van die NG Kerk in Afrika in Julie 1991 buite sy magte gehandel het. "Die gehele besluit van die

algemene sinode van die NGKA op sy vergadering van Julie 1991 om met die NGSK te verenig (besluit 1.1.33) sowel as die besluite wat daarmee in verband staan (besluite 1.1.34 tot 1.1.38) was gevolglik *ultra vires* en ongeldig" (Die Hoogste Hof van Appèl van Suid-Afrika: Saak 536/96: Uitspraak 27 November 1998:43). Eweneens was die wysigings wat aangebring is aan artikel 36 van die kerkorde van die NG Kerk in Afrika ongeldig. (verwys na 6.5.1) Die implikasie was dus dat die invoeging van artikel 61 nie deur die Sinode goedgekeur kon word nie, omdat diè betrokke vergadering nie die bevoegdheid daartoe gehad het nie. Hiermee het die Appèlhof bevind dat die Oranje-Vrystaatse Provinsiale Afdeling in 1996 verkeerdelik verklaar het dat die NG Kerk in Afrika nie meer bestaan nie, dat alle regte van die regspersoon van die NG Kerk in Afrika oorgedra is aan die ooreenstemmende regspersone van die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika en dat die streeksinode van die NG Kerk in Afrika-OVS geen regsbevoegdheid meer besit nie.

Die bestaan van die NG Kerk in Afrika is deur die hof erken en die kerk kon inderdaad voortgaan om sy regsbevoegdheid uit te oefen deur te vergader en sy werk te doen. Hiermee kon die NG Kerk in Afrika weer as selfstandige kerk sy plek inneem tussen die ander gespreksgenote binne die NG Kerkfamilie rondom kerkvereniging.

Hoewel die NG Kerk in Afrika - OVS en - Phororo beide die regsgeldigheid van die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika se bestaan erken, "toon

die Appèlhof aan dat die geldigheid van die gebeure (op 14 April 1994) en hoe dit geraak word deur die ongeldige besluite van die NGKA se Algemene Sinode van Julie 1991 nooit in die stukke voor die Hof behoorlik aangespreek en ondersoek is nie" (Coertzen 1999:10). Appèlregter LTC Harms konkludeer in sy uitspraak dat: "Die feit dat die VGK se aansoek afgewys word, beteken nie dat kerkvereniging of –ontbinding regtens onmoontlik is nie, slegs dat dit moeilik is en dat die wyse gevolglik in hierdie geval ondeugdelik was" (Die Hoogste Hof van Appèl van Suid-Afrika: Saak 536/96: Uitspraak op 27 November 1998:11).

Die hofsaak tussen die NG Kerk in Afrika en die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika het daartoe meegewerk dat die gesprek oor kerkvereniging gekortwiek is. Spanning in die verhouding tussen laasgenoemde kerke, asook spanning in verhoudinge met ander lede van die NG Kerkfamilie, het die atmosfeer waarin onderhandel moes word sensitief gemaak. Somtyds moes gesprekke gestaak word sodat bepaalde sake eers opgeklaar kon word. Persepsies en vooropgestelde idees het negatief ingewerk op die kerkverenigingsproses. Hierdie situasie het daartoe gelei dat lede uit die NG Kerkfamilie somtyds gefrustreerd en moedeloos gelaat is (Ds F Swanepoel, Persoonlike onderhoud: 29 Augustus 2000).

Die Verenigende Gereformeerde Kerk het dus aan die einde van 1998 gestaan voor 'n uitdaging om opnuut sy bande met die NG Kerk in Afrika op te neem en die pad te stap van versoening en strewe na eenheid in die NG Kerkfamilie. Die

Algemene Sinode van die NG Kerk het dan ook tydens sy sitting in Oktober 1998 gevra: "dat die Gesamentlike Kommissie van die NGK, VGKSA en RCA, wat aan 'n konsep-kerkorde vir 'n nuwe kerkverband werk, uitgebrei word om die NGKA ook in te sluit en dat al die deelnemers tydens bespreking en onderhandeling die dienskneggestalte van Jesus Christus sal openbaar" (Acta Synodi, Algemene Sinode van die NG Kerk 1998:425).

Die NG Kerk het juis in die lig van die nuwe omstandighede besluit dat: "Die Algemene Sinode erken die gemeentes van beide die VGKSA en die NGKA in hul sinodale verband as kerk. Die Algemene Sinode versoek beide die VGKSA en die NGKA om opnuut en so gou moontlik te probeer om tot onderlinge versoening te kom. Die Algemene Sinode besluit dat alle lede van die NG Kerkfamilie in Suid-Afrika by die die eenheidsproses betrek moet word" (Besluiteregister, Algemene Sinode van die NG Kerk 1998:516).

Die NG Kerk in Afrika het in die begin van 2001 reeds gestaan op 98 gemeentes in die Vrystaat en 28 gemeentes in Phororo, dus 'n totaal van 126 gemeentes in diè kerk (Jaarboek van die Nederduitse Gereformeerde Kerke 2001:226-230). Die NG Kerk in Afrika kon dus nou as volwaardige gespreksgenoot sy plek rondom die tafel inneem.

### 7.2.2 Verskille oor die Belydenis van Belhar pootjie die proses

In 1986 het die voormalige NG Sendingkerk die Belydenis van Belhar as volwaardige belydenis binne die Kerk aanvaar. Die omstandighede waarin die status confessionis afgekondig is en waarin die konsepbelydenis uiteindelik sy beslag gekry het as volwaardige belydenis is reeds vroeër bespreek (Sien 5.7). In die onderhandelinge oor kerkvereniging tussen die NG Kerk in Afrika en die NG Sendingkerk het eersgenoemde ingestem dat die Belydenis van Belhar deel sal wees van die belydenisgrondslag van die Verenigende Gereformeerde Kerk van Suider-Afrika (Sien 6.5).

Die uitgangspunt van die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika is dat die Belydenis van Belhar deel sal wees van die belydenisgrondslag van die kerkvereniging in die NG Kerkfamilie. Ten opsigte hiervan leef daar 'n verwagting binne hierdie kerk dat die NG Kerk en die Reformed Church in Africa die Belydenis van Belhar sal aanvaar as 'n belydenisskrif binne 'n verenigde kerk. Dr Willie Botha (Toespraak tydens Sevto-seminaar: 18 September 2000) sê dat hierdie veronderstelling "byna vanselfsprekend" vir dié Kerk is. Later sou blyk dat hierdie voorveronderstelling nie noodwendig sou realiseer nie.

Die Algemene Sinode van die NG Kerk het in 1990 die volgende besluite rondom die Belydenis van Belhar geneem:

1. "Die Kerk verwys na Art 1 van die Kerkorde wat die Formuliere van Eenheid (die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leerreëls) as die belydenisgrondslag van die Ned Geref Kerk omskryf.
2. Die NG Sendingkerk het in 1986 die Belharbelydenis as vierde belydenisskrif aanvaar.
3. Die Kerk erken die prinsipiële reg van elke kerk om 'n bykomende belydenisskrif te aanvaar.
4. Die Kerk het begrip dat die Belharbelydenis met groot erns deur die Sinode van die NG Sendingkerk behandel en aanvaar is en dat die inhoud sake hanteer wat veral vir die NG Sendingkerk van wesenlike belang is.
5. Die Kerk oordeel dat die Belharbelydenis op sigself genome nie met die drie Formuliere van Eenheid in stryd is nie, en dat dit nie verwydering tussen kerke hoef te bring nie.
6. Die Kerk beskou "Kerk en Samelewing" as die Ned Geref Kerk se antwoord op die gedeeltes wat handel oor verwerpings in die Belharbelydenis.
7. Die Kerk wys daarop dat na die aanvaarding van die beleidstuk "Kerk en Samelewing" bepaalde uitsprake rondom die Belharbelydenis nie sonder meer op die Ned Geref Kerk van toepassing gemaak kan word nie.
8. Die Kerk oordeel dat bepaalde uitsprake anders geformuleer kon gewees het, onder ander par 4 van die Belharbelydenis en dat die uiteensetting van "Kerk en Samelewing" oor die Here as God van "die arme en

verontregte", die Bybelse uitsprake in die verband suiwerder stel (vgl par 143-151 van Kerk en Samelewing).

9. Die Kerk benadruk dat in toekomstige gesprekke tussen die twee kerke beide die Belharbelydenis en "Kerk en Samelewing" as basis van gesprek gebruik behoort te word" (Acta Synodi, Algemene Sinode van die NG Kerk 1990:29-30 en 707).

Tydens die vergadering van die Gesamentlike Kommissie op 26 Maart 1996 te Belhar het die afvaardiging van die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika "onderneem om 'n dokument wat die agtergrond tot die aanvaarding van die Belydenis van Belhar (1986) uiteensit, aan die Gesamentlike Kommissie voor te lê met die versoek dat die Gesamentlike Kommissie die NG Kerk en die RCA versoek om dit te versprei en die versoek tot aanvaarding as deel van die belydenisgrondslag van die verenigde kerk te oorweeg" (Notule van die Gesamentlike Kommissie, 26 Maart 1996:3). Ook het die vergadering in die lig van die versoek aan die NG Kerk wat prioriteit moes geniet, besluit om die volgende aanbeveling te maak: "As vertrekpunt is aanvaar dat die Belydenis van Belhar (1986) deel sal vorm van die belydenis-corpus van die verenigde kerk maar dat dit nie afdwingbaar is nie" en verder word ook duidelik gesê dat "Sommige lede van die Gesamentlike Kommissie het wel voorbehoude uitgespreek in verband met hierdie besluit" (Notule van die Gesamentlike Kommissie, 26 Maart 1996:3).

Enkele maande later en wel op 25 Oktober 1996 ontvang die Algemene Sinodale Kommissie van die NG Kerk 'n brief van die Algemene Sinodale Kommissie van die Verenigende Gereformeerde Kerk van Suider-Afrika waarin hulle bevestig dat strukturele eenheid van die NG Kerkfamilie steeds vir hulle van kardinale belang is. Ook word gesê dat dié kommissie die mening toegedaan is dat hierdie eenheid sigbaar moet wees. Maar dit was veral die laaste twee punte in die brief wat verrykende gevolge sou hê vir die pad van kerkvereniging en dit het die volgende bevat, naamlik:

2. "Die ASK is die mening toegedaan dat die onderhandelinge oor kerkeenheid tans 'n dooiepunt rondom die aanvaarding van die Belydenis van Belhar as belydenisskrif bereik het. Dit is dus nodig om andermaal te bevestig dat die Belydenis van Belhar ononderhandelbaar is as belydenisskrif vir die verenigde kerk."
5. "Die ASK beskou die onvoorwaardelike aanvaarding van die Belydenis van Belhar deur die NG Kerk as ononderhandelbare vereiste vir die voortgang van die gesprek oor kerkeenheid. Daar word dus reikhalsend daarna uitgesien dat die NG Kerk hierdie skrifgefundeerde belydenis sal aanvaar en in gehoorsaamheid aan die Here van die Kerk die pad na kerkeenheid saam met die VGKSA sal bewandel" (Die Kerkbode, 20 Februarie 1998:9; Brief van ASK 25 Oktober 1996).

Hiermee is alle verdere gesprekke gestaak totdat die NG Kerk die Belydenis van Belhar aanvaar het. Die gevolg was dat die pad na kerkvereniging gesluit is tot

verdere kennisgewing! Die Algemene Sinode van die NG Kerk sou eers weer in 1998 vergader. Hier was tereg nou 'n dooiepunt in die onderhandelingsproses. Die reaksie van die Algemene Sinodale Kommissie van die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika hou moontlik verband met die feit dat die hele saak van die Belharbelydenis nog nie na die gemeentes in die NG Kerk gesirkuleer is nie. Tog kan só 'n stap, hoe ernstig dit ookal mag wees, nie geregverdig word nie, veral in die lig van die feit dat dit eenvoudig die vordering van die proses strem.

Die Algemene Sinode van die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika het gedurende April 1997 in Bloemfontein vergader. By hierdie vergadering het die Kerk belangrike besluite geneem ten opsigte van die sogenaamde "dooiepunt". Die Sinode het dit duidelik gestel dat die gesprek rondom kerkvereniging nie moet stol nie, maar die Sinode "hou die deur vir die NGK oop en gee volmag aan die ASK en die Dagbestuur/Moderatuur om die proses van kerkeenheid as 'n saak van dringendheid voort te sit." Verder het die Sinode ook gesê dat "gesprekvoering moet in elk geval voor die volgende Algemene Sinode van die VGKSA 'n konkrete resultaat lewer" (Besluiteregister van die Algemene Sinode van die VGKSA, April 1997:729-731). Sederdien het die gesprekvoering nie gevorder nie en het dit geen resultate gelewer vir die 2001 Sinode nie.

Kort na afloop van die Algemene Sinode van 1997 verskyn 'n artikel in *Die Kerkbode* (2 Mei 1997:6) waarin 'n pleidooi gelewer word vir die aanvaarding van

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die Belharbelydenis deur die NG Kerk. Welliswaar met geringe wysigings aan die oorspronklike bewoording. Die artikel spel 'n groot waarheid uit met betrekking tot die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika: "Vir hulle staan die woorde van Belhar inderdaad op die tafels van hulle hart geskryf, en 'n geringskatting daarvan deur hulle gespreksgenote sal nie net onsensitief wees nie, maar ongetwyfeld vroeër eerder as later die einde van die eenheidsgesprek beteken." Bogenoemde waarskuwing kan nooit geignoreer word nie, maar dit mag ook nie die gespreksgenote tot 'n bepaalde besluit dwing nie.

*Die Beeld* (6 Mei 1997:1-2 en 7) berig dat die NG Kerk homself in 'n "lastige posisie" bevind. Dié dagblad verduidelik waarom hy tot die gevolgtrekking kom: "sonder die aanvaarding van Belhar as belydenisskrif" kan die proses van kerkvereniging nie vorder nie "omdat die VGK dit as voorwaarde vir eenheid stel. Sy ander dilemma is dat sy gemeentes op enkele uitsonderings na nog min of geen geleentheid gehad het om van die Kerk se besware teen Belhar te verneem nie, laat staan nog te bespreek. Vir 'n kerk wat sukkel om van sy apartheidsbagasie ontslae te raak, is die oplossing van die probleem lastig. Word die Belhar as belydenisskrif aanvaar, word kerkeenheid 'n werklikheid. Los hy Belhar, kan hy kerkeenheid vergeet en weer daarvan beskuldig word dat hy 'n apartheidskerk wil wees. In albei gevalle is daar die risiko van kerkskeuring."

Die realiteit was egter dat: "Nie een van die elf streeksinodes van die NG Kerk wat verlede jaar die plek van die Belharbelydenis in 'n toekomstige verenigde

kerk bespreek het, was sonder meer ten gunste van die aanvaarding daarvan as belydenisskrif nie" ( Die Kerkbode 1 November 1996:1). Die NG Kerk het homself voorwaar in 'n dilemma bevind en 'n spoedige oplossing moes gevind word.

In die lig van die posisie van die Belharbelydenis wat telkens ter sprake gekom het in die gesprekke rondom kerkvereniging, het die Algemene Sinodale Kommissie van die NG Kerk (Notule van die Algemene Sinodale Kommissie: NG Kerk 24 April 1996:13) die Algemene Kommissie vir Leer en Aktuele Sake versoek om verslag te doen oor hoe die Belhar-aangeleentheid in die NG Kerk hanteer moet word, asook rondom die *Status Confessionis* wat deur die NG Sendingkerk aanvaar is en die dokumente bestudeer wat ontvang is van die Verenigende Gereformeerde Kerk rondom die agtergrond tot die Belydenis van Belhar ("Die Belydenis van Belhar en Kerkvereniging").

Nadat die dokument *Sodat ons almal een kan wees* (vgl 7.1.5) in 1995 deur die Kerk versprei is en die verskillende kerklike vergaderings en lidmate geleentheid gekry het om kommentaar te lewer, was dit opmerklik dat die Belydenis van Belhar hoog op die lys van omstrede sake was. Hierdie saak is ongetwyfeld van groot belang in die proses van kerkvereniging en moet die hele situasie met die nodige omsigtigheid hanteer word.

Die Algemene Sinodale Kommissie van die NG Kerk (Notule 29 en 30 Oktober 1996:20-21) het in die lig van die aanbevelings van die Algemene Sinodale Kommissie vir Leer en Aktuele sake sy standpunt oor die Belharbelydenis in die volgende besluite vervat: "Die ASK besluit:

9.3.1.1 Ten spyte van bogenoemde eis, en ten spyte van sommige in die Ned Geref Kerk dat ons hiermee voor 'n onoorkomelike struikelblok te staan gekom het, wil die ASK alles in sy vermoë doen om die proses van kerkvereniging te laat voortgaan.

9.3.1.2 Die ASK wys daarop dat die Algemene Sinode van 1990 besluit het dat die Belydenis van Belhar op sigself genome nie met die Drie Formuliere van Eenheid in stryd is nie en dat hierdie belydenis nie verwydering tussen kerke hoef te bring nie.

9.3.1.3 Die ASK is daarvan bewus dat die ontstaanskonteks van Belhar vir sommige lidmate 'n struikelblok is. Hierdie konteks is dié van 'n *status confessionis* wat volgens dié wat beswaar het, 'n sterk politieke konnotasie het en sy agtergrond vind in die bevrydingsteologie. Die ASK oordeel nogtans dat die Belydenis van Belhar nie as blote "bevrydingsteologie" afgemaak kan word nie. Dit is noodsaaklik om te begryp dat, al sou daar sekere persone betrokke gewees het met allerlei politieke oorwegings, die Belydenis van Belhar gesien moet word teen die agtergrond van

die lyding en nood van gelowige en toegewyde lidmate wie se geloof in die krisis gekom het vanweë die apartheidsbestel.

9.3.1.4 Die ASK aanvaar dat die Belydenis van Belhar van die VGKSA die status van 'n eietydse belydenisskrif geniet wat vir die VGKSA 'n kosbare besit is.

9.3.1.5 Die ASK huldig die mening dat die "onvoorwaardelike aanvaarding" van die Belydenis van Belhar as vierde belydenisskrif naas die drie Formuliere van Eenheid, tans soveel onenigheid in die Ned Geref Kerk sal veroorsaak, dat dit op die oomblik nie 'n opsie is nie.

9.3.1.6 Die ASK stel dit as sy standpunt dat, indien daar nie 'n weg gevind kan word waardeur die Belydenis van Belhar as opsionele belydenisskrif in die kerkorde van die beoogde verenigende kerk geakkommodeer kan word nie, kan dit rampspoedig wees vir die proses van kerkvereniging; daarom behoort die eerste prioriteit van die Gesamentlike Kommissie tans te wees om oor die prinsipiële vraag na 'n opsionele belydenisskrif duidelikheid te kry en, indien dit moontlik is, 'n formule te vind wat dit moontlik maak.

9.3.1.7 Die ASK is steeds bereid om die Belydenis van Belhar verder in die Ned Geref Kerk bekend te stel en volgens die prosedure in Kerkorde 44.1 bepaal, as moontlike belydenisskrifr te oorweeg. Die ASK versoek dat die bostaande as sy standpunt aan die VGKSA,

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die Reformed Church in Africa en die NGKA: Phororo en Vrystaat deurgegee word."

Wat die hantering van die Belydenis van Belhar in die NG Kerk betref het die Algemene Sinodale Kommissie besluit dat dié belydenis versprei moet word na kerkrade, ringe en sinodes. Lidmate en kerkvergaderings is versoek om biddend die Belydenis van Belhar te bestudeer en om dan kommentaar daarop te lewer. Die ooreenkomste met *Kerk en Samelewing* is op die tafel geplaas en die sentrale temas van eenheid, versoening en geregtigheid is dienooreenkomstig as van groot belang uitgewys (Notule van die Algemene Sinodale Kommissie: NG Kerk 29 en 30 Oktober 1996:21-23). Die erns waarmee die Kerk aandag aan die bepaalde saak moes verleen, het voorop gestaan.

*Die Kerkbode* (20 Februarie 1998:9-12) het die volledige inligtingstuk as bylae gepubliseer onder die titel "Sodat almal een kan wees ...2". "In die brief wat dit vergesel, word gesê dat dié inligtingstuk deel uitmaak van die ASK se onderneming om lidmate en kerkvergaderings op die hoogte te hou met ontwikkelinge in die proses om een kerverband in die NG Kerkfamilie te vorm" (Agenda, Algemene Sinode van die NG Kerk 1998:20). Lidmate en kerkvergaderings het tot Junie 1998 geleentheid gehad om kommentaar te lewer.

In Oktober 1998, tydens die sitting van die Algemene Sinode in Pretoria, is die reaksie op die bekendstelling van die Belharbelydenis weergegee. Positiewe sowel as negatiewe kommentaar is ontvang en uiteindelik is tot die volgende konklusie gekom: "3.1 Talle lidmate en kerkvergaderings oordeel dat die Belydenis van Belhar in hoofsaak nie in stryd is met die Skrif en die Drie Formuliere van Eenheid nie. 3.2 Vir die oorgroot meerderheid lidmate en kerkvergaderings wat wel gereageer het, is die Belydenis van Belhar nie as belydenisskrif vir 'n nuwe kerkverband aanvaarbaar nie" (Acta Synodi, NG Kerk Algemene Sinode 1998:309).

Op Woensdag, 14 Oktober 1998, tydens die derde sittingsdag van die Algemene Sinode van die NG Kerk, het hierdie Kerk sy standpunt ten opsigte van die Belydenis van Belhar soos volg geformuleer:

"1. Die Sinode neem kennis van en het begrip vir die geweldige premie wat die VGKSA op die Belydenis van Belhar as belydenisskrif vir dié kerk plaas.

2. Die Algemene Sinode verklaar, op grond van die kommentaar wat ontvang is van lidmate en kerkvergaderinge, dat die die Belydenis van Belhar nie op die oomblik as vierde belydenisskrif aanbeveel kan word nie.

3. Die Algemene Sinode aanvaar dat die Belydenis van Belhar op sigself genome nie met die Drie Formuliere van Eenheid in stryd is nie.

4. Die Sinode aanvaar ter wille van die eenheidsproses en sy getuienis die wesenlike inhoud van die Belydenis van Belhar.

5. Die Algemene Sinode oordeel dat dit noodsaaklik is dat die Kerk opnuut en in oorleg met die ander gespreksgenote sal kyk na 'n manier waarop die Belydenis van Belhar in die nuwe kerkverband se belydenisgrondslag opgeneem kan word, maar op so 'n wyse dat niemand se gewete onder enige dwang geplaas word nie en vra dat die gedagtes in 1.1.3 (Addendum p36) genoem, ook oorweeg sal word.

6. Die Algemene Sinode gee opdrag aan die ASK dat, indien die belydeniskwessie 'n onoorkomelike probleem vir die vorming van een sinodale verband blyk te wees, indringend aandag gegee moet word aan alternatiewe strukture van kerkverband" (Acta Synodi en Besluiteregister, Algemene Sinode van die NG Kerk 11-17 Oktober 1998:422-425 en 516).

Tans het die gesprek rondom die Belydenis van Belhar weinige vordering getoon. Ds Nico Koopman, leraar van die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika, het hom oor die vordering soos volg uitgelaat: "...die gesprek tussen die Verenigende Geref Kerk (VGK) en die NG Kerk oor die Belydenis van Belhar 1986 nog nie naastenby afgehandel is nie. Die vrae wat Belhar op die tafel van die VGK en NG Kerk plaas, moet nog aandag kry. As hierdie vrae nie

deurgewerk word nie, sal eenheid, versoening en geregtigheid ons bly ontwyk" (*Die Kerkbode* 17 Maart 2000:7).

Ds James Buys, moderator van die Algemene Sinode van die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika, het dit duidelik gestel dat die Belharbelydenis 'n voorwaarde bly ten opsigte van kerkvereniging. "Kerkvereniging binne die NG Kerkfamilie sonder 'n gemeenskaplike belydenisgrondslag is eenvoudig nie haalbaar nie. Vereniging tussen lede van dié familie sal nie kan plaasvind indien net sommge lede die Belydenis van Belhar aanvaar nie" (*Die Kerkbode* 9 en 10 April 1999:1).

Die Teologiese Fakulteit van die Universiteit van Pretoria het deur middel van 'n Sevto-seminaar op 18 September 2000 gepoog om die gesprek rondom hierdie sensitiewe saak te stimuleer. "Die Belhar-Belydenis onder die vergrootglas" was die tema van die seminaar en verskeie lede van die kerke in die NG Kerkfamilie het aan die gesprek deelgeneem. Ten spyte van positiewe klanke is dit egter duidelik dat hierdie gesprek nog glad nie sy slothoofstuk geskryf het nie en dat indringende en openlike dialoog nodig is om 'n oplossing te vind.

### 7.3 Samesprekings te Goudini: 2-4 September 1998

Afgevaardigdes van die NG Kerk, die Reformed Church in Africa en die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika het op 2 tot 4 September 1998 te Goudini byeengekom. Die doel van die byeenkoms was om as 'n sogenaamde "Bosberaad" te dien. Aangesien die Appèlhof in Bloemfontein eers gedurende November van dieselfde jaar uitspraak sou lewer in die saak tussen die NG Kerk in Afrika en die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika, is die NG Kerk in Afrika nie na die samesprekings genooi nie. Daar is egter na diè Kerk, by name deur die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika, verwys as die "Beswaarde gemeentes van die VGKSA" (Persoonlike onderhoud: Dr WJ Botha: 12 Oktober 2000).

Bestekopname van die verenigingsproses is gehou en elke kerk se afvaardiging het geleentheid gekry om diè betrokke kerk se huidige stand te verduidelik. Die NG Kerk afvaardiging het ook besonderhede verskaf rakende die kommentaar wat ingedien is deur die sinodes rondom die Belydenis van Belhar en die ASK se verslag aan die Algemene Sinode in Oktober 1998. Die Reformed Church in Afrika het gepleit vir onderlinge liefde en respek. Ook is daar beklemtoon dat die nuwe kerkverband die evangeliese dimensie van kerkwees sou najaag. Die dispuut tussen die Reformed Church in Africa en die Verenigende

Gereformeerde Kerk rakende leraars uit die eersgenoemde Kerk wat oorgegaan het na die Verenigende Gereformeerde Kerk, asook die vervreemding van eiendomme, is nog nie uitgeklaar nie. Daar is besluit dat die saak deur bilaterale gesprekke tussen die twee Kerke uitgeklaar moes word.

Ds James Buys van die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika het verseker dat diè kerk nog steeds verbind is tot eenheid in die NG Kerkfamilie. Belangrike vraagstukke soos die belydenisgrondslag, die bepaalde modelle en die naam is sake waaroor eers ooreengekom moet word. 'n Groot deel van die samesprekings is gewy aan die Belharbelydenis en die situasie rondom die NG Kerk in Afrika, hoewel misverstande, gevoelens van wantroue en verskille ook aandag gekry het. Die drie Kerke het ook afsonderlik vergader om bepaalde sake te hanteer.

Aan die einde van die bosberaad het elke afvaardiging hul standpunt gestel rakende die Belydenis van Belhar. In die lig van die feit dat die afvaardiging van die NG Kerk nie die aanvaarding van die Belharbelydenis by sy volgende Sinode sou aanbeveel nie, het die Dagbestuur van die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika nie hul weg oopgesien om 'n gesamentlike verklaring uit te reik nie. Prof Pieter Coertzen het 'n voorstel ingedien, wat die besluit van die beraad geword het, dat die beraad sy onderskeie Kerke sal versoek om hulleself opnuut

tot die eenheidsproses te verbind (Persoonlike onderhoud: Dr WJ Botha: 12 Oktober 2000). Hoewel openhartige kommunikasie plaasgevind het, kan die bosberaad te Goudini nie as 'n uitstaande baken op die pad van kerkvereniging beskou word nie. Verskille, wantroue en vertroebelde verhoudings het sterk gefigureer en het as struikelblokke in die pad gelê.

Na afloop van die bosberaad te Goudini is nie weer soortgelyke samesprekings gehou nie en kon die konsep-notule wat deur Dr WJ Botha opgestel is nog nie goedgekeur word nie. Sodoende moes daar vir die doel van hierdie studie slegs staat gemaak word op sy persoonlike aantekeninge en mededelings in die persoonlike onderhoud.

## 7.4 Die proses versand in 'n slakkepas en beland in 'n impasse

Die Algemene Sinode van die NG Kerk het tydens sy vergadering in Oktober 1998 opnuut sy verbintenis tot samewerking met die ander lede van die NG Kerkfamilie bevestig om een kerkverband tot stand te bring. Die Sinode het ook sy frustrasie met die "stadige tempo waarop ons vorder op die weg na kerkeenheid met ander lede van ons NG Kerkfamilie" uitgespreek. En het verder onderneem om "met geloofsmoed elke struikelblok [te] hanteer en ons opregte

voorneme bevestig om vorentoe met entosiasme aan hierdie proses mee te werk" (Acta Synodi, Algemene Sinode van die NG Kerk 1998:422 en 425).

Ongelukkig het die hele proses geleidelik in 'n slakkepas verval en was die vordering eenvoudig net nie bevredigend nie. Die Algemene Sinodale Kommissie van die NG Kerk het tydens sy vergadering op 16-17 Maart 1999 te Pretoria verneem dat die gesprekvoering rondom kerklike eenheid bykans tot stilstand gekom het. Hoewel nog nie moedeloos nie, moes erken word dat die proses in 'n impasse beland het. 'n Impasse is 'n "Doodloopstraat" of "Moeilike situasie waaruit 'n mens nie weet hoe om te kom nie" (Odendal e.a. 1981:432).

Daar is besluit dat die vier moderatore aanvanklik gesprek moes voer en daarna kon die betrokke kerke se moderature bymekaar kom. Prof Pieter Potgieter het gerapporteer dat hy reeds in gesprek met Ds James Buys (VGKSA) was en dat hy die voorgestelde samesprekings tussen die vier moderatore as werksaam beskou het. Hoewel Ds M Lebone (NGKA) wel bereid was tot gesprek, was hy nie positief of haastig nie. Groot spanning het tussen die NG Kerk in Afrika geheers en die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika na afloop van die hofsaak en wel ook ten opsigte van eiendomme. Dit sou tot gevolg hê dat samesprekings op daardie staduim moeilik gehou kon word (Notule, Algemene Sinodale Kommissie van die NG Kerk 16-17 Maart 1999:5-7).

Die gesprek tussen die moderatore het egter nog nie gerealiseer nie. Prof Pieter Potgieter (Persoonlike onderhoud: 27 Oktober 2000) wys daarop dat, nadat hy in 'n telefoniese gesprek die uitnodiging aan Ds James Buys gerig het, ds Buys nog nie gereageer het sodat 'n datum gefinaliseer kon word nie. Gesprekvoering op leiersvlak het tot 'n halt gekom! Dit wil voorkom of die entoesiasme en ywer by sommige leiers ontbreek om die belangrike proses voort te sit.

Die Algemene Sinodale Kommissie het besluit om die volgende verklaring aan die sinodes, ringe en gemeentes uit te reik ten einde almal oor die nuutste verwikkelinge in te lig:

"Die ASK het by sy vergadering van 16 Maart 1999 die huidige stand van die proses van kerkvereniging bespreek. In die lig daarvan wil die ASK die volgende meedeel:

1. Ongelukkig het die prosesse van onderhandeling met die oog op een kerkverband tussen die NG Kerk, die VGKSA, die RCA en die NGKA vanweë verskeie faktore nie veel gevorder nie.
2. Die Algemene Sinode het hom herhaaldelik aan die proses van kerkvereniging verbind en het op sy jongste Sinode weer opdragte in dié verband gegee. Die ASK bly steeds daartoe verbind om hierdie opdragte uit te voer en te soek na weë om die huidige vertraging op te los.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

3. Gemeentes word daarop gewys dat die jongste Sinode onder andere besluit het dat elke kerkraad inspraak behoort te hê by die totstandkoming van 'n nuwe kerkverband.

4. Gemeentes, ringe en sinodes word versoek om elk op eie terrein in liefde met ooreenstemmende kerkvergaderings en aksies (jeug, vroue, ens) van die ander kerke daarna te soek om die onderlinge eenheid te bou" (Notule, Algemene Sinodale Kommissie van die NG Kerk 16-17 Maart 1999:7).

## 7.5 Kontak op plaaslike vlak bring nuwe hoop

In die geskiedenis van die NG Kerkfamilie is daar op verskeie vlakke samewerking tussen die verskillende kerke op sinodale, rings en plaaslike vlak bewerkstellig. Wat die proses van kerkvereniging aanbetref blyk dit dat daar tans nie enige vordering plaasvind nie, veral ten opsigte van die skakeling op sinodale vlak. Dit het geleidelik duidelik geword dat die proses van onderlinge skakeling en samewerking gerig moet word op die plaaslike vlak en by name die ring- en gemeente vlak. In vele ringe is projekte saam aangepak en is daar forums gestig om hierdie werk te kon koördineer. Daar het 'n behoefte ontstaan om in die plaaslike gemeenskap saam te soek na oplossings. Samewerking het nie

noodwendig konkrete eenheid bewerkstellig nie, maar deur gesamentlike verantwoordelikheid vir projekte te aanvaar, is onderlinge verhoudings versterk en opgebou. Hierdeur is die pad tot kerklike eenheid gelyk gemaak.

In 1993 rapporteer Ds Danie Louw (Iswenkommunikasie Junie 1993:31-37) dat daar reeds goeie sameswerking tussen die twee gemeentes in Sabie is, naamlik die NG Kerk en die NG Kerk in Afrika, Sabie. Hoewel hy in die artikel erken dat daar tog probleme bestaan, spreek hy die hoop uit dat dit uiteindelik sal lei tot die einddoel naamlik "om een NG Kerk te wees op plaaslike vlak" (Iswenkommunikasie Junie 1993:37). Louw was gedurende hierdie tyd die plaaslike leraar van die NG Kerk in Afrika, Sabie. Sy oortuiging dat die plaaslike vlak 'n oplossing bied vir samewerking op die pad na eenheid spreek duidelik uit die opskrif van die artikel: "Skakeling, samewerking en eenheid in die Familie van die NG Kerke op plaaslike vlak – Dit kan!" (Iswenkommunikasie Junie 1993:31).

Hierdie samewerking tussen die twee kerke in Sabie was veral sigbaar deur onder andere kanselruilings, die saakgelastigde van die NG Kerk wat ook gedien het as kassier en boekhouer van die NG Kerk in Afrika, die NG Kerk Sabie wat verantwoordelikheid aanvaar het vir die traktement van die leraar en subsidie vir die twee evangeliste van die NG Kerk in Afrika. Ook is 'n gespreksforum in die

vorm van 'n konferensie gehou waar skakeling, samewerking en eenheid bespreek is (Iswenkommunikasie Junie 1993:34-35).

'n Soortgelyke samewerkingsprojek het tot stand gekom in die Ellisras-omgewing, Sinode van Noord-Transvaal, waar die sogenaamde "Limpopo-Wes Evangelisasie Forum" gestig is.

Hierdie forum beywer hom veral vir uitreikwerk in die plaaslike omgewing. Verskillende kerke in NG Kerkfamilie is hierby betrokke. In Junie 2000 was reeds dertien gemeentes by die forum betrokke en was daar ook hoop dat nog verdere gemeentes sou aansluit (Agenda, Ring van Waterberg Junie 2000:18).

In Kemptonpark, Sinode van Suid-Transvaal, het twee ringe naamlik die Ring van Birchleigh en Kemptonpark saam met drie gemeentes van die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika in Tembisa 'n forum gestig. Veertien gemeentes het deel gevorm van die forum en is ook onderling in drie groepe verdeel sodat daar nouer skakeling kon plaasvind en verhoudings daardeur gebou kon word (Besluiteregister, Ring van Kemtonpark Junie 1999:4-5). Die forum moes gesprek stumileer, probleme hanteer en gesamentlike projekte aanpak. Daar is selfs na die sogenaamde status van die forum verwys as 'n

"Spesiale Ringsitting" en geloofsbriewe na die vergadering is vereis (Besluiteregister, Ring van Kemptonpark Junie 2000:5).

Die Ring van Witbank, Sinode van Oos-Transvaal, werk saam met die plaaslike gemeentes van die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika deur onderling waarnemers na die onderskeie ringsittings te stuur. Leraars doen ook visitasie by gemeentes en gesamentlike dienste word gehou. In Pretoria het 'n soortgelyke samewerking ontstaan onderleiding van drr Daniel Maluleke en Ockie Raubenheimer (Lynwood, Melodi ya Tshwane). Kanselruilings en georganiseerde werkswinkels vorm deel hiervan.

Verskeie ander pogings tot samewerking vind landwyd plaas en het tot gevolg gehad dat hernude hoop opgevlam het vir die kerkverenigingsproses om via die plaaslike gemeentevlak te realiseer. Vir hierdie studie sal ons volstaan met die genoemde voorbeelde. Ongelukkig moet daar erken word dat vordering steeds stadig verloop en konstruktiewe momentum in die kerkverenigingsproses afwesig bly. Die vraag kan met reg gevra word of die NG Kerk nie te veel konsentreer op projekte terwyl die fokus van kerkvereniging verdof nie? Prof Julian Muller (Beeld 19 Februarie 2001:6) is korrek wanneer hy daarop wys dat: "Ons kan die lofwaardigste projekte hê en die wonderlikste planne uitdink, maar dit is alles

uiteindelik niksseggend, tensy ons die ou strukture van kerklike apartheid kan afgooi."

## 7.6 Gesprekspotensiaal word op Sinodale vlak ontgin

Die moderamen van die NG Kerk in die OVS het op 13 September 2000 'n vergadering saam met die moderature van die VGKSA-OVS en die NGKA-OVS te Bloemfontein gehou. By hierdie geleentheid is openhartig gesprek gevoer en gemeenskaplike doelwitte en probleme bespreek. Verdere beplanning rondom gesprekvoering in die toekoms is ook onder die vergrootglas geplaas (Notule, Moderamen van die NG Kerk in die OVS 13 September 2000:1-3).

Die Sinode van Kaapland van die VGKSA, asook die Sinodes van die NG Kerk van Oos-, Suid- en Wes-Kaapland het op 24-25 Julie 2001 'n sogenaamde "Konvent van Kaapland" gehou. Hierdie geleentheid het plaasgevind in Wellington en verteenwoordigers van ringe uit bogenoemde sinodes en sinodale kommissies het die geleentheid bygewoon. Tydens hierdie geleentheid is daar gesprek gevoer rondom struikelblokke in die pad van kerkvereniging, kerkregtelike eise vir kerkvereniging en die bou van onderlinge verhoudings (Persoonlike onderhoud: Ds James Buys 11 April 2001).

'n Reglement vir die Konvent is opgestel en goedgekeur (Konvent vir Eenheid: 25 Julie 2001:1-3). Dr Coenie Burger, moderator van die vorige Wes- en Suid-Kaapse Sinode van die NG Kerk het bevestig dat die Konvent nie 'n vaste, permanente struktuur is nie. Die oogmerk is om nie permanent by die konvent te bly nie, maar doelgerig verder te ontwikkel. Volgens dr Burger wil hulle graag verhoudings tussen lidmate en gemeentes op plaaslike vlak bevorder en op watter wyse ookal die proses van eenheid in die NG Kerkfamilie dien (Kerkbode 1Junie 2001:2).

Die konvent het 'n verklaring van voorneme uitgereik en dit word, terwille van die belangrikheid, in sy geheel weergegee:

"KONVENT VIR EENHEID"

"Verklaring van voorneme"

**"Wie is ons?"**

"Die Konvent vir Eenheid berus op 'n ooreenkoms tussen die V.G.K. van Kaapland, die N.G.K. in Oos-Kaapland en die N.G.K. in S.A. (Sinode Wes- en Suid-Kaap) om op 'n vaste en gereelde basis te vergader as 'n uitdrukking van ons diepe geloofsverbintenis aan mekaar en in die hoop dat die hereniging van die N.G. Kerkfamilie in een kerkverband daardeur gedien sal word.

**Ons motivering?**

Ons wil hierdie pad loop omdat ons glo dat ons lewens op 'n onlosmaaklike manier aan mekaar verbind is deur ons gemeenskaplike geloof in die Drie-enige God. Ons glo dat ons deur die Gees met een Doop ingevoeg is in een liggaam – 'n liggaam wat nou geskeur is en om heelmaking roep. Ons glo dat ons saam een Hoop en daarom ook een en dieselfde roeping in hierdie land onvang het. Ons weet dat ons mekaar nodig het en dat ons onverantwoordelik en ongehoorsaam sal wees as ons hierdie roeping afsonderlik probeer opneem en beantwoord. Ons is entoesiasties daaroor dat 'n verenigde kerk 'n veel groter rol in die samelewing sal kan speel, onder andere 'n praktiese dienslewering, in die bestryding van armoede, die uitbou van Christelike waardes, en die beoefening van geregtigheid. Bowenal sal die eenheid die geloofwaardigheid van die evangelieboodskap bevestig.

**Wat wil ons bereik?**

Ons uitdruklike hoop en gebed vir die Konvent is dat ons samekoms die herenigingsproses van die N.G. Familie sal dien en verhaas tot God se eer. Dit is die eerste en hoofdoelstelling van die Konvent. Ons kom bymekaar om saam te bid, saam te dink en saam te praat oor die eenheid van die kerk, oor ons gesamentlike verbintenis aan geregtigheid en versoening, oor ons een geloof en

hoop, ons een roeping en taak en oor die vraag hoe ons as een liggaam weer in een kerk hieraan gestalte kan gee.

**Hoe wil ons dit doen?**

Ons sou graag wou sien dat die vergaderings van die Konvent altyd meer as gewone formele kerkvergaderings sal wees. Ons hoop dat hier werklike ontmoetings sal plaasvind, dat broers en susters in die Here mekaar op 'n nuwe manier sal leer ken, dat ons geleentheid sal kry om met mekaar te praat en na mekaar te luister – oor dinge van die verlede, maar ook oor ons gedeelde hoop vir die toekoms. Daarom wil ons in ons formele agenda ook ruimte skep vir groepsgesprekke, vir verhoudingsbou en vir gesamentlike Bybelstudie, gebed en sang. Ons sou graag wou sien dat dit wat op die Konvent gebeur beide op grondvlak en in die meerdere vergaderinge die eenheids- en versoeningsproses sal stumileer en sodoende die herenigingsproses sal verhaas en dien.

**Ons verbintenis aan die proses**

Omdat ons oortuig is dat die hereniging van die N.G. Familie 'n prioriteitsaak vir ons behoort te wees, wil ons as afgevaardigdes van die onderskeie kerke hiermee ons verbintenis tot die saak verklaar. Ons glo dat ons bymekaar hoort en onderneem daarom om ons heelhartig aan die herenigingsproses toe te wy.

Terwyl ons weet dat die eenheid van die kerk nie die enigste saak is waaraan gelowiges in dié tyd moet aandag gee nie, glo ons dat moeilik met die ander sake gevorder sal word as die herenigingsproses nie vir ons 'n saak van absolute erns is nie.

Ons weet dat werklike, betekenisvolle hereniging tussen ons kerke nie 'n eenvoudige proses gaan wees nie. Ons weet dat daar moeilike dinge is wat deurgepraat sal moet word. Ons weet dat mense langs die pad seergemaak is en dat hierdie pyn hanteer sal moet word. Ons weet van verwyte en van vrese, van wantroue en van skewe persepsies. Terwyl ons weet dat daar moeilike probleme en vrae in die weg lê, wil ons die oortuiging uitspreek dat nie een van die probleme onoorkombaar hoef te wees en die proses van hereniging hoef te stuit nie.

Ons pak hierdie pad aan omdat ons ook weet van die vernuwende, lewensveranderende en heelmakende liefde van ons Here Jesus Christus wat onder ons werk deur die krag van die Heilige Gees. Ons vertrou daarop dat, wanneer ons 'n pad van gehoorsaamheid aan God loop, ons ook altyd kan reken op Sy leiding, genade en Seën. As afgevaardigdes van die onderskeie kerke onderneem ons om alles in ons vermoë te doen om mekaar in hierdie proses vas te hou.

Mag die Here gee dat die hereniging van die N.G. Familie eerder vroeër as later sal plaasvind, met groot vreugde en tot eer van Sy Naam. (Konvent vir Eenheid 2001: 1-2).

Met die verklaring van voorneme het die konvent nuwe momentum verleen aan die proses van kerkvereniging in die NG Kerkfamilie. Dit het duidelik geword dat eenheid gesoek moet word deur die opbou en versterking van onderlinge verhoudings.

Ook in die Noordelike deel van die land word met ywer gewerk aan groter samewerking en versoening. Die jaarlikse Sinodale Broederkring van die NG Kerk in Suid-Transvaal het plaasgevind op 3 Maart 2002 – 6 Maart 2002 en by hierdie geleentheid is die leraars en kerkraadslede van die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika ook uitgenooi. Die geleentheid was in die vorm van 'n treinkonferensie. Hierdie geleentheid is deur sommige beskryf as 'n deurbraak in die verhoudinge tussen die twee kerke.

Na afloop van die treinkonferensie het die moderature van die NG Kerk in Suid Transvaal en die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suid-Transvaal aan hul gemeentes 'n gesamentlike pastorale brief gerig (Beeld 14 Maart 2002:7). Die

brief het gemeentes aangemoedig om nouer kontak met mekaar te soek. Die moderature het die gemeentes daarop gewys dat eenheid tussen die twee kerke belangriker as ooit vantevore is en het hul daartoe verbind om 'n konvent tot stand te bring. Ook is bevestig dat die ander NG- en VGK-sinodes in die ou Transvaal moontlik deel van die beoogde proses sou vorm. Die gedagte van 'n sogenaamde Noordelike Konvent is deur verskeie persone as 'n moontlikheid genoem in die kerk se strewe na eenheid. Vergadering is reeds gehou tussen die Moderature van die Sinodes van die NG Kerk van Suid-Transvaal en Wes-Transvaal, asook die Moderatuur van die Verenigende Gereformeerde Kerk van Suider-Afrika van Suid-Transvaal rondom die beplanning van 'n noordelike konvent. Daar word beoog om al die sinodes in die ou Transvaal hierby te betrek (Notule van die vergadering tussen die moderature van die NG Kerk Sinodes van Suid-Transvaal en Wes-Transvaal en die VGK Sinode van Suid-Transvaal, 9 April 2002: 1-3).

Die moderature het verder die gemeentes aangemoedig om prakties uitvoering te gee aan die eenheidsproses deur nouer kontak met mekaar te soek. Van die voorgestelde maniere om eenheid te bewerkstellig is byvoorbeeld gesamentlike evangelisasie-uitreike, kanselruilings, gesamentlike jeugkampe en jeugbyeenkomste, gesamentlike gebedsbyeenkomste en etes. Klem moet veral ook gelê word op verhoudingsbougeleenthede. Hierdeur kan die proses tot kerklike eenheid in die NG Kerkfamilie gedien word en uitgebou word.

Dit het duidelik geword dat die skakeling op sinodale vlak 'n kardinale rol begin speel in die kerk se soeke na eenheid. Die gemeentes ontvang hiermee ondersteuning van die onderskeie sinodes op die pad na eenheid.

## 7.7 Evaluering

7.7.1 Hoewel die tydperk gekenmerk word deur nuwe toenadering in die NG Kerkfamilie, by name die NG Kerk en sy soeke na versoening, is weinig vordering gemaak op die pad na eenheid.

7.7.2 Belangrike besluite is geneem rakende kerklike eenheid en nuwe hoop het opgevlam dat eenheid in die NG Kerkfamilie wel nou 'n werklikheid sal word.

7.7.3 Die werksaamhede van die Gesamentlike Kommissie is met ywer begin, maar sou net so vinnig weer tot stilstand kom.

7.7.4 Die NG Kerk het 'n besondere bydrae gemaak deur die riglyne vir 'n model vir een verband op die tafel te plaas. Ook is geleentheid geskep dat die plaaslike gemeentes aan die gesprek kon deelneem deur die gespreksdokumente naamlik: "Sodat almal een kan wees..." (Nommers 1 en 2) Hierdie dialoog op plaaslike vlak moet as positief uitgewys word.

7.7.5 Ongelukkig het die interne weerstand teen die kerkvereniging tussen die NG Kerk in Afrika en die NG Sendingkerk geëindig in die hofsaal. Die

konsekwensie van hierdie gebeure speel nog steeds 'n belangrike rol in die proses van kerkvereniging in die NG Kerkfamilie.

7.7.6 Die verskille rondom die Belydenis van Belhar het die gesprek rondom kerklike eenheid belemmer en uiteindelik het die proses tot stilstand gekom.

7.7.7 Hoewel die Algemene Sinode van die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika dit duidelik gestel het dat gesprek moet voortgaan, het hul leiers die situasie gelate aanvaar en is daar weinig gedoen om die proses weer aan die gang te kry.

7.7.8 Die leierskap van die NG Kerk kon meer gedoen het om die proses weer te laat vlot. Ongelukkig het die proses in 'n impasse verval en die leierskap kon nie daarin slaag om met nuwe ywer die gesprek te laat vorder nie.

7.7.9 Nuwe potensiaal het te voorskyn gekom op die plaaslike vlak en bepaalde Sinodes het leiding geneem om kontak tussen die Kerke in die NG Kerkfamilie te bewerkstellig. Hierdie potensiaal moet grootliks meer benut word.

# HOOFSTUK 8

# PRINSIPIEEL-KERKREGTELIKE BEGINSELS TEENWOORDIG IN DIE KERKVERENIGINGSPROSES

Dat Jesus Christus die Hoof en Here van sy Kerk is, en as Koning direk en persoonlik daaroor regeer, is die grondwaarheid waarvan die Gereformeerde Kerkreg uitgaan (Jonker 1980:1). Die tersaaklike vraag wat hieruit voortvloei is: Hoe word hierdie waarheid konkreet gerealiseer in die gesprek rondom die kerkverenigingsproses in die NG Kerkfamilie?

Om enigsins te kan vorder op die pad van kerkvereniging moet bepaalde beginsels as fundering dien waarop die gesprek oor kerklike eenheid moet rus. Die volgende beginsels is myns insiens van kardinale belang:

## 8.1 Skriftuurlike grondslag is ononderhandelbaar

"Die kerkregtelike paradigma waaruit die Ned. Geref. Kerk vertrek, is die volgende: Jesus Christus as Hoof van sy kerk regeer die kerk deur sy Woord en

Gees. In die paradigma funksioneer die Skrif as die eerste konstituerende element ..." (Kunneke 1993:7). Die Woord van God dien as primêre bron en die vraag moet voortdurend gevra word: wat sê die Bybel oor kerkeenheid?

Die Bybel is geen handboek nie, maar verkondig God en Sy Koninkryk. Die Bybel is die blye boodskap dat God in genade die mens, wat deur sy sonde van Hom vervreem is, opsoek, verlos en tot sy eiendom maak. Aan hierdie eiendomsvolk van God is 'n hoë roeping toevertrou. In die Nuwe Testament gaan dit oor die verkondiging dat God in en deur Jesus Christus die wêreld met Homself versoen het. Almal wat die boodskap aangeneem het, het Hy as Sy Kerk byeengebring. Sy Kerk het die opdrag om God se koningskap op alle terreine te dien en vir die wêreld tot seën te wees totdat Hy alle dinge tot voleinding sal bring (Kerk en Samelewing 1990:3-4).

In die Ou Testament is die eenheid geleë in die een God wat een wêreld geskep het en een mensheid wat die werk van Sy hande is. Alles is afhanklik en verbonde aan die een God en Hy het vir Hom 'n eiendomsvolk uit al die volkere verkies en versamel waarin Hy Hom wou verheerlik. "Waar die eenheid van God die grond is van eenheid onder mense, is die diens aan afgode weer die grond van alle verdeeldheid... As gehoorsaamheid aan God 'n voorwaarde is vir eenheid, is dit duidelik dat die wet 'n belangrike samebindende faktor word"

(Crafford en Gous 1993:19-20). Sonde het die harmonie en eenheid verbreek. 'n Eskatologiese verwagting in die Messias wat sou kom het die belofte ingehou van die eenheid wat weer eenmaal herstel sal word. In die Nuwe Testament vloei al die lyne van die Ou Testament saam in die persoon van Jesus Christus.

Verskeie Skrifgedeeltes beklemtoon die belangrikheid van die eenheid van die liggaam van die Here Jesus soos onder andere Johannes 10:16; Romeine 12:4-6; 1 Korintiërs 12:4-30; Efesiërs 2: 11-14, 4:4-6; Galasiërs 3:26-28 en Kolossense 3:11-15. Jesus se hoëpriesterlike gebed in Johannes 17 spreek duidelik hierin mee. Sy gebed vir Sy dissipels en ook vir Sy volgelinge vandag vra dat die eenheid tussen die Vader en die Seun in die eenheid tussen Jesus en Sy dissipels gestalte sal kry. "Ek bid dat hulle almal een mag wees, net soos U, Vader, in My is en Ek in U, dat hulle ook in Ons mag wees, sodat die wêreld kan glo dat U My gestuur het. Die heerlikheid wat U My gegee het, het Ek ook aan hulle gegee, sodat hulle een kan wees net soos Ons een is" (Joh 17:21-22). Die intertrinitêre liefdesband word dus hier gestel as grondpatroon van die eenheid van die kerk (Engelbrecht 1978:212).

Volgens Handelinge was dit vir die eerste Christene vanselfsprekend dat die kerk alleen waarlik kerk kan wees as hul eenheid op 'n tasbare en werkbare wyse beoefen kon word. Hiervoor was hulle gewillig om 'n hoë prys te betaal. Hoewel

die kerke nie deur formele kerklike bande of gesag aan mekaar gebind was nie, het hulle tog "a profound sense of oneness" gehad (Ladd 1975:353). Verskeidenheid was egter nie afwesig nie. Verskille tussen die Hellenistiese Christene en die ortodokse Christene is toegelaat, maar "die eenheid was sterk en diep genoeg om sulke verskille te omvat" (Crafford en Gous 1993:28).

Paulus spreek hom uit teen groepvorming in die kerk. Skeidsmure tussen die Jood en die Griek verdwyn: "all men are reconciled to God in the one body that is the Church" (Fitzmyer 1967:77). "Ekklesia" as 'n uitdrukking van die eenheid van die kerk word in die besonder in Efesiërs 1:22 aan die orde gestel, waar Jesus Christus as Hoof van die kerk aangedui word. Die eenheid van die kerk setel in die verbondenheid aan Christus as die Hoof van die Kerk.

Donald Guthrie (1981:743) sien dit as 'n natuurlike ontwikkeling om vanuit die plaaslike groep aan die somtotaal van die groepe in terme van eenheid te dink. "Yet it would not be correct to say that the universal church was simply a conglomerate of many local communities, for each local community was in essence the church. Nor can it be maintained, as some have done, that the universal concept is too developed for the time of Paul and that consequently both Ephesians and Colossians should be considered non-Pauline, which would mean that evidence in support of Paul's view of the church could be discounted."

Die Bybel laat geen twyfel oor die waarmaking van die eenheid van die kerk nie. Die kerk as die liggaam van Christus word ook in 'n enkelvoudskarakter omskryf. Die eenheid van die kerk is 'n Skrifgegewe werklikheid. Die eenheid is nie bloot 'n geestelike eenheid nie, maar moet kom tot 'n konkrete, sigbare eenheid. Dit is 'n gawe van Christus aan sy kerk. "Die kerk is van oorsprong een in God Drie-enig, en moet hierdie eenheid te midde van die verskeidenheid in God se skepping en onder God se volk en in die verskeurde werklikheid soek, dien en sigbaar maak" (Kerk en Samelewing 1990:11).

In ons belydenis van die één God wat Hom openbaar as die Vader, Seun en Heilige Gees vra ons dat ons een sal wees. Vanuit die skriftuurlike grondslag moet ons getuienis nie spreek van verdeeldheid nie, maar van eenheid. "Deur in die kleiner kring van die NG Kerkfamilie een kerkverband na te strewe, eer ons God en doen ons ons belydenis gestand" (Sodat almal een kan wees... 1995:1). Die duidelik waarneembare eenheid van die kerk oortuig die wêreld dat die getuienis van die kerk aangaande Jesus se sending waar en opreg is en daarom moet die kerk om Christus ontwil daarna soek. Geen kerkvereningsproses kan sonder 'n skriftuurlike grondslag aangepak word nie en daarom is dit ononderhandelbaar in die soeke na eenheid. Kleynhans (1985:5) merk tereg die volgende op: "Die belewing van die eenheid in die geloof was dus nie maar 'n ontwikkeling van die kerk self nie; dit was ook nie die resultaat van menslike

inisiatiewe sonder meer nie. Die hand van God is daarin duidelik waarneembaar; op dié weg is die kerk deur die Heilige Gees gelei."

## 8.2 Fundamentele vertrekpunte in die Presbiteriaal-Sinodale kerkregering dien as rigtingwysers

Volgens Kerk en Samelewing (1990:33) het die NG Kerk die wesenlike eenheid van die NG Kerkfamilie erken en terselfdertyd dit as sy oortuiging uitgespreek dat hierdie eenheid in ooreenstemming met die "gereformeerde sinodaal-presbiteriale opvatting" volledig sigbaar tot uitdrukking moet kom. Met hierdie verwysing is die kerkregtelike sy van die verenigingsproses sterk onderstreep. In die lig hiervan is Coertzen (1991b:208) oortuig dat dit nie hier gaan "om 'n losse band wat geen werklike implikasies vir die regering van die kerk het nie." Voorts sê hy "dat dit gaan om 'n teologies-kerkregtelik verantwoorde eenheid... Die eenheidsband wat gelê word moet 'n kerkregtelike band wees wat voldoen aan die vereistes van God se reg vir sy kerk." Juis daarom is dit belangrik om in die soeke na 'n eenheidsverband binne die NG Kerkfamilie inderdaad te vra na die fundamentele vertrekpunte in die presbiteriaal-sinodale kerkregering.

In die kerkregering gaan dit om Jesus Christus wat as die Hoof van Sy Kerk in Sy Kerk regeer. Hierdie geestelike regeringswyse geskied deur sy Gees, Woord, belydenis en kerkorde. Ware kerkwees impliseer noodwendig verantwoordelike kerkregering. "Die ware kerk is immers daar te vinde waar die Woord verkondig word, die sakramente bedien en die regering van die kerk deur opsig en tug beoefen word (Hofmeyr 1996:336). Christus is die Here en die Hoof van die kerk en regeer deur Sy Woord, Gees en die dienste wat Hy gegee het om die gelowiges toe te rus vir hulle dienswerk.

Die koninkryk van God moet dien as konteks vir die kerk. Die koninkryk van God word sigbaar daar waar mense buig voor Hom as die Drie-enige God en die koningskap van Christus erken en bely word. Waar mense onder die vervulling van die Heilige Gees in gehoorsaamheid aan Sy Woord leef word God se koninkryk sigbaar in hierdie bedeling. "Hoewel daar die allernouste verbintenis tussen die kerk en die koninkryk is, is die twee nie sondermeer gelyk aan mekaar nie" (Coertzen 1991b:210). Natuurlik gaan die koninkryk van God voorop en omsluit dit die kerk. Die koninkryk van God is in totaal die verlossingswerk van God in die wêreld en die kerk is die vergadering van hulle wat aan Jesus behoort. Daar waar Sy kinders vergader en 'n gemeenskap vorm, deel in die heil van die koninkryk en die evangelie in geloof ontvang, dáár is die kerk. Dit is hier waar die kerk die goddelike eis en opdrag tot eenheid verwesenlik.

Die kerk is 'n unieke gestalte in die koninkryk van God en hierdie gemeenskap van mense word deur die verkondiging van die evangelie tot 'n eenheid versamel. 'n Bybel verantwoorde kerkbegrip is nodig om die proses van kerkvereniging sinvol te laat verloop.

## 8.3 Verskeidenheid volg op eenheid

Die eenheid van die kerk is 'n gawe van Christus aan Sy Kerk. Dit is 'n gegewe eenheid en die Bybel spreek duidelik in terme van die liggaam van Christus in 'n enkelvoudskarakter. Coenie Burger (1997:13) spreek hom sterk hieroor uit wanneer hy sê dat die eenheid van die kerk "onafskeidbaar deel is van die evangelie! ...dit is deel van die hart van die kerk." Eenheid is 'n onvervreembare eienskap van die kerk en dit kan alleen ten koste van kerk-wees geïgnoreer word (Van Wyk 1990:21).

Eenheid bring verskeidenheid, maar hierdie twee staan nie teenoor mekaar nie! Verskeidenheid vloei voort uit die eenheid. "Die implikasie is dat daar nie in absolute terme oor net die eenheid of net die verskeidenheid gepraat en gehandel kan word nie want die antwoord is te vind in die geharmonieerde interaksie tussen die twee" (Kunneke 1993:281).

In die beredenering van die proses van kerkvereniging is dit belangrik dat verskeidenheid nie ten koste van eenheid die sentrale tema word nie. 'n Goeie voorbeeld van so 'n beredenering is die standpunt van die sogenaamde Werkgemeenskap vir Kerkreformasie wat die standpunt huldig dat kerkeenheid, soos hulle dit sien, eenheid in verskeidenheid is. Die klem val allereers op die verskeidenheid en eers daarna kom eenheid. Die mening word deur hierdie groep gehuldig dat die eenheid "gehandhaaf en sigbaar uitgeleef word as lidmate en gemeentes (kerke):

- Dieselfde God in hul eie taal prys
- Van dieselfde Verlosser in hul eie taal getuig
- Deur dieselfde Gees hul eie lofsange sing
- Dieselfde Woord in hul eie taal verkondig..." (Eenvormige Verskeurdheid of Veelvormige Eenheid s.a.:13).

Hier vind eenheid in die kerk sy grond in dieselfde taal. Hierdie standpunt moet ten sterkste afgewys word.

Wanneer eiesoortigheid en afsonderlikheid los van die eenheid beklemtoon word, kan dit die indruk skep van verskeurdheid. Vanuit so 'n gesigspunt word verskeidenheid verhef tot die allesoorheersende faktor en word eenheid

verskraal tot 'n geestelike en onsigbare gedagte of droom. Dan is die eenheid van die kerk slegs 'n hoop wat eskatologies verwesenlik sal word en nou geen dringende opdrag aan die kerk is nie.

Ds James Kirkpatrick (Die Volksblad 11November 1986:6) het deelgeneem aan hierdie belangrike debat en stel sy mening soos volg: "Verskeidenheid is eers binne die eenheid van die kerk werklik verskeidenheid. Selfs die verinheemsing van die kerk geskied nie ten koste van die eenheid van die kerk nie. Verskeidenheid en eenheid staan tog nie teenoor mekaar asof ons as gelowiges dan moet kies tussen óf verskeidenheid óf eenheid nie. Wanneer ons die aksent op die verskeidenheid wil plaas, moet dit wees as verskeidenheid binne die eenheid."

Prof JH van Wyk (1990:7) som dit korrek op: "Binne die eenheid kan daar 'n ryke verskeidenheid wees, maar dan nie 'n verskeidenheid wat in 'n verskeurdheid van opponerende kerke/gemeentes ontaard nie."

## 8.4 Die plaaslike gemeente is volwaardige selfstandige kerk

In die Gereformeerde kerkregeringstelsel is die plaaslike kerk of gemeente, as sentrum van kerklike organisasie, 'n volwaardige en selfstandige kerk. Bavinck (1967:356) en Kleynhans (1985:1) is dit eens dat al sou daar net een gemeente in die wêreld oorbly dit nog steeds volwaardig en selfstandig kerk kan wees. Dit sal nog steeds die institutêre openbaring van die universele liggaam van Jesus Christus wees. Grosheide (1957:35) merk op dat daar in die plaaslike kerk die "Ecclesia universalis" aanwesig is.

Volgens artikel 29 van die Nederlandse Geloofsbelydenis is die ware kerk daar waar die Woord van God en die sakramente suiwer bedien en die kerklike tug gehandhaaf word. Aangesien hierdie vereistes wel in die plaaslike gemeente aangetref word, beteken dit dat die gemeente volledig en selfstandig kerk is. Ook tref ons hier die ampte of dienste aan (Janse van Rensburg 1975:65-66). Prinsipieel gesien is die gemeente volledig kerk, hoewel nie die hele kerk nie. Gemeentes wat uit innerlike oortuiging met mekaar assosieer vorm 'n bepaalde kerkverband en deel in hul beskouing van God se opdrag.

In die lig van bogenoemde is dit belangrik dat daar nie uit die oog verloor word dat kerkrade en gemeentes ook aan die debat rondom eenheid in die NG Kerkfamilie moet deelneem nie. 'n Meerdere vergadering soos byvoorbeeld die Sinode kan in hierdie verband nie alleen spreek en homself dus skuldig maak aan sinodokratiese praktyke nie. Die Algemene Sinode, waarin gemeentes nie direk verteenwoordig is nie, kan nie die gemeentes se kerkverband verander deur eensydig daaroor te beslis nie. Dit verbaas dus nie dat die redakteur van *Die Algemene Kerkbode* (11 en 12 Desember 1998:4) pleit dat die kerkrade en die gemeentes heelpad deel moet wees van die proses van kerkvereniging en dat daar nie "kant en klaar vir hulle en namens hulle besluit sal kan word nie."

Die vraag is beslis nie meer of gemeentes hoegenaamd geken moet word in die gesprek nie, maar eerder hóé hul inspraak moet realiseer en konkreet gestalte moet kry. Strauss (1999:44-46) is van mening dat "die vasstelling van die belydenis of die wysiging van die kerkverband moet deur die kerkrade as die instansies aan wie die opsig en tug in die gemeentes toevertrou is, goedgekeur word." Hy wys daarop dat hierdie besluitneming nie tot kommentaar of afvaardiging na ander besluitnemende vergaderings beperk sal wees nie, maar dat die kerkrade kan ooreenkom of die goedkeuring 'n konsensus of 'n bepaalde meerderheid van die kerkrade veronderstel. Tog moet gewaarsku word teen neigings tot onafhanklikheid waarin die outonomie van die plaaslike gemeente só verhef word dat die kerk in sy verband totaal geïgnoreer word. Standpunte soos

die volgende moet afgewys word: "Strukturele kerkeenheid is primêr 'n saak vir die plaaslike kerke en kerkrade en nie vir die Algemene Sinode nie" (Van Loggerenberg s.a.:Quo Vadis III!).

Op hierdie punt moet twee belangrike sake uitgelig word, naamlik dat volledige konsensus bykans onbereikbaar is en dus bloot 'n ideaal sal bly, en tweedens dat besluitneming op die vlak van die mindere vergaderings (kerkraad) en die gemeente nie direk teenoor die meerdere vergaderings gestel sal word nie, maar eerder langs mekaar. Die sinodes en die Algemene Sinode van die NG Kerk sal nie op die pad na kerklike eenheid die gemeentes en kerkrade totaal buite rekening mag laat nie, maar 'n sinvolle balans en wisselwerking is nodig.

Strauss (1999:46) is korrek as hy sê dat "dit pas by die kerk as geloofsgemeenskap as die uiteindelike besluitneming deel van 'n proses sal wees." In hierdie proses kan daar nie by die plaaslike gemeente verbygegaan word nie en die pad moet met sensitiwiteit en gesprekvoering geloop word.

## 8.5 Die Kerkverband: Wenslik en noodsaaklik

Die grondgedagte en uitgangspunt van die Gereformeerde kerkregeringstelsel is dat die plaaslike kerk of gemeente, as sentrum van die kerklike organisasie, volledig selfstandig kerk is. Dit is die institusionele openbaring van die onsigbare liggaam van Christus. Ten spyte hiervan bestaan daar tog 'n veelheid van plaaslike gemeentes wat elkeen 'n openbaring van die liggaam van Christus is. Hierdie verskillende kerke is één in Christus en daarom is dit vir die kerke van belang om in 'n onderlinge verband met mekaar te lewe.

Kleynhans (1985:1) omskryf die begrip kerkverband soos volg: "Soos die woord reeds aandui, word kerke met dieselfde belydenisgrondslag vir bepaalde doeleindes saamgesnoer en aan mekaar verbind. Die onderlinge band wat so tot stand kom, staan as die kerkverband bekend." Strauss (1999:51) is van mening dat "...'n bepaalde kerkverband bestaan uit daardie gemeentes wat uit innerlike oortuiging in wat hulle beskou as 'n opdrag van God, met mekaar assosieer."

Du Plooy (1982:414-416) sien die kerkverband as die aangewese manier van lewe van die kerke. "Wanneer die kerke hulle deur die bediening van die Woord en die Gees aan die gesag van die Woord onderwerp, en dit ook bely, ontstaan

daar 'n bibliologiese, konfessionele en dogmatologiese eenheid tussen kerke – bekend as kerkverband." Later beskryf hy die verband as 'n veel dieper belewing: "Dit is soos een familie wat as huisgenote van die geloof innig met mekaar saamlewe; dit is een huis van God onder die sorg en liefde van die Vader, onder die heerskappy van een Hoof, naamlik Christus, en onder die kragtige leiding en inspirasie van die Heilige Gees waardeur die kerke tot liefde en diens teenoor God en mekaar aangevuur word" (Du Plooy 1982:415).

Die diepste fondament vir 'n verband tussen kerke is dus die eenheid van Woord, belydenis en leer as voortvloeiend uit die koninkryk van God, Christus se heerskappy en die unieke aard en funksie van die kerk (Coertzen 1991:217). In die indikatiewe en imperatiewe karakter van die wesenseienskappe van die kerk in sy eenheid, heiligheid, katolisiteit en apostolisiteit lê ook die noodwendigheid van die kerkverband opgesluit. Die kerkverband hang saam met, en vloei voort juis uit die eienskappe van die kerk. "Dié eienskappe is aan die een kant 'n gawe (*Gabe*) van God aan die kerk; aan die ander kant, en tegelyk, is dit ook die roeping (*Aufgabe)* van die kerk om dit bewustelik na te strewe" (Kleynhans1985:6).

Coertzen (1991:220) is van mening "dat die Skrifgegewe imperatief tot die eenheid van die kerk, ook die sigbare eenheid in die kerkverband, rus in die

indikatief van die kerk se eenheid in Jesus Christus. Dit verleen 'n bepaalde geborgenheid aan die kerk se werk om 'n verband te verwesenlik." Hofmeyr (1996:337) som dit soos volg op: "Kerkverband is die uitlewing en belewing van die familiekarakter van die kerk".

Gereformeerd-kerkregtelik beskou is die vorming van een kerkverband op sinodale of federale grondslag nie die enigste uitdrukkingsvorm van sigbare eenheid nie. In die Nuwe Testament was daar geen kerkverband, soos ons dit vandag ken, of strukturele eenheid nie. Hulle eenheid was eerder 'n geloofsverband wat tot uiting gekom het in veral hul leer en diens. 'n Belydenis-verband kan ook tot stand kom sonder die daarstelling van 'n federale of sinodale kerkverband. 'n Voorbeeld hiervan was in 1571 toe die Nederlandse Sinode van Emden verklaar het dat hulle een met die Franse gereformeerdes was. Die rede hiervoor was nie omdat hul struktureel een was nie, maar omdat die inhoud van hul geloofsbelydenis (*Confessio Belgica*) ooreengestem het met die Franse gereformeerdes se geloofsbelydenis (*Confessio Gallicana*). Die Sinode van Emden het selfs besluit om die bogenoemde belydenisskrifte te onderteken en so hul eenheid met die Franse kerke te vergestalt. Hierdie was duidelik die vergestalting van 'n belydenis-verband tussen die bepaalde kerke (Sevto-seminaar, Dr Johan Ernst: 11 Mei 2000).

Die kerkverband dien die welwese van die kerk en nie die wese van die kerk nie. In die lig hiervan is dit noodsaaklik om te waak teen polarisasie in die debat. Die een uitgangspunt sal die standpunt huldig dat die kerkverband tot die wese van die kerk behoort en daarmee tot die slotsom kom dat die kerk eers waarlik en kompleet kerk sal wees as hy in verband met ander kerke tree. Die hiërargiese eenheidstruktuur van die katolisisme dien hier as voorbeeld. Oorheersende of pouslike oppermag staan sentraal. Die ander standpunt sal dit duidelik stel dat die kerkverband hoegenaamd geen rol in die kerk van Jesus Christus speel nie. Hierdie standpunt word veral deur die Independentiste as uitgangspunt gehuldig. Die Independentisme sien die optrede van die meerdere vergaderinge as blote advies wat die plaaslike kerk na willekeur mag aanvaar, ignoreer of verwerp (Kunneke 1993:71; Keet 1963:17-20). Jonker (1987:42-43) is heeltemal reg as hy as 'n middeweg, sê dat "die gereformeerde begrip van kerkverband is op die Skrif gebaseer en gaan 'n eie weg".

Die Gereformeerde Kerkreg het nog altyd kerkverband nie net as wenslik beskou nie, maar inderdaad ook as noodsaaklik. Nie vir die wese (*esse*) van die kerk nie, maar vir die welwese (*bene esse*) van die kerk. Begronding hiervoor lê veral in die Bybelse gegewens wat handel oor die onderlinge liefde en sorg van die plaaslike kerke vir mekaar. Ook die rol van die apostolaat in die vroeë kerk spreek hier 'n woord mee (Bouwman 1934:II 8-12; Kleynhans 1985:1-32). "Dit gaan dus daarin nie om 'n blote luukse nie, maar om 'n noodsaaklikheid" (Jonker

1987:43). Durand (1979:73) waarsku dat daar nie vanuit die oortuiging dat die kerkverband tot die welwese van die kerk behoort, 'n gedagte moet ontstaan as sou dit as't ware maar geïgnoreer kan word nie. Die verpligting tot kerkverband bring kerke byeen deur hul doelgerigte opoffering en organisering daarvan. "Die vertrekpunt is dat kerkverband nie eenheid skep nie, maar eenheid vergestalt" (Kunneke1993:166). Die kerke moet hulle eenheid in Christus op 'n sigbare en konkrete wyse met mekaar beleef. Van hierdie imperatief sal ons nie kan ontwyk nie!

Die NG Kerkfamilie het deur die praktyk vir die stigting van verskillende kerke vir verskillende bevolkingsgroepe dit vir Christene prakties onmoontlik gemaak om die onderlinge gemeenskap van gelowiges te beoefen. Die skeiding op grond van velkleur het Christene van mekaar geskei. Op watter wyse ons hierdie toedrag van sake ookal verdedig, dit kom steeds as verwerping voor. Later het die Federale Raad van NG Kerke tog 'n vorm van kerkverband verteenwoordig, maar dit was duidelik dat dit slegs op 'n losser vlak was en besluite was nie afdwingbaar nie.

Die NG Kerk het reeds in sy jongste besluite die ideaal daargestel vir "een kerkverband" in die NG Kerkfamilie (Acta Synodi, Algemene Sinode 1994:440). Hierdie kan nie net 'n ideaal en droom bly nie maar sal spoedeisend tot

uitdrukking moet kom. 'n Independentistiese benadering van 'n baie losse verband wat slegs adviserend optree moet egter afgewys word. 'n Meer hegter sinodale struktuur as vorm van kerkverband is duidelik die doelwit van die sinode se besluit.

'n Kerkverband wat in ooreenstemming met die gereformeerde presbiteriaal-sinodale stelsel is sal 'n vollediger sigbare uitdrukking gee aan die wesenlike eenheid van die NG Kerkfamilie. Die wesenlike eenheid tussen kerke word bepaal deur 'n gemeenskaplike belydenis en kerkregeringstelsel asook hul historiese verbondenheid aan mekaar. "Hierdie mense bely dieselfde gereformeerde geloof, aanvaar dieselfde belydenisskrifte en bou op dieselfde kerkregtelike grondslae. In werklikheid behoort hulle dan ook nie aan 'n ander kerk nie, maar aan dieselfde kerk..." (Van der Watt 1987:22).

Myns insiens kan daar nie sprake wees van 'n eerste kerkverband in die geskiedenis van die NG Kerkfamilie nie aangesien ons reeds vir bykans twee honderd jaar één kerk was. Strauss (1999:34) is van mening dat daar 'n keuse gemaak moet word, naamlik: "Dit gaan hier om óf nouer eenheid óf die wysiging van die kerkverband óf 'n nuwe kerkverband in hierdie familie." As gevolg van die feit dat die Federale Raad van NG Kerke tans vir alle praktiese doeleindes opgehou funksioneer het, bestaan daar eintlik geen konstruktiewe kerkverband

nie. Dus kan ons nie nou praat van 'n nouer eenheid of die wysiging van die kerkverband nie. Ek kies vir 'n nuwe kerkverband in die NG Kerkfamilie wat in sy proses tot 'n kerkvereniging sal lei.

## 8.6 Evaluering

Die volgende perspektiewe is van belang ten opsigte van die prinsipieel-kerkregtelike beginsels in die kerkverenigingsproses:

- Die Woord van God moet sentraal staan. Die eis van liefde en begrip in die soeke na eenheid is van kardinale belang. Eie belang moet plek maak vir gehoorsaamheid aan die Skrif se opdrag tot eenheid.
- Die aanvaarde paradigma is dat Jesus Christus as Hoof van Sy kerk deur Sy Woord en Gees regeer, asook deur die dienste wat Hy gegee het om die gelowiges toe te rus vir hul dienswerk.
- Die plaaslike kerk of gemeente is komplete selfstandige kerk, hoewel tog nie die hele kerk nie. Op die pad na kerklike eenheid mag daar nie by die plaaslike kerk verby gegaan word nie. Elke gemeente sal hierin aktief moet deel neem. Konsensus is slegs 'n ideaal, daarom sal 'n werkbare en onderling goedgekeurde meerderheid die maatstaf moet wees.

- Hoewel die kerkverband tot die welwese van die kerk behoort en nie tot die wese van die kerk nie, neem dit nie die wenslikheid en die noodsaaklikheid daarvan weg nie.

- In hierdie proses speel die meerdere vergadering ook 'n rol en moet die balans tussen die meerdere vergaderings en die plaaslike gemeente, as volledig kerk, sinvol saamvloei.

- Die Algemene Sinode waarin die gemeentes nie direk verteenwoordig is nie, kan nie eensydig beslis dat die gemeentes se kerkverband verander nie.

- In die kerkverenigingsproses en die verloop daarvan sal die meerderheid van lidmate in die betrokke kerke hulle daarmee moet kan vereenselwig.

- Verskeidenheid mag nooit as verskoning gebruik word vir die gebrek of selfs totale afwesigheid van eenheid nie. Genoeg ruimte moet gelaat word vir verskeidenheid en wedersydse begrip vir mekaar. Die verskeidenheid ten opsigte van taal, spiritualiteit, liturgie, kultuur en bedieningstyle/ behoeftes moet erken word.

- Die vorming van 'n nuwe kerkverband vereis dat die proses teologies en kerkordelik korrek hanteer sal word.

- Kerke in die NG Kerkfamilie sal die indikatief en imperatief tot een kerkverband konstruktief moet uitleef.

- Die grootste mate van strukturele eenheid in 'n sigbare gestalte moet nagestreef word.

- Die gereformeerde kerkregeringstelsel moet as uitgangspunt funksioneer en die gereformeerde belydenisskrifte sal ongetwyfeld gehandhaaf moet word. Die gereformeerde kerkreg sal hier 'n duidelike rigtinggewer moet wees.

# HOOFSTUK 9

# STRUIKELBLOKKE IN DIE PAD NA KERKLIKE EENHEID IN DIE NG KERKFAMILIE

Wanneer daar gekyk word na die vordering op die pad na kerklike eenheid in die NG Kerkfamilie kom die woorde van Ds JH Velema in die gedagtes op. Hy skryf rakende die strewe na eenheid onder die Gereformeerdes in Nederland en verwoord die situasie soos volg: "Zal het ooit tot eenheid kunnen komen binnen de gereformeerde gezindte?... Er komt een grote verlegenheid over ons als we aan de feitelijke situasie denken: zoveel verscheurdheid, zoveel wantrouwen, kerklijke hoogmoed, dogmatische zelfverzekerdheid, theologische bunkers, isolementsdrang en fundamentalistische creteria... Tegelijk is er het groter verlangen naar meerdere eenheid... We zien uit naar die eenheid, biddend, verwachtend, werkend. Ach, wanneer?" (Velema 1996:84). Dieselfde hunkering bestaan by lidmate in die NG Kerkfamilie en tog bevind die kerk homself in die posisie waar vordering op die pad na eenheid bykans tot 'n stilstand gekom het. Die hele saak het 'n verleentheid vir die kerk geword!

Verskeie redes word aangevoer vir diè verleentheid waarin die NG Kerkfamilie homself bevind. Slaggate in die proses wissel tussen erkende problematieke, asook redes wat nie altyd so duidelik uitgespel word nie of selfs soms bloot verswyg word. Myns insiens is dit van kardinale belang dat hierdie struikelblokke eerlik en opreg vir gesprekvoering na die tafel gebring word sodat vrese, persepsies, frustrasies, onrealistiese verwagtinge en naiwieteit aangespreek en gehanteer kan word. Liefde en begrip is die wagwoord.

Die volgende struikelblokke speel 'n rol in die vertraagde proses van kerkvereniging in die NG Kerkfamilie:

## 9.1 Die Belydenis van Belhar belemmer die fokus op eenheid

Daar kan met goeie reg gesê word dat die Belydenis van Belhar hoog op die lys van omstrede sake is wat tans die proses van kerkvereniging negatief beïnvloed. Die omstandighede rondom die ontstaan van dié belydenis, die reaksie daarop, die rol wat dit tot hiertoe in die onderhandelingsproses gespeel het, asook die vordering in die debat rondom hierdie belangrike saak is reeds breedvoerig in hierdie studie bespreek. (Sien 5.6; 6.5 en 7.2.2)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die NG Kerk se Algemene Sinode sowel as die streeksinodes het besluit om nie die Belydenis van Belhar as vierde belydenisskrif van die kerk te aanvaar nie. Verskeie redes vir hierdie besluit kan aangevoer word, maar dit wil voorkom asof die formulering van sekere dele van die belydenis, soos byvoorbeeld hoofstuk 4 waar verwys word na God as "God in die wêreld vol onreg en vyandskap op 'n besondere wyse die God van die noodlydende, die arme en die verontregte is", hierin meegespreek het (Die Kerkbode 2 Mei 1997:6). Ook word die omstandighede waaronder die Belydenis geskryf is en ook aanvaar is as rede geopper. Prof Pieter Potgieter (Beeld 13 Oktober 1998:11) sy mening so gestel: "Ek het probleme met Belhar se ontstaansagtergrond..." Sommige sien selfs die invloed van die Bevrydingsteologie in die Belhar belydenis (Eenvormige Verskeidenheid of Veelvormige Eenheid s.a.:18-20).

Tog het die Sinode dit duidelik gestel dat die belydenis nie in stryd is met die Drie Formuliere van Eenheid nie. "Die Algemene Sinode oordeel dat dit noodsaaklik is dat die Kerk opnuut en in oorleg met die ander gespreksgenote sal kyk na 'n manier waarop die Belydenis van Belhar in die nuwe kerkverband se belydenisgrondslag opgeneem kan word..." (Acta Synodi en Besluiteregister, Algemene Sinode van die NG Kerk 11-17 Oktober 1998:422-425 en 516).

Die NG Kerk in Afrika en die Reformed Church in Africa het ook nog nie die Belydenis van Belhar as belydenisskrif aanvaar nie. Dit kompliseer die saak nog verder.

Hoewel die Algemene Sinode van die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika (Besluiteregister van die Algemene Sinode van die VGKSA, April 1997:729-731) in 1997 dit duidelik gestel het dat die proses van kerkvereniging nie moet stol nie en dat die proses met dringendheid moet voortgaan, bly 'n oplossing vir hierdie moeilike saak die betrokkenes ontwyk. Leiers in die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika, by name Ds James Buys, stel dit onomwonde dat die aanvaarding van die Belydenis van Belhar steeds 'n voorwaarde vir kerkvereniging bly.

Buys ("Current situation re the confession of Belhar", 18 September 2000:1-2) verwoord die siening van die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika ten opsigte van die probleme en vrae wat in die NG Kerk rondom die Belharbelydenis bestaan soos volg: "The position of the URCSA with regard to the problems experienced by the DRC can be summarised as follows:

1. The question of racial division of the church still remains as relevant as at the time of the adoption of the confession. The Confession of Belhar, also in a broader sense, addresses precisely the issues of diversity and its resultant continued cause of church division.

   It seems to our understanding that a contradiction exists in the view of the DRC when it claims to be committed theologically to church unity but seems unable to confess church unity as expression of Biblical belief, as matter of prayer and manifestation of practice. They make decisions about unity, preach about it, pray for it but cannot confess this belief in the form of a confesssion.

   Furthermore the Confession of Belhar raises theological issues at doctrinal level that has not been addressed in the classical confession.

2. Within the reformed tradition mechanisms exist to deal with the content of confession and procedures for its amendment. The practice within this tradition must become the vehicle to deal with matters on which points of difference exist.

3. The third position of the DRC is much more ideological than theological. The DRC projects the conditions of the eighties on the URCSA (the then DRMC) as being the principle reason for the formulation and adoption of the Confession of Belhar. This is a patronizing stance in as far as it denies

two significant matters. Firstly it denies the integrity of the then DRMC in its theological reflection on the matter of church division under cicumstance (sic!) where this division was theologically justified. It denies the merit of the reflection on Scripture as the means used to express in a confession this (sic!) understanding. Secondly it denies the historical context. When the WARC suspended the membership of the DRC because of the theological justification of apartheid it also announce (sic!) a status confessionis. By announcing a status confessionis the reformed fellowship of churches within WARC said that our faith in the reconciling death of Christ is being brought into question. The Confession of Belhar became a means of seeking to maintain the integrity of Scripture and the belief in the reconciling death of Christ."

Teenoor die verskillende standpunte en bepaalde hoeke waaruit beredeneer word kan die volgende gevolgtrekkings op die tafel geplaas word, naamlik:

a. Teologies kan die Belydenis van Belhar geensins afgewys word nie. "Diegene wat dit die eerste maal lees, is daarom ook verras dat die belydenis, wat oor kerkeenheid, versoening en geregtigheid handel, hoofsaaklik uit Bybelse teksverse bestaan" (Beeld 3 Oktober 1998:4). Belhar is Bybels!

b. Dit is tog heel Gereformeerd om te bely en in hierdie opsig voldoen die Belhar belydenis aan die vereistes vir 'n belydenis. Die

waarheid van die Christelike geloof in 'n bepaalde tyd en omstandigheid of situasie word duidelik uitgespel in 'n belydenis. Die relevansie van die belydenis geniet hoë prioriteit. Belhar spreek 'n duidelike woord in hierdie verband.

c. Die sosio-politieke ontstaansituasie is nie vreemd aan ons belydenisskrifte nie. "Die NGB se ontstaansituasie was immers om destydse politieke leiers van die Gereformeerdes se nie-rewolusionêre gees te oortuig... Ook die HK het in 'n politieke klimaat ontwikkel wat dit ontgroei het en steeds betekenis het" (Van Niekerk, Sevto-seminaar 18 September 2000:1). Die ontstaansituasie kan nooit die waarheid van 'n belydenis tot niet maak of van die tafel vee nie. Dit is ook waar van die Belydenis van Belhar!

d. Die nugterheid en nederigheid wat Belhar kenmerk val beslis op. Absolutisme is vermy deurdat daar self skuld bely word, prontuit erken word dat God hulle diepste motiewe moet beoordeel (veral in die meegaande brief), toegegee word dat die bestaande situasie nie met volmaakte objektiwiteit beoordeel kan word nie en in die feit dat hulle dit nie teen 'n bepaalde groep het nie, maar wel teen 'n dwaalleer.

e. Die frase uit die Belydenis van Belhar wat sê dat God op 'n "besondere wyse die God van die noodlydende, die arme en die verontregte is" (Die Kerkbode 20 Februarie 1998:12), word deur sommiges as Bevrydingsteologie beskou. Ironies dat die NG Kerk in Kerk en Samelewing (1986:27,par 144) dieselfde Skrifwaarheid erken en wel in 'n effens ander formulering: "Hy (God) is immers by uitnemendheid die Een wat vir die saak van die noodlydende en verontregte intree. Daarom bely die Psalmdigter: "Ek weet die Here behartig die regsaak van die hulpelose, Hy sorg vir die reg van die arme." Dit is dus duidelik dat hier nie sprake is van Bevrydingsteologie nie, maar 'n Skrifwaarheid wat deur elke Gereformeerde onderskryf kan word.

f. Die vraag bly steeds: Waarom aanvaar ons dan nie die Belydenis van Belhar nie? Myns insiens speel nie-teologiese faktore 'n deurslaggewende rol in die gesprek rondom die Belydenis van Belhar. Rassestereotipering wat gekenmerk word deur te dink in terme van "ons" en "hulle" het tot gevolg dat die gesprek nie kan vorder nie. Die Belydenis van Belhar word gesien as "hulle" s'n (Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika). Daarom word daar vanweë taktiese redes nie toegegee om dit te aanvaar nie. Dr A van Niekerk (2000:3) is tereg van mening dat die impasse die volgende is: "Ons moet uit rasse stereotipering ontsnap voor ons

Belhar as Bybelse boodskap vir vandag kan erken; Ons het Belhar se belydenistaal nodig om uit die kloue van hierdie stereotipering te ontsnap!"

g. Wedersydse sensitiwiteit vir die gespreksgenote se standpunte sal ongetwyfeld die eenheidsgesprek laat vlot. Vir die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika staan die woorde van Belhar op die tafels van hulle harte geskryf en die geringskatting daarvan of onsensitiewe optrede deur die gespreksgenote kan lei tot die einde van die gesprek. Tog word dieselfde ook van hulle verwag ten opsigte van die ander gespreksgenote, veral omdat nie een van die ander kerke in die NG Kerkfamilie die Belydenis aanvaar het nie. Jonker (1998:218) is korrek wanneer hy die vraag vra "of dit wys vir die VGK is om die amptelike aanvaarding van Belhar deur die ander kerke as ononderhandelbare voorwaarde vir die vereniging van die kerke te bly handhaaf. 'n Mate van soepelheid in hierdie verband en 'n sterker klem op die geestelike eenheid kan moontlik veel meer bereik as 'n onbuigsame houding oor die formele status van hierdie belydenis." Toegewings sal wedersydsgemaak moet word en die gesprek sal onverpoosd moet voortgaan.

h. Verskil van mening beteken nie noodwendig dat die saak nie met erns beoordeel word nie. Die indruk word tog geskep dat die NG

Kerk nie die saak van Belhar met die nodige erns en eerlikheid hanteer nie, en wel na aanleiding van ds James Buys (18 September 2000:1-3) en dr Daniel Maluleke (1999:1-14; Sevto-seminaar 18 September 2000) se standpunt ten opsigte van die NG Kerk se hantering van die saak. Maluleke (Sevto-seminaar 18 September 2000) beskuldig die NG Kerk dat hulle teen Belhar is omdat hul nog nie apartheid as sonde begin uitleef het nie. Na my mening dien 'n veroordelende benadering nie die saak nie en moet dit afgewys word.

i. Die gesprek op plaaslike vlak moet hervat word. Te veel lidmate en selfs kerkraadslede maak uitsprake of neem besluite ten opsigte van Belhar terwyl hulle nog nie eens die dokument volledig gelees of bestudeer het nie. Hoewel "Sodat almal een kan wees... nr 2" (Die kerkbode 20 Februarie 1998:9-12) 'n belangrike proses aan die gang gesit het, sal hierdie proses weer herhaal moet word sodat alle lidmate tot op voetsoolvlak ingelig kan wees.

j. Die Belydenis van Belhar mag nie die fokus op eenheid in die NG Kerkfamilie so belemmer dat eenheid as primêre doel vervaag nie.

## 9.2 Die "Albatros-sindroom" van apartheid

Die NG Kerk het 'n aktiewe rol gespeel om apartheid te regverdig as 'n skrifgefundeerde politieke en kerklike model. Apartheid as 'n leefwyse van die gelowiges is ook regverdig deur die kerk. Aanvanklik is die stemme uit eie geledere, uit die NG Kerkfamilie en ander kerke geïgnoreer. Uiteindelik het die NG Kerk in 1986 apartheid verwerp en in 1990 tot 'n sonde verklaar.

Die impak wat hierdie stormagtige geskiedenis op die lewens van mense gelaat het sal nooit volledig begryp kan word nie. Nie net was die gevolg daarvan ingrypend vir die agtergeblewe gemeenskappe nie, maar het dit ook bepaalde invloed uitgeoefen op alle rasssegroepe. Hierdie invloed geld selfs vandag nog. So het apartheid die ewige albatros om die nek geword van elkeen wat nie onaangeraak deur hierdie geskiedenis gestap het nie. Verwydering en agterdog tussen rassegroepe as gevolg van gedwonge verwydering is 'n realiteit.

Onder die blanke gemeenskap is daar 'n gevoel van frustrasie as gevolg van die effek wat apartheid op mense se lewens gehad het. Die sogenaamde "Boetman" briewewisseling getuig van teleurgesteldheid wat by sommige blanke mans voortleef na militêre diensplig en die gevoel van misleiding en misbruik van

mense deur 'n regering wat die beleid van apartheid ten alle koste wou instandhou. Geen prys was te hoog nie, selfs nie die lewens van mense nie!

Op verskillende maniere is mense van verskillende rasse slagoffers van apartheid. Die effek en die pyn daarvan word nog nie ooral begryp nie. Tog het dit 'n invloed op die optrede en die vorming van mening. Hierdie invloed is ook sigbaar in die kerk en speel ook 'n rol in die pad na kerklike eenheid in die NG Kerkfamilie.

Vir sommige lede van die NG Kerk is die feit dat die kerk reeds apartheid as sonde verklaar het, 'n voldoende stap op die pad na versoening. Die behoefte bestaan om die verlede agter te laat en die pad vorentoe te stap.Tog word dit nie altyd so deur ander lede van die NG Kerkfamilie beleef nie. "The responses of the DRC to deal amongst other with the Confession of Belhar and it's history of the theological justification of apartheid has been inadequate. The adoption of the document Church and Society lacked in both the analysis of society and what needs to happen to transform it in accordance with the prescripts of Scripture and lacked the theological clarity and insight needed to manifest moving away from it's former position" (Buys 18 September 2000:2-3). Dit is duidelik dat die verwagtinge van Kerke in die NG Kerkfamilie van mekaar verskil en dit het tot gevolg dat daar rondom die onderhandelingstafel 'n botsing van behoeftes is.

Onrealistiese verwagtings wat onbevredig gelaat word lei tot frustrasie en dien nie die soeke na eenheid nie. 'n Skerper luister na mekaar en 'n ware hart wat vergewe en in liefde die pad saam loop bly 'n onvervreembare eis.

"Ons kan nie met 'n formele ons-is-jammer-oor-die-verlede die toekoms ingaan nie. In opregtheid moet ons voor die oë van God en die mense ons skuld van geslagte van apartheid bely, en duidelik uitspreek in woorde, nuwe gesindhede en dade. Ons moet geloofwaardigheid verkry" (De Klerk 2000:101).

## 9.3 "...the DRC is being kept hostage by their fears": Waar of vals?

Ds James Buys (Current situation re the confession of Belhar, 18 September 2000:2) kom tot die gevolgtrekking dat die NG Kerk homself in 'n situasie bevind waarin sy eie vrese hom gevange hou en sodoende diè kerk lam lê om vordering te kan maak op die pad na kerklike eenheid. Die vraag kom onwillekeurig op of hierdie stelling enigsins waarheid bevat of moet dit bloot as onwaar afgemaak word. Wat is die vrese waarmee die NG kerk tans worstel?

Dr D Maluleke (1999:6) wys daarop dat Afrikaans as taal vir die NG Kerk belangrik is en dat daar lede van die kerk is wat van oordeel is dat Afrikaans in die een kerkverband nie tot sy reg sal kom nie. Buys (2000:3) sluit hierby aan deur daarop te wys dat: "The members of the DRC views the church as the last bastion of maintaining a semblance of the Afrikaner Community in a context of transformation of our society." Vrees mag by sommige lidmate bestaan dat die taal, kultuur en eie aard van die NG Kerk deur kerkvereniging beëindig sal word.

'n Verdere vrees bestaan dat kerkvereniging sal lei tot kerkskeuring. Prof Potgieter (Onderhoud 27 Oktober 2000; Die Beeld 13 Oktober 1998:11) verwoord dit soos volg: "...dit het al so dikwels in die geskiedenis gebeur dat kerkvereniging tot verdere verskeurdheid gelei het..." Die ervaring van die stigting van die Afrikaanse Protestantse Kerk in die geskiedenis van die NG Kerk is nog vars in die geheue. Ook die problematiek rondom die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika en die NG Kerk in Afrika na kerkvereniging dra by tot onsekerheid oor wat die gevolg in die NG Kerk sal wees wanneer kerkvereniging sal plaasvind. Sal ons aan die einde van die proses met een verenigende kerk te make hê, of sal daar moontlik 'n hele aantal kerke uit die proses ontstaan?

Tydens die Sinodesitting van die Sinode van Suid-Transvaal gedurende 2001 is 'n breedvoerige debat gevoer rondom die Belydenis van Belhar. 'n Voorstel het voor die Sinode gedien waarin die Sinode homself sou uitspreek ten gunste van die Belydenis.Toe daar tot stemming oorgegaan is was dit die oortuiging van die stemtellers dat die meerderheid van die Sinode ten gunste van die besluit was. Op versoek het die voorsitter gereël dat die stemming met geslote stembriewe sal plaasvind. Met die tweede stemming is die voorstel verwerp. Later het die Moderator melding daarvan gemaak dat sekere afgevaardigdes aan hom gesê het dat hulle aanvanklik vir die voorstel gestem het, maar tydens die tweede stemming daarteen gestem het omdat hul bekommerd was oor die reaksie wat dit sou uitlok in die plaaslike gemeentes. Veral afgevaardigdes uit die platteland het hierdie vrees gedeel.

Dit wil tog voorkom of omstandighede en die optrede of menings van die gemeenskap ons somtyds beinvloed in ons standpunte. Dit bly egter die verantwoordelikheid van die leiers in die kerk om hierdie vrese te besweer en die lidmate sinvol hierdeur te lei, anders sal ons gevangenes bly van ons eie vrese. Die Kerk kan dit nie bekostig nie!

## 9.4 Resente realiteite vorm nuwe teelaarde vir agterdog en steriotipering

Suid-Afrika het sedert 1994 'n nuwe era in sy geskiedenis betree. Die samelewing is gekenmerk deur politieke omwentelinge. Daar is verwys na die sogenaamde "Nuwe Suid-Afrika" en daarmee saam het optimisme gekom. Die styl en optrede van president Nelson Mandela en die openheid wat gekom het deur sport, die kunste, handel, ensovoorts in terme van die groter wêreld het nuwe gesigsvelde oopgesluit.

Die Waarheid-en Versoeningskommissie het met sy werksaamhede begin. "Die WVK was vir die hele Suid-Afrika 'n pynlike en traumatiese proses, maar dit was noodsaaklik dat mense se grusame verhale van smart en lyding gehoor moes word" (Voorligter Desember 2001/ Januarie 2002:21). Met 'n skok is ook besef wat somtyds gedoen is in die naam van veiligheid. Tog het versoening na 'n praktiese moontlikheid gelyk en selfs in die NG Kerkfamilie was daar 'n onderlinge openheid. Stemme van hoop vir kerkvereniging reeds voor die jaar 2000 het hoorbaar geword. Daar is met hoop na die toekoms gekyk.

Ongelukkig het die daaglikse ervarings en realiteite hierdie optimisme laat afplat. Dit het plek gemaak vir onsekerheid en agterdog. Ekonomiese onsekerheid en

die groeiende probleem van werkloosheid het hierin meegewerk. Die Heropbou- en ontwikkelingsprogram van die staat, asook regstellende aksie en die wyse waarop dit toegepas word is op alle terreine ervaar. Meer spesifiek het die blankes dit as 'n bedreiging ervaar. "Regstellende aksie het nie net negatiewe geldelike gevolge vir diegene wat daardeur geraak word nie, maar het dikwels ook 'n negatiewe uitwerking op hul werksmotivering en algemene ingesteldheid tot die lewe" (de Villiers 1999:21). Hierdie ingesteldheid speel 'n rol in die gesindheid van lidmate in die kerk ten opsigte van die proses tot kerklike eenheid.

Geleidelik het die hoeveelheid mense gegroei wat aansoek gedoen het vir emigrasie en die land verlaat het. Meer en meer het die uitweg aangegryp om te emigreer na 'n ander land. Die huidige werklikhede van misdaad, oneffektiewe staatsadministrasie en omgekeerde diskriminasie skep 'n nuwe teelaarde vir rasseagterdog en stereotipering. "Na mate die remmende faktore van die verlede uit die samelewing verdwyn, neem die verwildering toe. Dit word geïllustreer deur die vlak van misdaad en geweld. Suid-Afrika het 'n gewelddadige en onveilige land geword... Dit skep angs en onsekerheid. Die droom van 'n reënboognasie wat in vrede en veiligheid lewe, is tot dusver nog nie bewaarheid nie" (Jonker 1998:220). Die Beeld (18 Januarie 2002:10) sluit hierby aan met die opmerking: "Daar is steeds baie misdaad in die land wat die agterdog laat dat rassisme 'n rol

speel. Só is daar sekere plaasmoorde waarin ras byna duidelik 'n rol speel. Dit is net so verfoeilik."

Die problematiek van geweld, werkloosheid en ander probleme het tot gevolg dat ons soos die titel van Lester Venter (2001: 83-104) se boek aantoon: "In the Shadow of the Rainbow" woon. Die "Rainbow" dui hier op die sogenaamde "Reënboog-nasie". Hoewel daar lidmate is wat nie langer wil veralgemeen nie, kan die invloed van die resente realiteite nie uit die oog verloor word nie. Tog speel dit ook 'n rol in die benadering tot kerkvereniging in die NG Kerkfamilie (Prof P Potgieter, onderhoud: 27 Oktober 2000).

Ontevredenheid, besorgdheid en frustrasie in die werksplek en in die gemeenskap word deur sommige in hul denke rondom kerkeenheid opgeneem. Die optimisme van die negentiger jare het verflou en rasse-agterdog het in sekere opsigte toegeneem.

Die Kerk sal in sy strewe tot kerklike eenheid lidmate moet lei in die waarheid van die Skrif. Geleenthede sal geskep moet word waar mense nader aan mekaar kan beweeg en waar vooropgestelde idees, rassevooroordeel en persepsies moet plek maak vir begrip en liefde. Veralgemening en rassestereotipering sal

die nekslag toegedien moet word. Die Kerk mag hieroor nie swyg nie en veral in die NG kerkfamilie sal alle kerke hierin moet saam werk. "Waar mense nader aan mekaar beweeg en mekaar as medemense ontmoet, kan die stormagtige verlede, die rasse-veralgemening en die voorkeur vir eie belange verdwyn" (Die Beeld 3 Oktober 1998:6).

### 9.5 Onafgehandelde sake skep probleme in die onderlinge verhoudings

Op 14 April 1994 is die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika gestig nadat die NG Kerk in Afrika en die NG Sendingkerk verenig is in een kerk. Ongelukkig het hierdie kerkvereniging nie sonder teenstand verloop nie en het dit uiteindelik geëindig in die hof. (Vergelyk 2.24.3) Hierna het die NG Kerk in Afrika-Vrystaat en –Phororo as die NG Kerk in Afrika bly voortbestaan.

Die Verenigende Gereformeerde Kerk het na afloop van die Appèlhof se uitspraak in 1998 voor die uitdaging gestaan om opnuut weer sy bande met die NG Kerk in Afrika op te neem. Op plaaslike vlak het daar egter meningsverskille ontstaan oor die betrokke eindomme en die gebruik daarvan. In 'n plaaslike gemeente was daar byvoorbeeld lidmate wat deel gevorm het van die kerkvereniging en ander lidmate wat nie deel daarvan wou wees nie. Die vraag

het ontstaan naamlik: Wie se eiendom is die kerkgebou en wie mag dit gebruik- die NG Kerk in Afrika of die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika?

Hierdie onaangename situasie het tot gevolg gehad dat verskeie hofsake geopen is. In 'n telefoniese gesprek (18 Januarie 2002) het Ds A S Bührmann, Saakgelastigde van die NG Kerk in Afrika-Vrystaat, bevestig dat nagenoeg een-en-veertig sake tans in die Vrystaat onafgehandel is. Die Sinode van Phororo (NGKA) het ongeveer ses sake wat nie afgehandel is nie en in die Oos-Kaap is ook sake tans in proses. Van die hofsake sloer egter alreeds baie lank en volgens Ds Bührmann is dit veral twee redes wat die afhandeling beinvloed, naamlik:

- Verskeie gemeentes ondervind finansiële probleme en kan dus nie met die hofsake voortgaan nie
- Die groot hoeveelheid sake het tot gevolg dat dit 'n baie lank tyd van die hof sal vereis.

Op grondvlak ondervind lidmate hierdie breuk of skeiding prakties. Daar waar eens èèn gemeente van die NG Kerk in Afrika was, bestaan nou 'n gemeente van die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika èn 'n gemeente van die NG Kerk in Afrika. In die bestaande kerkgebou vergader die eersgenoemde

gemeente en die ander gemeente moet in die skoolsaal, 'n tent of ander fasiliteit vergader. Hierdie situasie is onhoudbaar en sal spoedeisend aangespreek moet word.

Verdere verwydering en agterdog is ook duidelik in die standpunte van die leiers van hierdie twee kerke. Dr S D Maluleke (Persoonlike onderhoud: 15 November 2000) is van mening dat die rede vir die verwydering voor die deur van die NG Kerk gelê moet word. Volgens hom sou die NG Kerk, meer spesifiek die NG Kerk in die Vrystaat, hul subsidies aan die Verenigende Gereformeerde Kerk onttrek en dit het tot gevolg gehad dat lidmate en leraars nie wou meegaan in die kerkverenigingsproses nie. Vir hom is die rede bloot 'n geldsaak en is mense voor die keuse gelaat óf kerkvereniging óf subsidies! Hierdie standpunt is 'n oorvereenvoudiging van die probleem en negeer alle ander belangrike redes vir die situasie.

Tydens 'n vergadering van die moderature van die NG Kerk in die Vrystaat, die NG Kerk in Afrika-OVS en die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika OVS te Bloemfontein is gemeenskaplike doelwitte en probleme bespreek (Notule van die Moderamen van die OVS 13 September 2000:1-10). Die verskillende leiers het geleentheid gehad om hul probleme op die tafel te plaas en die gesprek het openhartig plaasgevind. "Ds Bührmann noem dit dat die NGKA-OVS

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

hulle telkens vasgeloop het en die indruk gekry het dat die VGKSA-OVS telkens die rug op hulle draai. Die "mooi woorde" in die samesprekinge rym nie met wat werklik "daar buite gebeur daarna nie." Ds M S Kuekue het verwys na sekere dinge wat die NG Kerk in Afrika seermaak naamlik dat die "agtergeblewe NGKA-lidmate die "slawe van apartheid" genoem word. "Ds Kuekue dring daarop aan dat die "seerplek" eers genees moet word voordat ware bevryding sal kan plaasvind. Daar is tans 'n groot stryd onder die onderskeie kerke se lidmate op grondvlak." Dr S J Eloff is van mening dat die twee kerke die sogenaamde "seermaak-dinge" onder mekaar moet uitpraat en dat die NG Kerk wel moet deel wees wanneer die eenheid in die NG Kerkfamilie bespreek word. Ds C J Goeiman was ten gunste van 'n bilaterale gesprek tussen bogenoemde twee kerke en het verder beklemtoon dat almal eers "saam die Here in die oë kyk en met Hom vrede maak, voordat ons in staat sal wees om met mekaar vrede te maak" (Notule van die Moderamen van die OVS 13 September 2000:2).

Ds Kuekue het tydens die vergadering te kenne gegee dat die NG Kerk in Afrika "nie met die VGK wil saamsmelt nie, maar wel met die NG Kerk" (Notule van die Moderamen van die OVS 13 September 2000:3).

Die hofsaak en die uiteindelike Appèlsaak in 1998 het verreikende gevolge gehad vir die verhouding tussen die NG Kerk in Afrika en die Verenigende

Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika. Die gevolg was 'n vertroebelde verhouding wat gekenmerk word deur agterdog, meningsverskille en onafgehandelde sake. Weinig vordering is egter gemaak op die pad na die herstel van hierdie verhoudings en die hofsake wat tans nog nie afgehandel is nie skep 'n verdere teelaarde vir spanning, veral ook op die grondvlak. Die gesprek oor kerklike eenheid sal slegs kan vorder as ook hierdie onvergenoeglike situasie aangespreek en hanteer word.

## 9.6 Onsensitiewe en ondeurdagte optrede bevorder agterdog

Die pad na kerklike eenheid in die NG Kerkfamilie is gekenmerk deur vordering, maar tog ook terugslae en verwydering. Dit het duidelik geword dat die sake op die tafel met sensitiwiteit en begrip gehanteer moet word. Ongelukkig het die optrede van sommige egter die verhoudinge verder vertroebel.

Prof Nico Smith (Die Kerkbode 17 Maart 2000) wys daarop dat hy met 'n bepaalde ondersoek vir die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika rondom die Turfloop Teologiese Skool besig was en in die proses in kontak gekom met verskeie swart leraars. "En as 'n mens dan hoor wat plaaslike gemeentes van die NG Kerk hierdie predikante en hul gemeentes aandoen, kan

'n mens eenvoudig nie glo dat die besluite van die Algemene Sinode oor apartheid enige uitwerking op die meeste van die lidmate en predikante gehad het nie. Die hardheid van hart teenoor al wat swart is, duur onveranderd voort."

Natuurlik is hierdie standpunt van Prof Nico Smith slegs gegrond op die ervaring van swart leraars en nie ook getoets met leraars en gemeentelede van ander rassegroepe nie. Ook is hier erg veralgemeen, omdat daar in hierdie studie reeds gewys is op verskeie gemeentes waar die onderlinge samewerking en verhoudings goed funksioneer. Smith (Die Kerkbode 7 September 2001) herhaal hierdie stelling later as hy in 'n ope brief aan Prof Adrio König skrywe: "Weet jy van die skreiende onreg wat talle lidmate van die VGK nog aangedoen word deur lidmate van die NG Kerk...?" Oor die detail van hierdie onreg het die skrywer nie verder uitgebrei nie, maar dit bly egter duidelik dat daar wel op plaaslike vlak sekere sake is wat onsensitief gehanteer word en wat lei tot spanning en agterdog.

Selfs leiers maak hul skuldig aan uitlatings of opmerkings wat nie die eenheid en die soeke daarna dien nie. Ds Sam Buti, voormalige assessor van die Algemene Sinode van die Verenigende Gereformeerde Kerk, het by die huldigingsdiens van dr Beyers Naudé in Johannesburg gesê dat "dit op rassisme neerkom as die NG Kerk nie wil verenig met die ander lede van die NG Kerkfamilie nie" (Die

Kerkbode 7 September 2001:6). Hierdie stelling is 'n veralgemening en neem nie die ander struikelblokke in die weg van kerklike vereniging in ag nie. Hiermee word èèn kerk in die NG Kerkfamilie uitgesonder as die sondebok en al die ander lede as onskuldige slagoffers bestempel.

Ds Buti kan nie sonder meer beweer dat dit net die NG Kerk is wat nie wil verenig nie. Ds Kuekue het dit reeds duidelik gestel dat die NG Kerk in Afrika nie met die Verenigende Gereformeerde Kerk wil saamsmelt nie, maar wel met die NG Kerk. Tog erken die NG Kerk in Afrika die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika as kerk (Notule van die Moderamen van die NG Kerk in die OVS 13 September 2000:3). Beskuldigings en die versoeking om slegs een party om die tafel te beskuldig van onbetrokkenheid skep verwydering en bevorder beslis nie die eenheid nie!

By verskillende leraars en lidmate in die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika bestaan bepaalde agterdog in terme van die hofsake tussen die NG Kerk in Afrika en diè betrokke kerk. Vrae is gevra in diè verband, naamlik: Watter rol het die NG Kerk gespeel in die voorbereiding en selfs die verloop van die hofsake? Sit die NG Kerk nie agter dit alles nie? Selfs is beweer dat die regters wat in die hofsake uitspraak gelewer het, lidmate van die NG Kerk is en

dat dit 'n bepaalde invloed uitgeoefen het. Natuurlik is sommige van die vrae en agterdog ongegrond en selfs onregverdig.

In die ondersoek van hierdie studie is wel bevind dat een saak wel korrek was, naamlik dat Prof P J Strauss (Persoonlike onderhoud: 29 Oktober 2000) in die voorbereiding vir die hofsaak ingewillig het om 'n bepaalde dokument vir die NG Kerk in Afrika op te stel. Hoewel prof Strauss dit duidelik gestel het dat hy ook gewillig was om vir die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika dokumente voor te berei indien hulle hom daartoe sou versoek, het hierdie optrede ingrypende gevolge gehad vir die onderlinge verhoudings in die NG Kerkfamilie. Agterdog het gegroei ten opsigte van die rol wat die NG Kerk in hierdie sensitiewe situasie speel.

Hoewel hierdie optrede slegs 'n individuele optrede was en die NG Kerk in sy geheel nie daarmee geassosieer kan word nie, word die verbintenis van prof P J Strauss as dosent aan die Fakulteit Teologie (Bloemfontein), sy posisie as assessor en later moderator van die Sinode van die Oranje-Vrystaat asook die feit dat hy lid is van die dagbestuur van die Algemene Sinodale Kommissie, tog deur sommige gesien as die ondersteuning van die NG Kerk aan die NG Kerk in Afrika. Stemme uit die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika sien dit as 'n poging van die NG Kerk om kant te kies in diè saak.

Voortdurende bevraagtekening van motiewe in pogings tot herstel van verhoudings, hoe gering ookal, kan groot skade berokken. Die NG gemeente Pretoria het sy bediening aan Engelsprekendes in die middestad van Pretoria georganiseer onder die naam van Arcadia Faith Community. Talle jong swart mense het hierby ingeskakel. Dr Nico Smith, teoloog van die Verenigende Gereformeerde Kerk, het hom egter ten sterkste hierteen uitgespreek. Hy het beweer dat die optrede van die NG Kerk 'n aantasting van die menswaardigheid van swart mense is en weer eens 'n voorbeeld is van die wit gemeentes wat toesig en beheer wil behou. Die Engelstalige bediening is eintlik maar bedoel vir swart mense het Dr Smith gesê. Hoewel lede van die Arcadia Faith Community, soos byvoorbeeld 'n anderskleurige diaken, hierdie bewerings as onwaar afgemaak het, het dit tog agterdog gewek (Die Beeld 18 Januarie 2002). 'n Goedbedoelde poging is egter onder verdenking geplaas en die soeke na eenheid op grondvlak het 'n besliste terugslag ervaar.

Ondeurdagte en onsensitiewe optredes of uitsprake lei daartoe dat die struikelblokke in die pad van kerkvereniging in die NG Kerkfamilie groter word en moet te alle koste vermy word.

## 9.7 Aanbied van politieke oplossings vir die eenheid-vraagstuk skep onrus

Dr Nico Smith (Beeld 3 April 2002: 16) verwys in 'n artikel na 'n byeenkoms in die Vrystaat van die predikante en ouderlinge van die Verenigende Gereformeerde Kerk van Suider-Afrika tot die gevolgtrekking gekom het dat die problematiek rakende die eenheid in die NG Kerkfamilie nie meer net 'n kerklike saak is nie, maar dat dit om 'n politieke saak gaan. Hulle is die mening toegedaan dat hierdie sogenaamde politieke saak die instandhouding van apartheid deur die NG Kerk is.

"Omdat apartheid in die Suid-Afrikaanse samelewing alleen deur politieke verandering beëindig kon word, sal die voortgang van apartheid in die NG Kerk-familie ook deur politieke aksie beëindig moet word". Voorts word daarop gewys dat sommige leraars van die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika reeds besig is om beëdigde verklarings oor onregverdige diskriminasie teen kerkrade en predikante voor te berei ten einde dit voor te lê aan die Menseregtekommissie of die Konstitusionele hof.

Dr Smith ondersteun hierdie bogenoemde standpunt deur dit duidelik te stel: "Vir my lyk dit na die aangewese weg... Daarom is dit te hope dat die soeke na kerkeenwording langs politieke weë spoediger konkrete resultate sal lewer" (Beeld 3 April 2002:16). Ongelukkig verduidelik Smith nie presies wat hy met die "politieke weë" bedoel nie.

Die politieke invloed is duidelik in die feit dat plaaslike takke van die ANC reeds gemeentes hieroor begin aanspreek het. Vir die politieke gemeenskap is die bestaan van afsonderlike kerke nie meer aanvaarbaar nie.

Hierdie standpunt verteenwoordig 'n bepaalde denke waar oplossings slegs gesoek kan word binne die politieke denkraamwerk. Hierdie uitgangspunt dien geensins die gesprek om eenheid nie. Dit dien eerder as teelaarde vir onrus en vrese. Agterdog onstaan by die medegespreksgenote rondom die motiewe van so 'n optrede. Kerklike sake moet op kerklike wyse hanteer word. Die inroep van politiek optrede in kerklike sake wek die indruk van 'n soeke na gedwonge eenheid. Dit kan nooit ware eenheid bring nie. Natuurlik kan die kerk dit nie toelaat nie!

Op Maandag, 6 Mei 2002, het 'n groep Vrystaatse leraars en lidmate van die Verenigde Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika deelgeneem aan 'n optog na die NG Kerk se sinodale kantoor in Pretoria. Hulle het betoog teen die gebrek aan eenheid in die NG Kerkfamilie. Die groep het plakkate gedra met woorde soos: "Afsonderlike NG Kerke is 'n skandaal", "Apartheid is dead, except in the Dutch Reformed Church", "Dutch Reformed Church, are you still a Christiaan church?" en 'n lied gesing met die woorde:"NG shall never get to heaven". 'n Versoekskrif is aan Prof Pieter Potgieter oorhandig waarin onder andere verwys word na die voortslepende regsgedinge tussen die NG Kerk in Afrika en die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika. Voorts is ook gevra dat die ASK van die NG Kerk by die sinode sal aandring op die vereniging van die kerke in die NG Kerkfamilie (Beeld 7 Mei 2002:3).

Ds James Buys, moderator van die Algemene Sinode van die Verenigende Gereformeerde Kerk,het daarop gewys het dat die optog sonder die medewete van die algemene sinodale kommissie plaasgevind het. "Of dit die beste manier is om die ongeduld met die NG Kerk te deel, weet ek nie," het Buys gesê. Hy het die vrees uitgespreek dat dit teenproduktief kan wees en gesê op algemene sinodale vlak wil hulle "allermins hê dat enige optrede 'n nuwe struikelblok word" (Beeld 7 Mei 2002). Hierop moet instemmend gesê word dat so 'n optrede nie die gesprek of die proses van kerkvereniging dien nie, maar eerder die persepsie by sommige laat dat oplossings en metodes wat vreemd aan die kerklike tradisie

nou ingespan word in die proses. Ds Buys is korrek in sy vrees dat hierdie optrede slegs teenproduktief is en geen ware positiewe bydrae lewer nie.

## 9.8 Leierskap skiet tekort aan innoverende en kreatiewe inisiatief

Die Algemene Sinode van die NG Kerk het in Oktober 1998 opnuut sy verbintenis bevestig tot samewerking met die ander lede van die NG Kerkfamilie om een kerkverband tot stand te bring (Acta Synodi, Algemene Sinode van die NG Kerk 1998:422 en 425). Ook die Algemene Sinode van die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika het reeds in April 1997dit duidelik gestel dat die gesprek rondom kerkvereniging nie moet stol nie maar "gesprekvoering moet in elk geval voor die volgende Algemene Sinode van die VGKSA 'n konkrete resultaat lewer" (Besluiteregister van die Algemene Sinode van die VGKSA, April 1997:729-731). Hierna het die hele proses egter in 'n slakkepas verval en uiteindelik het die proses in 'n impasse beland.

Vanaf 1994 tot 1998 is redelike vordering gemaak met die gesprekvoering rondom kerklike eenheid. In die NG Kerk het die twee dokumente van "Sodat ons almal een kan wees..." (Nommers 1 en 2) ook gesprek op plaaslike vlak

gestimuleer. Ongelukkig was daar sedert 1998 nie baie gedoen om gesprekvoering weer aan die gang te kry nie.

Die impasse het nuwe uitdagings gebring vir die deelnemers aan die proses tot kerkvereniging in die NG Kerkfamilie. Nuwe inisiatiewe en kreatiewe denke was broodnodig in 'n era wat daarom gevra het!

Ongelukkig het die leiers van die verskillende kerke nie met entoesiasme die uitdagings aanvaar en met nuwe vars denke bly soek na oplossings nie. Ds M Lebone (NGKA) was wel bereid tot gesprek, maar het dit duidelik gestel dat hy nie positief of haastig is nie (Notule, Algemene Sinodale Kommissie van die NG kerk 16-17 Maart 1999:5-7). Voorgestelde samesprekings tussen die vier moderatore van die kerke in die NG Kerkfamilie het nooit gerealiseer nie en was 'n geleentheid wat onbenut gelaat is.

Prof Pieter Potgieter (Persoonlike onderhoud: 27 Oktober 2000) wys daarop dat hy by verskillende geleenthede telefonies met ds James Buys oor sake gepraat het en dat hy die onderneming gegee het om na prof Potgieter terug te kom. Hierdie ondernemings is nie gestand gedoen nie. Ook die versoek tot die geleentheid waar die vier moderatore byeen sou kom, het volgens prof Potgieter

nie enige resultate of reaksie opgelewer nie. Op navraag rondom die bepaalde punt het ds Buys (Persoonlike onderhoud: 11 April 2001) ontkennend gereageer en daarop gewys dat daar wel later kontak was tussen die twee kerke en wel deur 'n vergadering in Stellenbosch.

Dr W J Bruwer (Persoonlike onderhoud: 11 Mei 1999) is van mening dat dit elke keer die NG Kerk was wat die inisiatief geneem het om die gesprek tussen die lede van die NG Kerkfamilie aan die gang te kry. Wanneer die gesprek om 'n bepaalde rede nie gevorder het nie moes die NG Kerk leiding neem ten einde die proses weer sy loop te laat neem. Prof P C Potgieter (Persoonlike onderhoud: 27 Oktober 2000) bevestig dat die inisiatief voortdurend vanuit die NG Kerk gekom het om die gesprek rondom die tafel aan die gang te kry. Die behoefte het bestaan dat ook ander lede in die NG Kerkfamilie leiding sou neem en die gesprek sou laat vorder.

Die vraag moet eerlik gevra word of persoonlikhede en persoonlike verskille nie ook meegewerk het tot die huidige situasie in die NG Kerkfamilie nie. Dr van Niekerk (Sevto-seminaar: 18 September 2000:2) vra tereg of "die oorontwikkelde demokratiese bewussyn onder leiers dat hulle ondersteuners (constituency) verteenwoordig, die vrees om nog vure dood te slaan, sekulêre onderhandelingstegniek (bv. ek sal net toegee as ek ook ontvang) wat kerklike

praktyk geword het, en sekulêre metodes (verdeling van die opposisie) nie 'n beslissende rol" speel nie? Of al die bogenoemde aspekte wel 'n rol gespeel het en in watter mate dit die leiers beïnvloed het, kon nie bepaal word nie. Wat egter hier van belang is, is die feit dat die leierskap nie hierdie blokkasies en problematiek kon oplos en dinamies, op 'n kerklike wyse kon hanteer nie.

Dit is dus duidelik dat daar nie met hernude ywer gekyk is na onbenutte geleenthede en positief deur die leierskap in die NG Kerkfamilie gesoek is na oplossings nie. Wanvoorstellings en etiketering van die verskillende leiers het agterdog gewek en die leierskap het dit moeilik gevind om die situasie te oorbrug. Die leiers wat die koers moes aandui en leiding moes neem op die pad na kerklike eenheid het toegekyk terwyl die hele proses tot 'n stilstand gekom het!

## 9.9 Ambivalensie in die kerk skep onsekerheid

Die hunkering op twee gedagtes wat lei tot onsekerheid in die stel van ons standpunte verlam ons om sinvolle besluite te neem en doelgerig die pad vorentoe te stap. In die NG Kerk word hierdie ambivalensie ervaar byvoorbeeld ten opsigte van die Belydenis van Belhar. Prof Piet Naudé (Seminaar,

Verantwoordelike Vernuwing 13 Februarie 2001) verwys hierna wanneer hy noem dat soveel mense al teenoor hom herken het dat hulle geen probleem kan vind met die Belydenis van Belhar nie, maar tog ook nie kan kom tot die punt waar hulle dit kan aanvaar nie. In hul hart is hulle oortuig van die korrektheid van die belydenis maar aan die ander kant beleef hul die aanvaarding daarvan as 'n besluit met veelvuldige konsekwensies.

Sommige lidmate is oortuig dat die Woord van die Here vra na eenheid in die kerk en dat die opdrag onveranderd bly nl. dat ons moet soek na hierdie eenheid. Tog beleef hulle ook vrese en onsekerheid oor 'n kerkverenigingsproses. Ook onderliggende gevoelens en onverwerkte aggressie spreek hierin saam. Onsekerheid ten opsigte van die liturgie, taal, struktuur, die moontlikheid van 'n kerkskeuring, finansies en nog talle ander bring 'n ambivalente gevoel by baie tuis. Natuurlik kan baie van hierdie onsekerhede uit die weg geruim word wanneer vrae beantwoord word en duidelike kommunikasie lidmate tot kalmte bring. Tog speel hierdie belewenis van sommige 'n belangrike rol as struikelblok in die pad na kerklike eenheid.

Leiers, leraars en kerkraadslede in die kerk spreek hul ten sterkste uit ten gunste van kerkvereniging, maar in die praktyk is hierdie persone onaktief en selfs somtyds afwesig wanneer daar gewerk word vir vereniging en verhoudings

gebou word. Hierdie teenstrydigheid in die optredes van sommige skep onsekerheid by baie. Die vraag word gevra of ons werklik ernstig is met ons bedoelings en optredes.

## 9.10 Finansies: 'n moeilike versperring in die pad

Op 19 Maart 1997 het die Navorsingsinstituut van UNISA 'n konferensie gehou waar die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika en die NG Kerk onder die vergrootglas geplaas is. Daar is ook gekyk na die Belydenis van Belhar en Kerk en Samelewing. Prof Christina Landman (1997:7) sê dat dit egter gou duidelik was dat finansies hoog op die agenda was. "However, the meeting was eventually convinced, ...that the stumbling block to unification is simply this: the apartheid between the haves and the hungry. The DRC is well aware of the fact that its ministers would suffer greatly in terms of salaries and pensions if the DRC were to unite with the much poorer URC. On the other hand, the URC feels that the DRC should confess with deeds, with their purses, and not only with words."

Dr S D Maluleke (1999:4) deel bogenoemde standpunt en verwys na ekonomiese motiewe wat volgens hom lede van die NG Kerk verhoed tot eenwording met die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika.

"Historical (sic!) and practical (sic!) Uniting Reformed Church is the church of the poor. Members of the DRC are rich. There are those who think that unification will force them to share their wealth. They don't want to lose their pension and other privilages (sic!). Most of those who are thinking in this way are ministers of religion." Die gebruik van 'n skema van arm teenoor ryk of hulle wat sogenaamd het teenoor hulle wat nie het nie is 'n veralgemening en 'n oorvereenvoudiging van diè struikelblok.

Prof Pieter Potgieter (Persoonlike onderhoud: 27 Oktober 2000) bevestig dat finansies 'n beliste struikelblok in die pad na eenheid is. Volgens hom is dit veral leraars van die NG Kerk wat besorgd is oor die gevolge van 'n kerkvereniging op die pensioene, salarisse en eiendomme. Prof Potgieter stel dit duidelik dat daar waarborge gegee moet word alvorens daar rustigheid sal kom ten opsigte van die finansies by kerkvereniging.

## 9.11 Gebrek aan genoegsame kontak en begrip op plaaslike vlak lei tot die gevoel van skeiding

Suksesvolle kontak en samewerking op plaaslike vlak (sien 7.5) tussen kerke in die NG Kerkfamilie het reeds bydraes gelewer tot hernude hoop op die

kerkverenigingsproses. Verskeie projekte, kontakgeleenthede, broederkringe, konvente en vergaderings op Sinodale en Ringsvlak laat die gevoel van samewerking sterk na vore tree. Ook heelwat voorbeelde van samewerking op gemeentelike vlak spreek hierin mee. Tog is daar nog baie ruimte vir groei op die plaaslike vlak.

Die gebrek aan meer kontak op grondvlak het tot gevolg dat die lidmate nie altyd hierdie eenheid ervaar nie. Die gevolg hiervan is dat hulle die geleentheid ontneem word om werklik te kan saamwerk, beplan, misverstande uit die weg ruim, openhartig kommunikeer oor die verlede en saam positief die toekoms tegemoet te gaan. Hoewel heelwat lidmate elke dag saam in dieselfde fabriek of kantoor werk, mede-leerlinge of ouers by dieselfde skool is of moontlik lede van dieselfde sportklub is, bly hulle nog kerklik van mekaar verwyder. Gemeentes op plaaslike vlak kan soveel meer doen om geleenthede te skep waar lidmate in die NG Kerkfamilie kan saamkom om hul eenheid in Christus prakties te beleef en uit te leef. Gesamentlike eredienste, Bybelskole, jeugaktiwiteite, gesamentlike uitreikprojekte en nog talle meer kan 'n bydrae lewer in hierdie proses.

Lidmate in die verskillende kerke beleef en verstaan op grondvlak weinig van hierdie eenheid en dit het 'n struikelblok in die pad na kerkvereniging op institusionele vlak geword. Verwydering en gebrek aan begrip hou ons uitmekaar

en dit kan alleen oorbrug word deur opregte kontak en bou van onderlinge verhoudings in gemeenskappe waar ons op verskillende vlakke van die samelewing reeds saamwerk.

## 9.12 Botsende standpunte rondom taal dien as remskoen vir eenheid

"Taal het die potensiaal om kerkvereniging tussen die NG Kerk, die Verenigende Gereformeerde Kerk (VGK) en die Reformed Church in Africa skipbreuk te laat ly" (Beeld 30 Maart 1996:2). In die NG Kerkfamilie word verskillende tale gepraat. As gevolg van verskillende tale en kulture is die vraag of dit korrek en sinvol hanteer sal word wanneer die eenheid 'n realiteit gaan word. Verskillende standpunte word ingeneem rondom diè belangrike vraag.

Prof Pieter Potgieter (Beeld 30 Maart 1996:2 en 7) het dit duidelik gestel dat die prys van kerkvereniging te hoog is as dit sou beteken dat mense nie meer hul moedertaal in die kerk kan gebruik nie. "Dit sal sonder twyfel tot skeuring in die NG Kerk lei" het Prof Potgieter gesê. Hierteenoor het Ds Nick Apollis, leraar van die Verenigende Gereformeerde Kerk, daarop gewys dat ringe self kan besluit oor die gebruikstaal en voorsiening word vir taal gemaak ten opsigte van die plaaslike gemeentes om hul eie taalvoorkeur te gebruik. Hy gaan selfs verder

deur te sê: "'n Mens kry die indruk dat sekere afgevaardigdes van die NG Kerk nie hart en siel in die proses van vereniging is nie" (Beeld 30 Maart 1996: 2).

Dr Pieter Fourie, direkteur van publikasies en inligting van die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika, het erken dat daar bepaalde meningsverskille tussen die NG Kerk en die VGKSA is rakende die rol wat aan taal toegeken word. Hoewel taal 'n belangrike saak is, moet dit volgens die VGK ondergeskik wees aan die beginsel van eenheid. 'n Aantal jare later spreek Dr Nico Botha, leraar van dieselfde kerk hom hieroor uit deur te sê: "...sy kerk het miskien gefouteer deur soveel klem op eenheid te plaas en byna fanaties net 'n sinodebesluit oor formele eenheid na te jaag. Die gevolg is dat hulle nou probleme op grondvlak het oor kwessies soos taal" (Beeld 23 April 2002:3).

Wedersydse begrip vir taalvoorkeure in die kerk is van kardinale belang. Taalverskeidenheid is 'n realiteit en vorm deel van die verskeidenheid in eenheid. Moedertaal voorkeur mag nie opgehef word nie, maar op die weg na eenheid sal opofferings gemaak moet word deur byvoorbeeld 'n ander taal te praat of tyd in te boet met vertaling tydens vergaderings sodat die eenheid daardeur gedien kan word.

## 9.13 Kerklike eenheid is nie hoog genoeg op die agenda nie

In die post-apartheidsera worstel die kerk met verskeie vraagstukke buite die kader van kerkvereniging. Finansiële onsekerheid, beplanning, vernuwing in die kerk, fisiese nood van mense, werkloosheid, spanning en stres, vigs, misdaad en gesinslewe is maar enkele van die sake wat die aandag van die kerk verg. Dit kan egter daartoe lei dat die kerk sy fokus op die eenheid in die kerk verloor of die saak bloot op die agtergrond skuif. Dit kan selfs gebeur dat die saak doelbewus nie op die sakelys verskyn nie, as gevolg van ander prioriteite.

Prof Julian Muller (*Beeld* 19 Februarie 2001:6) beskryf ingrypend hoedat so 'n situasie homself voorgedoen het tydens 'n gesamentlike vergadering tussen verteenwoordigers van die Sinodes van Noord- en Oos-Transvaal van die NG Kerk en die Sinode van Noord-Transvaal van die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika. 'n Gesamentlike projek is tydens die vergadering bespreek. Aan die einde van die vergadering het die voorsitter gevra of daar agendapunte is met die oog op die volgende vergadering. "Vinnig en spontaan word die meeste van die aktuele sake van die dag opgenoem: armoede, vigs, misdaad, ensovoorts. Alles word deur die wittes in die vergadering genoem. Net een onderwerp word uit swart geledere genoem: kerkvereniging."

Al sou ons die mees prysenswaardige projekte aanpak en met opregtheid soek na samewerking tussen die kerke in die NG Kerkfamilie, maar ons plaas die saak van kerkvereniging nie hoog op die agenda nie, verloor ons eenvoudig geloofwaardigheid. Solank die agendapunte nie spreek van die kerke se erns met eenheid in die NG Kerkfamilie nie, sal die vordering op die pad na eenheid ons bly ontwyk.

Kerkvereniging moet die eerste taak van die NG Kerkfamilie wees. Alle kerke moet gefokus bly op hierdie belangrike saak.

### 9.14 Opregte liefde, versoening en vergifnis ontwyk die NG Kerkfamilie.

“Dis ‘n skandaal, ‘n verskrikking dat die NG Kerkfamilie nie één is nie... As u praat oor vernuwing, moet u praat oor die liefde wat nie in die NG Kerkfamilie bestaan nie. Ek hoop u gaan mans genoeg wees om daaroor te praat.” Só het Prof Piet Meiring (Beeld 15 Februarie 2001:2) die konferensie oor verantwoordelike vernuwing te Randburg uitgedaag in ‘n vurige pleidooi om eenheid in die NG Kerkfamilie. Die kerk kan alleen ‘n getuie van liefde wees as liefde sigbaar in die kerk is, het prof Meiring tereg gesê.

Juis vanuit die Nagmaal, wat trouens so sterk spreek rondom eenheid, het die skeiding in die NG Kerkfamilie op grond van kleur gekom en het dit vir bykans 'n eeu en 'n half sterk gefigureer in hierdie kring. Die vraag kom onwillekeurig op: Het dit nie nou juis tyd geword dat die kerke in die NG Kerkfamilie eerlik en opreg teenoor mekaar bely, onderling onvoorwaardelik vergewe en die pad saam begin stap nie?

Ons kan in die tronk van ons eie skuldgevoelens en haat bly woon óf ons kan die sleutels van vryheid in ons hand neem: die sleutel wat genoem word "vergifnis" en ons kan uitstap met vryheid in ons hart. Omdat ons nog huiwer om tot hierdie stap oor te gaan ontwyk ware versoening die NG Kerkfamilie. In die plek daarvan het agterdog, etiketering, veralgemening, persepsies en vooroordele die onderlinge verhouding vertroebel.

Hofmeyr (1992:106) wys daarop dat "Versoening is een van die sleutels tot 'n nuwe, 'n beter en 'n meer verenigde Suid-Afrika: versoening met God wat mense met mekaar laat versoen. Eventuele versoening dwarsoor skeidsmure en misverstand is een van die positiefste mikpunte wat saam aangepak moet word". Die moeilike pad van versoening sal eerlik en opreg gestap moet word met die wete dat ons met God versoen is en nie anders kan as om versoenend te soek na oplossings nie. Prof Crafford (1979:52-53) is van mening dat versoening van

die grootste belang is en dat daar versoening moet kom "in hierdie gebroke wêreld tussen ryk en arm, tussen sosialis en kapitalis, tussen verskillende rasse en kleure en tussen verskillende volkere en stamme. Die kerk moet altyd sy taak sien as een van versoening en teenoor 'n etiek van stryd moet die christen 'n etiek van versoening stel."

"Daar is geen goedkoop kitsresep vir versoening nie, 'n mens kan dit nie uit 'n mikrogolfoond optower nie. Dit kom alleen deur die versoening wat God bewerkstellig deur Jesus Christus wanneer mense wat sy vrede ken, as agente vir versoening optree. Versoening kos 'n prys..." (Die Voorligter Desember 2001/ Januarie 2002:21-22).

Die NG Kerkfamilie laat wenkbroue lig in die wêreld omdat ons liefde onderling eenvoudig ons getuienis as kerklike familie tot swye geroep het. Prof Julian Muller maak tereg die volgende gevolgtrekking: "Sonder kerkvereniging sal ons nooit geloofwaardig kan wees nie, al doen ons ook wat" (Beeld 19 Februarie 2001:6).

Prof Nico Smith pleit in 'n artikel in Die Voorligter (17 Maart 2000:13) dat daar geleentheid geskep word waar predikante, lidmate en kerkraadslede van die NG

Kerk en die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika die geleentheid gebied word om getuienis te kom lewer oor optredes wat volgens hulle 'n skending van die Christelike evangelie is. Hy verwys na diè geleentheid as 'n sogenaamde "Kerklike waarheids-en-versoeningskommissie".

Myns insiens is hierdie versoek nie so onbillik as wat dit dalk mag voorkom nie. So 'n geleentheid sal natuurlik nie op dieselfde wyse kan geskied as die staat se Waarheids- en- Versoeningskommissie nie, maar wel op 'n kerklike wyse binne die NG Kerkfamilie. Ook sal nie net die twee kerke daarby betrek moet word nie, maar alle kerke in die NG Kerkfamilie, omdat daar tussen die verskillende kerke onderling verskeie sake is wat aangespreek moet word. So sal ook die onafgehandelde hofsake tussen die NG Kerk in Afrika en die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika op die tafel geplaas moet word. Reg oor die land kan die voorbeeld van die Wes-Kaapland gevolg word deur 'n konvent te reel. Dit sal geleenthede skep wat gesprek sal stimuleer en 'n beter onderlinge begrip tot gevolg hê.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# HOOFSTUK 10

## MODELLE VIR KERKEENHEID

Kerklike eenheid is nie net 'n belydenis nie, maar moet sigbaar gemaak word. Dit bly die verantwoordelikheid van die kerk om hierdie eenheid te bely, dit te beleef en ook sigbaar te maak. Verskillende modelle het geleidelik op die voorgrond getree in die gesprek rondom kerklike eenheid in die NG Kerkfamilie. Sommige van die modelle was nog nie volledig uitgewerk nie, maar het reeds 'n gedagtegang of standpunt verteenwoordig. Aangesien die hele proses in 'n impasse verval het, het dit tot gevolg gehad dat die denke rondom bepaalde modelle ook bykans tot stilstand gekom het.

Die volgende kan op die tafel geplaas word as moontlikhede in die soeke na eenheid in die NG Kerkfamilie:

## 10.1 Die NG Kerk in Afrika gee die eerste tree

Reeds so vroeg as 1975 het die NG Kerk in Afrika sy standpunt duidelik gestel ten opsigte van diè kerk se wens tot kerklike eenheid: "Die Algemene Sinode wens om met die Indian Reformed Church, die Nederduits Gereformeerde Sendingkerk en die Nederduitse Gereformeerde Kerk tot een kerk verenig te word, en dra dit aan die Algemene Sinodale Kommissie op om met die oog hierop met hulle in verbinding te tree" (Agenda, NG Kerk in Afrika 1975:253).

Daar sou bykans eers 'n dekade verloop voordat die NG Kerk in Afrika in 1983 drie modelle geformuleer het in sy projeksie van die proses tot kerkeenheid. Die uitgangspunte van die modelle was die onderskeid tussen wat nie aanvaarbaar was nie en die elemente waaruit die kerklike eenheid bestaan.

Die elemente wat nie in die kerklike eenheid aanvaarbaar was nie, het die volgende drie punte bevat:

i. apartheid wat skeiding tussen gelowiges bring;

ii. minderwaardigheid van een bepaalde groep teenoor 'n ander groep;

iii. etnisiteit wat as konstrukturele faktor vir die kerkverband dien.

Konstituerende elemente vir kerkeenheid is as volg geformuleer:

1. een belydenis;
2. een kerkorde;
3. een lidmaatskap;
4. een legitimasie;
5. een fondsestruktuur.

Drie modelle is aangebied as moontlike oplossings:

"Model 1

* Die afsonderlike gemeentes en kerkrade van die 'ou' kerke bly voortbestaan, maar binne die een nuwe kerkverband. Die belangrike is dat enige lidmaat binne die kerkverband te enige tyd, indien omstandighede sodanig is, sy attestaat na enige van die vier gemeentes kan oordra.

* Leraars sal oor en weer beroepbaar wees na enige van die gemeentes in die kerkverband.

* Op rings-, streeks-, en Algemene Sinodevlak is daar afsonderlike vergaderings van die 'ou' kerke, maar nou binne die een nuwe kerk.

- Op streeksinodevlak bestaan daar net een kommissie vir elk van die diensterreine van die kerk, bv. Jeug, sending, ens. Die kommissies word saamgestel uit lede van elk van die sinodes wat betrokke is, en almal het volle stem.

- Die vier kerke kom saam in een nasionale sinode wat bestaan uit afgevaardigdes uit die vier 'ou' sinodes. Die nasionale sinode is nie 'n 'oorkoepelende' sinode nie, ook nie 'n soort 'Federale Raad' nie. Dit is 'n gevolmagtigde sinode wat besluite neem vir die hele 'nuwe' een NG Kerk in die een kerkverband.

Model 2

Hierdie model is dieselfde as model 1 met die volgende verstellings:

* Vanaf ringsvlak of streeksvlak is daar nou net een vergadering vir die lidkerke.

- Op gemeentevlak bestaan die onderskeie gemeentes.

Model 3

By die model is daar net een gemeente op 'n bepaalde plek.

* Die grense vir gemeentes is geografiese grense.

* In die hele kerkverband is daar net een struktuur" (Kunneke 1993:287-288).

Die NG Kerk in Afrika het hiermee ten minste 'n poging aangewend om 'n aantal modelle op die tafel te plaas sodat gesprek gestimuleer kon word. Die Algemene Sinode van die NG Kerk in Afrika het dit duidelik gestel dat daar nie noodwendig 'n keuse vir 'n bepaalde model gemaak hoef te word nie. Daar kan op verskillende vlakke gewerk word om die eenheid sigbaar te laat word (Agenda, Algemene Sinode van die NG Kerk in Afrika 1987:275). Later het die Sinode ook gevra na die resultate in die proses (Acta Synodi, Algemene Sinode van die NG Kerk in Afrika 1991:14).

### 10.1.1 Evaluering

- Die prinsipiële uitgangspunt van die drie bogenoemde modelle is duidelik,

naamlik dat verskeidenheid volg op eenheid in die liggaam van Christus.

- Die verskeidenheid word erken, maar die voortbestaan van die sogenaamde "ou" kerk op plaaslike vlak adem nog sterk die gedagte van rasgeskeide kerke. (Model 1)

- Model 3 maak geen ruimte vir verskeidenheid nie, eenheid word op alle terreine gehandhaaf.

- Eenheid sal by model 1 van bo af georganiseer moet word. Dit sal dus 'n beweging wees van bo na onder en geen beweging of organisering van onder af, dus plaaslik, na bo nie.

## 10.2 Die NG Kerk plaas riglyne vir een kerkverband op die tafel

In 1990 is reeds opdrag aan die Algemene Sinodale Kommissie van die NG Kerk gegee om strukture uit te werk vir een kerkverband. Die ontwerp vir 'n kerkverband is in die vorm van riglyne deur die kommissie in *Die Kerkbode* (26 Maart 1993:14) gepubliseer met die bedoeling om die kerk in die breë by die gesprek te betrek.

Sadler (Die Kerkbode 26 Maart 1993:14) is van mening dat hierdie ontwerp uit twee gelykstaande onderdele bestaan, naamlik dat :

1. Die strukture in die verskillende kerke so behou word en geen eise word gestel dat strukture moet verdwyn nie.
2. Die voorgestelde sinode het as verenigde liggaam meer funksies as bloot 'n adviserende liggaam. Hierdie verenigde sinode sal bindende besluite kan neem, met die beperking dat daar konsensus of algemene instemming sal wees. Sadler (Die Kerkbode 26 Maart 1993:14) wys daarop dat hierdie beginsel "...in ooreenstemming met 'n gereformeerde kerkregtelike beginsel dat kerklike besluite liefs nie met oorstemming nie maar met ooreenstemming geneem word." Hoewel Sadler sy standpunt laat berus op die feit dat dit 'n gereformeerde kerkregtelike beginsel is, moet egter daarop gewys word dat dit nie die gangbare gebruik in die NG Kerk is nie. Die Algemene Sinode neem verskeie besluite met 'n meerderheidstem. Kunneke (1993:298) merk tereg op: "Die aanbieding van 'n beginsel wat nie deur die kerk self toegepas word nie, is op sigself 'n weersprekende aanbod."

Die Sinode van die NG Kerk het in 1994 die bogenoemde Riglyne vir 'n model vir een verband in die NG Kerkfamilie tesame met die Kerkorde van 1994 goedgekeur as gespreksbasis en is dit na die Gesamentlike Kommissie vir oorweging verwys. Die riglyne was soos volg:

"1. Lidmaatskap van die huidige gemeentes van die Familie van die NG Kerke is oop vir alle gelowiges wat die belydenis van die betrokke

gemeente aanvaar. Dit beteken dat lidmate oor en weer by gemeentes van die ander kerke kan inskakel.

2. Gemeentes, ringe en sinodes binne die Familie van Ned Geref Kerke kan na behoorlike ooreenkoms, inskakel by gemeentes, ringe en sinodes van ander kerke en word dan volledig deel van daardie kerk.
3. Kerkrade, ringe, sinodes en algemene sinodes wat dit so verkies, gaan voort om te funksioneer soos dit tans die geval is, met behoud van huidige name, bepalings en reglemente.
4. Strukture vir samewerking tussen gemeentes, kerkrade, ringe en sinodes moet tot stand gebring word sonder om die kerkregtelike posisie van kerkvergaderings in die gedrang te bring.
5. Evangeliedienaars is oor en weer beroepbaar.
6. As uitdrukking van die een kerkverband, word 'n verenigde sinode vir die Ned Geref Kerk, die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika en die Reformed Church in Africa voorgestel waar daar oor sake van gemeenskaplike belang op 'n basis van konsensus besluite geneem kan word.
7. Hierdie sinode word saamgestel uit al die bestaande sinodes van die drie kerke in 6 genoem, volgens 'n stelsel van proporsionele verteenwoordiging.
8. Die bestaande algemene sinodes (van die Ned Geref Kerk en van die Ned Geref Kerk in Afrika) besluit self of en wanneer hulle wil ontbind.

9. As saambindende liggaam vir al die lede van die NG Kerk-familie (binne- en buitelands) kan gedink word in terme van 'n Bond van Ned Geref Kerke.

10. Namate die groeiproses na groter sigbaarmaking van die kerkeenheid vorder, kan verdere aandag aan bykomende strukture gegee word. Sake soos die belydenisskrifte, juridiese probleme, ensovoorts sal deurlopend moet aandag kry" (Acta Synodi, NG Kerk Algemene Sinode 1994:441-442).

Hoewel hierdie slegs riglyne was en nie 'n volledig uitgewerkte model vir eenheid nie, spreek dit reeds duidelik van die rigting waarheen die NG Kerk wou beweeg ten opsigte van die eenheid in die NG Kerkfamilie. Ongelukkig is hierdie standpunt van die NG Kerk reeds in 1993 gekritiseer deur ds Sam Buti, 'n vorige moderator van die NG Kerk in Afrika, en ds Nick Apollis, 'n vorige moderator van die NG Sendingkerk, toe hulle na die model verwys het as 'n poging van neo-apartheid in die eenheid. Prof Meiring het hierop gereageer deur daarop te wys dat die model geensins met neo-apartheid te make het nie. "Dit is 'n dinamiese model wat kerkeenheid so glad en spoedig moontlik kan laat verloop", het hy gesê. Dr Talbot Sadler het ook daarop gewys dat die proses nie geforseer moet word nie (*Die Kerkbode* 29 Oktober 1993:1).

### 10.2.1 Evaluering

Die volgende kan uitgewys word as sake van belang ten opsigte van die riglyne wat die NG Kerk daargestel het:

- Afsonderlike kerkverbande word gehandhaaf en reflekteer nog steeds die geskeidenheid en afsonderlikheid van die verlede.
- Verskeidenheid dien as vertrekpunt in die kerklike struktuur. Eenheid volg hier op verskeidenheid en nie andersom nie.
- Die verenigende sinode kan wel bindende besluite neem maar slegs deur konsensus of eenstemmigheid. Met hierdie beperking sal die sinode hom egter weer op die vlak van die Federale Raad bevind. Konsensus of eenstemmigheid is nie die algemene gebruik in die NG Kerk nie en daarom is dit vreemd dat dit hier as 'n vereiste gestel word.
- Die verwysing na 'n sogenaamde "groeiproses na groter sigbaarmaking" van die kerkverband moet positief gesien word. Tog is dit jammer dat die bepaalde deelnemers en hulle onderskeie rolle in die groeiproses nie verwoord is nie. Ook geen moontlike tydsaanduiding word gegee nie.
- Daar moet met Kunneke (1993:299) saamgestem word as hy sê dat hierdie model "reflekteer 'n dualistiese kerkregtelike kerkbegrip wat in die Ned. Geref. Kerk bestaan." Na binne, wat sy kerkverband betref, funksioneer die NG Kerk binne sy strukture as 'n eenheidskerk, maar na buite in sy kerkverband staan die NG Kerk 'n samewerkingstruktuur voor.

- Die riglyne soek slegs raakvlakke waarbinne interaksie kan plaasvind. Die doelwit moet eerder wees dat die interaksie bepaalde invloed sal hê op die bestaande situasie en strukture.
- Die riglyne vertoon bepaalde ooreenkomste met model 1 van die NG Kerk in Afrika (Vergelyk 10.1).

## 10.3 Die Verenigende Gereformeerde Kerk voeg eenheid en verskeidenheid saam

Volgens die model van die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika word 'n eenheid gevorm deur 'n Algemene Sinode, streeksinodes en ringe en wel op grond van 'n gemeenskaplike kerkorde. Volledige vereniging op hierdie vlakke vind plaas, asook alle kommissiewerk. Hierdie model is in 'n groot mate in werking gestel met die vereniging van die NG Kerk in Afrika en die NG Sendingkerk in 1994.

Dr Andries Botha, 'n voormalige skriba van die Sinode van die NG Sendingkerk, het die model soos volg beskryf: "Daar is een algemene sinode en almal wat binne 'n geografiese gebied woon, behoort aan dieselfde streeksinode. So ook ringe wat binne dieselfde geografiese gebied is. Die gemeentes funksioneer soos hulle tans is, maar word by die ringe ingeskakel as gemeentes van die nuwe kerk" (*Die Kerkbode* 29 Oktober 1993:1).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Op gemeentevlak word die gemeentes toegelaat om te funksioneer soos hulle tans doen. Ruimte word gelaat vir verskeidenheid op plaaslike vlak. Ten einde die verskeidenheid volledig deel van die model te maak kan wyksgemeentes met eie kerkrade georganiseer word om vir verskillende taal- en kultuurgroepe voorsiening te maak. Spiritualiteitsverskille word ook in berekening gebring ten opsigte van verskeidenheid. Tog bly die ideaal bestaan dat gemeentes sal verenig waar dit enigsins moontlik is (Hofmeyr 1996:339-340). Reeds in 1978 het die NG Sendingkerk besluit "dat kerkvereniging vanaf gemeentevlak beskou moet word as die enigste Gereformeerde basis waarop onderhandelinge gevoer sal word met die oog op die konkrete realisering van die Godgegewe eenheid binne die familie van die NG Kerk" (Acta Synodi, NG Sendingkerk 1978:495-496).

Die model skep ruimte waarin gemeentes geleidelik na mekaar toe kan groei. Die verbetering van onderlinge verhoudings en die ontwikkeling van beter begrip vir mekaar skep nuwe potensiaal.

### 10.3.1 Evaluering

- Die model slaag daarin om 'n sinvolle balans tussen eenheid en verskeidenheid te verkry. Die meerdere vergaderings vorm die eenheid terwyl daar voorsiening gemaak word vir verskeidenheid op die plaaslike vlak.

- Op plaaslike vlak word eenheid nie geforseer ten opsigte van taal en kultuurverskille nie. Ruimte word gelaat vir verskeidenheid in die liturgie, aanbiddingstyl en bediening.
- Eenheid en verskeidenheid kan onderskei word maar mag nooit geskei word nie. Die uitgangspunt moet altyd wees eenheid te midde van verskeidenheid en nooit verskeidenheid ten koste van eenheid nie.
- Ruimte word gelaat vir 'n groeiproses tussen gemeentes. Ongelukkig gee die model nie 'n duidelike uiteensetting van die proses nie. Ook is daar nie 'n bepaalde tydperk aan gekoppel nie.
- Die model vertoon bepaalde ooreenkomste met model 2 van die NG Kerk in Afrika (Vergelyk 10.1).

## 10.4 Oorkoepelende Sinode : 'n uitgediende model

Samewerking in die NG Kerkfamilie en die strewe na eenheid het alreeds in 1955 grondslag gevind toe A B du Preez (1955:42) "een algemene ekumeniese Ned. Geref. Sinode van Suid-Afrika" voorgestel het. Later is hierdie gedagte uitgebrei na die idee van 'n sogenaamde "oorkoepelende sinode". Die Oorkoepelende Sinode sou dien as struktuur vir eenheid in die NG Kerkfamilie. Boshoff (1976: 20-26) het hiermee saam ook bepaalde vlakke aangedui waarop kontak, skakeling en samewerking tussen die kerke onderhou moet word.

Die NG Sendingkerk het in sy strewe tot eenheid die moontlikheid gesien dat die Federale Raad omskep kan word in 'n oorkoepelende sinode. Heftige polemiek het ontstaan en uiteindelik het die NG Kerk en die NG Sendingkerk onderskeidelik besluit om nie die idee van 'n oorkoepelende sinode te aanvaar nie. In die Gereformeerde kerkreg is 'n oorkoepelende sinode onhoudbaar, veral omdat dit tussen Sinodes van kerke sou bestaan waarvan die gemeentes nie institusioneel aan mekaar verbind is nie.

Hoewel ondersteuners van die gedagte vir 'n oorkoepelende sinode verwys na die Dortse Kerkorde van 1618 (art 51) waardeur die Nederlandssprekende en die Franssprekende gemeentes in Nederland onderling gereël is, is dit duidelik dat die situasie in die NG Kerkfamilie hiervan verskil. Bosch (1987:70) verduidelik die verskil tereg soos volg: "...in 1618 was die totale strukturele eenwording van die Hollandse en Franse gemeentes nie 'n *articulus stantis et cadentis ecclesiae*, 'n geloofsartikel waarby die kerk sou staan of val, waarby die geloofwaardigheid van die kerk sèlf in die spel was nie. By ons egter, juis omdat die eenheid vanweë allerlei teologiese en ideologiese redes geskend is, is 'n strukturele eenheid wat verder as 'n 'Oorkoepelende' Sinode gaan 'n *sine qua non.*" Prof Bosch (1987:69-70) stel dit duidelik dat hy van mening is dat 'n sogenaamde "Oorkoepelende Sinode" nie die oplossing tot die probleem sal wees nie.

Die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika sien die plaaslike kerk as volledig kerk en hierdie kerke kom byeen in klasses. Daarnaas kom die partikuliere sinodes

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

(vroeër genoem provinsiale sinodes) byeen. Die sogenaamde Nasionale sinodes kom drie-jaarliks byeen. Die Sinodes van Soutpansberg, Suidland en die Middellande bestaan hoofsaaklik uit anderstaliges en anderskleuriges. Hierdie sinodes kom byeen as 'n algemene sinode of as 'n oorkoepelende sinode (Spoelstra 1989:275-282). Hierdie sinode hanteer veral sake van leer en belydenis. Ongelukkig het hierdie sinode egter vir 'n hele aantal jare nie vergader nie.

Soos reeds daarop gewys is het die NG Kerk en die NG Sendingkerk reeds besluit dat hul nie ten gunste van 'n oorkoepelende sinode is nie. Ook die NG Kerk in Afrika het in die aanbieding van sy modelle dit duidelik gestel dat hulle nie 'n oorkoepelende sinode in gedagte het nie en dit ook nie voorstaan in die proses van kerkvereniging in die NG Kerkfamilie nie.

### 10.5 Die Geestelike model fokus op die onsigbare kerk

Die Geestelike model gaan van die standpunt uit dat die Kerk van Christus sy eenheid vind in die feit dat net die Here weet wie waarlik gelowiges is. Die ware kerk is dus onsigbaar. Die sigbare kerk soos dit aan ons bekend is, is niks meer as bloot maar 'n kombinasie of mengsel van gelowiges en huigelaars nie.

Hierdie model stel dit duidelik dat die eenheid in die kerk slegs geestelik is en dus nooit sigbaar gestalte hoef te kry nie. In die sondige wêreld sal ons nooit

hierdie onderskeid tussen gelowiges en huigelaars kan tref nie. Alleen maar by die wederkoms sal hierdie onderskeid sigbaar word. Die model streef daarna om alleen maar op die geestelike vlak eenheid te soek en hierdie eenheid bind alle gelowiges regoor die wêreld saam tot die eenheid in Christus. Geen eis vir 'n sigbare institutêre eenheid bestaan nie.

Hoewel hierdie denke tog vroeër by sommiges in die NG Kerkfamilie en wel meer spesifiek in die NG Kerk posgevat het, is die model nie deur almal ewe entoesiasties ontvang nie. König (1979:95) wys daarop dat die geestelike model tog in die later jare al hoe meer verwerp is, ook plaaslik in die NG Kerk.

### 10.5.1 Evaluering

- Die eerste waarheidselement in die geestelike model is inderdaad dat dit net God is wat in die laaste instansie by die wederkoms sal oordeel oor wie Sy kinders is.
- Hierdie kinders van God is egter sigbare mense wat in opdrag van Jesus Christus sigbare dinge doen en behoort tot 'n sigbare instansie. Hulle kom sigbaar by mekaar, dien mekaar en bedien die sakramente van die nagmaal en die doop sigbaar. Ook hul lofprysing, getuienis en prediking is hoorbaar.

- Die Bybel praat in terme van die Kerk in sigbare tekens, naamlik die Kerk is die liggaam van Christus (sigbaar, hoorbaar en tasbaar), die volk van God en die tempel van God. Dié beelde van die Kerk het net sin as die Kerk sigbaar is.
- Die tweede waarheidselement is die feit dat die Kerk wel 'n geestelike eenheid is. Natuurlik vorm alle gelowiges reg oor die wêreld saam 'n eenheid in hul Verlosser Jesus Christus. Hierdie geestelike eenheid is belangrik, maar is nie alleen die enigste gestalte van die Kerk nie. Alhoewel ons geestelik na eenheid soek moet dit ook sigbaar gestalte vind in die sigbare Kerk. Die Kerk het nie net 'n geestelike eenheid nie, maar ook 'n eenheid wat institutêr gestalte moet vind (Van der Linde 1965:116-117).
- In hierdie model word die geestelik oorbeklemtoon ten koste van die sigbare Kerk.

## 10.6 Eskatologiese model plaas die eenheid in die toekoms

Die eskatologiese model is baie nou verwant aan die geestelike model en word deur sommige gesien as bloot 'n verlengstuk van laasgenoemde. Volgens die eskatologiese model is die eenheid eers bereikbaar op die nuwe aarde nà die wederkoms van Christus. Ons sal hier altyd onvolmaak wees en dus nooit

werklik en volkome tot eenheid kan kom nie. Die sondige werklikheid sal ons voortdurend van eenheid weerhou.

Hierdie model fokus op die toekoms en plaas alleen maar sy hoop op eenheid op die een dag wanneer God alles nuut sal maak. Hiervolgens hoef daar nie nou met ywer en toewyding gewerk te word aan die eenheid nie. Geen opdrag word nou aan die Kerk gegee om met geloof te werk en te soek na strukturele of organisatoriese eenheid in die Kerk nie. Daar word alleen maar hoopvol vooruit gekyk na die eenheid wat volkome sal wees eers in die nuwe hemel en die nuwe aarde.

### 10.6.1 Evaluering

- In die eskatologiese model is daar tog 'n waarheidselement, naamlik dat ons wel nog nie volmaak is nie. Ook dat ons met verwagting en hoop vooruit kyk na die wederkoms waar alles in volheid voor God sal staan.
- Die Here Jesus bid (Joh 17:21) dat ons nou reeds een sal wees sodat die wêreld kan glo. Hoewel daar in die eenheid van die Kerk 'n eskatologiese faset is, neem dit egter nie die verantwoordelikheid van die Kerk weg om met toewyding nou reeds te soek na ons eenheid in Christus en dit met alle ywer sigbaar te maak nie.

## 10.7 'n Federale vorm van kerkverband in die konsultatiewe model

Volgens die konsultatiewe model ontstaan bepaalde rade waarop verskillende kerke verteenwoordig is. Hierdie rade skep die geleentheid waar verskillende kerke met mekaar oorleg pleeg oor onder meer gemeenskaplike probleme of projekte.

In die NG Kerkfamilie het die Federale Raad in 1964 ontstaan. As sulks was die Federale Raad 'n vergadering waarin die besluite van die meerdere of gesamentlike vergaderings nie bindend was op die deelnemende kerke nie. Formeel-juridies gesproke is besluite slegs gesien as adviserend van aard (Van der Watt 1987:23-25). Strauss (1999:33) wys tereg daarop dat "die Federale Raad die vergadering van 'n federale vorm van kerkverband" was. Hy wys verder daarop dat 'n federale verband meestal 'n "losser" vorm van kerkverband is en duidelik onderskei moet word van 'n sinodale vorm van kerkverband. In die sinodale kerkverband is die besluite bindend vir die mindere vergaderings sowel as die deelnemende gemeentes.

Vir alle praktiese doeleindes het die Federale Raad opgehou om te funksioneer en bestaan tans nie meer nie. Vir sommige bly die moontlikheid van die herlewing van die Federale Raad 'n oplossing vir die soeke na eenheid in die NG Kerkfamilie. Ander lede van die NG Kerkfamilie sien dit egter nie as 'n sinvolle oplossing nie.

Prof Pieter Potgieter (Beeld 13 Oktober 1998:13) het voorgestel dat 'n ander soort kerkverband moontlik 'n oplossing kan bied, naamlik 'n sogenaamde "bond van kerke". "Dit is 'n struktuur wat na buite sê die kerk is een familie, al is daar 'n paar sake waaroor almal nie eens is nie." Hy verwys na die Evangelische Kirche Deutschlands (EKD) en die Switserse Federasie van Evangeliese Kerke wat so 'n bepaalde vorm van kerkverband het. Tog erken Potgieter dat die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika nie noodwendig opgewonde oor die voorstel sal wees nie. Hierdie gedagte is egter ook gebaseer op die konsultatiewe model.

Dit lei geen twyfel nie dat die Federale Raad en ander soortgelyke rade heelwat gedoen het om kerke nader aan mekaar te bring en nouer te laat saamwerk. Ongelukkig kan hierdie rade as finale gestalte van eenheid in die kerk nie bevredig nie.

### 10.7.1 Evaluering

- Die model bied moontlikhede waar kerke soek na nouer samewerking en pogings wil aanwend tot gemeenskaplike projekte. Kerke wat relatief vêr van mekaar staan kan beslis by hierdie model baat vind.
- Ongelukkig bevredig die model nie waar daar reeds 'n pad geloop is en daar 'n ware behoefte aan nouer eenheid is nie.

- Besluite is nie bindend nie en is slegs adviserend.
- Die Kerk moet in sy getuienis die boodskap uitdra van eenheid in Christus wat deur die vernuwende krag van die Heilige Gees mense uit alle tale, volke en nasies saambind tot die èèn huisgesin van God en een broederskap in Christus. Deur bloot konsultatief en op 'n onverbonde wyse saam te werk sal hierdie getuienis nie tot sy reg kan kom nie.
- König (1979:96) is van mening dat hierdie model in die konteks van die NG Kerkfamilie nog meer ongeloofwaardig is as daar gepleit word vir 'n organisatoriese eenwording "maar terselfdertyd volstaan word met 'n raad tussen die vier 'kerkverbande' van die één N. G. Kerk! Dit kan net uit een dryfveer verklaar word, dat volk of ras 'n belangriker rol as Christus speel in die konstituering en organisering van die kerk." Hiermee wil die skrywer homself vereenselwig.

## 10.8 Organiese eenheid as gesindheid

Prof A König (1979:98-101) is van mening dat wanneer daar gekyk word na 'n bepaalde model vir die NG Kerkfamilie daar iewers tussen die maksimum- en minimum-eenheidsmodelle 'n model uitgewerk moet word. Die maksimum eenheidsmodel stel 'n organiese eenheid voor. Min of bykans geen ruimte word gelaat vir verskeidenheid nie. Dit is egter moeilik te realiseer as gevolg van veral die taal- en kultuurverskille. Die minimum eenheidsmodel gee slegs erkenning

aan mekaar se lidmaatskap en ampte. Toegang tot die sakramente is oop na mekaar. Hierdie model is 'n baie losse model tot eenheid.

König kies vir 'n model wat hy noem "organiese eenheid as gesindheid". Hiervolgens moet daar sover dit prakties moontlik is 'n organiese eenheid geskep word maar volkome organiese eenheid sal nie 'n absolute vereiste of 'n noodsaaklikheid wees nie. "Dit sal dan beteken dat bepaalde moeilik oorbrugbare verskille geakkommodeer kan word in redelik selfstandige strukture sonder 'n werklike breuk in gemeenskap, omdat die gesindheid van een volkome verbonde gemeenskap daarop uit sal wees om soveel konkrete gemeenskap as moontlik tussen die verskillende strukture te skep" (König 1979:94).

Verskillende modaliteite funksioneer langs mekaar in die kerk, maar hulle is wedersyds oop vir mekaar. Hierdie modaliteite verwys byvoorbeeld na taalverskille, liturgiese verskille, kultuurverskille en kleiner leerverskille. Gemeentegrense in die model word nie geografies bepaal nie, maar wel modaal. Die lidmate sal hierdie keuse self uitoefen. Prof König erken dat daar moontlik besware kan wees teen die vrye keuse van lidmate, maar hy wys daarop dat die huidige stelsel in die NG Kerkfamilie nie minder willekeurig is nie.

'n Grondige verandering van gesindheid in die NG Kerkfamilie is van kardinale belang. Die gebrek aan beplande, strukturele implementering van die Bybelse opdrag tot eenheid is simptomaties van die negatiewe houding in die NG

Kerkfamilie. Gesindheidverandering is belangrik en geleentheid moet geskep word waar lidmate en kerkraadslede van die verskillende kerke in die NG Kerkfamilie mekaar ontmoet en beter leer ken en verstaan.

### 10.8.1 Evaleuring

- Die feit dat gesindheidsverandering deel van die model is moet as positief uitgewys word. Die bou van verhoudings bly van kardinale belang.
- Ruimte word geskep vir verskeidenheid. Dit geskied nie ten koste van die eenheid nie.

# HOOFSTUK 11

# SAMEVATTING EN SLOTSOM

Die slotbeskouing waarmee hierdie studie afgesluit word, moet 'n tweeledige doel dien. Eerstens is dit 'n poging tot verantwoording ten opsigte van die hipoteses en subhipoteses wat rigtinggewend was, beide wat betref die navorsing en interpretasie van die historiese en kerkregtelike verloop van die NG Kerkfamilie se soeke na eenheid. Tweedens word gepoog om 'n model vir eenheid op die tafel te plaas. Met hierdie model word gepoog om te beantwoord aan die uitdagings wat tans op die agenda vir eenheid in die NG Kerkfamilie is. Natuurlik is die laaste woord hiermee nie gespreek nie en sal die debat voortgaan in die soeke na eenheid. Hierdie is bloot 'n akademiese bydrae tot die gesprek en wil niks meer as dit wees nie.

## 11.1 Meer faktore speel 'n rol in die vordering al dan nie van die kerkverenigingsproses

Die ondersoek het lig gewerp op die feit dat meer as net die teologiese, kerklike en kerkregtelike faktore 'n rol speel in die vordering al dan nie van die kerkvereningsproses.

In die navorsing is aangedui dat daar bepaalde struikelblokke in die weg tot kerkvereniging is. Die struikelblokke wat wel 'n rol speel gaan veral oor sake soos die Belydenis van Belhar en die onafgehandelde hofsake tussen die NG Kerk in Afrika en die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika.

Kerkregtelike faktore spreek ook mee in die situasie en plaas verdere spanning op die vordering van die proses. Hoewel LTC Harms in sy uitspraak van die appèlsaak tussen die NG Kerk in Afrika en die Verenigende Gereformeerde Kerk dit duidelik gestel het "dat kerkvereniging of- ontbinding regtens [nie] onmoontlik is nie", het hy tog voorts bygevoeg: "slegs dat dit moeilik is" (Die Hoogste Hof van Appèl van Suid-Afrika: Saak 536/96: Uitspraak op 27 November 1998:11). Dit het wel duidelik geword dat die kerkregtelike pad tot kerklike eenheid 'n moeilike, moeisame en somtyds onbegaanbare pad is.

Hierdie studie wys egter daarop dat veel meer faktore 'n belemmerende uitwerking op die proses van kerklike eenheid in die NG Kerkfamilie uitoefen. Hierdie bepaalde faktore word nie altyd duidelik uitgespel of eerlik op die tafel geplaas nie. Die indruk word gewek dat van die faktore verswyg word en somtyds nie deel van die gesprek vorm nie. Baie van hierdie struikelblokke is uniek aan die situasie in Suid-Afrika. Die beleid van apartheid het die totale samelewing van Suid-Afrika so beinvloed dat die impak daarvan nog nie volledig begryp word of verstaan word nie. Hierdie invloed geld vandag nog en beinvloed nie alleen die agtergeblewe gemeenskappe nie, maar alle rassegroepe in Suid-

Afrika. Agterdog en verwydering is aan die orde van die dag. Ons lei voorwaar almal aan die "Albatros-sindroom" van apartheid, soms in 'n meerdere en soms in 'n mindere mate.

Die NG Kerk het 'n aktiewe rol gespeel om apartheid te regverdig as 'n skrifgefundeerde politieke en kerklike model. Die historiese navorsing in hierdie studie het dit duidelik aangedui. Diè kerk het wel in 1986 apartheid verwerp en in 1990 tot 'n sonde verklaar. Vir sommige lede van die NG Kerkfamilie was hierdie stap voldoende op die pad na versoening in die NG Kerkfamilie. Ongelukkig word dit nie in dieselfde lig deur die ander lede van die NG Kerkfamilie aanvaar nie en leef daar bepaalde verwagtinge dat nog meer gedoen sal word. Verskillende verwagtings bestaan en dit lei tot frustrasie rondom die onderhandelingstafel. Hierdie situasie is 'n duidelike remskoen in die pad na kerklike eenheid.

Suid-Afrika het sedert 1994 'n nuwe era in sy geskiedenis betree. Politieke omwenteling het plaasgevind, maar ongelukkig het daaglikse ervarings en realiteite die optimisme laat afplat. Ekonomiese onsekerheid, geweld, werkloosheid, misdaad, die heropbouprogram van die staat, regstellende aksie en die wyse waarop dit toegepas word, het meegewerk tot 'n gevoel van frustrasie, onsekerheid en agterdog. Die blankes het meer spesifiek dit as 'n bedreiging ervaar. Omgekeerde diskriminasie het 'n nuwe teelaarde geskep vir rasse-agterdog. Dit wat by die werkplek en in die samelewing ervaar word, is ingedra in sommiges se denke oor kerkeenheid. Veralgemening en

rassesteriotipering is kenmerkend van hierdie denke. Resente realiteite in die werksplek, in die samelewing en in die gemeenskap speel beslis 'n prominente rol in die feit dat daar weinige vordering op die pad na kerklike eenheid is.

'n Ambivalente gevoel in veral die NG Kerk lei tot onsekerheid. Die hunkering op twee gedagtes lei daartoe dat die kerk verlam word om sinvolle besluite te neem. Aan die een kant is sommige lidmate oortuig dat die Woord van die Here vra na eenheid in die kerk en tog worstel hulle met die vrese en onsekerheid ten opsigte van 'n kerkverenigingsproses. Onsekerheid ten opsigte van taal, liturgie, struktuur, die moontlikheid van kerkskeuring, finansies en nog talle ander dra by tot die ambivalente gevoel in die kerk. Kerke in die NG Kerkfamilie, by name die NG Kerk, plaas nie altyd kerkeenheid eerste op sy agenda nie en laat die indruk dat die saak nie altyd hoë prioriteit geniet nie.

Leierskap en die ontplooiing daarvan in die NG Kerkfamilie het 'n aandeel in die skaakmatposisie waarin die kerke hulleself bevind. Die onsensitiewe en ondeurdagte optrede en uitsprake van sommige dien nie die strewe na eenheid nie. Die hulp wat byvoorbeeld deur prof PJ Strauss aan die NG Kerk in Afrika verleen is deur bepaalde dokumente op te stel vir gebruik in die hofsaak teen die Verenigende Gereformeerde Kerk het die persepsie laat ontstaan dat die NG Kerk bepaald kant gekies het in die hofsaak. Ook die uitsprake en somtyds onregverdige kritiek deur byvoorbeeld prof Nico Smith en ds Sam Buti is ongevraagd en somtyds ongegrond. Hierdie uitsprake lei daartoe dat

verwydering en agterdog toeneem en het 'n negatiewe invloed op die eenheidsproses.

Leierskap in die NG Kerkfamilie skiet te kort aan innoverende en kreatiewe inisiatiewe om die proses vlot te laat verloop. Sedert 1998 het die proses bykans tot 'n stilstand gekom. Etiketering van die leiers het tot gevolg dat persepsies van mekaar negatief inwerk op die soeke na eenheid. Inisiatief moet van alle leiers uitgaan en nie net vanuit een bepaalde kerkverband nie.

Die ondersoek het aangetoon dat teologiese, kerkregtelike en kerklike faktore nie alleen verantwoordelik is vir die vordering al dan nie van die kerkverenigingsproses nie, maar dat ook ander faktore 'n bepaalde rol in die verband speel. Voorbehoude en vooroordele teenoor mekaar, apartheid en die gevolge daarvan, resente realiteite in die werksplek en samelewing, finansies, interpersoonlike verhoudings en leierskap het medebepalend geword in die proses.

## 11.2 Die bewustelike of onbewustelike uitsondering van faktore dien nie die eenheidsproses nie.

In die historiese ondersoek van die studie het dit telkens aan die lig gekom dat deelnemers aan die proses van kerkvereniging in die NG Kerkfamilie somtyds bewustelik of onbewustelik faktore uitsonder en daardeur die proses rem. Hierdie

faktore dien dan as 'n verskoning om nie die eenheid van die kerk ernstig te neem nie.

Die Algemene Sinodale Kommissie van die Verenigende Gereformeerde Kerk het op 25 Oktober 1996 aan die Algemene Sinodale Kommissie van die NG Kerk in 'n brief geskryf dat die aanvaarding van die Belydenis van Belhar 'n ononderhandelbare vereiste is vir die voortgang al dan nie van die gesprek oor kerklike eenheid (Die Kerkbode, 20 Februarie 1998:9; Brief van die ASK 25 Oktober 1996). Hiermee was alle verdere gesprekke getermineer. Hoewel die Algemene Sinode van die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika wel in 1997 dit duidelik gestel het dat die gesprek moet voortgaan, het die gesprekvoering nie gevorder nie.

Ds James Buys (Persoonlike onderhoud: 11 April 2001; Die Kerkbode 9 en 10 April 1999:1) stel dit egter duidelik dat die aanvaarding van die belydenis nog steeds 'n vereiste bly. Hy gaan sover deur te sê dat kerkvereniging nie haalbaar is tensy alle lede in die NG Kerkfamilie nie die belydenis aanvaar nie. Die NG Kerk, die NG Kerk in Afrika en die Reformed Church het nie die bepaalde belydenis as deel van hul belydenisgrondslag nie. Die uitsondering van die aanvaarding van die Belydenis van Belhar al dan nie, as voorwaarde vir die vordering van die gesprek dien nie die eenheid nie. Die uitsondering van hierdie bepaalde faktor wek die vraag of dit nie om veel meer as die bepaalde vereiste gaan nie. Daar moet met Jonker (1998:218) saamgestem word dat "'n mate van

soepelheid in hierdie verband en 'n sterker klem op die geestelike eenheid kan moontlik veel meer bereik as 'n onbuigsame houding oor die formele status van hierdie belydenis."

Die problematiek rondom die kerkregtelike implikasies in die kerk-verenigingsproses word somtyds uitgesonder as die een enkele groot faktor. Die feit dat die debat rondom hierdie bepaalde saak nog nie afgehandel is nie en nie genoegsame studie hieroor gedoen is nie, lei daartoe dat sommige dit as 'n onoorkomelike probleem beskou. Selfs taal- en kultuurverskille word op die tafel geplaas en word nie as verskeidenheid gesien nie, maar 'n probleem wat geen oplossing het nie. Kerkvereniging is wel moontlik, maar dit gaan beslis baie van ons vra! Daar kan nie volstaan word met die status quo nie. Die problematiek moet aangespreek word. Eerlikheid oor hoe daar gevoel word en wat werklik die problematiek is sal 'n voorvereiste vir vordering wees.

### 11.3 Ooreenstemming in terme van die einddoelwit is belangrik

'n Belangrike vraag wat uitgeklaar moet word tussen die gespreksgenote om die tafel rondom die eenheid in die NG Kerkfamilie, is die volgende: Waarheen is ons oppad? Of anders gestel: Wat is die einddoelwit van hierdie gesprek oor kerklike eenheid? Uit die ondersoek het dit geblyk dat daar nie ooreenstemming is in terme van hierdie belangrike saak nie. Natuurlik is ons met 'n proses besig en moet verskillende standpunte of modelle voortdurend op die tafel geplaas word.

Ook mag een bepaalde gespreksgenoot nie sy voorstel afdwing op die ander kerke asof hulle nie ook mag deel in die gesprekvoering nie. Die indruk mag ook nooit gelaat word asof daar net een oplossing tot die probleem is nie of slegs een wyse waarop kerklike eenheid tot uiting kan kom nie. In die proses sal die einddoelwit ook somtyds verskuif of hergeformuleer moet word.

Die Algemene Sinode van die NG Kerk het daarop gewys dat "die daarstelling van een kerkverband" in die vooruitsig gestel word (Acta Synodi, Algemene Sinode van die NG Kerk 1994:440). Tog is daar ook meningsverskille oor wat hierdie "een kerkverband" sou beteken. Sommige sien dit as 'n nouer eenheid en aanvaar daarmee die moontlikheid dat die Federale Raad van die NG Kerke weer kan herleef of net in 'n ander vorm daarvan weer bruikbaar gemaak kan word. 'n Bond van kerke in die NG kerkfamilie word ook as 'n moontlikheid aangebied. Die wysiging van die kerkverband in terme daarvan dat die federale struktuur verander na 'n hegte sinodale struktuur verteenwoordig ook die standpunt van sommige. Ander verwys weer na kerkvereniging of kerkhereniging en word bepaal deur 'n juridies of historiese uitgangspunt.

### 11.4 Fokusse en uitdagings op die pad vorentoe.

Die NG Kerkfamilie bevind homself in 'n skaakmatposisie op sy pad na kerklike eenheid. Vordering het bykans tot 'n stilstand gekom. Diepgaande besinning en verandering is ononderhandelbaar. Die kerke sal deur studie, gesprek en vars

denke saam moet worstel en soek na oplossings. "*Ecclesia reformata semper reformanda*"- die kerk, by name die NG Kerkfamilie, moet bly reformeer! Op hierdie pad is daar verskeie uitdagings en dit is van kardinale belang dat die kerke in die NG Kerkfamilie nou gefokus na oplossings moet soek. Die volgende sake is van belang en kan rigtinggewend wees in die moeilike en moeisame proses tot eenheid.

### 11.4.1 'n Sinodale vorm van kerkverband word in die vooruitsig gestel

Die Algemene Sinode van die NG Kerk het in 1994 sy ernstige begeerte uitgespreek om "saam te werk met ander lede van die Familie van Ned Geref Kerke aan die daarstelling van een kerkverband..." (Acta Synodi, NG Kerk 1994:440-441) Hierdie besluit verteenwoordig 'n belangrike mylpaal in die proses. Vanuit 'n kerkregtelike perspektief is dit belangrik dat daar duidelikheid sal wees oor watter vorm die een kerkverband moet aanneem. Die besluit van die Algemene Sinode wys onteenseglik daarop dat 'n sinodale vorm van kerkverband vir ten minste die kerke van die NG Kerkfamilie in Suid-Afrika as uitdrukking van 'n sigbare kerkeenheid hier in die vooruitsig gestel word.

In die lig van die intieme aard van die historiese-, geloofs- en belydenisband tussen die kerke in die NG Kerkfamilie het die NG Kerk gekies vir 'n toekomstige sinodale vorm van kerkverband. In hierdie kerkverband neem die meerdere

vergaderings besluite wat formeel-juridies bindend is vir sy mindere vergaderings en die deelnemende gemeentes.

Die sinodale vorm van kerkverband is dus die strukturele gestaltegewing van die reeds aanwesige en meer fundamentele uitdrukking van die geloofseenheid tussen die kerke. In hierdie model word gekies vir 'n nuwe kerkverband in die NG Kerkfamilie wat in sy proses tot kerkvereniging sal lei.

### 11.4.2 'n Prosesmatige benadering word vereis

Ten einde 'n sinodale kerkverband tot stand te bring in die NG Kerkfamilie is dit duidelik dat ons met 'n proses te make het. Die proses waarin hierdie nuwe kerkverband tot stand moet kom vereis 'n bepaalde benadering.

In die proses mag die indruk gewek word dat die vordering somtyds eenvoudig te stadig is. Hoewel dit soms mag waar wees, vereis 'n prosesmatige benadering dat die verloop van die proses nie getoets word aan die spoed waarteen dit verloop nie, maar wel die kwalitatiewe naderbeweeg aan mekaar. Tog moet gewaak word teen die gevaar dat 'n lang tyd verloop waarin daar nie werklik gevorder word nie. 'n Voorbeeld van so 'n proses is die sogenaamde "Samen op weg" in Nederland. Die Nederlandse Hervormde Kerk, die Gereformeerde Kerke in Nederland en die Evangeliese-Lutherse Kerk in Nederland het saam besluit tot 'n proses van eenwording. Hierdie proses het in 'n groot mate gesloer en

vordering is nie altyd soos verwag is nie. Na afloop van 'n aantal dekades moet erken word dat daar min gekom het van die saamgaan op die pad (Prof JA van Oort, Persoonlike onderhoud: 14 Augustus 2000). Myns insiens moet ons 'n belangrike les hieruit leer, naamlik dat die proses aan tydperke gekoppel moet word anders word dit bloot oop gelaat en kan selfs dekades verloop voordat enige vordering plaasvind. 'n Balans tussen die tydsverloop en die bereiking van doelwitte is belangrik. Nicol (Beeld 22 Augustus 1995:6) sê dat ons in die proses op twee bene moet staan naamlik "bene van sterk oortuiging en geduld.... Sterk oortuiging dat ons behoort te verenig, en geduld om mekaar daarin te neem."

Die fokus in die NG Kerkfamilie moet gerig bly op die einddoelwit naamlik 'n sinodale kerkverband. Almal moet saam op pad wees na hierdie doelwit. Bepaalde doelwitte moet gestel word op hierdie pad en dit kan goedskiks aan tydperke gekoppel word.

### 11.4.3 Doelgerigte hantering van die belydenis-kwessie is onafwendbaar

Een van die moeilikste struikelblokke in die pad na kerklike eenheid in die NG Kerkfamilie is sekerlik die feit dat die debat juis vasgeval het by die aanvaarding al dan nie van die Belydenis van Belhar. Ook die feit dat eenheid in belydenis die saambindende faktor by kerkverband is.

"Die huidige impasse oor die plek en funksie wat die Belydenis van Belhar in 'n sinodale vorm van kerkverband tussen die betrokke kerke moet inneem, is besig om die hele proses van kerkvereniging in die kiem te smoor. Alle pogings om die kerke nader aan mekaar te bring, kan wat kerkvereniging betref futiel wees, as daar nog stryd is oor watter geloofsgoed gemeenskaplik vir die kerkverband moet wees" (Dr Johan Ernst, Sevto-Seminaar: 11 Mei 2000). Selfs die mees prysenswaardigste saamwerkprojekte of samewerkingstrukture sal kerkregtelik gesproke nog nie kerkverband daar kan stel nie. Die belydenis-kwessie moet nou doelgerig hanteer word.

In die verloop van hierdie studie (Vergelyk 9.1) is reeds bepaalde gevolgtrekkings en aanbevelings gemaak te opsigte van die probleem. Een van die volgende drie moontlikhede kan 'n oplossing bied:

- Die oortuiging dat die Belydenis van Belhar as vierde belydenisskrif aanvaar moet word, vervaag mettertyd of verval. Dit sou egter 'n onvergenoegdheid tuisbring en die indruk laat dat hier slegs 'n restourasieproses plaasvind wat die foute van die verlede wil herstel.
- Die Belydenis van Belhar word wel as vierde belydenisskrif in die kerkverenigingsproses aanvaar. Dit sal egter meer studie en kommunikasie op gemeentevlak vereis. Die proses sal doelgerig en dinamies aangepak moet word. Gesindhede sal verander moet word, kommunikasie en opreg luister na mekaar sal 'n voorvereiste wees. Tog is

daar geen waarborg nie. Hierdie proses mag dalk tydrowend wees en dit bied geen onmiddellike vooruitsigte nie.

- 'n Konstruktiewe benadering kan gevolg word waarin die gesprek oor die Belydenis van Belhar gesien word as "die embrionale fase" op die weg na 'n "gemeenskaplike eietydse belydenis vir al die kerke" in die NG Kerkfamilie (Dr Johan Ernst, Sevto-Seminaar: 11 Mei 2000). Hierdie benadering sal dus nóg as revolusionêr nóg as reaksionêr geag kan word. Met nuwe vars denke kan daar konstruktief gekyk word na 'n groter gerigtheid op die toekoms en die rol wat die kerke in die NG Kerkfamilie in 'n ontwakende en tog somtyds duister Afrika en meer spesifiek Suid-Afrika kan speel. Hierdie gesprek kan moontlik lei tot die geboorte van 'n totaal nuwe belydenis waaraan almal sonder voorbehoud sal deel.

Myns insiens is die eerste moontlike oplossing slegs wensdenke. Die tweede bied wel moontlikhede en sou 'n eerlike weg wees om uit die huidige situasie te ontkom. Hierdie oplossing kan kommunikasie tussen die kerke stimuleer. Tog is ek van mening dat die laaste moontlikheid 'n sinvolle oplossing kan bied. Nuwe gesprekke kan oopgemaak word en ons kan saamwerk aan 'n belydenis wat die geskiedenis, hede en die toekoms saamvat. So 'n saamwerk aan 'n nuwe belydenis sal ook 'n getuienis wees vir die eenheid tussen die Kerke.

## 11.5 Eie model: 'n Dinamiese, bifokale versoeningsmodel

Die model wat hier aangebied word konsentreer hoofsaaklik op die proses tot die bereiking van eenheid in 'n sinodale vorm van kerkverband. Uit die navorsing het dit geblyk dat die herstel van verhoudings en die afbreek van bepaalde persepsies belangrik is in die bereiking van kerklike eenheid in die NG Kerkfamilie. Die model wat hierdie proses moontlik tot beweging vanuit die impasse kan bring en stukrag gee aan 'n nuwe momentum noem die skrywer **'n dinamiese, bifokale versoeningsmodel.** Hierdie model kan soos volg verduidelik word:

### 11.5.1 Dinamiese voortgang


Die verwysing na die dinamiese aspek van die model wil die belangrikheid uitlig dat die proses nooit weer tot stilstand gedwing moet word nie. Alles moet gedoen word om die voortgang van die proses te verseker. Voorbehoude en voorvereistes dien nie die belangrike proses nie en lei tot verdere verwydering.

Progressiewe vordering moet die wagwoord wees. Alle lede in die NG Kerkfamilie sal toegewyd moet werk om die proses dinamies te hou.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

### 11.5.2 Twee groeipunte gelyktydig aan die werk

Uit 'n historiese oogpunt gesien het die vordering al dan nie van die kerkverenigingsproses grotendeels afgehang van die werk wat gedoen is op sinodale vlak. Min kontak op plaaslike gemeentevlak het plaasgevind. Vanaf die gemeentevlak is doodgewoon gewag op die vordering wat op sinodale vlak bereik is. Die vloei van kommunikasie was ook meestal vanaf die sinodale vlak na die gemeentes toe. Voorbeelde hiervan was die twee dokumente wat in die NG Kerk versprei is onder die titel "Sodat almal een kan wees... nr 1 en 2". Hierdeur is gesprek op plaaslike vlak gestimuleer. Die proses kan soos volg diagrammaties voorgestel word: **Figuur 1**




Op die plaaslike vlak het daar egter nuwe belangstelling vir onderlinge skakeling met die kerke in die NG Kerkfamilie gekom. Die studie het lig gewerp op die nuwe potensiaal wat hier ontwikkel word. (Vergelyk 7.5) 'n Tendens wat tans duidelik sigbaar word, in veral die NG Kerk, is die sogenaamde "gees van individualisme" (Strauss 2001:398). Hiervolgens ontwikkel 'n gesindheid van


meer vryheid om die plaaslike gemeente te organiseer en laat groei in sy eie omgewing en behoeftes tot 'n unieke gemeente. Alle gemeentes lyk en funksioneer nie meer noodwendig presies dieselfde nie! Natuurlik lê hierin ook potensiaal wat soms negatief kan inwerk op die kerk in sy breë verband en kan lei tot kerklike independentisme en kongregasionalisme.

Tog kan die huidige situasie positief op die groei van onderlinge verhoudings in die NG Kerkfamilie inwerk. Gemeentes kan op hierdie terrein van onskatbare waarde wees ten einde self te bepaal of hul 'n multi-kulturele gemeente of 'n bepaalde taal- of kultuurgemeente wil wees. Hoewel gemeentes in hul bediening normaalweg kultureel gerig is en ook mag wees, mag hul geensins geslote wees vir gelowiges uit ander kulture nie. Die NG Kerk mag nooit sy bediening tot die Afrikanervolk beperk nie. Dieselfde geld ook vir die ander kerke in die NG Kerkfamilie.

Volgens die voorgestelde model sal daar in die toekoms nie net vanaf die meerdere vergaderings 'n bepaalde groeipunt uitgaan nie. Twee groeipunte in die proses moet bestaan, naamlik op die meerdere vergaderingsvlak sowel as op die plaaslike gemeentevlak. Die verwysing na "bifokaal" in die benaming van die model wil hierdie uitgangspunt beklemtoon. Bifokaal verwys na "twee fokusse of brandpunte" (Odendal e.a. 1981:92). Die model stel voor dat die meeste energie in die proses tot kerklike eenheid moet fokus op diè twee vlakke. Die

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

funksionering en werking op twee groeipunte kan soos volg diagrammaties voorgestel word: **Figuur 2**




Die vraag sal dus nie meer wees: Hoe vêr het die bepaalde sinode of sinodale kommissie gevorder met die proses tot eenheid nie? Die vraag sal nou wees: Hoe kan die sinode of sy kommissies die plaaslike gemeentes ondersteun in hul pad tot eenheid? Natuurlik word die verantwoordelikheid van die gemeentes hierdeur vergroot. Kerkregtelik, na my oordeel, is dit meer korrek om diè weg te gaan. Hierdeur is gemeentes aktief deel van die proses en kan daar nie later namens die gemeentes besluite geneem word nie. Kontak op plaaslike vlak is nou meer as ooit van uiterste belang en gemeentes moet die gesprek op plaaslike vlak uitbou of aan die gang kry waar dit totaal afwesig is.

Hierdie proses moet nie net by een of twee kerke in die NG Kerkfamilie geïnisieer word nie, maar alle kerke moet hierin saamwerk.


### 11.5.3 Skakeling en kontak skep geleentheid vir outentieke, verantwoordbare verhoudingstigting

Vordering op die pad na kerklike eenheid is byna ondenkbaar as die kerke in die NG Kerkfamilie nie geleenthede gaan skep waar lidmate, kerkraadslede en leraars meer gereeld onderling kontak maak nie. Soortgelyke kontak-geleenthede is reeds breedvoerig in die studie bespreek. (Vergelyk 7.5 en 7.6). Hierdie kontak moet veel meer wees as bloot maar net gesprek of die saamwerk aan bepaalde projekte. Georganiseerde geleenthede soos konvente, broederkringe of konferensies moet gebruik word om geleentheid te skep waar mense hul "storie of verhaal" met ander kan deel. Natuurlik moet hierdie nie dieselfde wees as die Waarheids- en Versoeningskommissie nie, maar 'n unieke geleentheid op kerklike vlak en op 'n kerklike wyse waar medegelowiges die hand uitreik na mekaar en waar daar ware vergifnis en aanvaarding kom. Egte en geloofwaardige verhoudings kan hierdeur opgebou word. In figuur 3 dui die pyltjies op 'n voortdurende vloei en wek die indruk van voortgaande beweging.

Op die pad na kerklike eenheid sal 'n multi-kontak benadering gevolg moet word. Op gemeentevlak kan gemeentes self inisiatief neem om onderlinge verhoudings te bou. Hier kan gemeentes besluit of hul multi-kulturele of 'n afsonderlike taal- of kultuurgemeente wil wees. Verskeidenheid in eenheid kan hier tot sy reg kom. Die ringe kan die gemeentes hierin steun deur gesamentlike projekte aan te pak soos byvoorbeeld gesamentlike Pinksterfeeste, gebedsgeleenthede, jeugkampe,

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

gesamentlike basaars, ensovoorts. Die Streek en die Algemene Sinodes kan veral in die organisering van gespreksgeleenthede waar eerlike en openhartige gesprek gevoer kan word rondom die verlede, hede en die toekoms 'n leidinggewende rol speel. Dit lyk tog meer prakties dat die Streeksinodes in hierdie verband 'n sterk rol kan speel. Die Algemene Sinodes of hulle kommissies kan op hulle beurt weer leiding gee ten opsigte van die gesprek rondom die belydenis, die kerkorde, bepaalde liturgieë, ensovoorts. Ook hier moet die gedagte van 'n bifokale benadering duidelik blyk. **Figuur 3** beeld diagrammaties uit wat die model beoog met 'n multi-kontak benadering:



### 11.5.4 Versoening vorm die basis vir hernude groei tot eenheid

Versoening mag nie langer die NG Kerkfamilie ontwyk nie. Ons sal nie verder die erns van die saak kan ontken of met retoriek weg kan praat nie. Die ontkenning van hierdie fundamentele aspek van die proses tot kerklike eenheid in die NG Kerkfamilie laat 'n rooi sinjaal al hoe helderder brand om die kerk te waarsku. As daar nie nou daadwerklik beplan en opgetree word nie, gaan dit die proses tot kerklike eenheid ongekende skade berokken!

"'n Christendom wat vrede gemaak het met die feit dat ons deel is van 'n nuwe Suid-Afrika met sy baie uitdagings, en dat ons die evangelie hier moet laat werk saam met àl ons broers en susters in ander kerke, is 'n Christendom wat lewenskragtig sal bly. Wanneer ons egter elke krisis as 'n nuwe bedreiging beskou wat maak dat ons die kerkmure net nóg hoër rondom ons opbou en nóg kommissies van ondersoek aanstel om die 'bedreigings' te ondersoek, gaan ons nooit as te nimmer oorleef nie. Dan is die Museum vir Bedreigde Spesies ons voorland! Krisisse en nuwe omstandighede is niks minder nie as uitdagings om op nuwe maniere die Gees se werk in Suid-Afrika gestalte te laat kry." Met hierdie woorde het prof S Joubert die kern van die probleem aangespreek (Die Kerkbode 6 Maart 1998:10).

Die NG Kerkfamilie kan nie langer bekostig om verwyte, bitterheid en selfs haat te koester nie. Ons sal met vergifnis in die hart mekaar moet aanvaar, in liefde die hand moet uitreik en met versoening saam moet werk aan 'n toekoms. Hierdie saamsoek na oplossings sal nie maklik wees nie. "Alleen 'n innerlike verbryseling kan dit bewerkstellig... Ons sal alleen leer saamsoek as ons oorrompel is deur Gods genade. Die druiwekorrels moet eers gepars word, die graankorrels eers gemaal word, voordat daar sprake kan wees van één wyn en één brood" (Theron 1986:210). Dit alles sal in egtheid moet geskied. God vra dit van sy kerk!

Ons gesindheid moet wees dit wat Antjie Krog (1998:279) so aangrypend beskryf: "I am changed for ever. I want to say:

forgive me

forgive me

forgive me

You whom I have wronged, please take me with you."

# BRONNELYS

Die Bronnelys word in primêre en sekondêre bronne verdeel.

## PRIMêRE BRONNE

### Kerkargief:Kaapstad

Notule van die Ring van Kaapstad. 1829. R1/1

Notule van die Kerkraad van Swellendam.4 Januarie 1845. G7/1/2

Acta First Synod Indian Reformed Church 1968

Notule van die Ring van Albanie. 20 Oktober 1855. R 5/2

Acta Raad van die Kerke 1907-1961 SA (A) 1 1/1-12

Handelingen der Algemeene Kerkvergadering der Ned. Geref. Kerk van de Z.A.R. 1866.

Acta Synodi van die Ned. Geref. Kerk: Transvaal 1866-1961

Acta Synodi van die Ned. Geref. Kerk: Oranje-Vrystaat 1865-1960.

Acta Synodi van die Kaapse Kerk:1863 (Bylaag H, 111)

Notule van die Kerkraad van Caledon. 23 Augustus 1856 G 8/1/1

Notule van die Kerkraad van Swartland. 1 April 1872, 8 Julie 1872 en 5 Julie 1875. G5/1

Notule van die Kerkraad van Ceres. 7 Mei 1855, 11 Januarie 1858

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

en 11 Januarie 1858. G62/1

**Kerkargief: Bloemfontein**

Acta Synodi van die OVS 1865-1999

Notule van die moderamen van die NG Kerk in die OVS op 13 September 2001

**Kerkargief: Pretoria**

Jaarboek van die Ned. Geref. Kerk 1973-2001

Notules van die Kaapse Kerk. 1824-1857 Volume 1 en 2

Acta Algemene Sinode 1962-1998

Ras, Volk en Nasie en volkereverhoudinge in die lig van die Skrif-beleidstuk, goedgekeur deur die Algemene Sinode van die Ned Geref Kerk, Oktober 1974. Kaapstad: NG Kerk-Uitgewers.

Kerk en Samelewing, 'n getuienis van die Ned Geref Kerk soos aanvaar deur die Algemene Sinode van die Ned Getref Kerk Oktober 1986. Bloemfontein: Algemene Sinodale kommissie en N.G. Kerk Sendingpers.

Kerk en Samelewing 1990, 'n getuienis van die Ned Geref Kerk soos aanvaar deur die Algemene Sinode van die Ned Geref Kerk Oktober 1990. Bloemfontein: Algemene Kommissie en N.G. Sendingpers.

Handelinge van die Raad van Kerke 1907-1962.

Agendas en Notules van die Algemene Sinodale Kommissie 1962-2001

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**Kerkargief: Belhar**

Acta Synodi van die Sinode: NG Sendingkerk 1881-1994

Acta Synodi van die Algemene Sinode: Verenigde Gereformeerde Kerk van Suider-Afrika 1994-1997

**Merensky Biblioteek: Universiteit van Pretoria.**

Handelinge van die Tussenkerklike Kommissie. Die Afrikaanse susterkerke. 1955-1977.

**Die Nasionale Biblioteek van Suid-Afrika, Pretoria Afdeling**

NIR News. National Initiative for Reconciliation. December 1990.

**Bronne uit privaatversameling met vergunning van Dr WJ Bruwer**

Agendas en Notules van Moderature van die NG kerkfamilie 1993-1996

Agendas en Notules van die Dagbestuur en Algemene vergaderings van die Algemene Sinodale kommissie 1995-1997

DRC News, Vol 19 No 1: April 1995

**Bronne beskikbaar by outeur**

Family Protection Scoreboard s.a. Theology: Special Edition. A National citizens action network publication. (NCAN). Costa Mesa, Ca 92627, USA.

Oktober'46. Kwartaalblad van die sentrum vir Reformatoriese en Kontemporêre studies van die Gereformeerde Protestantse Kerke van Suidelike Afrika. (Serkos). Jaargang 1: Maart 1986. Nr 1.

Wat sê "Kerk en Samelewing" regtig? 1987 Opgestel en uitgegee deur die Ring van Vanderbijlpark, NG Kerk.

Kerkvereniging: Eenvormige verskeurdheid of Veelvormige eenheid. Kerkeenheid. s.a. 'n Bydrae tot die gesprek oor kerkeenheid en kerkvereniging wat tans in die Ned Geref Kerk-familie aan die gang is. Minnebron: Die werkgemeenskap vir Kerkformasie en die Voortsettingskomitee.

"Sodat almal een kan wees..." Amptelike inligtingstuk van die Ned Geref Kerk: 31 Maart 1995.

Talking to the ANC... 1986. Published by the Bureau for Information. Pretoria: Government Printer.

Antwoord van die Ned. Geref. Kerk op *Geloof en Protes*. Mei 1988 Algemene Sinodale Kommissie.

Maluleke, SD 1999. *The Stumbling blocks in the unification process between Uniting Reformed Church in Southern Africa and Dutch Reformed Church.*

Konsep Notule van die samesprekings tussen die NG Kerk, RCA en die VGKSA te Goudini: 2-4 September 1998.

Van Niekerk, A 2000. *Waarom het ons nie die Belydenis (1986) as 4de belydenisskrif nie?* Referaat gelewer tydens Sevto-seminaar 18 September 2000. UP.

Buys, JD 2000. *Current situation re the Confession of Belhar.* Document read to the Sevto-seminar 18 September 2000. UP.

Naudé, P 2001.*Transformasie en die verlede/toekoms*. Referaat gelewer op 13 Februarie 2001 tydens die konferensie oor Verantwoordelike Vernuwing te Fontainebleau Gemeenskapskerk. Randburg.

Notule van 'n vergadering tussen Moderature van die NG Sinode van Suid-Transvaal en die VGK Sinode van Suid-Transvaal gehou op 11 Maart 2002.

Konvent vir Eenheid 2001. Verklaring van Voorneme.

Konvent vir Eenheid: Reglement 25 Julie 2001.

**Tydskrifte en Dagblaaie**

Die Afrikaner

Die Beeld

Die Burger

Die Kerkbode

Die Ligdraer

Die Transvaler

Die Vaderland

Die Volksblad

Die Voorligter

Iswen-kommunikasie

Ned. Geref. Teologiese Tydskrif

Praktiese Teologie in Suid-Afrika

Skrif en Kerk

Studia Historiae Ecclesiasticae

Theologia Viatorum

Vrye Weekblad

**Persoonlike onderhoude**

Dr WJ Bruwer 11 Mei 1999

Prof PGJ Meiring 8 Augustus 2000

Prof JA van Oort 14 Augustus 2000

Ds F Swanepoel 29 Augustus 2000

Dr WJ Botha 12 Oktober 2000

Prof PC Potgieter 27 Oktober 2000

Prof PJ Strauss 29 Oktober 2000

Dr SD Maluleke 15 November 2000

Ds PJP de Beer 22 Februarie 2001

Ds J Buys 11 April 2001

Dr CJP Niemandt 15 Maart 2002

**SEKONDêRE BRONNE**

Adonis, JC 1982. *Die afgebreekte skeidsmuur weer opgebou.* Amsterdam: Rodopi.

Alberts, L and F Chikane (eds) 1991. *The road to Rustenburg.* The Church looking forward to a new South-Africa. Kaapstad: Struik.

Baumann, C 1996. Unity and diversity in South Africa with special regard to the unification process of the Dutch Reformed church family. M TH-mini-thesis, University of the Western Cape.

Berkhof, H s.a. *Gods éne kerk en onze vele kerken.* Nijkerk: GF Callenbach N.V.

Borchardt, CFA 1986. Die "swakheid van sommige" en die sending, in Kinghorn, J (red) 1986. *Die NG Kerk en apartheid.* Johannesburg: Macmillan Suid-Afrika.

Bordchardt, CFA, WS Prinsloo en CJ Wethmar(reds) 1987. *Die eenheid van die kerk van Christus. Universiteit van Pretoria Teologiese Studies 3.* Pretoria: NG Kerkboekhandel Transvaal.

Bosch, DJ 1987. Eenheid binne die "familie" van Nederduitse Gereformeerde Kerke - Waarheen?, in Borchardt, CFA, WS Prinsloo en CJ Wethmar (reds) 1987. *Die eenheid van die kerk van Christus.* Universiteit van Pretoria Teologiese Studies 3. Pretoria: NG Kerkboekhandel Transvaal. 45-71.

Bosch, DJ; A König; WD Nicol (reds) 1982. *Perspektief op die Ope Brief.* Kaapstad: Human & Rosseau.

Boshoff, CWH 1976. *Kerklike verhoudinge in die Nederduitse Gereformeerde Kerk.* Pretoria: NG Kerkboekhandel.

Boshoff, CWH 1983. Die Ned. Geref. Kerk en die Jongkerke, in referate byeen gebring vir die Teologiese Dag aangebied deur die Teologiese Fakulteit, Universiteit van Pretoria op 8 Februarie 1983.

Boshoff, CWH 1987. *Kerk en Samelewing in oënskou. Kommentaar en kritiek.* Pretoria: Sacum Bpk.

Boshoff, H 1995. *Die Transformasieproses in Suid-Afrika: Kerklike implikasies.* Potchefstroom: Instituut vir Toekomsstudies: PU vir CHO.

Botha, AJ 1984. Evolusie van 'n Volksteologie: 'n historiese en dogmatiese ondersoek na die samehang van kerk en Afrikanervolk in die teologie van die NG Kerk, met besondere verwysing na die apartheidsdenke wat daaruit ontwikkel het. D Th - proefskrif: UWK.

Botha, CJ 1979. Ben Marais se stryd in die Sinodes teen die "Bybelse fundering van Apartheid", in Viljoen, AC 1979. *Ekumene onder die Suiderkruis.* Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.

Botma, MA 1996. 'n Krities-realistiese ondersoek na die verskynsel pluraliteit-eenheid van die kerk. DD-proefskrif, UP.

Bouwman, H 1934. *Gereformeerde Kerkrecht II.* Kampen: JH Kok.

Brooks, JW 1982. 'n Teologies-Missiologiese beoordeling van die Aktes van Ooreenkoms tussen die Nederduitse Gereformeerde Kerkverbande in Suid-Afrika. MTH-verhandeling, US.

Brown, E 1981. Die NG Kerk en die ekumene na die Tweede Wêreldoorlog. *Studia Historiae Ecclesiasticae VII.* Pretoria: Kerkhistoriese Werkgemeenskap.

Burger, CW, BA Müller en DJ Smit (reds) 1997. *Riglyne vir prediking oor die eenheid van die kerk. Woord teen die lig 111/5.* Kaapstad: Lux Verbi.

Cameron, T and SB Spies (eds) 1991. *A new illustrated history of South Africa.* Johannesburg: Southern book Publishers and Human & Rousseau.

Cloete, GD en DJ Smit (reds) 1984. *'n Oomblik van waarheid.* Kaapstad: Tafelberg.

Coertzen, P 1991a. Sinode en Algemene Sinode, in Strauss, PJ e.a. (red) 1991. *Byderwets en Gereformeerd.* (Kerkregtelike opstelle opgedra aan PB van der Watt) Bloemfontein: Pro Christo-Publikasies, 144-152.

Coertzen, P 1991b. Kerkregtelike grondlyne vir kerkeenheid in die Ned Geref Kerkfamilie, in Strauss, PJ e.a.(red) 1991. *Byderwets en Gereformeerd.* (Kerkregtelike opstelle opgedra aan PB van der Watt) Bloemfontein: Pro Christo-Publikasies, 207-222.

Coertzen, P 1999. Kerkvereniging ná appèluitspraak. *Die Kerkbode:* 18 Junie 1999, 10.

Crafford, D 1979. Etiek in die Afrika konteks, in Potgieter, PC (red) 1979. *Etiese probleme.* NG Kerkboekhandel, 38-53.

Crafford, D 1991. Ekumenika as wetenskaplike dissipline en die verhouding daarvan tot die ekumeniese teologie, *Skrif en Kerk* 12:1. 16-25.

Crafford, D 1993. Inleiding tot die begrip ekumene en die ekumeniese roeping van die kerk, in Crafford, D & Gous, AGS 1993. *Een liggaam-baie lede. Die kerk se ekumeniese roeping wêreldwyd en in Suid-Afrika.* Pretoria: Verba Vitae Uitgewers.

Crafford, D en G Gous 1993. *Een liggaam - Baie lede. Die kerk se ekumeniese roeping wêreldwyd en in Suid-Afrika.* Pretoria: Verba vitae.

Crawford, RG 1989. *Journey into Apartheid.* London: Epworth Press.

Cronjé, G, Wm Nicol en EP Groenewald 1947. *Regverdige Rasse-Apartheid.* Stellenbosch: Die Christen-Studentevereniging Maatskappy van Suid-Afrika.

Cronjé, JM 1982. *Born to Witness.* A concise history of the Churches born out of the mission work of the Dutch Reformed Church of South Africa. Pretoria: NG Kerkboekhandel Transvaal.

Davenport, TRH 1991. The Apartheid Debacle, 1961-1990 in Cameron, T and SB Spies 1991. *A new illustrated history of South Africa.* Johannesburg: Southern book publishers and Human & Rousseau. 307-322.

De Gruchy, JW 1979. *The Church Struggle in South Africa.* Kaapstad: David Philip Publisher (Pty) Ltd.

De Klerk, JJ (red) 1990. *Die diens van Barmhartigheid en die Nederduitse Gereformeerde Kerk.* Kaapstad: NG-Uitgewers.

De Klerk, W 2000. *Afrikaners: Kroes, kras, kordaat.* Kaapstad: Human & Rousseau.

De Villiers, DE 1999. Die NG Kerk en die oorgang na 'n nuwe Suid-Afrika. *Skrif en Kerk 1, 15-38.*

De Villiers, E 1986. Kritiek uit die Ekumene, in Kinghorn, J (red) 1986. *Die NG Kerk en Apartheid. Johannesburg: Macmillan.*

Deist, F 1983. *Verandering sonder geweld?* Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers.

Dreyer, A 1927. *Kruisgesante in Suid-Afrika. Jubileum-Gedenkboek van die Sending-instituut op Wellington. 1877-1927.* Kaapstad: Nasionale pers Bpk.

Du Bruyn, JT 1991. The Great Trek in Cameron,T and SB Spies 1991. *A new illustrated history of South Africa.* Johannesburg: Southern book publishers and Human & Rousseau.127-139.

Du Plooy, A le R 1982. Kerkverband. 'n Gereformeerd-Kerkregtelike studie. Th D-proefskrif, PU vir CHO.

Du Preez, AB 1955. *Die skriftuurlike grondslag vir rasseverhoudinge.* Kaapstad: NG Kerk-Uitgewers.

Du Toit, H en P Kruger (red) 1990. *Geroep tot eenheid.* Halfway House: NG Kerkboekhandel.

Du Toit, JF 1961. *Die N.G. Kerk in Suid-Afrika en die Rasseverhoudinge. Opsomming van die belangrikste uitsprake en besluite vanaf 1950 - Desember 1960.* Pretoria: N.G. Kerk-boekhandel.

Du Toit, CW (ed) 1998. *Confession and reconciliation: A challenge to the churches in South Africa.* Proceedings of a conference held by the Research Institute for Theology and Religion at Unisa on 23 & 24 March 1998. Pretoria: Research Institute for Theology and Religion Unisa.

Durand, JJF 1961. *Una Sancta Catholica in Sendingperspektief.* Amsterdam: Ten Have.

Durand, JJF 1979. Kerkverband - wese of welwese?, in Meiring, P en HI Lederle 1979. *Die eenheid van die kerk.* Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers.

Durand, JJF 1984. 'n Belydenis - was dit werklik nodig?, in Cloete, GD en DJ Smit (reds) 1984. *'n Oomblik van Waarheid.* Kaapstad: Tafelberg, 39-48.

Elphick, R and R Davenport 1997. *Christianity in South Africa. A Political, Social and Cultural History.* Epping (Cape): Creda Press (Pty) Ltd.

Els, PJJS 1971. Kerkplanting by die Suid-Afrikaanse Sendinggenootskap. 'n Sendingwetenskaplike ondersoek na gemeentevorming in die Suid-Afrikaanse Gestig. Doktorale proefskrif: US.

Engelbrecht, B 1982. *Terwille van hierdie wêrelde. Politiek en Christelike heilsbelewing in Suid-Afrika.* Kaapstad: Tafelberg.

Engelbrecht, BJ 1978. *Teologie in die kerk.* Pretoria: HAUM.

Engelbrecht, SP 1953. *Geskiedenis van die Nederduitse Hervormde Kerk van Afrika.* Kaapstad: H.A.U.M. - JH de Bussy.

Erwee, AJC 1980. Die Sending van die Ned. Geref. Kerk onder die inboorlingvolke van Noord-Kaapland. DTH-proefskrif, US.

Esterhuyse, WP 1989. *Broers buite hoorafstand - Skeiding van die kerklike weë.* Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers.

Eybers, IH, König, A & Stoop, JA (red) 1978. *Inleiding in die Teologie.* Pretoria: NG Kerkboekhandel.

Ferreira, A 1999. Argumente rondom kerkvereniging in die N.G. Kerk. 'n Vergelyking aan die hand van die korrespondensie wat in "Die Kerkbode" van 1912 en 1995 verskyn het. M.Div. –verhandeling: UP.

Fitzmyer, JA 1967. *Pauline Theology. A Brief Sketch.* London: Prentice-Hall, International.

Fries, H und OH Pesch 1987. *Streiten für die eine kirche.* München: Kösel-Verlag.

Fuchs, O 1990. *Zwischen wahrhaftigkeit und macht. Pluralismus in der kirche?* Frankfurt: Verlag Josef Knecht.

Gaum, F 1981. *Die kerk en die toekoms van Suid-Afrika*. Pretoria: N.G. Kerkboekhandel: Transvaal.

Gaum, FM 1997. *Die verhaal van die Ned Geref Kerk se reis met apartheid. 1960-1994. 'n Getuienis en 'n belydenis*. Wellington: Hugenote-Uitgewers.

Geldenhuys, FEO'B 1951. *Die regsposisie van kerkraad, ring en sinode*. Pretoria: JL van Schaik.

Geldenhuys, FEO'B 1982. *In die Stroomversnellings.* Kaapstad: Tafelberg.

Gerdener, GBA 1930. *Boustowwe vir die Geskiedenis van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in die Transgariep*. Kaapstad: Nasionale Pers.

Gerdener, GBA 1934. *Ons kerk in die Transgariep. Geskiedenis van die Ned. Geref. Kerke in Natal, Vrystaat en Transvaal.* Kaapstad: Suid-Afrikaanse Bybelvereniging.

Gerdener, GBA 1951. *Reguit koers gehou. Die wording, wese en werking van die N.G. kerk se sendingbeleid.* Kaapstad: NG Kerk-uitgewers.

Gerdener, GBA e.a. 1961. *Grense. 'n Simposuim oor rasse- en ander verhoudinge*. Stellenbosch: Universiteits-Uitgewers en -boekhandelaars.

Geyser, AS e.a. s.a. *Vertraagde Aksie.* Pretoria: NG Kerkboekhandel.

Gous, AGS 1994. Die Ekumeniese verhouding tussen die Nederduitse Gereformeerde Kerk en die Wêreldraad van Kerke vanaf 1948 tot 1994. DD-proefskrif, UP.

Grobler, HS 1983. Die Raad van die Nederduitse Gereformeerde Kerke. DD-proefskrif, UP.

Grosheide, FW 1957. *De Eerste Brief aan de Kerk te Korinthe.* Kampen: N.V Uitgeversmaatschappij J.H. Kok.

Guthrie, D 1970. *New Testament Introduction.* Leicester: Inter-Varsity Press.

Guthrie, D 1981. *New Testament Theology.* Leicester: Inter-Varsity Press.

Hagoort, HN (red) 1996. *Kerkelijke eenheid - gave en opdracht. Theologische verkenningen 17: Bijbel & Praktijk.* Kampen: Kok Voorhoeve.

Hanekom, TN 1961. Ons Inheemse Kerke vir die Inboorlinge, in Gerdener GBA e.a. 1961. *Grense. 'n Simposium oor rasse- en ander verhoudinge.* Stellenbosch: Universiteits-Uitgewers en – boekhandelaars. 51-64.

Hastings, A 1979: *A History of African Christianity 1950-1975.* London: Cambridge University Press.

Heyns, JA 1989. *Teologiese Etiek 2/2. Pretoria:* NG Kerk-boekhandel.

Hofmeyr, JW 1992. Die einde van die ou Suid-Afrika, die begin van die nuwe Suid-Afrika: die rol van die kerk in kritiese oorgangsjare, in Meiring, PGJ en SJ Joubert (reds) 1992. *Fokus op die Kerk.* Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy, 96-111.

Hofmeyr, JW 1996. Kerkvereniging en Kerkreg: Geskiedenis, beginsel en praktyk, in *Skrif en Kerk* Jrg 17 (2), 329-346.

Hofmeyr, JW and GJ Pillay (ed) 1991. *Perspectives on Church History. An Introduction for South African Readers.* Pretoria: HAUM Tertiary.

Hofmeyr, JW and GJ Pillay (ed) 1994. *A History of Christianity in South Africa.* Volume 1. Pretoria: Haum Tertiary.

Hofmeyr, JW (Samesteller) 1990: *Vensters op die Moderne Suid-Afrikaanse Kerkgeskiedenis.* Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.

Hofmeyr, JW, JA Millard and CJJ Froneman (ed) 1991. *History of the Church in South Africa.* A Document and Source book. Pretoria: University of South Africa.

Jansen van Rensburg, GF 1975. Kerk en Vereniging. Magister verhandeling: Universiteit van Stellenbosch.

Jonker, W 1998. *Selfs die kerk kan verander.* Kaapstad: Tafelberg uitgewers Bpk.

Jonker, WD 1987. Die eenheid van die kerk -noodsaaklik of luukse?, in Borchardt, CFA, WS Prinsloo en CJ Wethmar (reds) 1987. *Die eenheid van die kerk van Christus. Universiteit van Pretoria Teologiese Studies 3.* Pretoria: NG Kerkboekhandel Transvaal. 35-44.

Jonker, WD 1980. *Om die regering van Christus in sy kerk.* Pretoria: UNISA.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Joubert, SJ 1992. Deelnemers aan 'n vreemde nuwe spel: veranderende wêreldbeskouings op kerklike en staatkundige terrein in Suid-Afrika, in Meiring, PGJ en SJ Joubert (reds) 1992. *Fokus op die Kerk. Die rol van die Kerk in 'n Veranderde Suid-Afrika.* Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy.

Keet, BB 1963. *Orde in die Kerk.Handleiding vir Ouderlinge, Diakens en Lidmate.* Kaapstad: NG Kerk-Uitgewers.

Keet, BB s.a. Die klok het al gelui, in Geyser, AS e.a. s.a. *Vertraagde Aksie*. Pretoria: NG Kerkboekhandel. 5-11.

Kinghorn, J (red) 1986. *Die NG Kerk en apartheid.* Johannesburg: Macmillan Suid-Afrika.

Kinghorn, J 1986. Die groei van 'n teologie - van sendingbeleid tot verskeidenheidsteologie, in Kinghorn, J (red) 1986. *Die NG Kerk en apartheid.* Johannesburg: Macmillan Suid-Afrika.

Kleynhans, EPJ 1973. Die kerkregtelike omtwikkeling van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika. 1795-1962. DD-proefskrif, US.

Kleynhans, EPJ 1985. *Gereformeerde Kerkreg. Deel 3: Kerk-verband en Kerkvergadering*. Pretoria: NG Kerkboekhandel.

Kleynhans, EPJ 1988. *Gereformeerde Kerkreg. Deel 4: Die arbeid en betrekkinge van die kerk*. Pretoria: NG Kerkboekhandel.

König, A 1978. Teologie, in Eybers, IH, König, A & Stoop, JA (red) 1978. *Inleiding in die Teologie.* Pretoria: NG Kerkboekhandel.

König, A 1979. Modelle van kerkeenheid, in Meiring, P en Lederle, H I 1979. *Die Eenheid van die Kerk.* Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers, 89-101.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Kotzè, CS 1978. Die Ned Geref Kerk en die ekumene 1780-1910. 'n Kerkhistoriese oorsig van interkerklike kontak en onderlinge verhoudinge. Doktorale proefskrif, US.

Kriel, CJ 1963. *Die geskiedenis van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk in Suid-Afrika.* 1881-1956. Paarl: Paarlse Drukpers Mspy. Bpk.

Kritzinger, JJ 1979. *'n Missionêre Bediening - op weg na strukture vir 'n jong kerk.* Pretoria: NG Kerkboekhandel.

Krog, A 1998. *Country of my Skull.* Johannesburg: Random House South Africa (Pty) Ltd.

Kunneke, MH 1993. Eenheid en verskeidenheid in die Ned. Geref. Kerk: 'n Kerkregtelike beoordeling. DTh-proefskrif, Universiteit van Suid-Afrika.

Kuyper, A 1940. *Historisch Document. Referaat over Zending uitgesproken op het Zendingcongres te Amsterdam op 28-30 Januari 1890.* Utrecht: J Bootsma.

Ladd, GE 1975. *A Theology of the New Testament.* Grand Rapids: Eerdmans.

Landman, C 1997. The bottom line is money. *Challenge 42 (June/July 1997), 7.*

Landman, WA 1968. *A Plea for understanding. A Reply to the Reformed Church in America.* Cape Town: NG Kerk-Uitgewers.

Linde, FJ 1974. 'n Sosiologiese Studie van Pluralisme in die Nederduitse Gereformeerde Kerk. MA-verhandeling, UNISA.

Lloyd-Jones, DM 1962. *The basis of Christian Unity. An exposition of John 17 and Ephesians 4.* Michigan: Wm B Eerdmans Publising Company.

Loff, CJA 1998. Bevryding tot eenwording. Die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk in Suid-Afrika 1881-1994. Doktorale proefskrif: Theologische universiteit te Kampen.

Lombaard, RTJ 1981. *Die Nederduitse Gereformeerde Kerke en Rassepolitiek. Met spesifieke verwysing na die jare 1948-1961.* Pretoria: NG Kerkboekhandel.

Loubser, JA 1987. *The Apartheid Bible. A critical review of racial Theology in South-Africa*. Kaapstad: Maskew Miller Longman.

Louw, DJ 1987. *Versoening in geweld. 'n Pleidooi om vrede in Suider-Afrika*. Kaapstad: NG Kerk-Uitgewers.

Lückhoff, AH 1978. *Cottesloe.* Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers.

Marais, JC 1990. Proposals for the process of church unification, *Theologia Viatorum 18*, 78-89.

Marais, JS 1957. *The Cape Coloured People 1652-1937.* Johannesburg: Witwatersrand University Press.

Meiring, P 1975. *Stemme uit die Swart Kerk. Gesprekke met dertien geestelike leiers.* Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers.

Meiring, P en HI Lederle 1979. *Die eenheid van die kerk.* Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers.

Meiring, PGJ 1977. *Die Kerk op pad na 2000.* Kaapstad: Tafelberg.

Meiring, PGJ 1979. "No regrets" - 'n Vraaggesprek met professor Ben Marais oor hoogtepunte in sy lewe, in Viljoen, AC (red) 1979. *Ekumene onder die Suiderkruis.* Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika, 78-91.

Meiring, PGJ en SJ Joubert (reds) 1992. *Fokus op die Kerk. Die rol van die Kerk in 'n veranderende Suid-Afrika.* Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy.

Mettler, JJF 1979. Kerklike vereniging: Die uitdaging vir gemeentes, in Meiring, P en HI Lederle 1979. *Die eenheid van die kerk,* 78-85. Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers.

Mettler, JJF 1986. *Gesamentlike sending/getuienisaksie in die lig van die besluite van die Federale Raad van Kerke (FRK).* Referaat gelewer by die Sendingkongres van die Ned. Geref. Kerk in Oos-Kaapland 17-19 Maart 1986. Port Elizabeth: Nasionale Koerante Beperk.

Meyer, H 1999. *That all may be one.* (Translated by William G Rusch) Perceptions and Models of Ecumenicity. Michigan: William B Eerdmans Puliblishing Company.

Mokgoebo, ZE 1983. Broederkring. A calling and struggle for prophetic witness within the Dutch Reformed Church Family in South Africa. MA-Thesis, New Brunswick Theological Seminary, New Jersey.

Müller, BA 1997. Die eenheid as getuienis. Johannes 17:20-23. in Burger, CW, BA Müller en DJ Smit (reds) 1997. *Riglyne vir prediking oor die eenheid van die kerk. Woord teen die lig 111/5.* Kaapstad: Lux Verbi, 17-24.

Muller, CFJ (red) 1968. *500 Jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis.* Pretoria: Academica.

Naudé, CFB 1995. *My land van Hoop. Die lewe van Beyers Naudé.* Kaapstad: Human & Rosseau.

Naudé, P 1999. *Onder die skewe reënboog. 'n Evangelie van Hoop vir gewone mense in 'n gekwelde land.* Kaapstad: Lux Verbi.

Nicol, W 2000. *Godsdiens wat wérk. Ontdek die soort godsdiens wat vir jou die beste werk.* Wellington: Lux Verbi.

Niederberger, O 1959. *Kirche-Mission-Rasse.* Die Missionauffassung der Niederländisch-Reformierten Kirchen von Südafrika. Schweiz: Administration der Neuen Zeitschrift für Missionswissenschaft Schweiz.

Nieuwoudt, MM 1990. Praktiese implementering in die Vaderlandse kerkgeskiedenis (Die Nederduitse Gereformeerde kerk), in De Klerk, JJ (red) 1990. Die diens van Barmhartigheid en die Nederduitse Gereformeerde Kerk. Kaapstad: NG-Uitgewers,74-101.

Oberholster, JAS 1943. *Nederduitse Gereformeerde Gemeente. Eeufeesgedenkboek, Richmond. 'n Oorsig van die Geskiedenis van die Gemeente 1843-1943.* Kaapstad.

Oberholster, JJ en MCE Van Schoor e.a. 1964. *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in die Oranje-Vrystaat.* Bloemfontein: Sentrale Pers.

Odendaal, AA 1970. Die Nederduitse Gereformeerde Sending in die Oranje-Vrystaat (1842-1910). D.TH-proefskrif, US

Odendaal, BJ 1957. Die kerklike betrekkinge tussen Suid-Afrika en Nederland (1652-1952). Veral met betrekking tot die Ned. Geref. Kerk. Doktorale proefskrif: Universiteit van Amsterdam.

Odendal, FF e.a. (red) 1981. *Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal.* Johannesburg: Perskor-Uitgewery.

Postma, D 1905. *De Geskiedenis van de stichting en ontwikkeling der Gereformeerde kerk in Zuid-Afrika.* Paarl: Drukpers Maatschappij Beperkt.

Potgieter, PC (red) 1979. *Etiese probleme. Pretoria: NG Kerkboekhandel.*

Potgieter, PC en JH Smit 1986. Bevrydingsteologie, Neo-Marxisme, Teologie van die Revolusie, Bevrydings- Ideologie en Marxisme. Diktaat SDW 701/SM1, Fakulteit Teologie: UOVS.

Prozesky, M (ed) 1990. *Christianity in South-Africa.* London: Southern Book Publishers (Pty) Ltd.

Regehr, E 1979. *Perceptions of Apartheid. The churches and political change in South-Africa.* Scottdale: Herald Press.

Ritner, SR 1971. Salvation through Separation: The rol of the Dutch Reformend Church in South Africa in the formulation of Afrikaner Race ideology. Ph.D.-Thesis: Columbia Univercity.

Rosslee, DD 1975. Kerk, Staat en Geweld, in Wessels, F (red) 1975. *Op al sy akkers.* Gedenkskrif aangebied aan Prof. H. J. Strauss. Bloemfontein: Sacum Beperk.

Rossouw, P 1987. *Ekumeniese verkenning.* Bloemfontein: NG Sendingpers.

Saayman, WA 1979. Die besluit van 1859: Opmerkings oor die historiese perspektief, in Meiring, P & HI Lederle (reds) 1979. *Die eenheid van die kerk.* Opstelle byeengebring. Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers.

Saayman, WA 1979. Separate Dutch Reformed Churches: Notes on the Historical perspective, in Viljoen, AC (ed) 1979. *Ekumene onder die Suiderkruis.* Pretoria: University of South-Africa.

Scholtz, GD 1956. *Die geskiedenis van die Nederduitse Hervormde of Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika 1842-1885.* Kaapstad: N.G. Kerkboekhandel.

Scholtz, GD s.a. *Die geskiedenis van die Nederduitse Hervormde of Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika 1885-1910.* Kaapstad: N.G. Kerk-Uitgewers.

Schulze, LF 1981. *Teologie in Stroomversnellings.* Potchefstroom: Potchefstroomse Teologiese Publikasies.

Schulze, LF e.a. 1985. *Altyd reformeer.* Besinning oor politiek en godsdiens. Braamfontein: Boekhandel de Jong (Edms.) Bpk.

Serfontein, JHP 1982. *Apartheid, change and the NG kerk.* Pretoria: Taurus.

Smit, AP s.a. *Gedenkboek van die Nederduitse Gereformeerde Gemeente Swartland. Tweede Eeufees (1745-1945).* Kaapstad (s.d.).

Smit, DJ 1999. Visie, Motief, Weë - Geoffrey Wainwright oor die een-heid van die Kerk, in *Skrif en Kerk 2*, 414-426.

Smith, NJ 1972. Die planting van afsonderlike kerke vir nie-blanke bevolkingsgroepe deur die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika. DD-proefskrif: UP.

Smith, NJ 1980. *Elkeen in sy eie taal.* Pretoria: NG Kerkboekhandel.

Smith, NJ; O'Brien Geldenhuys, FE; Meiring, PGJ 1981. *Stormkompas: Opstelle op soek na 'n suiwer koers in die Suid-Afrikaanse konteks van die jare tagtig*. Kaapstad: Tafelberg Uitgewers.

Snyman, F (red) 1998.*Is die NG Kerk nog die NG Kerk? Antwoorde op die identiteitskrisis in die kerk.* Wellington: Hugenote-Uitgewers.

Spoelstra, B 1981. Die Gereformeerde Ekumeniese Sinode, in *Studia Historiae Ecclesiasticae VII.* Pretoria: Kerkhistoriese Werkgemeenskap.

Spoelstra, B 1989. *Gereformeerde Kerkreg en Kerkregering. 'n Handboek by die Kerkorde.* Hammanskraal: Die Hammanskraalse Teologiese Skool van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika.

Steenkamp, JJ 1987. Die Wêreldraad van Kerke se bemoeienis met die Rassevraagstuk in Suid-Afrika. 'n Histories-analitiese oorsig van die periode 1950-1970. DD-Proefskrif: UP

Stegmann, CJJ 1985. Die Sinode: 'n Prinsipieel-kerkregtelike studie met besondere verwysing na die Nederduitse Gereformeerde Kerk. DD-proefskrif, UP.

Strassberger, EJC 1974. *Ecumenism in South Africa 1936-60 with special reference to the Mission of the Church.* Johannesburg; SACC.

Strauss, PD 1984. *Van Moses tot Marx. Swart teologie meer bepaald binne die kring van die Ned. Geref. Kerke.* Pretoria: NG Kerkboekhandel Transvaal.

Strauss, PJ 1989. Ekumene gestol? Die invloed van die Cottesloeberaad op die ekumene van die Nederduitse Gereformeerde Kerk, in Du Rand, JA en JS Kellerman 1989.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

*Diensknegte van die Koning. Huldigingsbundel ter ere van Prof JJ De Klerk en Prof EPJ Kleynhans.* Bloemfontein: Pro Christo-Publikasies, 146-162.

Strauss, PJ 1999. Die goedkeuring van kerkrade vir 'n nuwe verband in die NG Kerkfamilie? *Acta Theologica 2, 32-54.*

Strauss, PJ e.a. (red) 1991. *Byderwets en Gereformeerd.* (Kerkregtelike opstelle opgedra aan PB van der Watt). Bloemfontein: Pro Christo-Publikasies.

Strauss, PJ 2001. Kerkverband in die Ned Geref Kerk vandag. *Ned Geref Teologiese Tydskrif* Deel 42, 395-405.

Theron, PF 1976. Die Ekklesia as kosmies-eskatologiese teken - Die eenheid van die kerk as "profesie" van die eskatologiese vrede. DD-proefskrif: UP.

Theron, PF 1986. Kerklike eenheid en natuurlike verskeidenheid, in Kinghorn, J (red) 1986. *Die NG Kerk en apartheid.* Johannesburg: Macmillan Suid-Afrika, 194-210.

Thomas, D (ed.) 1976. *Liberation.* The Papers and Resolutions of the Eighth National Conference of the S.A. Council of Churches. Held at St. Peter's Conference Centre, Hammanskraal. July 27-29 1976. Johannesburg: South-African Council of Churches.

Thomashausen, AEAM 1987. *The dismantling of apartheid. The balance of reforms 1978-1988.* Cape Town: Printpak Books.

Van Aarde, RB 1999. Die Barmhartigheidsbediening van die Ned. Geref. Kerk van Natal. Doktorale proefskrif, Universiteit van Pretoria.

Van der Linde, GPL 1965. *Die Grondbeginsels van die Presbiteriale Kerkregeringstelsel.* Potchefstroom: Pro Rege-Pers Beperk.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Van der Linde, HWD 1991. Origins of Congregationalism in the Cape 1799-1849. Proefskrif, Universiteit van Wes-Kaapland.

Van der Merwe, JM 1990. "Ras, Volk en Nasie" en "Kerk en Samelewing" as beleidstukke van die Ned. Geref. Kerk - 'n Kerkhistoriese Studie. DD-Proefskrif: UP.

Van der Merwe, WJ 1936. *The Development of missionary attitudes in the Dutch Reformed church in South-Africa*. Kaapstad: Nasionale Pers.

Van der Merwe, WJ 1985. *Die pad vorentoe. Die N.G. familie se strewe na eenheid.* Kaapstad: N G kerk Uitgewers.

Van der Walt, BJ 1999. *Godsdiens en Samelewing*. Christelike betrokkenheid op die markplein. Potchefstroom: PU vir CHO (Instituut vir Reformatoriese Studie).

Van der Walt, IJ 1963. Eiesoortigheid en die Sending. Eiesoortige kerkvorming as missiologiese probleem met besondere verwysing na Suid-Afrika. Doktorale proefskrif, Potschefstroomse universiteit vir CHO.

Van der Watt, G 1984. Sending en die Ekumene van die Twintigste eeu. Diktaat, SDW 602 deel E, Fakulteit Teologie: UOVS.

Van der Watt, G 1986. Kerkvergaderings van die Nederduitse Gereformeerde Kerkfamilie, *Die Fakkel*. Jaarblad van die Fakulteit Teologie. UOVS Jrg 6, 32-35.

Van der Watt, PB 1973. *Die Loedolff-saak en die Nederduitse Gereformeerde Kerk 1862-1962*. Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers.

Van der Watt, PB 1976. *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk 1652-1824*. Pretoria: N.G. Kerkboekhandel.

Van der Watt, PB 1980. *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk 1824-1905.* Pretoria: N.G. Kerkboekhandel.

Van der Watt, PB 1987. *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk 1905-1975.* Pretoria: N.G. Kerkboekhandel.

Van Heerde, GL 1951. *Twee eeue van sendingwerk: 1652-1857.* Kaapstad: NG Kerk-uitgewers van Suid-Afrika.

Van Loggerenberg, NJ s.a. *Quo Vadis II! Kerk en kerkverwording, kerkeenheid en kerkverskeurdheid, kerkstruktuur en kerkgroep. Nederduitse Gereformeerde Kerk. Waarheen?* Port Elizabeth: NMB-Handelsdrukkers.

Van Rooyen, JAC 1990. Die Christelike Instituut. Doktorale proefskrif, UNISA.

Van Rooyen, JHP 1990. Die Ned Geref Kerk, apartheid en die Christelike Instituut van Suidelike Afrika. Doktorale proefskrif, Universiteit van die Witwatersrand

Van Wyk Louw, NP 1970. *Berei in die Woestyn.* Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers Beperk.

Van Wyk, DJC (red) 1978. *Volkereverhoudings in Suid-Afrika.* Pretoria: Haum.

Van Wyk, JH 1990. Geroep tot eenheid, in Du Toit, H en P Kruger (red) 1990. *Geroep tot eenheid.* Halfway House: NG Kerk-boekhandel, 6-30.

Van't Spijker, W 1981. *Triptiek van de Geschiedenis: de verhouding tussen wêreld- heils en kerkgeschiedenis.* Goes: Oosterbaan & Le Cointre BV.

Velema, JH 1996. Het streven naar eenheid binnen de gereformeerde gezindte, in Hagoort, HN (red) 1996. *Kerklijke eenheid - gave en opdracht. Theologische verkenningen 17: Bijbel & Praktijk*. Kampen: Kok Voorhoeve. 77-85.

Venter, C 1985. *Die Groot Trek*. Kaapstad: Don Nelson.

Venter, L 2001. *In the Shadow of the Rainbow*. Johannesburg: Heinemann Publishers (Pty) Ltd.

Viljoen, AC (red) 1979. *Ekumene onder die Suiderkruis. 'n Bundel opstelle ter erkenning van die pionierswerk van Ben Marais in die Suider-Afrikaanse konteks, aan hom opgedra in sy sewentigste lewensjaar*. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.

Viljoen, AC 1984. Die ekumeniese polarisering van Afrikaanse en Engelse kerke in Suid-Afrika in fokus: die begin, in Vorster, WS & JW Hofmeyr (reds) 1984. *New faces of Africa. Essays in honour of Ben Marais*. Pretoria: University of South Africa.

Villa-Vicencio, C 1988. *Trapped in Apartheid. A Socio-Theological History of the English-speaking churches*. Cape Town: David Philip Publisher.

Villa-Vicencio, C 1991. Rustenburg Declaration, in Bonino, JM; N Lossky; J Pobee et al (eds) 1991. *Dictionary of the ecumenical movement*. Geneva: WCC Publications & Grand Rapids, MI: Eerdmans.

Vorster, JD (red) 1978. *Veelvormigheid en Eenheid*. Kaapstad: NG Kerk-Uitgewers.

Vorster, WS (red) 1980. *Church unity and diversity in the Southern African context*. Proceedings of the third symposium of the Institute for Theological Research (UNISA) held at the University of South Africa in Pretoria on the 12th and 13th September 1979. Pretoria: UNISA.

Wagner, H 1977. *Die eine Kirche und die vielen Kirchen. Ekklesiologies und Symbolik beim jungen Möhler.* München: Verlag Ferdinand Schöningh.

Wessels, HJ 1997. Regsaspekte rakende kerkvereniging binne die NG Kerkfamilie. LLB-Skripsie, PU vir CHO.